Opgedra aan my vrou Monica
en my twee seuns Corlius en
Johan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

DIE GESKIEDENIS EN KULTURELE BETEKENIS

VAN DIE

VOLKSPELEBEWEGING IN SUID-AFRIKA

deur

CORNELIUS JACOBUS PETRUS JOOSTE

VOORGELê TER VERVULLING VAN 'N DEEL VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

1978

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

PROMOTOR PROF. DR. P.G. NEL

DEPARTEMENT AFRIKAANSE EN NEDERLANDSE KULTUURGESKIEDENIS

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## VOORWOORD

Gedurende die jare wat ek met die proefskrif besig was, het ek van verskeie persone en instansies besonder waardevolle hulp, leiding en aanmoediging ontvang.

Aanvanklik was prof. dr. H.M. van der Westhuysen my promotor, maar pas nadat die eerste hoofstuk voltooi is, het hy die aftree-ouderdom bereik en moes ek onder leiding van 'n tweede promotor voortgaan. Aan prof. van der Westhuysen wil ek dan ook my hartlike dank betuig vir die aanvanklike hulp en leiding. Ons het ure saam deurgebring om aan die hele gedagte vorm te gee.

Kort na sy vertrek het ek met my huidige promotor, prof. dr. P.G. Nel, kennis gemaak. 'n Meer besielde, entoesiastiese en simpatieke promotor kon ek seker nie gevind het nie. Onder prof. Nel se leiding het die proefskrif verder vorm aangeneem en het verskeie aspekte duideliker uitgekristalliseer. Teenoor prof. Nel wil ek dan ook my innige en opregte dank en waardering uitspreek - dit was nie slegs 'n ervaring nie, maar 'n belewenis om onder hom te werk en uit sy ryke bron van kennis en ervaring te put. Sy intense liefde vir en belangstelling in die Afrikaanse kultuur was 'n ware bron van besieling.

Aan die vader van die Volkspelebeweging, dr. S.H. Pellissier, wil ek hulde bring. Van die oomblik dat ek hom van my voornemens vertel het, naamlik om die geskiedenis van die Volkspelebeweging te boek te stel, tot hede, het hy 'n lewendige belangstelling in my vordering met die werkstuk gehad. Die belangstelling wat hy getoon het, was vir my 'n verdere aanmoediging om die proefskrif nog in sy leeftyd te voltooi. Met die hulp van Bo hoop ek dan om nog in hierdie jaar waarin hy sy negentigste geboortedag herdenk 'n kopie aan hom te oorhandig. Sonder dr. Pellissier se mededelings sou heelwat van die inligting oor die beginjare van die Beweging nie in hierdie proefskrif vervat gewees het nie.

ii/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Ek kan ook nie nalaat om in dieselfde asem die naam van sy vrou, mev. Judith Pellissier, te noem nie. Die inligting wat sy oor die jare versamel en aan my beskikbaar gestel het, was van onskatbare waarde.

Aan die huidige voorsitter van die Nasionale Raad, mnr. Steve van der Merwe, en die sekretaris, mnr. Pieter le Roux, sê ek ook baie dankie vir al hulle hulp.

My innige dank ook aan mej. Alta Zondagh en mev. Marthie Barendse wat vir die tik van die proefskrif verantwoordelik was. In hulle vrye tyd, wat uiters beperk was, het hulle met groot liefde hierdie taak op uitmuntende wyse afgehandel.

Met dankbare herinnering dink ek terug aan die intense belangstelling en gedurige aanmoediging wat ek van my oorlede vader, wat nie die vreugde van die voltooiing van hierdie proefskrif met my kon deel nie, geniet het. Hy was Boer in murg en been en het die grondslag vir my liefde vir dit wat ons volkseie is, gelê. Ek eer en dank hom hiervoor.

Aan al die dames in die Nederlands-Cultuurhistorisch Instituut, die Biblioteek van die Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys en die Staatsbiblioteek ook 'n woord van dank en waardering vir al hulle moeite om vir my inligting wat ek nodig gehad het, te bekom.

Sonder die opoffering, belangstelling en aanmoediging van my vrou Monica sou hierdie werkstuk seker nooit voltooi gewees het nie. Sy en my twee seuntjies, Corlius en Johan, wat my op hulle leeftyd so nodig gehad het, moes baie ontbeer as gevolg van my studie. Aan hulle sê ek baie dankie vir die onderskraging en liefde wat ek geniet het - dit het vir my baie beteken.

Maar alle eer en dank aan Hom wat vir my die krag, wysheid en verstand gegee het om hierdie proefskrif te voltooi.

---o0o---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

# VERANTWOORDING

In 1940 het ek in Johannesburg vir die eerste keer met Volkspele kennis gemaak. Dit was die begin van 'n belangstelling wat met die verloop van tyd toegeneem het en nog steeds toeneem - 'n lewendige belangstelling, hoewel ek tans nie meer aktief betrokke is nie. As lid van die eerste volkspeletoergroep na Europa het ek die geleentheid gehad om met die volksdanse van verskeie Europese lande kennis te maak. Tydens my studiejare in België het ek verdere geleenthede gekry om 'n dieper studie van die volksdanse en volksdansbewegings in Europa te maak deur die bywoning van volksfeeste en volksdanskursusse in verskeie lande.

So geïnteresseerd was ek in hierdie kultuurvorm dat ek besluit het om met my terugkeer na Suid-Afrika die geskiedenis van die Volkspelebeweging in Suid-Afrika na te vors en dit wat alreeds besig was om verlore te gaan, op te teken en te boek te stel. Hierdie proefskrif is die resultaat van hierdie navorsing.

Aanvanklik sou die herkoms van die volkspele (woorde, musiek en beweging) deel van hierdie proefskrif vorm, maar dit het baie gou duidelik geword dat dit 'n baie lywige werkstuk tot gevolg sou hê. Hierdie aspek is so belangrik en omvattend dat dit as 'n studie op sy eie aangepak behoort te word.

Reeds aan die begin van die navorsing was dit duidelik dat daar reeds heelwat belangrike inligting in verband met hierdie jongste spruit van die Afrikaanse kultuur verlore gegaan het. Met die wisseling van sekretariaat van die Volkspelebeweging en verskuiwing van een kantoor na 'n ander, het waardevolle inligtingstukke soos notules, omsendbriewe, korrespondensie, ens. soek geraak. As gevolg van gebrek aan voltydse personeel in die beginjare is geen behoorlike rekords van aktiwiteite van provinsiale komitees, laeraktiwiteite, ingeskrewe en geregistreerde lede, ens. gehou nie. Hierdie belangrike statistiek is vandag feitlik onbekombaar.

iv/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Met die studie van die bronnemateriaal was dit duidelik dat die bewaarde notules van die Uniale Volkspelekomitee, later die Uniale Raad vir Volksang en Volkspele en nog later die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele en ook dié van die Reddingsdaadbond, my vernaamste bron van inligting sou wees - hieruit het ek dan ook ryklik geput.

Die bestudering van die reisbeskrywings van vroeëre ontdekkingsreisigers aan die Kaap en omgewing het waardevolle materiaal opgelewer in verband met die vroeëre vorme van vermaak, en dan in besonder van die danse en dansgewoontes aan die Kaap en omgewing en selfs aan die oostelike grense van die Kaapkolonie.

Omdat daar weinig literatuur oor die tydperk onmiddellik voor die totstandkoming van die Volkspelebeweging gevind kon word, moes noodwendig van mondelinge oorlewerings gebruik gemaak word.

Vraelyste wat aan al die verskillende volkspelelaers in die Republiek, Rhodesië en Suidwes-Afrika gestuur is en waarvan ongeveer vyftig persent terug ontvang is, het baie interessante gegewens oor die laers asook die beoefening en gewildheid van spele opgelewer.

Artikels wat uit 'n baie groot verskeidenheid tydskrifte en koerante verkry is, kon baie waardevol aangewend word. Dit was behalwe notules, korrespondensie, ens. die enigste geskrewe bronne oor verskillende fasette van die Beweging - tot datum het daar nog geen boeke oor die Volkspelebeweging of die volkspele verskyn nie (behalwe die Volkspele-handleidings).

Ek was van die ontstaan van die Beweging vir bykans twee-en-twintig jaar daaraan verbonde - as laerleier, sangleier en later provinsiale sangleier, voorsitter van 'n provinsiale komitee en sodoende ook lid van die Uniale Raad.

v/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Ook was ek lid van die eerste twee groepe wat Europa besoek het en het al die groot feeste in Pretoria, Kaapstad en ander plekke meegemaak. Uit my eie ervaring en dokumentasie wat ek oor die jare opgebou het, kon ek dan ook ryklik put.

Hierdie proefskrif dek die periode van die ontstaan van die Beweging tot ongeveer 1970, wat na die skrywer se mening die bloeitydperk van volkspele in Suid-Afrika was.

---o0o---

vi/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

# INHOUD

HOOFSTUK I — Bladsy

DANS IN HISTORIESE PERSPEKTIEF — 1

1. Omskrywing van die begrip 'dans' — 1

2. Beknopte historiese oorsig van die dans deur die eeue — 3

   2.1 Primitiewe tyd — 3
   2.2 Klassieke — 4
      2.2.1 Die Grieke
      2.2.2 Die Romeine
   2.3 Die Middeleeue — 6
   2.4 Die Renaissance — 8
   2.5 Die Na-Renaissance tydperk ongeveer 1650 tot 1800 — 9
   2.6 Tydperk van insinking en verval — 10
   2.7 Tydperk van vernuwing — 12

3. Vorme van dans — 13

   3.1 Moderne gemeenskapsdans — 13
   3.2 Volksdans — 14
   3.3 Volkspele — 16

4. Volkspeletjies of Boerespeletjies — 18

5. Volkspele teenoor Volksdans — 20

6. Bronneverwysings en toeligtende voetnote — 25

vii/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

HOOFSTUK 2

DANSE EN VOLKSDANSE IN SUID-AFRIKA - 1652 TOT 1912 27

1. Die tydperk 1652 tot 1806 27

    1.1 Vermaaklikhede in en om Kaapstad 28
    1.2 Toestande weg van die Kaap 31

2. Die tydperk van 1806 tot ongeveer 1850 32

    2.1 Toestande in Wes-Kaapland 32
    2.2 Toestande in Oos-Kaapland 34
        2.2.1 Grensboere
        2.2.2 Trekkers

3. Die tydperk 1850 tot ongeveer 1912 37

4. Samevatting 38

5. Bronneverwysings en toeligtende voetnote 40

HOOFSTUK 3

DIE ONTSTAAN VAN DIE VOLKSPELEBEWEGING 42

1. Periode - 1912 tot 1941 42

    1.1 Die ontstaan van die volkspelegedagte 42
    1.2 Eerste poging tot georganiseerde spel 43
    1.3 Ontstaan van die begrip 'volkspele' 44
    1.4 Verdere pogings tot georganiseerde spel 45
    1.5 Eerste poging tot georganiseerde afrigting van volkspele 46
        1.5.1 Eerste volkspelekursus

viii/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

1.6 Die Simboliese Ossewatrek 47

1.7 Eerste Lenteskool 48

2. Periode - 1941 tot 1971 49

2.1 Eerste vergadering van die Uniale Komitee 49

2.2 Provinsiale Komitees 51

2.2.1 Kaapland

2.2.2 Wes-Kaapland

2.2.3 Oos-Kaapland

2.2.4 Oranje-Vrystaat

2.2.5 Natal

2.2.6 Transvaal

2.3 Verdeelde beheer 54

2.4 Konstitusie vir Provinsiale/Gewestelike komitees 55

2.5 Huishoudelike reglemente en reëls vir volkspelelaers 57

2.6 Probleme met politieke organisasies 59

2.7 Nasionale studenteraad 60

2.8 Statute van die Volkspelebeweging 62

2.8.1 Naam van die Beweging

2.8.2 Grondslag

2.8.3 Doelstelling

2.8.4 Middele om doelstelling te bereik

2.8.5 Organisasie

2.8.6 Instelling van komitees om doelstellings te verwesenlik

3. Kulturele taak van die Volkspelebeweging 67

4. Volkspele en die Kerk 69

4.1 Houding van die Kerk teenoor volksdanse in Europa 69

4.2 Bybelse danse 70




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

4.3 Houding van die Kerk teenoor volkspele in Suid-Afrika 72
4.4 Reaksies van kerkrade 74

5. Die Junior Volkspelebeweging 78

5.1 Die totstandkoming van junior laers 78
5.2 Memorandum oor stand van junior volkspele 79
5.3 Kulturele aktiwiteite 80
5.4 Organisasie van junior volkspelelaers op nasionale vlak 81

6. Bronneverwysings en toeligtende voetnote 84

HOOFSTUK 4

DIE ONTSTAAN VAN DIE VERSKILLENDE VOLKSPELEHANDLEIDINGS 88

1. Noodsaaklikheid van standaardisering 88

2. Eerste Volkspelehandleiding 88

3. "Reddingsdaadbond - Volkspelehandleiding" 89

4. "Suid-Afrikaanse Volkspeletjies" 94

5. "Nuwe Volkspele" 96

6. "Nuwe Spele" - 'n tweede amptelike Volkspelehandleiding 99

7. "Volkspele uit Sonnige Suid-Afrika" 101

8. "Ons Eie Volkspele" 102



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

9. "Vir ons Volkspelers" 104

10. Gewildheid van die spele 107

11. Begeleiding 113

11.1 Kenmerke van goeie begeleiding 113
11.2 Begeleiding van Afrikaanse volkspele 114
11.3 Begeleiding by massabyeenkomste 117

12. Bronneverwysings en toeligtende voetnote 118

HOOFSTUK 5

VOLKSPELEDRAG 120

1. Belangrikheid van volks- of nasionale drag 120

2. Voortrekkerdrag 121

2.1 Vrouedrag 122
2.1.1 Die rok
2.1.2 Die kappie
2.2 Mansdrag 126
2.2.1 Die broek
2.2.2 Baadjie en onderbaadjie

3. Die eerste pogings tot die instelling van 'n volksdrag 127

3.1 Individuele pogings 127
3.2 Bydrae van die Simboliese Ossewatrek 128

4. Voortrekkerdrag word volkspeledrag 129


xi/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

5. Slotopmerkings 130

6. Bronneverwysings en voetnote 133

HOOFSTUK 6

HOOGTEPUNTE VAN DIE VOLKSPELEBEWEGING 1941 TOT 1970 135

1. Vertoning tydens die inwyding van die Voortrekkermonument - 1949 135

1.1 Leiers 136
1.2 Drag 136
1.3 Program 137
1.4 Waarde en betekenis van die feesvertoning 142

2. Die Van Riebeeckfees - Kaapstad, 1952 143

2.1 Deelnemers 143
2.2 Beplanning van voorstelling 144
2.3 Begeleiding 145
2.4 Vertoning 150
2.5 Kommentaar 151

3 Die eerste oorsese toer - 1953 152

3.1 Fondsinsameling 153
3.2 Keuring van spelers 154
3.3 Toerkomitee 155
3.4 Toewysing van spelers 156

xii/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

3.5 Toerprogram 156
3.6 Finansies 160
3.7 Kulturele bydrae van die toer 161

4. Eeufeesviering van Pretoria en eerste besoek van oorsese volksdansers aan Suid-Afrika - 1955 162

4.1 Deelnemers 162
4.2 Drag van die volkspelers 164
4.3 Program 165
4.4 Toer na afloop van die fees 167
4.5 Algemene indrukke 167

5. Tweede Europese toer - 1958 169

5.1 Besluit 169
5.2 Keuring 170
5.3 Insameling van fondse 171
5.4 Voorbereiding 172
5.5 Drag 173
5.5.1 Deefs
5.5.2 Niggies
5.6 Reisplan 174
5.6.1 Israel
5.6.2 Griekeland
5.6.3 Oostenryk
5.6.4 Duitsland
5.6.5 België
5.6.6 Engeland
5.6.7 Wallis
5.6.8 Skotland
5.7 Indrukke 178

6. Bronneverwysings en toeligtende voetnote 180



---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

HOOFSTUK 7

SANG- EN VOLKSPELEKURSUSSE EN LENTESKOLE 183

1. Volkspelekursusse 183

1.1 Algemeen 183
1.2 Aanleer van spele 183
1.3 Eenvormigheid van spele 183
1.4 Opknapping en aanleer van nuwe spele 184
1.5 Kulturele skoling en vorming 185

2. Gewone volkspelekursusse 185

2.1 Eerste kursus te Bloemfontein 185
2.2 Kursus te Heidelberg (Transvaal) 187

3. Sang by kursusse 188

3.1 Gewyde sang 189
3.2 Volksang 189

4. Vereistes aan kursusse gestel 191

5. Memorandum oor kursus 192

5.1 Gewone kursus 192
5.2 Laerleierskursus 192
5.3 Kursus vir kursusleiers 193

6. Bootkursus 197

7. Sangkursusse 198

xiv/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

8. Lenteskole 199

8.1 Oorsprong van Lenteskole 199
8.2 Eerste Lenteskole in Suid-Afrika 200
8.3 Lenteskole onder bestuur en beheer van die Uniale Raad vir Volksang en Volkspele 202
8.4 Algemene opmerking 203

9. Bronneverwysings en voetnote 205


HOOFSTUK 8


BESLUIT - ALGEMENE EVALUERING 207

1. Doelstelling 207

2. Metodes tot doelbereiking 208

3. Middele om doel te bereik 209

3.1 Volkspele en volksang 209
3.2 Is die Afrikaanse volkspele ware volkspele? 211
3.3 Volksang 213

4. Breëre kulturele taak van die Volkspelebeweging 215

4.1 Lenteskole 215
4.2 Jeugherberge 216
4.3 Saamtrekke by gewilde vakansieoorde 217
4.4 Kunswedstryde 218
4.5 Diverse kulturele bydraes 223
4.5.1 Tapisseriefonds 223
4.5.2 Trichardt-Monumentfonds 224
4.5.3 G.H. Watermeyer - Digbundel: Die Republiek van Duisend Jaar 224


xv/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

4.5.4 Vryheidsmonument - Vereeniging 224
4.5.5 Bloedriviermonument 225

5. Volkspelebeleggingskorporasie 225

5.1 Sentrale Volkspelefonds 225
5.2 Stigting van Maatskappy: "Volkspele-ondernemings Beperk" 228

6. Tydperk van insinking 232

7. Slotopmerking 234

7.1 Het die Volkspelebeweging 'n kulturele bydrae gelewer? 234
7.2 Het die Volkspelebeweging 'n toekoms? 236

8. Bronneverwysings en voetnote 239

---oOo---

SAMEVATTING 241

SUMMARY 244

BRONNE 247

BYLAAG

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## ILLUSTRASIES


Teenoor bladsy

1. Andries Pretorius-wiel, Kursus - Heidelberg (Transvaal) April 1941. 4
2. Mej. Anna Köhler, samesteller van die eerste Volkspelehandleiding, 1941. 91
3. 'Kom ek met die Slee' - skets van Katrine Harries in die Volkspelehandleiding deur mev. Cecile de Ridder saamgestel: 'Ons Eie Volkspele.' 102
4. 'Die Blink-Vosperd' - skets van Katrine Harries in die Volkspelehandleiding deur mev. Cecile de Ridder saamgestel. 103
5. Uitvoering van volkspele tydens die Van Riebeeckfees, 1952, Kaapstad. 148
6. Tablo - vorming van die kaart van Suid-Afrika tydens die Van Riebeeckfees, Kaapstad 1952. 149
7. Aankoms van die eerste volkspeletoergroep in Southampton, April 1953. 156
8. Eerste amptelike uitvoering by Dijkzicht, Rotterdam, Nederland, April, 1953. 156
9. Boere-orkes van die volkspelegroep. Optrede in die Opelugmuseun, Arnhem, Nederland - April 1953. 157
10. Volkspelers voor die paleis in Soesdijk, Nederland - April 1953. Op die voorgrond links sit die Nederlandse prinsesse. 157
11. Volkspelers voor die Stadhuis van Culemborg, Nederland, April 1953. In die middel staan die vader van die Volkspelebeweging - dr. Pellissier. Regs van dr. Pellissier staan die volkspeleleidster - mev. Cecile De Ridder. 158
12. Dr. S.H. Pellissier plant 'n boom op die terrein van die inrigting te Nääs, Swede, waar hy in 1912 studeer het en die volkspelegedagte gebore is. By hom staan prof. B. Kok, gewese rektor van die Vrystaatse Universiteit. 159


---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

13. Niggies van die 1958-Toergroep in reisdrag. 173
14. 'n Groepie Afrikaanse volkspelers en Griekse volksdansers gesellig byeen in Athene, 1958. 174
15. Vertoning deur die volkspelers op die stadsplein van Schondorff, Duitsland - Mei 1953. 175
16. Dr. & mev. D.F. Malan saam met dr. en mev. S.H. Pellissier en 'n paar volkspelers in die Cecil Sharp huis - hoofkwartier van die Engelse Volksdansvereniging - Junie 1953. 176
17. Vertoning van volkspele in die Royal Albertsaal, Londen - Junie 1953. 177
18. Die volkspelekoor tydens hulle optrede in die Internasionale Eistedfodd in Llangollen, Wallis - Junie 1953. 178
19. Mej. Machteld Coetzee, een van die volkspeleleidsters tydens die kursus te Heidelberg, Transvaal, April 1941. 199

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

HOOFSTUK 1

# DANS IN HISTORIESE PERSPEKTIEF

## 1. Omskrywing van die begrip 'dans'

Dit kan tereg gesê word dat die dans so oud is soos die mensdom self en veral as uitingsvorm van die emosies aangewend is. Die mens beleef periodes van opgewondenheid, blydskap, weemoed, ens., wat in verskillende vorms tot uiting kom. Hierdie emosies het nie slegs in gesigsuitdrukking of woorde uiting gevind nie, maar ook in liggaamsbeweging, wat gekoördineer is en toe bekend geraak het as 'dans'.

Die woord dans (selfstandige naamwoord) het sy oorsprong in Middelnederlands dans (manlik), Middelhoogduits tanz, Friesies danse, Italiaans danza en oud-Hoogduits dansón - afgelei van dinsan wat trek of sleep beteken. Die werkwoord dans is afgelei van Goties laikan, Slavies plinsjan en oud-Hoogduits salzon (uit zaltare) wat spring of sing beteken.[1] Die Engelse begrip wat met hierdie bewegings (spring, huppel, ens.) assosieer kan word, is 'jitter', wat die primitiewe tipe van liggaamsbeweging miskien die beste omskryf.[2]

Terwyl die mens nog in 'n baie primitiewe stadium verkeer het, moes hy veg vir 'n bestaan wat groot ontberings meegebring het. Hierdie stryd om die bestaan het spanning en ook frustrasie veroorsaak. Wanneer hy dan in sy primêre behoeftes voorsien het, het hy ontspan en van sy frustrasies ontslae geraak. Instinktief het hy begin dans en sodoende die grondslag gelê van kuns en dan in besonder van die danskuns. Dit was veral terwyl hy ontspan het, dat hy homself ontdek het. In die dans het hy feitlik 'n wêreld van sy verbeelding betree - hierin kon hy nou uiting gee aan sy drifte en drange (sosiale, seksuele, ens.). Die wilshandeling word aan bande gelê en hy word van die werklikheid afgesny - soms word die danser 'n blote outomaat.

2/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

"By dancing he (man) was able to express this newborn knowledge of himself as an ego, as a soul - to express those cravings which are the divine spark in man, and which have brought about all that we know as civilization, and which will eventually evolve something far finer, nearer perfect and more satisfying than this civilization which we know and experience to-day."[3]

Die vraag ontstaan: is dit nie ook moontlik om bevrediging te vind in die bewegings wat sport meebring nie? Gedeeltelik verskaf sport bevrediging, daarom neem hy ook aan sport deel, maar die dans gee 'n besondere emosionele bevrediging, wat slegs deur 'n kunsaktiwiteit verkry kan word. Daar ontstaan by elke mens 'n drang om in een of ander kunsvorm aan sy emosies uiting te gee - hy skryf 'n gedig, komponeer 'n stuk musiek, maak 'n skildery of gee in die dans uiting aan sy diepste emosies.

As 'n duidelike omskrywing van die begrip 'kuns' gegee kan word, sal dit duideliker blyk waarom die mens juis deur die een of ander kunsvorm aan sy emosies uiting wil gee. Dit word gesê dat kuns 'n manifestasie van gevoelens is of dat dit 'n kommunikasie van ekstase is.[4] Kuns is alleen kuns wanneer die kunstenaar of beoefenaar van die kuns met sy gehoor kommunikeer en hulle in sy skepping kan deel.

Curt Sachs, die bekende gesaghebbende op die gebied van die danskuns, beweer dat dit nie voldoende is om dans slegs as kunsvorm te omskryf nie - vir hom is dit

"..... the greatest of all arts, oldest of all arts, mother of all arts, the matrix out of which all the arts come."[5]

Soos kleur 'n belangrike element van die skilderkuns vorm, so is die ritme 'n noodsaaklike element wat 'n mens na aan die hartklop van die natuur bring. Daarom het dit so sterk inslag gevind en

3/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

vertoon dit so sterk by die primitiewe volkere wat deel van die natuur gevorm het en na aan die bodem gelewe het.

Ann Driver omskryf ritme soos volg:

> "Rhythm is common to all humanity - it is at once common and divine, mysterious as electricity which yet is harnessed to the service of the individual and the community, rhythm is a force that can also be used, if its ways are studied, for the development of the individual and the service of the race."[6]

Die ritme wat so 'n belangrike element van die dans vorm, is in die primitiewe stadia met die klap van die hande, stamp van die voete, klop van die dybeen, bors, ens., aangedui. Namate hy uit sy primitiewe staat ontwikkel het, het hy meer klere gedra en kon hy minder gebruik maak van die klap op verskillende liggaamsdele en het hy hom bepaal by die klap van die hande, die stamp van die voete en stemgeluide.

Die melodieuse instrumentale musiek as dansbegeleiding het volgens Curt Sachs[7] taamlik laat na vore gekom. Dit is dan nie slegs die ritme wat by die danser sekere emosies wek, hom uitbundig stem, hom in vervoering laat raak nie, maar ook die melodieuse begeleiding. Hierdie begeleiding was eers net sang en het 'n geestelike band met die danstema en die magiese doel van die dans gevorm.


## 2. Beknopte historiese oorsig van die dans deur die eeue

### 2.1 Primitiewe tyd

Die vroegste vorm van die dans het moontlik uit die eenvoudigste vorm van liggaamlike beweging waartoe die mens in staat is, ontstaan. Die beweging was moontlik ongeorganiseerd, impulsief,

4/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

maar tog ritmies. Die bewegings kon ook in nou verband met sy daaglikse arbeid gestaan het - arbeid wat slegs bestaan het uit die soek na voedsel, beskerming en verdediging van die groep. Aanvanklik was hierdie primitiewe danse baie individualisties van aard, maar namate hy hom deel van 'n groep gevoel het, het sy danse 'n nuwe vorm aangeneem en het dit meer sosiaal van karakter geword.

> "His individual desire gave way to group customs, and his dancing began to reflect a widening range of human circumstances and adventure. He still danced his love, fear, hate and anger, but with a difference - his dancing being regulated by the consciousness of his identity with a group."[8]

Vir die primitiewe mens het sy godsdiens - in soverre dit godsdiens genoem kan word - 'n integrerende deel van sy lewe gevorm. Dat hierdie godsdiens ook 'n plek sou kry in sy dans is niks verrassends nie, want alle fases van die lewe was weerspieël in die verskeidenheid van danse. Om alle aspekte te dek, kan die danse van hierdie groep in drie groepe verdeel word:

(i) rituele danse

(ii) dramatiese voorstellings van liefde en haat (oorlog) en die

(iii) nabootsende danse van die natuur, diere en gode.

Hierdie rituele danse het deur die eeue in verskeie vorms 'n baie belangrike rol gespeel in die dansskat van volkere. Hierdie danse het ook 'n rykdom van betekenisse gehad en was nie slegs ritmiese bewegings, toegepas in 'n verskeidenheid van patrone of vorms nie.

As gevolg van die dramatiese voorstellings het die sosialiserende kwaliteite van die dans baie duidelik tot uiting gekom.

5/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 2.2 Klassieke

### 2.2.1 Die Grieke

Soos algemeen bekend en soos ook duidelik blyk uit die geskrifte en werke deur hulle nagelaat, het die Grieke 'n baie groot voorliefde vir die skone gehad. Hierdie skoonheid was vir hulle hoofsaak en daarom het hulle dit dan ook in alle fasette van hulle verstandelike, emosionele en fisieke lewe gesoek en nagestreef.

Hulle het groot waarde aan die wonderskone liggaam van die mens geheg en daarom het liggaamlike opvoeding 'n besondere plek in hulle opvoedingstelsel ingeneem. Die liggaam is ontwikkel ter wille van die estetiese genot wat dit verskaf het en nie ter wille van die goeie vegsman wat so 'n liggaamlike ontwikkeling meegebring het nie. Dans is as een van die beste middels beskou om hierdie perfekte liggaamsbou te verkry en daarom het dit ook 'n besonder belangrike rol in die opvoedingsproses gespeel.

> "As one of the highest cultural expressions of art, it at once revealed and enriched man's spirit."[9]

### 2.2.2 Die Romeine

In vergelyking met die Griek was die Romein 'n geheel en al ander tipe mens met 'n ander waarde-ideologie en 'n verskillende lewensuitkyk en lewenshouding.

Liggaamlike opvoeding het nie dieselfde rol in hulle opvoedingstelsel gehad as by die Grieke nie. Dit het weer meegebring dat die dans nie vir hulle dieselfde betekenis gehad het nie.

6/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Griekeland is deur Rome oorrompel en die Grieke wat as slawe weggevoer is, het later die leermeesters van die Romeine geword. As deel van die nuwe onderwys is die dans ook ingevoer. Vir die Grieke het die dans 'n spesifieke betekenis gehad, maar vir die Romein was dit bloot 'n vorm van vermaak - die Romeinse gees het nie daaruit gestraal nie. Die Romein was militaristies van aard en het in die handhawing van streng dissipline geglo. Hy was baie minder gevoelsmens met die gevolg dat dit vir hom eintlik eerder om die uitvoering van die bewegings as die vertolking van die emosies gegaan het. Hy kon ook nie die skoonheid daarvan insien en waardeer nie.

Wanneer 'n dans sonder meer van een volk oorgeneem word en bloot as vermaaklikheidsmiddel aangewend word, moet dit later noodwendig ontaard. Dit het dan ook met die Griekse danse wat deur die Romeine oorgeneem is, gebeur. Hierdie danse het dan so ontaard dat filosowe soos Plato en Aristoteles daarop neergesien het as vermaaklikheid, ongeskik vir die gekultiveerde persoon. Die gevolg was dat hierdie danse dan ook met die val van die Romeinse Ryk tot niet gegaan het.

## 2.3 Die Middeleeue

Hierdie tydperk word gekenmerk deur sy sterk geestelike karakter. Die klooster was die middelpunt van belangstelling en die instelling wat die lig van die beskawing gedurende die Middeleeue brandend gehou het. As gevolg van hierdie streng geestelike lewenshouding wat eintlik as teenvoeter vir die wêreldse lewensopvatting van die Romeine ontstaan het, kry ons 'n eenheid in kultuurpatroon soos Europa nog nooit geken het nie.

7/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die dans was egter so deel van die mens se bestaan dat selfs die uitermate streng religieuse leefwyse nie daarin kon slaag om dit geheel en al dood te druk nie. Omdat die dans beide plesierverskaffend en liggaamsontwikkelend was, het die priesterorde streng daarteen te velde getrek omdat hulle voorstanders van 'n fanatiese asketisisme was. Die dans het egter bly voortbestaan, maar slegs in 'n besadigde vorm as deel van die aanbiddingsrituele. Dit bring 'n geheel nuwe houding ten opsigte van die dans na vore, daar die dans nog altyd 'n sentrale plek in die religieuse lewe van die primitiewe en ou volkere ingeneem het.

Die dans word dus by die nuwe geesteshouding aangepas. In die koor van die nuutgestigte kerke het die biskoppe gedans, weliswaar in geestelike afgemete passies - maar die feit is daar is gedans. Hierdie optrede is egter nooit goedgekeur nie. Hoewel die dans vir die kerk as sodanig nie meer in verband gestaan het met die godsdiens nie, het die godsdienstige dans, wat 'n meer spontane optrede was waarin die mistiek 'n groot rol gepseel het, en die rituele dans wat meer 'n geval van oorlewering was nog vir 'n lang tyd vir die volk van groot betekenis gebly met sekere feesdae.

Teen die einde van die Middeleeue (ongeveer 1450) het naas die bestaande dansvorme 'n nuwe vorm ontstaan, wat moontlik die 'geselskapsdans' genoem kan word. Die Troebadoers wat as leiers opgetree het, het van die een dorp (burg) na die ander getrek en so die nuwe dansvorm bekend gemaak. In die kastele van die Ridders het hierdie nuwe dans gou gewild geraak.

Al gou het dit geblyk dat daar 'n verskil was in die wyse van uitvoering van die dans in die howe en in die landelike omgewings. 'n Baie belangrike stadium in die dansgeskiedenis

8/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

word bereik deur die duidelike splitsing in twee rigtings, naamlik die konvensionele hofdanse wat verder deur professionele dansers ontwikkel is en die vryer, meer ekspressiewe volksdans wat deur die eeue onder die landelike bevolking in die verskillende lande ontwikkel het.[10]

Die Ridders het gewoonlik hulle toernooie afgesluit met bals in die fakkelverligte kastele, wat volgens oorlewerings uiters populêr was. 'n Groot deel van die huidige Engelse kontradansvorms en ander Franse, Spaanse en Noorse danse het hier hulle eerste vorms gekry of het direk uit die balsaaldanse van dié periode voortgekom.[11]

Naas hierdie dansvorm het die volksdans van die gewone volk, vaklui en landbouers, wat hulle in volksdansgroepe georganiseer het, ontwikkel.

2.4 Die Renaissance

Dié periode wat gekenmerk word deur 'n intense belangstelling in die kultuur van die ou Grieke en Romeine het verder bygedra om die uiterlike vorm van die geselskapdans te beklemtoon en dit verder in afsonderlike rigtings te laat ontwikkel.

In die geselskapdans kry ons die intrede van beleefdheidsvorme en word die dans dikwels kunstig beheersde bewegingspele. Danse soos die volgende dateer uit hierdie periode: Gavotte, Minuet, Sarabande, Courante, Bourree, Pavan, Gaillard, Allemande, ens.[12] Sommige van hierdie danse was baie stadig en statig, grasieus en swierig, terwyl ander weer lewendiger en opgewekter was. Hierdie danse het aan die orde van die dag gebly solank as wat dit plesier en tevredenheid verskaf het aan die hoflui.

9/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die kunsdans het weer uit hierdie danse ontstaan. 'n Latere ontwikkeling toon dat dit nie meer soseer die hoflui self was wat die danse uitgevoer het nie, maar dat spesiale dansers en danseresse aan die howe verbonde was wat die gaste moes vermaak. Hierdie uitvoerings het meer gespesialiseerd geword en het 'n gulde geleentheid geskep vir die ontwikkeling van die huidige klassieke ballet (ongeveer 1660). Dit was veral die Franse howe, tydens die heerskappy van Lodewyk XIII en XIV, wat 'n groot bydrae gelewer het.[13] Hierdie ontwikkeling het die klem van die gees na die tegniek van die dans verskuif, gevolglik het daar 'n gebrek aan spontaneïteit, wat so kenmerkend van die volksdans is, ontstaan.

## 2.5 Die Na-Renaissance tydperk (ongeveer 1650 - 1800)

Die volksdans sou vir die volgende paar dekades 'n baie belangrike rol speel. Dit was veral die verskyning in 1650 van 'n bundel kontradanse in Engeland, uitgegee deur John Playford (musiekhandelaar), wat verreikende gevolge sou hê. Hierdie bundel van 104 danse het nie slegs die musiek nie, maar ook die dansbeskrywings bevat en was so populêr dat verskeie herdrukke in vergrote vorm verskyn het. Die uitgawe van 1728 het byvoorbeeld 918 danse bevat.

Hierdie kontra- of te wel 'country'-danse wat volgens Cecil Sharp - die man wat vir die herlewing van die volksdans in Engeland verantwoordelik was - sy oorsprong in die ou rituele 'reie' en 'ronde'-danse gehad het, was benewens die populêre danse van die tyd, soos die Branles, Courantes en andere, reeds teen die einde van die sestiende eeu aan die hof van Koningin Elizabeth gedans.[14] Na die meer ingetoë en statige danse het die gaste hulle gewoonlik oorgegee aan die 'country dances' wat 'n plesierige atmosfeer geskep het.

10/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Alhoewel die kerk deur die eeue die dans probeer bestry het, het die 'country dance', soos die Morris- en swaarddanse, wat geensins van resente oorsprong is nie, bly voortbestaan. Die kontradanse het vinnig na ander dele van Europa versprei, van waar dit in die agtiende eeu ook na Suid-Afrika oorgedra is. Die danse het almal in die verskeie lande wysigings ondergaan om aan te pas by die volksaard - sommige van die danse is vandag onherkenbaar soos dit van land tot land en van geslag tot geslag verander is. Afgeleide vorms word vandag nog veral in lande soos Noorweë, Denemarke, Frankryk en Duitsland aangetref.

Die vraag is al dikwels gestel of hierdie danse via Engeland na die Vasteland gegaan het en of die omgekeerde nie die geval was nie. Uit geskrifte en ou Griekse afbeeldings, blyk dit dat die dansvorm sy oorsprong in Griekeland gehad het, van daar na Italië oorgegaan het (vermoedelik na die verowering van Griekeland deur die Romeine) na Frankryk en Engeland en van laasgenoemde weer terug na Europa.[15]

## 2.6 Tydperk van insinking en verval

Wanneer daar van 'n tydperk van insinking en verval gepraat word, is dit nie alleen op die gebied van die volksdans nie, maar feitlik op alle terreine van die volkskuns. Die proses van verval begin reeds teen die einde van die Middeleeue en duur voort tydens die Renaissance en die opkomende Humanisme, met sy oordrewe individualisering, die Rasionalisme en Naturalisme om in die 19e eeu 'n dieptepunt met die tegniek en materialisme te bereik.

Die Humanisme - hoewel dit in die begin sterk Christelike elemente bevat het - was die eerste stap na die ontgoding van die wêreld en die oorwaardering van die mens, dus na

11/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

die Liberalisme. In die 18e eeu tree die Rasionalisme sterk op die voorgrond met John Locke as die belangrikste eksponent. Die ratio(rede) word die mens se swaard en middel op aarde om aan die goddelike eise te voldoen. Vir bo-rasionele openbaring, verbeelding of gevoel is daar nie plek nie en alle geloof word as 'n vyand van die rede verwerp. Uit hierdie Rasionalisme kom voort die Individualisme. Die Individualisme is duidelik merkbaar in die dansvorms wat gedurende die Romantiek ontstaan. So vind ons dat die polka (oorspronklik Boheems- pulka, wat half beteken, dit wil sê 'n kort of halwe passie) tussen 1830 en 1840[16] sy verskyning maak - dit is 'n suiwer paardans. Later ontstaan die sogenaamde 'Schottisch' en 'Rheinländer'. Die saamhorigheidsgevoel, wat aanleiding gee tot die groepdans, is hier afwesig - die mens is op homself ingestel.

Die verheerliking van die tegniek en die beklemtoning van die materialisme het gesorg vir die laagtepunt in die 19e eeu. 'n Klassestryd ontstaan met as gevolg 'n ontbinding van die maatskaplike wat alle volkse samehang verlore laat gaan het. Noodwendig moes die volkskuns wat 'n uiting van die gemeenskap is, daaronder ly.[17]

Die bekende Oostenrykse outoriteit op die gebied van die volksdans, prof. Wolfram, beweer dat 'n vorm van genoemde dans reeds teen die einde van die sestiende eeu sy verskyning gemaak het.[18]

Ook die wals wat in die agtiende eeu sy verskyning gemaak het en in die negentiende eeu baie populêr geword het, is uitsluitlik 'n paardans. Eintlik was dit die slotbeweging van die Ländler, wat 'n tipiese Oostenryks-Beierse boeredans was. Ander modedanse wat gedurende hierdie tyd hulle verskyning gemaak het, is die Pariser Polka, Mazurka (met variasies), Oude Polka,

12/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Varsovienne en Jan Pierewiet.[19] Die Quadrille was ook 'n baie populêre dans en is in 'n groot verskeidenheid vorms deur geheel Europa aangetref.

## 2.7 Tydperk van vernuwing

In die jaar 1883 stig 'n groep studente in Uppsala, Swede, 'n volksdansvereniging wat bekend gestaan het as die 'Philochoros' (dansliefhebbers). Hierdie groep probeer om aan die volksdans 'n ereplek te gee naas die moderne of gemeenskapsdans.[20]

Ook in Engeland het 'n nuwe belangstelling in die volksdanskuns ontstaan en wel onder die leiding van Cecil Sharp, wat nog later 'n baie belangrike rol in dié verband sou speel.

Die nuwe belangstelling versprei vinnig na ander lande. So ontstaan in die jare kort na 1900 'Der Wandervogel'-beweging, wat soos die naam aandui die wêreld begin verken. In die veelvuldige omswerwinge het hulle in Skandinawië kennis gemaak met die beweging wat gepoog het om die volksdans te laat herleef. Terug in hulle eie vaderland, het hulle onmiddellik 'n poging aangewend om die volksdanse te versamel en opnuut belangstelling te wek vir die beoefening van hierdie kunsvorm.

Op sy beurt het die Hollandse jeug weer met die Duitsers in aanraking gekom en dit het 'n herlewing op die gebied van die volksdans tot gevolg gehad. Die volksdans, weggeruk uit die plattelandse sfeer, word nou as 'n teenvoeter vir die na-oorlogse jazz gebruik. Die volksdans word nou veral deur jeuggroepe soos die Amsterdamse Jeugklub en die Rooms-Katolieke studenteverenigings beoefen. Hierdie groepe wat op etiese, politieke en godsdienstige grondslag gevestig was, het ook teen drink, rook en wêreldse modes te velde getrek.

13/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Net soos in Duitsland wou hulle ontsnap van die kunsmatige en na die eenvoudige en natuurlike terugkeer. Daar was by sommige die neiging om die volksdans in sy egte (oorspronklike) vorm te laat herleef, terwyl ander gemeen het dat dit as't ware in 'n nuwe vorm aangebied kon word. Die gevolg was dat dieselfde volksdanse deur die verskillende groepe verskillend uitgevoer is.[21]

Hierdie nuwe belangstelling in die kultuur kan as 'n reaksie teen die meganiese en industrialisasie van die negentiende eeu, wat 'n onnatuurlike leefwyse en samelewing tot gevolg gehad het, beskou word. Deurdat die masjien die werk van die hand gedoen het, het daar meer vrye tyd gekom wat met een of ander vorm van ontspanning gevul moes word. Herlewing van die volksdans was vir baie die antwoord.

## 3. Vorms van dans

### 3.1 Moderne gemeenskapsdans

Hierdie vorm van die dans is ook bekend as die 'balsaaldans' of beter bekend in Engels as 'Ballroom dance'. Aanvanklik is hierdie dans, soos die naam aandui, vir 'n saal bedoel. Vandag vind die dans in 'n groot mate nog in sale plaas, maar word ook in die opelug, op straat tydens feeste en waar daar ookal 'n behoefte ontstaan, gedans. 'n Paar kenmerke van die gemeenskapsdans is die volgende:

(i) dit is die skepping van 'n individu en word deur die menigte aanvaar;
(ii) die dans word gewoonlik internasionaal;
(iii) die dans word met instrumentale begeleiding sonder sang uitgevoer;
(iv) die dans is uitsluitlik 'n paardans - in die sin dat die danspaar hom in groot mate aan die ander dansers onttrek;

14/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(v) die lewensduur van die dans is uiters kort;

(vi) die danse wat dan meesal deur die jeug aanvaar word, blyk emosieloos te wees - dit is bloot fisieke bewegings. Die uitdrukkinglose gesigte van die dansers weerspieël hierdie nie-emosionele ervaring;

(vii) die moderne danser staan heeltemal onverskillig teenoor sy kleredrag. Die suggestiewe bewegings wat soms in die dans voorkom, hang nou saam met onsedelike drag.

Die moderne gemeenskapsdans breek dus weg van die sogenaamde 'outydse' gemeenskapsdanse, soos die 'Valeta', 'Lansers' en ander wat baie populêr was. Behalwe dat die dansvorm en styl verander het, het die benadering van die mens tot die dans 'n verandering ondergaan. Dit is duidelik waarom Georg Götsch in die dertigerjare nog in sy voorwoord tot 'n bundel Engelse kontradanse die dans kon beskryf as bindend van aard deurdat dit liggaam, gees en siel tot 'n eenheid saambind - so ook word die deelnemers tot 'n eenheid of gemeenskap saamgesnoer.[22] Maar, sou ons vandag 'n moderne danssaal binnestap, merk ons dat selfs die paartjies dans asof hulle heeltemal onbewus is van mekaar se teenwoordigheid. Nie eers die bewegings en musiek vorm 'n eenheid nie - daar is geen orde en reëlmaat in die hele uitvoering nie.

## 3.2 Volksdans

'n Interessante definisie van die volksdans word deur 'n deskundige op die gebied van die volksdans in Nederland, dr. Elize van der Ven-Ten Bensel, in 'n artikel wat in "De Haagsche Post" verskyn het, gegee. Volgens haar is volksdanse van en vir die volk. In die volksdans beleef die mens gemeenskaplike lewensvreugde en word daar ook aan die volksaard uiting gegee.[23]

15/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die volksdans is 'n skepping van die volk en nie van 'n individu nie; dit word nie geskep vir 'n gedeelte van die volk nie, maar vir die ganse volk. Die gemeenskaplike belewing van lewensvreugde vorm 'n skrille kontras met die moderne gemeenskapsdans - die benaming waarvan so misleidend is. Dit is dus nie slegs vervelige tydverdryf nie, maar in die uitvoering van die dans saam met andere verkry hy die lewensvreugde waarna die arbeider na die afhandeling van sy dagtaak smag. Die volksdans is ontspanning en geensins inspanning nie.

In die volksdans, wat 'n sosiaal-bindende krag is en die massas bymekaar bring, vind ons ook die paardans, maar dit verskil van die moderne paardans. Laasgenoemde bevat nie volkseie elemente nie, nòg in figure of passies nòg in begeleidende musiek; dit is deur dansmeesters met volksvreemde motiewe saamgestel. Die volksdans vind veral aanklank by diegene met dieselfde lewenshouding, lewenstryd en lewensprobleme. Die sosiale element oorskadu die fisieke en daarom verloor die volksdans sy sosiale waarde wanneer dit in die gimnastiekklas ingevoer word, waar dit hoofsaaklik om die fisieke gaan.

Die aantrekkingskrag van die volksdans word verder verhoog deur die kleurryke kostuums van die deelnemers - iets wat natuurlik by die moderne dans ontbreek. Hierdie drag vorm saam met die dans 'n geheel en sonder die drag verloor die volksdans 'n groot deel van sy aantreklikheid.

Die volksdans beeld ook dikwels die verskeie fases van die lewe uit, sodat die dansende manne en vroue hulle intens in die situasie kan inleef. Die arbeid op die land, in die huis, sekere seremonies, soos die huwelik, ens., vind weerklank in die dans - so ook die lief en leed van die mens. Daaglikse lewensituasies en bedrywighede word op realistiese wyse deur die dansbeweging uitgebeeld.

16/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 3.3 Volkspele

Soos in die geval van die volksdans dui die begrip volkspele ook aan dat dit spele uit die volk en vir die volk is. Of alle Afrikaanse volkspele egter as sodanig omskryf kan word, is te betwyfel.

Die Afrikaanse volkspele kan in drie groepe ingedeel word:

(a) ingevoerde spele

(b) eie oorgelewerde spele en

(c) nuwe spele: (i) spele waarvan die musiek, woorde en spel geskep is, en

(ii) spele wat uit volksliedjies ontstaan het.

Soos gemeld, het die tipiese Europese volksdans meesal uit volksgewoontes en gebruike ontstaan, asook uit kerklike feeste en seremonies, die arbeid, ens. In Suid-Afrika het hierdie bronne nie juis bestaan nie, daar die kerklike feeste en seremonies, soos deur die Roomse kerk gehuldig, nie hier bestaan het nie. Die kerk en kerklike funksie as bron van volkspel of -danse, was in 'n eg Protestantse land soos Suid-Afrika net nie moontlik nie. Die konserwatisme en kerkvastheid van die Afrikaner het hom nie toegelaat om volksdanse of te wel dans en kerk in dieselfde asem te noem nie. Tog het die dans met huwelike, verjaardae en Nuwejaarsdag altyd 'n baie belangrike rol gespeel. Dink maar aan die baie bekende en populêre danse van die tyd - die seties, polka, mazurka, vastrap, ens.[24]

Ook wat betref die arbeid het die Afrikaner geen voedingsbron gehad nie, daar die Hottentotte en veral die slawe aan die Kaap en later die Bantoe - nadat die Trekkers in die binneland gevestig was - in groot mate die arbeid wat die Europeër verrig het, gedoen. Dat die kultuur van die Afrikaner baie armer is

17/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

as gevolg van hierdie omstandighede, ly nie die minste twyfel nie.

Indien die Afrikaner hom byvoorbeeld op die landerye bevind het tydens die oesinsameling, sou daar heelwaarskynlik vroeg in die geskiedenis 'n groter volksliedereskat asook volkspele ontstaan het. Waar 'n groep mense in 'n landelike omgewing saamwerk, ontstaan daar 'n spontane drang na gesamentlike ontspanning wat gulde geleenthede bied vir nuwe skeppinge. Die singende volkies op 'n Bolandse saaiplaas was seker geen onbekende gesig nie. Die boer - die Afrikaner - was 'n toeskouer en toesighouer maar geen deelnemer nie en nog minder het hy deel gehad aan die feestelikhede nadat die oes ingesamel is.

Kenmerke van die huidige Afrikaanse volkspele is:

(i) Eenvoud

Oor die algemeen is die spele baie eenvoudig - soms grens dit aan die eenvoudige kinderspel - dink maar aan spele soos Afrikaners is plesierig (oorspronklik 'n Duitse kinderspel), Hoe ry die trein en ander. In die spele is daar geen ingewikkelde passies, bewegings en patrone nie. Voetwerk, soos in byvoorbeeld die Joegoeslawiese en Hongaarse volksdanse, kom nooit in die spele voor nie.

(ii) Langsame bewegings

Die eenvoud van die spel is gedeeltelik hiervoor verantwoordelik. Sodra die beweging te vinnig en die ritme te veel beklemtoon word, kan dit oorhel na dans, wat ten alle koste vermy moet word daar dit teen die beginsels van volkspele is. In die eerste volkspelebundel in 1941 deur mej. A. Köhler[x] opgestel, het die Oestydspeletjie voorgekom. Hierdie spel is egter baie gou deur die Uniale Komitee as ongewens verklaar omdat

18/...

---

[x] Mej. Köhler was lektrise in liggaamlike opvoeding aan die Normaalkollege van Bloemfontein en het in opdrag van die Reddingsdaadbondse Uniale Volkspelekomitee die bundel saamgestel. In hoofstuk 4 word meer besonderhede oor die Volkspelekomitee en die volkspelehandleiding gegee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

die vinnige tempo en bewegings en besonder lewendige karakter te na aan die sogenaamde 'jazz' en moderne ritteltitdans was en dus geensins by die styl van die volkspele ingepas het nie.

Die volkspeledrag, en dan veral dié van die dames, leen hom nie tot die uitvoer van vinnige bewegings nie. Die stadige bewegings het gevolglik meer grasie, wat by die meeste Europese volksdanse ontbreek. Tydens internasionale volksdansbyeenkomste is dit opvallend hoe die karakter van die dans by die drag van die dansers aanpas. Is die dames se rokke lank en wyd, is die dansbewegings langsamer en meer grasieus. Waar die dansers egter ligter geklee is en die rokkies korter is, is die danse vinniger en vuriger.

(iii) Begeleidende sang

Instrumentale begeleiding is nie belangrik nie en ook nie nodig nie, die sang neem as't ware die plek van die instrument in. Deurdat die spelers sing, vind daar eintlik 'n meer intense belewing van die spel plaas, alhoewel die woorde van die liedjies selde enige verband met die bewegings en passies het.

(iv) Tiekiedraai

Die kenmerkendste beweging van die volkspele is die tiekiedraai - dit kom in verskillende vorms in die meeste van die spele voor.

4. Volkspeletjies of Boerespeletjies

Omdat die begrip 'volkspeletjies' dikwels met 'volkspele' verwar word, is dit wenslik om van 'Boerespeletjies' te praat. Tipiese Afrikaanse volks- of boerespeletjies is onder andere die volgende: skilpadtrek, hoenderhaanskop, vingertrek, ens. Hierdie speletjies is deur die voorgeslagte gespeel en aan die nageslagte oorgedra.

19/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die verskil tussen hierdie spele en die volkspele is voor-die-hand-liggend en verg geen verdere verduideliking nie.

In een van die uitsendings van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie se Volkspelerubriek is in 1960 aangekondig dat volkspele soos dit vandag gespeel word, reeds uit die laat negentiende eeu dateer en nie vanaf die begin van die twintigste eeu nie. Dit is aangekondig na aanleiding van 'n berig wat in 'The Express and Orange Free State Advertiser' van 17 Februarie 1876 verskyn het en soos volg gelees het:

> "Die 22ste verjaardig van de onafhanklijkheid van onzen Staat zal aanztaande Woensdag gevierd worden, schijfschieten en volkspelen[x] zullen door het geheele land aan de orde zijn en onze jeugd zal daardoor gewezen worden op het onwaardeerbaar bezit onzer onafhanklijkheid."[25]

Die 'volkspelen' waarvan hier melding gemaak word, was die gewone Boerespeletjies wat by alle soortgelyke feeste gespeel is. Kapp verwys ook na die vermaaklikhede by die Paardekraalfees 'te perd en te voet', d.w.s. perdewedrenne en hardloopnommers wat destyds dan ook as volkspele bekend gestaan het.[26] Walking on the green grass, Early Rose, en andere wat destyds ook welbekend was, was nie as volkspele geken nie, maar as speletjies of 'games'.

M.H.O. Kloppers, wat 'n studie van die volkspeletjies in die Moot gemaak het, waarsku ook teen die gevaar van verwarring van die verskillende begrippe. Hy meen dat volkspele meer georganiseerd en geregimenteerd is, en volgens vasgestelde reëls uitgevoer word.[27]

Nog 'n feesprogram word deur Kloppers aangehaal om te bewys dat die woord 'volkspelen' reeds uit die vorige eeu dateer, naamlik die Dingaansfeesprogram van Donderdag 15 Desember 1881:

> "'s Middags van 2 - 5 ure. VOLKSPELEN, als Hardlopen, zaklopen, mastklimmen, enz., enz., waarbij verschillende prijzen door Z.H. Ed. den Heer M.W. PRETORIUS worden uitgedeeld."[28]

20/...

---

x Skrywer onderstreep

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

5. Volkspele teenoor volksdanse

Is daar 'n wesenlike verskil tussen Afrikaanse volkspele en Europese volksdanse? Hierdie vraag word reeds sedert die begin van die Volkspelebeweging gevra en verg dus 'n kort bespreking.

Volgens 'n persoonlike mededeling deur dr. Pellissier, gewese voorsitter van die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, het hy die begrip 'volkspele', soos ons dit vandag ken, vir die eerste keer gebesig toe hy in 1914 van Europa af teruggekeer het en na die Afrikaanse piekniekspele verwys het. Dié woord het dus sy oorsprong by hom in die sin wat ons dit vandag met betrekking tot die Afrikaanse volkspele gebruik.

Kort na die stigting van die Uniale Komitee in 1940 het briewe uit verskillende oorde bereik waarin gevra is om te onderskei tussen volkspele en volksdanse. Op 11 Maart 1941 gee dr. Pellissier, toentertyd Direkteur van Onderwys van die Oranje-Vrystaat, die volgende verduideliking na aanleiding van 'n brief van 'n sekere mnr. J. Maree van Marseilles in die distrik Ladybrand:

> "U stel my 'n moeilike vraag. Dit is bepaald moeilik om te onderskei tussen volkspele en volksdanse, aangesien die opvatting van verskillende persone hieromtrent verskil. My opvatting is soos volg:
>
> Volkspele: 'n Groep persone neem deel in volkspele wanneer die groep gesaamlik speel en die manspersone telkens in dieselfde spel met ander dames speel. Verder wanneer daar in verband met sommige spele gedraai word dan is die draai slegs wat gewoonlik 'tikiedraai' genoem word. Die volkspele wat by ons Lenteskool georganiseer word, word so gereël dat elke manspersoon gedurende elke spel om die beurt met ander dames saamspeel.

21/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

<u>Volksdanse</u>: is danse waarin die boerebevolking deelneem, soos byvoorbeeld boerewals, polka, kadriel, ens. Elke persoon kies sy dame en solank as die besondere dans aan die gang is, behou hy sy dame. Die volkspele wat by die groot kursus verlede jaar in Bloemfontein onderrig is, het almal onder die eerste hierbogenoemde kategorie geressorteer. Onder volkspele sou ek die volgende spele noem:

Zimbamba;

Vanaand gaan die volkies koringsny;

Pollie ons gaan Pêrl toe;

Eenmaal toe ek gaan wandel;

Ses wakker meisies, ens., ens.

Ek hoop ek het my standpunt duidelik gemaak.

Met agting

Die uwe

(Get.) S.H. Pellissier

DIREKTEUR VAN ONDERWYS"[29]

Op 6 Augustus 1941 verstrek dr. Pellissier die volgende antwoord op 'n brief van mnr. Schoeman waarin laasgenoemde inligting vra oor die ooreenkomste en verskille tussen Suid-Afrikaanse volkspele en volksdanse, asook die opvoedkundige waarde van volkspele vir ons volk:

"Aangesien die tyd baie beperk is, moet ek noodgedwonge maar baie kortliks op u vrae antwoord.

(i) Altwee het uit die Boerevolk en nie uit die stedelike lewe ontstaan nie en altwee word van geslag tot geslag oorgedra met min verandering.

(ii) Volkspele is daar 'n gedurige verwisseling van metgeselle, terwyl met volksdanse elke persoon sy metgesel behou solank 'n besondere dans aan die gang is. Volksdanse is ook moeiliker en meer ingewikkeld en kan nie deur almal ewe vaardig beoefen word nie.

(iii) Hulle verskaf gesonde oefening, 'n onskuldige vermaak. Die euwels van die stadsdanse is afwesig.

22/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(iv) As hulle behoorlik beoefen word, en geen buitensporigheid of oordrywing vind plaas nie, is daar geen nadele.

(v) Dissipline, grasieuse bewegings, ritme, samewerking en goeie oefening.

(vi) Uitbreiding van volkskultuur en bevordering van samehorigheid.

Met agting
Die uwe
(Get.) S.H. Pellissier"[30]

Albei briewe is in hul geheel aangehaal omdat skrywer hulle as baie belangrik beskou, as komende van die vader van die Volkspelebeweging in Suid-Afrika en voorsitter van die Uniale Raad (tans die Nasionale Raad) en die persoon wat die benaming 'volkspele' aan die piekniek- en ander spele gegee het.

In beide briewe bly die skrywer in gebreke om 'n bevredigende en aanvaarbare verskil tussen volkspele en volksdanse aan te dui. In die antwoord word erken dat dit 'n moeilike vraag is om te beantwoord en dat daar 'n verskil van opinie bestaan. Die belangrikheid van die wisseling van dans- of speelmaats word blykbaar as 'n besonder belangrike faktor beskou, daar dit tweemaal in dieselfde paragraaf genoem word. Dit is beslis kenmerkend van die volkspele, maar net soos daar volkspele is waar maats geruil word met die herhaling van die dans, is daar volksdanse waar daar telkens maats geruil word. Hierdie eienskap is dus nie slegs by die volkspele opvallend nie.

Die <u>tiekiedraai</u> kom wel in baie van die volkspele voor, maar in baie Europese volksdanse kom daar ook variasies van tiekiedraai voor - dit staan slegs onder 'n ander naam bekend.

23/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Oor die algemeen is die volksdanse meer ingewikkeld, maar daar is baie volksdanse wat ook besonder eenvoudig is - nie alle danse is ingewikkeld nie.

Die volksdanse in die brief genoem - boerewals, polka en kadriel - is ook nie moeilik nie, dus hou hierdie argument nie steek nie. Die genoemde danse is in werklikheid ook geen volksdanse nie, maar is danse wat op een of ander tyd in alle dele van Europa in die balsale gedans is.

'n Paar volkspele word ook genoem - onder andere 'Ses wakker meisies' - dit is geen volkspele nie, maar 'n Sweedse volksdans wat dr. Pellissier vertaal het en vir 'n tydlank as een van die volkspele gespeel is.

Skrywer het die strydvraag ook reeds aan verskeie volkspeleleiers gestel, maar kon tot dusver nog geen bevredigende antwoord kry nie. Antwoorde soos die volgende, wat gewoonlik verstrek word, is nie aanvaarbaar nie omdat dit niks met die wese van die volkspele te doen het nie:

(i) by alle volkspele word gesing - daar word ook by sommige Europese volksdanse gesing;

(ii) sekere grepe word nie in volkspele toegelaat nie, byvoorbeeld die heup-skouergreep - die greep raak nie die wese van die spel nie;

(iii) volkspele is meer grasieus as volksdanse - baie Europese volksdanse is net so grasieus indien nie meer nie;

(iv) drank word nie by volkspele toegelaat nie. Baie volksdansverenigings, selfs in Duitsland waar bierdrinkery 'n alledaagse verskynsel is, laat geen bierdrinkery by byeenkomste toe nie. In Julie 1955 het skrywer 'n groot 'Trachtenwoche' in Neustadt-Holstein, Noord-Duitsland, waar volksdansgroepe uit twaalf verskillende lande teenwoordig was, bygewoon.

24/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

'n Groep uit die Moselvallei wat aan die vertoning deelgeneem het, is summier deur die beoordelaars gediskwalifiseer omdat hulle dit durf waag het om met kraffies Moselwyn en glase op die verhoog te verskyn en tydens die dans, terwyl lustig gesing is: 'Ja das hat die Mosel so an sich, die Mosel las keine mehr los', vrylik van die wyn te drink.

Skrywer kan tot geen ander gevolgtrekking kom as dat daar wesenlik geen verskil tussen volkspele en volksdanse bestaan nie.

---oOo---

25/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 6. BRONNEVERWYSINGS BY HOOFSTUK 1


1. E. Verwijs en J. Verdam: Middelnederlandse Woordeboek, II.
2. Douglas Kennedy: England's dances - folkdancing to-day and yesterday, p.26.
3. Ted Shawn: Dance we must, p.14.
4. Ibid., p.10.
5. Curt Sachs: World history of the dance, p.180.
6. Ann Driver: Music and Movement, p.93.
7. Curt Sachs: World History of the dance, p.181.
8. Margaret N. H.'Doubler: Dance - a creative art experience, p.5.
9. Ibid., p.9.
10. Ibid., p.17.
11. Jo Christe: Dansgeschiedenis, p.8.
12. Ibid., pp. 13 - 14.
13. Ibid., p.10.
14. Cecil Sharp: Introduction to the Morris dances of England, p.15.
15. Jo Christe: Dansgeschiedenis, p.12.
16. K.B. Sandved (red.): The World of Music, p.1631.
17. E. van der Ven-Ten Bensel en D.J. van der Ven: De Volksdans in Nederland, p.315.
18. Richard Wolfram: Die Volkstänze in Österreich und verwandte Tänze in Europa, p.315.
19. E. van der Ven-Ten Bensel en D.J. van der Ven: De Volksdans in Nederland, p.204.
20. Jo Christe: Dansgeschiedenis, pp. 14 - 15.
21. Elise van der Ven-Ten Bensel en D.J. van der Ven: De Volksdans in Nederland, pp. 308 - 309.
22. Richard Wolfram: De Volkstänze in Europa, p.11.
23. Anna-Lise Grobler-Stoltz: Inspan, November 1949, Jaargang 9, nr. 2, p.20. (Oorgeneem uit "De Haagsche Post")
24. P.H. Kapp: Die aard en ontstaan van die Afrikaanse volksfeeste, p.56.


26/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

25. The Express and Orange Free State Advertiser, 17 Februarie 1876.
26. P.H. Kapp: Die aard en ontstaan van die Afrikaanse volksfeeste, p.109.
27. M.H.O. Kloppers: 'n Kultuurhistoriese opname van volkspeletjies in die Moot, pp. 4 - 5.
28. Ibid., p.77.
29. S.H. Pellissier - J. Maree, 11.3.1941.
30. S.H. Pellissier - P.J. Schoeman, 2.8.1941.

27/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

HOOFSTUK 2

# DANSE EN VOLKSDANSE IN SUID-AFRIKA VAN 1652 TOT 1912

## 1. Die tydperk 1652 tot 1806

Die 17e eeu was die bloeitydperk van die Nederlandse kultuur soos die godsdiens, skilderkuns, musiek, handel, ekonomie - as't ware op alle lewensterreine. Geen wonder dat die tydperk as die Nederlandse Goue Eeu bekend staan nie.

Die Calviniste (die Gereformeerdes) het egter baie streng opgetree teen alle vorme van profaniteit en het te velde getrek teen talle kunsuitinge wat afbreek gedoen het aan die stigtelikheid en waardigheid van die Christelike leer en kerklike liturgie in Nederland. So moes die skilderkuns uit die kerke, muur- en plafonskilderye, alle beelde en ander uiterlikhede wat aan die Roomse godsdiens en liturgie herinner het, verwyder word. Selfs die Rederykers moes dit later ontgeld. Die Calviniste was nie teen die kuns as sodanig nie, maar slegs teen die misbruik daarvan soos ervaar in die Rooms-Katolieke kerk.

Hierdie houding van die kerk en die streng Calvinistiese lewensiening het die beoefening van die wêreldse of volkslied nie begunstig nie - slegs die orrel en die meerstemmige kerklied is lank in die ban gedoen.

As gevolg van hierdie toedrag van sake in Europa - en dan veral in Nederland - kan dit met 'n groot mate van sekerheid gesê word dat die eerste volksplanters aan die Kaap nie met 'n sterk musikale erfenis na die Kaap gekom het nie.[1] Hierdie eerste koloniste was ook 'n baie heterogene groep en het uit verskillende provinsies van Nederland gekom. Hulle was uit verskillende milieu's, het uiteenlopende belangstellings gehad en verskillende beroepe



---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

beoefen. Ook in hulle taalgebruik was daar 'n groot mate van verskil. Deur immigrasie uit Frankryk en Duitsland het daar 'n groter mate van heterogeniteit ontstaan, wat dit verder onmoontlik gemaak het vir die oorplanting van 'n besliste kultuurpatroon.

Hierdie toestand het voortbestaan totdat die Vryburgers teen 'n gemeenskaplike vyand, naamlik 'n korrupte amptenary, in opstand gekom het. Die besef van gemeenskaplikheid en saamhorigheid was die eerste tekens van 'n nuwe volk in wording. Toe hierdie gemeenskap hom bewus geword het van 'n eie identiteit, het hy hom onderskei van ander - 'n nuwe volk met 'n eie identiteit is gebore. Sy grootste erfenis was 'n streng Calvinistiese godsdiens wat deur die eeue soos 'n goue draad deur sy volkswordingsgeskiedenis loop. Op die gebied van die kultuur en in sy vermaak sou sy godsdienssin beskou kan word as die oorsaak van sy gereserveerdheid en wantroue van uitbundigheid en spontaneïteit en verset teen die gedagte van die kuns ter wille van die kuns.[2]

## 1.1 Vermaaklikhede in en om Kaapstad

Die amptenary in Kaapstad, wat baie meer vrye tyd as die landbouers gehad het, het vryelik met die passasiers en bemanningslede van verbygaande skepe omgegaan. 'n Bloeiende handel met die Ooste het meegebring dat al hoe meer skepe die Kaap aangedoen het wat die ekonomiese lewe in Kaapstad gestimuleer het. Die groot aantal tavernes wat oral in Kaapstad hulle verskyning gemaak het, was die bymekaarkomplek van passasiers, skeepslui en koloniste. As gevolg van hierdie gedurige en gereelde kontak met Europa, was die Kapenaars goed op die hoogte met die jongste modes en kultuuruitings soos musiek, dans, ens.

Alhoewel die tavernes 'n groot mate van populariteit geniet het, was die Kasteel die hoofsentrum van vermaak, want hier was

29/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

onder andere 'n permanente orkes in diens van die Goewerneur. Hierdie musiekkorps was so populêr dat hulle soms deur die burgery gehuur is om op huweliksfeeste te speel.[3]

Soos die gewoonte in alle lande was, het belangrike gebeure in Kaapstad gewoonlik met groot feesvierings gepaard gegaan. Mentzel beskryf byvoorbeeld hoe die inswering van Hendrik Swellengrebel as goewerneur gepaard gegaan het met

> "...... tilting and shooting, while the women amused themselves with dancing in the tents."[4]

Ook verhaal hy hoe Goewerneur van Noodt, ongeveer 1750, 'n onthaal gegee het ter viering van die verlowing van Kaptein Alleman aan mej. Meiboom. Met hierdie geleentheid het hy uitnodigings aan alle belangrike persone en hulle gesinne asook aan die amptenary gestuur om 'n bal in die Kasteel by te woon. Na die aandete het die gaste, begelei deur musikante, die res van die aand gedans:

> "They amused themselves till midnight with English country dances which were all the rage at the Cape and are beautifully danced there."[5]

Dit het Kolbe ook opgeval hoe ander feesgeleenthede - veral bruilofsfeeste - met eet, drink, dans en spring gevier is. Gewoonlik was daar na die huwelik 'n groot eetmaal deur die ouers van die bruid gereël, waarna daar op die maat van musiek, verskaf deur die musiekmakers van die Goewerneur en aangevul deur slawemusikante, gedans is.[6] Gewoonlik het die bruilofsfeeste oor 'n aantal dae gestrek wat aan die gaste die geleentheid gegee het om hulle daelank met dansery te vermaak.

30/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Baie interessant is dit dat skrywers oor hierdie periode dikwels na spesifieke danse wat algemeen bekend was, verwys het. In sy beskrywing van 'n huweliksfees praat Kolbe van Franse en ander danse. Hierdie Franse dans waarna verwys word, was waarskynlik die minuet wat in dié tyd 'n baie populêre dans in Frankryk was, terwyl die ander danse moontlik volksdanse was - ongelukkig word geen besonderhede van hierdie danse verstrek nie. Die vermoede omtrent die minuet word deur Mentzel, wat sy reiservarings dertig jaar na Kolbe te boek gestel het - d.w.s. ongeveer 1735 - bevestig wanneer hy skryf:

> "The musicians play up, and the bridal pair lead the dance in a stately menuet."[7]

Omdat geleentheid vir vermaak buite die huis beperk was - daar was byvoorbeeld geen teater en toneelaanbiedings (voor 1800) nie - was huispartytjies aan die orde van die dag. Tydens sulke partytjies is daar dan ook dikwels gedans:

> "S'Avonds als men z'n vrienden ging bezoeken werdt er muziek gemaakt en vaak ook werdt gedanst."[8]

Soos reeds aangedui, is die jongste danse van Europa en Engeland deur die besoekers alhier bekendgestel. Mentzel gee 'n baie mooi kernagtige beskrywing wanneer hy die situasie in die Kaap in omstreeks 1750 soos volg opsom:

> "Of late dancing has become very popular with the ladies of the Cape. There are hardly any regular dancing-masters, but the women learn readily the steps of foreign dances that are shown to them by visitors. They dance with an easy natural grace and are very light on their toes".[9]

Die besoekers waarna Wentzel hier verwys, was veral Engelse (mans en dames) onderweg na en van Indië. Tydens hulle verblyf aan die Kaap, is onthale gereël waar daar veral

31/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Engelse danse uitgevoer is; dit was veral die kwadriel wat op hierdie tydstip in die mode was.

Dat die inwoners van die Kaap en die onmiddellike omgewing goed op die hoogte was met die populêre danse wat oorsee in die mode was, ly nie die minste twyfel nie. Dit is te verstaan as in ag geneem word dat daar tussen 1738 en 1750 gemiddeld 73 skepe per jaar die Kaap aangedoen het - sommige waarvan tot vyf weke daar vertoef het.

## 1.2 Toestande weg van die Kaap

Langsamerhand het daar 'n duidelike skeiding tussen 'n stedelike en 'n landelike bevolking ontstaan. Namate die burgers die binneland ingetrek het, het laasgenoemde 'n eie volkskultuur ontwikkel. Hierdie mense was kerkvas en konserwatief en het nie so dikwels met die vreemde elemente van die verbyvarende skepe in aanraking gekom nie. Die vermaaklikheidsplekke - openbare kroeë, tavernes, dansplekke, ens., was eintlik vir hulle vreemd. Die kerk wat 'n belangrike rol in die volkslewe gespeel het, het hom - soos vandag nog die geval is - sterk teen dans uitgespreek. Die gevolg hiervan was dat hulle baie minder gedans het. Hulle het ook minder tyd vir vermaak gehad daar hulle nog 'n wilde, woeste wêreld moes tem.

Omdat die koloniste verspreid gewoon het, het hulle slegs met spesiale geleenthede, soos met verjaarsdae, vendusies, huwelike, ens. bymekaar gekom. Tydens sulke byeenkomste is daar dan ook groot jolyt gehou en is daar ook gedans. Omdat hulle direkte kontak met Europa verloor en hulle leefwyse verander het, kan aanvaar word dat hulle vermaaklikheid 'n ander vorm aangeneem het.

32/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 2. Die tydperk van 1806 tot ongeveer 1850

### 2.1 Toestande in Wes-Kaapland

Met die permanente inbesitname van die Kaap in 1806 deur Brittanje, word daar op alle gebiede 'n nuwe era ingelui. Hierdie nuwe bevolkingselement wat nou die bewind oorgeneem het, het wel deeglik gesorg dat hulle stempel ook op die kultuur van die Afrikaner afgedruk word. Dagboeke van bewindhebbers, amptelike stukke en reisbeskrywings verwys duidelik na hierdie beïnvloeding. Die verengelsingsbeleid van persone soos Cradock, Somerset e.a. is welbekend. Die hoofdoel was om die Kolonie so gou moontlik te verengels en die vinnigste metode om sukses te behaal was om dít wat die naaste aan die hart van die volk gelê het, naamlik sy taal en kultuur af te takel en van hom weg te neem.

Die leefwyse aan die Kaap het dan ook spoedig tekens van verandering begin toon - veral op sosiale gebied. Lady Anne Barnard het gedurende die jare 1797 - 1801 die sentrale figuur in die sosiale lewe in die Kaap geword en het gereeld bals en partytjies in die Kasteel gehou

> "... which shall be once a fortnight, when the Dutch ladies (all of whom love dancing, and flirting still more) shall be kindly welcomed, and the poor ensigns and cornets shall have an opportunity of stretching their legs as well as the generals."[10]

Uit verdere vertellings van Lady Anne Barnard[11] en de Jongh,[12] blyk dit dat die kontradanse en minuet die gewildste en bekendste danse was wat op die bals gedans is.

> "Zij danssen alle, en niet zoo als onze boerinnetjies, maar weselijk contradansen en mennuetten. Er komt wel eens een enkele schop of stoot tussenbeide, maar buiten ziet men zoo nauw niet."[13]

33/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Van ware volksdanse is daar egter nog geen sprake nie. Alle danse bly nog beperk tot die balsale, kroeë en tavernes. Ook Botha[14] en Hartman[15] meld dat die populêrste danse aan die Kaap die wals, minuet, kontradans en kadriel was wat in die ware sin van die woord geen volksdanse was nie.

'n Sekere mev. Parker, inwoner van een van die goeie losieshuise in Kaapstad verwys vir die eerste keer na 'n dans wat baie met die Duitse Allemande ooreengekom het. Die enigste verskil wat sy opmerk, is dat die figuur (patroon) nie verander nie en dat daar lank in die rondte gedraai is, in so 'n mate dat

> "... it is surprising that the ladies are not giddy with the swiftness of the motion; for it would certainly turn any person's head unaccustomed to it."[16]

Om te beweer dat hierdie draaiery die voorganger van die tiekiedraai was, is seker nie so vergesog nie. Die Duitsers het verskeie volksdanse waarin die sogenaamde 'Spindle Schritt' voorkom. Hierdie 'Spindle Schritt' is niks anders as tiekiedraai nie - die enigste moontlike verskil is die greep van die dansers. Daar moet onthou word dat die tiekiedraai ook met verskillende grepe uitgevoer word.

Die liefde vir dans onder Engelse invloed was so sterk dat selfs die streng Calvinistiese koloniste, sommige van hulle afstammelinge van Geus en Hugenoot wat ter wille van hulle geloof alles prysgegee het om na 'n nuwe vaderland te verhuis, die Sabbat met danspartye ontheilig het. Lady Anne Barnard verwys na 'n impromptu bal wat op 'n Sondagaand deur Landros R.J. van Riet te Stellenbosch gehou is.[17]

34/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Bird[18] voeg ook daarby hoe dans die geliefkoosde tydverdryf van die dames aan die Kaap was en dat hulle kennis en vernuf geensins by dié van die Engelse dames in Londen afgesteek het nie. Die wals, kadriel, en die cotillons was aan die orde van die dag terwyl die kontradans as kombuisdans beskou is. Ter wille van die nuwe Engelse element, het die dames die kadriel, wat destyds vir die Engelse onbekend was, prysgegee en die kontradans (country dance) aanvaar.

## 2.2 Toestande in Oos-Kaapland

### 2.2.1 Grensboere

Talle koloniste het hulle reeds in die Oostelike Provinsie gevestig waar hulle hul op veeboerdery toegelê het. Uit die aard van hierdie tipe boerdery was hulle nog verder van mekaar verwyder as wat dit die geval in die westelike gedeelte van die provinsie was, waar daar op graan- en vrugteboerdery gekonsentreer is. Vir danspartye was daar gevolglik min geleentheid - 'n feit deur reisigers soos Barrow[19] en Lichtenstein[20] in hulle reisbeskrywings genoem. Dat daar wel gedans is as die geleentheid hom voorgedoen het, kom duidelik tot uiting in die werk van die Fransman Le Vaillant. Hy vertel hoe hy op sy reise gedurende die jare 1783 - 1785 onder andere by die gesinne van der Westhuizen en Engelbrecht in die Karoo, ten noorde van die Kamiesberge, aangegaan het en saam met hulle gedans het. Hy het self aan hulle

> "..... country dances, which instantly, as if by magic, set the whole company in motion".[21]

geleer.

35/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

So genotvol was die ervaring dat hulle hom die volgende môre gesmeek het om met die dansery voort te gaan, waarop daar vir byna drie dae gedans is. By 'n latere geleentheid het hy weer die gesin besoek en weer eens is die grootste gedeelte van elke aand met dans deurgebring. Vir die eerste keer, sover vasgestel kon word, word daar na volksdanse of volkspele verwys. Johanna Duminy, gebore 1757 en dogter van 'n Duitser, Benjamin Nöthling, wat in 1777 met 'n Franse skeepskaptein, Francois Duminy, getroud is en op 'n plaas in die Overberg naby Swellendam gewoon het,[22] skryf in haar dagboek:

> "... soo als de caars was opgestooken kwam de vioole in de galderij en sij gong vris op aan dansen en mijn sanet ook mee. (.....) om 8 uure (dit is die volgende oggend) wert tafel gedek en warm vlees op en booter wij aaten de viol gong nog."[23]

'n Hollandse offisier, J.B.N. Theunissen, wat vanaf Batavia na Holland op reis was, se skip het naby die huidige Port Elizabeth gestrand. Hy het besluit om verder oor land na Kaapstad te reis. In sy reisbeskrywing vertel hy dan onder andere van danspartye wat hy by boere bygewoon het waar hulle tot drie-uur in die môre gedans het. Die musiek was deur een of twee musikante verskaf:

> "Dit zijn jongelinge, die zulke uit liefhebbery en niet om geld doen. De viool is de heerschende muzijk (....) Als de gesprekken een weinig geduurd hebben, is eene snarenstreek het teeken tot eene algemene beweging. Ik zag met vermaak, dat dit geluid eenen elektrieken schók in het jeugdige gezelschap verwekte, en eene onwillekeurige opspringen der hieltjies ziet men bij oud en jong."[24]

36/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die minuet wat gevolg het, is so deftig en grasieus uitgevoer dat alle tekens van styfheid verdwyn het. In die middel van die dans het die mans, na 'n teken met die strykstok, hulle hoede afgehaal en aan die einde van die dans hulle maats gesoen.

2.2.2 Trekkers

Voor die Groot Trek was die grensboere redelik gevestig en het hulle weer eens van feesgeleenthede gebruik gemaak om musiek te maak en te dans. Gustav Preller[25] vertel hoe daar saans deur die jong mense gesing en gedans is. Met viool-, fluit- en kornetbegeleiding is wêreldse en geestelike liedjies gesing. Dat die Trekkers dus op trek gegaan het met musiekinstrumente en 'n kennis van 'n aantal liedere en danse ly nie die minste twyfel nie. Voorbeelde van musiekinstrumente, soos die viool en huisorreltjie, is tans nog in die Voortrekkermonumentmuseum in Pretoria en die Voortrekkermuseum te Pietermaritzburg te sien. Vir die beoefening hiervan was daar egter op die trek nie veel tyd of geleentheid nie - veral nie nadat die Trekkers die Oranjerivier oorgesteek het en met die vyandige Swartes begin moeilikheid kry het nie.

37/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Tog word daar gevalle genoem waar huweliksgeleenthede feestelik met danse gevier is. Die gewildste danse was weer eens die wals, vastrap, polka, kadriel en kontradans met as begeleidende instrument gewoonlik die viool.[26] Die bekende historikus Anna de Villiers vertel dat kommandant Andries Pretorius sy tweede vrou ontmoet het toe hy saam met haar aan 'n kontradans deelgeneem het.[27]

Dansery was egter nie 'n algemene verskynsel op die trek nie - sommige Trekkers het dit ten sterkste veroordeel. Nadat die Trekkers in Natal aangekom het en Retief deur Dingaan vermoor is, is die ydelheid deur selfs minder konserwatiewes sterk veroordeel. Hoe Hans Dons met sy terugkeer na die laer erg geskok was toe hy merk dat 'n groep jong mense besig was om te dans, is welbekend. Hy het die tent waarin gedans is, binnegestap, die viool uit die musikant se hand geruk, dit middeldeur gebreek en uitgeroep:

> "Daar is 'n tyd vir alles in die wêreld, gaan bid nou liewer".[28]

3. Die tydperk 1850 tot ongeveer 1912

Na omstreeks 1850 was daar 'n meer gevestigde gemeenskap in die twee Republieke. Boere het hulle plase begin ontwikkel en na die ontberings op die Trek was die lewe rustiger. Sodra daar rus in die gemoed is, kry ons weer geestelike uitinge by die mens. Daarom kon dr. Hartman ook skryf:

> "Die ruwer volksmusiek bevredig meer bepaald 'n fisiese behoefte, maar die toonkuns spreek tot die gees. Om te gedy het dit 'n gevestigde, rustige lewenswyse nodig, omstandighede wat berusting en verdieping toelaat".[29]

38/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die Boerevolk wat hom ten Noorde van die Oranjerivier gevestig het, het weer eens 'n bydrae, en hierdie keer miskien 'n groter bydrae begin lewer op kultuurgebied. Sy liefde vir gesonde vermaak het die Afrikaner nie verloor nie en by alle feeste is geleenthede geskep om gesellig te verkeer. Soos vroeër was dit dan weer met verjaarsdae, verlowings, huwelike, Nuwejaar en nasionale byeenkomste dat sangspeletjies, volkspeletjies en dansery aan die orde van die dag was. In verskeie koerante van hierdie tyd word programme van hierdie volksfeeste gevind waarin genoemde aktiwiteite vermeld word.

Die Afrikaner het van die buitelug en die vrye natuur gehou en daarom was hy dan ook baie lief vir piekniek maak. Hier het die jongklomp na hartelus spele soos 'Pollie ons gaan Pêrel toe', 'Ver in die wêreld Kittie', 'Vanaand gaan die Volkies koringsny' e.a. gespeel. Hierdie spele het dan ook bekend gestaan as piekniekspele en was oral baie gewild. Onder Engelse invloed was 'There was a jolly miller', 'Early Rose' en andere nie minder gewild as die Afrikaanse piekniekspele nie.

4. <u>Samevatting</u>

Nieteenstaande die jongmense so lief was vir dans, blyk dit duidelik uit die geskiedenis dat daar tot dusver nog geen sprake van georganiseerde volkspele of volksdanse was nie. Daar was ook in werklikheid geen egte volksdanse nie. Waar daar na Engelse volksdanse verwys word wat in die dansrepertoire van die koloniste ingesluit was, was dit slegs 'n enkele 'country dance' wat by die balsaal aangepas het, eerder as by die volksdans-byeenkomste in die opelug.

Selfs die 'Allemande' waarna verwys is, was geen Duitse volksdans nie, maar slegs 'n enkele beweging van 'n danspatroon.

39/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die volgende faktore kan hiervoor verantwoordelik wees, naamlik:

(i) die sterk teenkanting wat die volksdans en volkslied in die 17e en 18e eeu in Europa ondervind het;

(ii) die heterogeniteit van die Kaapse inwoners;

(iii) die streng Calvinistiese lewensopvatting van die inwoners; en

(iv) die onstabiliteit van die lewe - nie slegs in die Kaapprovinsie nie, maar ook later in die noordelike provinsies - as gevolg van die stryd om voortbestaan, die verowering van nuwe gebiede en die tem van 'n woeste, onbeskaafde wêreld.

Meer as tweehonderd-en-vyftig jaar moes verloop voordat die Afrikanervolk sy aandag ongestoord aan die uitbouing van sy kultuur kon wy en toe eers kon die volkspele ontwikkel.

---oOo---

40/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 5. BRONNEVERWYSINGS EN TOELIGTENDE VOETNOTE BY HOOFSTUK 2

1. J. Ter Gouw: De Volksvermaken, p.40.
2. P.H. Kapp: Die Aard en Ontstaan van Afrikaanse Volksfeeste, p.13.
3. Peter Kolbe: Naaukeurig en Uitvoerige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop I, p.306.
4. O.F. Mentzel: Life at the Cape in the mid-eighteenth Century, p.111.
5. Ibid., p.72.
6. Peter Kolbe: op. cit., p.81.
7. O.F. Mentzel: A Geographical and Typographical Description of the Cape of Good Hope II, p.119.
8. F.C. Dominicus: Het Huizelijk en Maatschappelijk leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18e eeuw, p.65.
9. O.F. Mentzel: A Geographical and Typographical Description of the Cape of Good Hope II, p.121.
10. Lady Anne Barnard: South Africa a Century Ago: p.11.
11. Ibid., p.11.
12. C. de Jongh: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen, p.130.
13. Ibid., p.99.
14. C.G. Botha: Social Life at the Cape in the Eighteenth Century, p.58.
15. A.C. Hartman: 'n Oorsig van die Europese musiek in Suid-Afrika, p.168. (Ongepubliseerde verhandeling, W.U. 1947).
16. J. Parker: Voyage round the world, p.54.
17. Lady Anne Barnard: op. cit., p.137.
18. W. Bird: State of the Cape of Good Hope in 1822, p.165.
19. J. Barrow: An Autobiographical Memoir, p.82.
20. H. Lichtenstein: Travels in Southern African II, pp. 98 - 99.
21. F. Le Vaillant: New Travels into the interior parts of Africa II, pp. 120 - 121.
22. J.C. Pretorius: Die Afrikanervrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806, pp. 288 - 290. (ongepubliseerde proefskrif, U.P. 1977).

41/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

23. F. en J.M. Duminy: Dagboeke, pp. 84 - 86.
24. J.B.N. Theunissen: Aanteekeningen Eener Reis door de Binnelanden van Zuid-Afrika, van Port Elizabeth naar de Kaapstad gedaan in 1823, pp. 64 en 69 - 70.
25. Gustav Preller: Voortrekkermense IV, p.140.
26. F.C.L. Bosman: Drama en Toneel in Suid-Afrika I, p.25.
27. Anna de Villiers: Zuid-Afrika XV, p.167.
28. Gustav Preller: Voortrekkermense II, p.258.
29. A.C. Hartman: op. cit., p.189.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

HOOFSTUK 3

# DIE ONTSTAAN VAN DIE VOLKSPELEBEWEGING IN SUID-AFRIKA

## 1. Periode van 1921 tot 1941

### 1.1 Ontstaan van die volkspelegedagte

Die gedagte van 'n eie Afrikaanse volkspele-organisasie het eintlik, hoe vreemd dit ookal mag klink, sy oorsprong in Swede gehad. In 1912 het twee jong leerkragte van die Vrystaat, in die persone van S.H. Pellissier[x], toentertyd vise-hoof van die hoërskool Boshoff en J.M. Meiring, na Nääs, Swede, gegaan om hulle aldaar verder in skrynwerk te bekwaam.

Nääs is 'n skilderagtige somerverblyf geleë aan een van die groot Sweedse mere, nie ver van die stad Göteborg nie. Jaarliks word verskillende kursusse in handewerk hier aangebied wat belangstellendes uit verskillende lande lok. Hierdie kursusse word gedurende die dag aangebied, terwyl daar saans geleentheid geskep word vir die beoefening van volksang en volksdanse in die kleurryke nasionale of volksdrag.[1]

Die twee Suid-Afrikaners het hierdie kleurryke skouspel met 'n gevoel van jaloesie gadegeslaan - hulle was oorweldig deur die rykdom van kultuurgoedere. Geen wonder dat dr. Pellissier op daardie tydstip besluit het om by sy terugkeer in sy vaderland sy eie volk se jeug te organiseer, hulle bewus te maak van hulle eie en hulle aan te spoor om 'n singende, spelende en werkende volk te word nie.[2] Die kultuurerfenis - kleredrag, volksliedere en volkspele - moes in ere herstel word.

43/...

---

[x] In 1944 is S.H. Pellissier met 'n D.Ed.-graad (honoris causa) deur die Universiteit van Stellenbosch vereer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 1.2 Eerste poging tot georganiseerde spel

Met sy terugkeer in Suid-Afrika het die jong Pellissier geen gras onder sy voete laat groei nie, maar onmiddellik oorgegaan tot die verwesenliking van sy ideaal. Terug in die skool op Boshof, waar hy onderwys gegee het, begin hy om aan die ouer leerlinge van die hoërskool 'n sestal Sweedse volksdanse te leer, naamlik:

Die vaste band
Boemfaderalla
Ses wakker meisies in 'n kring
Nikko-dikkom-dei
Meisies en seuns wat kom van die plaas, en
Ons is musikante

Hierdie volksdanse het hyself in Afrikaans vertaal en vir die eerste keer tydens 'n Sondagskoolpieknìek, op Saterdag 28 Februarie 1914, vertoon. Al die kinders van die dorp en die distrik, wat ook Sondagskoolleerlinge was, het die Saterdag per ossewa na die plaas Vuisfontein, 'n paar myl noord van Boshof, gereis. Skaars het die jongklomp daar aangeland of hulle het met die gebruiklike piekniekspele soos: Daar kom die wa, Vanaand gaan die volkies koring sny, Early (Ellie) Rose, Jolly Miller, en ander begin. Dit was toe dat die afgerigte groep seuns en dogters genoemde volkspele (Swedish games) gedemonstreer het. Hierdie spele het geweldig byval gevind en net gou wou niemand meer iets van die bekende piekniekspele weet nie - almal wou net 'Swedish games' speel. 'n Plaaslike verteenwoordiger van 'The Friend', mej. Saunders, het onder andere die volgende oor dié byeenkoms gerapporteer:

> "These games took on marvellously and they completely eclipsed the 'tickeydraing' games usually so popular at country picnics. Everyone was greatly pleased with the games ..."[3]

44/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Daar was egter kerkraadslede wat nie met die spele genoeë geneem het nie en een ouderling het selfs beweer dat die spele gebruik word om God en mens te bedrieg.[f]

Daar word ook vertel dat die matriekdogters wat die demonstrasies gegee het se gesigte so verbrand was deur die warm son dat hulle die volgende Maandag skaam-skaam met mielieblom besmeerde gesigte, hulle opwagting by die skool gemaak het.

Dr. Pellissier het hierdie byeenkoms gesien as die eerste poging tot georganiseerde volkspele in Suid-Afrika. Om hierdie gebeurtenis te herdenk, is daar op 2 November 1956 tydens die eeufeesviering van Boshof 'n monumentjie by die pan waar die piekniek plaasgevind het, onthul. Met hierdie byeenkoms was daar 23 persone wat tydens die Sondagskool-piekniek in 1924 aan die spele deelgeneem het, teenwoordig.[4]

Hierdie veterane het die aand 'n vertoning gegee om te demonstreer hoe rou, ongedissiplineerd en wild die jongmense van daardie tyd was wanneer dit by piekniekspeletjies gekom het.[5]

## 1.3 Ontstaan van die begrip 'Volkspele'

Gedurende die jare wat gevolg het, het dr. Pellissier op pieknieks en ander byeenkomste gesorg dat die gewilde Sweedse speletjies nie die bekende Afrikaanse piekniekspele verdring nie. Deur doelbewus hierdie spele te propageer, is die Engelse spele of 'games' wat so populêr was, geleidelik op die agtergrond geskuif. Die Afrikanerseun en -dogter het bewus geword van sy eie. Die piekniekspele, asook die ses vertaalde spele sou voortaan bekend staan as '<u>volkspele</u>'. Vir die eerste keer is hierdie woord in dié verband hier te lande gebruik. Dr. Pellissier was bewus

45/...

---

[f]Persoonlike mededeling deur dr. Pellissier.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

dat vanweë die sterk Calvinistiese lewensopvatting die begrip 'dans' ten alle koste vermy moes word, daar dans as iets uit die bose beskou is. Om die goedgesindheid en samewerking van die kerke te verkry, moes die woord 'dans' nie met hierdie 'spele' geassosieer word nie. So het dit dan gekom dat ons vandag nog van volkspele en nie volksdanse praat nie. Die gewone danse soos die paddika, wals, seties, polka, ens. was nog steeds baie gewild, maar is hoofsaaklik in die dorpe en stede beoefen. Die gewildheid van volkspele by huispartytjies, skoolfunksies, ens. het steeds toegeneem. Van 1917 tot 1926 was die vader van die volkspele in Suid-Afrika, dr. Pellissier, prinsipaal van die hoërskool op Ficksburg, alwaar hy weer eens die Sweedse spele en Afrikaanse volkspele aan die leerlinge geleer het. Dit was veral tydens die jaarlikse skoolpiekniek by Imperani[6] - 'n regeringsplantasie ongeveer twee myl buite die dorp - waar die volkspele baie aftrek gekry het.

## 1.4 Verdere pogings tot georganiseerde spel

Vir die volgende 20 jaar is daar weinig vordering op die gebied van die volkspele gemaak. Sommige van diegene wat met die Sweedse spele, wat te Boshof en Ficksburg gedemonstreer is, bekend was en entoesiasties oor die saak gevoel het, het dit aan andere oorgedra tydens piekniekś en volksfeeste; die omvang was egter baie beperk. Soos in die verlede, is die genoemde piekniekspele nog steeds op pieknieks en ander gesellige byeenkomste gespeel. Tydens hierdie byeenkomste was die Engelse spele soos Jolly Miller, Early Rose, There's a girl in the garden ... en andere tesame met Boompie-verplant, Derdemannetjie, ensomeer, nog steeds baie gewild. Hierdie spele was in alle provinsies van die land bekend en is min of meer op dieselfde wyse uitgevoer, nieteenstaande dit nooit te boek gestel is nie. Die uitvoerings was spontaan

46/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

en nêrens, behalwe in 'n mate in die Vrystaat, is dit op georganiseerde wyse aangebied nie.

## 1.5 Eerste poging tot georganiseerde afrigting van volkspele

In Desember 1926 word dr. Pellissier as Direkteur van Onderwys van die Oranje-Vrystaat aangestel en van toe af het volkspele die aandag van die breër onderwyskorps geniet. Mej. Anna Köhler, instruktrise in liggaamlike opvoeding aan die Bloemfonteinse Onderwyskollege, word in dieselfde jaar gevra om volkspele as vak vir die onderwysersdiploma aan te bied. Op hierdie wyse kon die afgestudeerde leerkragte wye publisiteit gee aan volkspele in die Oranje-Vrystaat. Waar hierdie afgestudeerde onderwysers ookal gegaan het, is volkspele in die skole aangebied.

Om hulle beter vir die taak toe te rus, word mej. Köhler en 'n kollega van haar, mej. Machteld Coetzee (nou mev. du Plessis), deur die Vrystaatse Onderwysdepartement na die Skandinawiese lande gestuur om daar 'n deeglike studie van volksdanse te maak. Met hulle terugkeer in 1940 word 'n groot Lenteskool in Bloemfontein georganiseer, waar volwassenes vir die eerste keer op groot skaal volkspele beoefen het.

### 1.5.1 Eerste Volkspelekursus

Volkspele moes egter nie slegs aan die skoolgaande jeug geleer word nie, maar om ook die jongmense wat reeds die skool verlaat te betrek, is dit in die programme van Lenteskole ingesluit. Op die tweede Lenteskool in 1937 te Smithfield (die eerste Lenteskool is op Bethlehem gehou) is volkspele vir die eerste keer as deel van die program ingesluit en is sewe spele

47/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

afgerol en aan die spelers gegee. Mej. Köhler het persoonlik as leidster tydens die Lenteskole in 1938 te Harrismith en Dewetsdorp opgetree, terwyl 'n Bloemfonteinse sangonderwyser, mnr. Casaleggio, vir die sangafrigting en begeleiding verantwoordelik was.

Tydens die Bloemfonteinse kursus (1940), waar die bekende opvoedkundige, sanger en komponis - Stephen Eyssen - die sang gelei het, is die woorde, musiek en beskrywings van 17 volkspele, insluitende die Sweedse volkspele, in afgerolde vorm aan die spelers teen 'n sjieling (ongeveer 10 sent) verkoop. Hierdie volkspele is later saam met 16 ander gebundel en as eerste volkspelehandleiding deur die Reddingsdaadbond uitgegee. Die persone wat hierdie kursus bygewoon het, was uit alle beroepe en professies: predikante, onderwysers, professore, prokureurs, staatsamptenare, tiksters, klerke, ensomeer. Die kursusgangers het na hulle tuisdorpe teruggekeer, begeesterd en vervul met entoesiasme om volkspele uit te dra na die verste uithoeke van die land.

## 1.6 Die Simboliese Ossewatrek

Die groot oplewing kom eintlik in 1938 met die Simboliese Ossewatrek. Hierdie Trek het die Afrikaner uit sy sluimerslaap wakkergeskud en hom weer eens tot die besef gebring dat hy deel is van 'n volk met 'n eie kultuur. Na die insinking op kultuurgebied na die eerste wêreldoorlog en die depressie in die vroeë dertigerjare, wat 'n armblankedom tot gevolg gehad het, moes die Afrikaner, soos na die Engelse Oorlog (1899 - 1902), weer opnuut tot die besef van eie waarde gebring word. Die Trek het 'n groot opbloei op kultuurgebied tot gevolg gehad en die volkseie is opnuut na vore gebring

48/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

en in ere herstel. Waar die waens ookal beweeg het, is hulle met ongekende entoesiasme begroet. Duisende, geklee in tradisionele Voortrekkerdrag, het na die waens gestroom om saans om die kampvure mee te doen aan die sing van byna vergete volksliedjies, die speel van bekende piekniekspele en die maak van egte Boeremusiek. Die klimaat was reg vir 'n grootskaalse oplewing van die Afrikaanse volkskultuur.

Juis in hierdie jaar is besef dat geen volk aan kultuur kan dink as hy in 'n verarmde toestand moes leef nie. Red die volk eers ekonomies en dan kultureel. Vader Kestell tree na vore soos 'n Moses van ouds om sy volk na 'n beter land te lei - in 1941 stig hy die Reddingsdaadbond in die Oranje-Koffiehuis te Bloemfontein, met as hoofdoel die ekonomiese opheffing van die Afrikaner.[7]

Na enkele jare, geïnspireer deur die Ossewatrek en met behulp van die Reddingsdaadbond, het die Afrikanervolk homself gerehabiliteer. Die tyd was nou ook ryp om die jong Afrikanerseun en -dogter kultuurbewus te maak.

## 1.7 Eerste Lenteskool

'n Uiters suksesvolle Lenteskool is in 1940 te Bloemfontein gehou, waarna dr. Pellissier besluit het om 'n memorandum aan die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) te stuur waarin versoek word om volkspele onder Uniale bestuur te plaas. Hierdie versoek het nie op dowe ore geval nie - die Reddingsdaadbond (RDB) het onmiddellik besluit om volkspele onder sy beskerming te neem en landswyd te propageer.[8]

Die direkte gevolg hiervan was dat die eerste Uniale Komitee vir Volksang en Volkspele in 1941 onder beskerming van die

49/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

RDB tot stand gekom het.[9] Hierdie stap sou verhoed dat die belangstelling net so vinnig verflou as wat dit opgevlam het en ook sou dit voorkom dat die volkspele in drank- en losbandige vrypartytjies ontaard[10] en dat die uitvoering daarvan by gebrek aan behoorlike leiding koersloos sou word en in gewone danspartye ontaard. Hierdie daad was ook 'n reddingsdaad ten opsigte van die jongmense wat afsydig geword het van hulle eie geestesgoedere en maar te gretig was om die vreemde na te volg en aan te hang. Op dié wyse is duisende jongmense weer vir hulle volk teruggewin.

Om die goedgesindheid van die Kerk te bekom, het mev. Pellissier in 1940 tydens die sitting van die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Oranje-Vrystaat in Bloemfontein, 'n groot volkspelevertoning op die spoorwegterrein georganiseer. Die hele Sinode is uitgenooi en gemeentevrouens is gevra om verversings te verskaf. Tydens die spele is kommentaar deur mnr. A.E. Viljoen, Prinsipaal van die Hoërskool Sentraal, Bloemfontein, gelewer.

Na afloop van die spele is die Andries Pretorius Wawielmars, soos in die eerste amptelike Volkspelehandleiding beskryf en deur mev. Pellissier ontwerp, uitgevoer. Die Sinode was so beïndruk met wat hulle gesien het, dat hulle onmiddellik hulle volle steun aan die Volkspelebeweging toegesê het.[x] Terwyl die wiel van volkspelers gedraai het, het mev. Viljoen die woorde van Andries Pretorius aan Sir Harry Smith oor die luidsprekers uitbasuin: "Daar is 'n wiel wat draai in Suid-Afrika - nog u, nog ek kan dit keer!"

## 2. Periode van 1941 tot 1971

### 2.1 Eerste vergadering van die Uniale Komitee

Die eerste amptelike vergadering van die pas gestigte

50/...

---

[x]Persoonlike mededeling deur mev. Pellissier.

Foto: Andries Pretorius-wawiel - Volkspelekursus, Heidelberg (Transvaal), April 1941.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Uniale Komitee het op 1 Maart 1941 om 10.25 vm. in die Eendragsaal, Braamfontein, Johannesburg met die volgende aanwesiges plaasgevind:

Dr. S.H. Pellissier, voorsitter

Adv. J.F. Marais (later Regter en nou Volksraadslid), sekretaris

Dr. N. Diedericks (verteenwoordiger van die RDB) (Tans Staatspresident)

Dr. S.P. van der Walt (tans emeritus-professor) verteenwoordiger van Transvaal

Mnr. Stephen Eyssen, verteenwoordiger van Transvaal

Ds. J. Conradie, verteenwoordiger van Kaapland

Mnr. J.J. Boshoff, verteenwoordiger van Natal

Mej. A.M. Köhler, adviserende lid (verteenwoordiger van die Vrystaat)

Ds. J.G.M. Dreyer, (verteenwoordiger van Transvaal)

Dr. W.J.B. Pienaar, (verteenwoordiger van Kaapland)[11] wat ook uitgenooi was, kon weens onvermydelike omstandighede die vergadering nie bywoon nie.

Die sekretaris, advokaat J.F. Marais, is kort na hierdie byeenkoms geïnterneer en moes die notule in 'n sel in die Marshallplein-gevangenis skryf.[12]

Baie interessant en belangrik is die feit dat al drie die Afrikaanse kerke in hierdie komitee verteenwoordig was. Dr. Pellissier het vas geglo dat die goedgesindheid van die kerke verkry en behou moes word. Op hierdie eerste vergadering is onder andere besluit om die RDB te versoek om 'n spesiale uniale fonds te skep en te beheer vir die bevordering van volkspele en die dekking van die koste van die Uniale Volkspelebeweging. Ook is besluit om by kursusse inskrywingsgeld van 10/- (R1) te hef om administratiewe koste te dek. Enige winste met kursusse gemaak, moes in die kas van die

51/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

provinsiale komitee in wie se gebied die kursus gehou is, gestort word. Die provinsiale komitee sou weer 50% van alle inkomste aan die Uniale Raad oorbetaal.[13]

2.2 Provinsiale Komitees

As gevolg van die uitgestrektheid van die land is besluit om onmiddellik provinsiale komitees in te stel. So 'n instelling sou sorg dat die volkspele deur die hele land gepropageer en behoorlik georganiseer word.

2.2.1 Kaapland

Aanvanklik is besluit om die Kaapprovinsie, as gevolg van sy uitgestrektheid, in twee provinsiale gebiede te verdeel, naamlik Oos- en Wes-Kaapland. Ongelukkig het groot probleme in Port Elizabeth en omgewing opgeduik. 'n Afrikaanse Kultuur organisasie, by name die Boeresportbond het volkspele in genoemde gebied onder sy beskerming geneem en alle laers het by hierdie liggaam geafillieer. Ten einde te voorkom dat die jong Beweging verdeeld raak, is na lang onderhandelings besluit om Port Elizabeth en omgewing as 'n afsonderlike provinsiale gebied te beskou.[14]

Die drie gebiede het in die stadium soos volg daar uitgesien:
Wes-Kaapland: Setel Kaapstad, insluitende Kaapland wes van die lyn oor De Aar, Beaufort-Wes, Oudtshoorn en Knysna;
Oos-Kaapland: Setel Cradock, insluitende die noord-oostelike gedeelte van Kaapland;
Suidoos-Kaapland: Setel Port Elizabeth, insluitende die suidoostelike dele van die Kaap.[15]

52/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Dit was baie duidelik dat hierdie verdeling baie vaag was en in die nabye toekoms weer verander sou moes word.

2.2.2 Wes-Kaapland

Hierdie groep het besluit dat sy komitee uit vyf persone sou bestaan, soos volg saamgestel: twee persone uit elk van Kaapstad en Stellenbosch en een uit die Paarl.

2.2.3 Oos-Kaapland

Vroeg in 1940, voordat daar nog 'n kursus in Bloemfontein gehou is, is in Port Elizabeth 'n volkspelekomitee deur die Afrikanerkring en die Kultuurraad aldaar, onder voorsitterskap van mnr. O. du Plessis in die lewe geroep. Die stad en omgewing is georganiseer. Omdat daar destyds nog geen uniale liggaam bestaan het waarby die komitee kon inskakel nie, is besluit om dit voorlopig onder beskerming van die Boeresportbond van Oos-Kaapland te plaas.[16]

Aanvanklik het mnr. Johan Hattingh as voorsitter van die volkspelekomitee opgetree.[17] Later is die laers onder die volkspelekomitee van Oos-Kaapland georganiseer met die volgende komitee:
Mnr. Pierre Fourie - voorsitter (Middellande)
Mnr. O. Rode - ondervoorsitter (Kusstreek)
Mnr. J.C. Pretorius - sekretaris (Suidwestelike distrikte)
Addisionele lede:
Mnr. D. Postma (Noord-Karoo)
Mnr. C. Schabort (Noordoos-Kaapland)
Mnr. R.A. Jansen (Sentraal-Grens)
Mnr. J. Hattingh (Port Elizabeth en wyke)
Mnr. J. Pretorius (Suid-Grens)[18]

53/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

2.2.4 Oranje-Vrystaat

Die Oranje-Vrystaat is as een gebied aanvaar, maar omdat die gebied heelwat kleiner is as sommige van die ander, is besluit om diё gedeelte wes van die Oranjerivier, wat eintlik deel uitmaak van Kaapland, by hierdie provinsie te voeg. Omdat daar reeds 'n lenteskoolbestuur in diё provinsie bestaan het, is besluit om hierdie komitee as provinsiale komitee te benoem.[19] Dr. M.O'Grady van die Hoërskool Diamantveld is as addisionele lid benoem.

2.2.5 Natal

Die eerste komitee wat die provinsie Natal, wat as 'n eenheid aanvaar is, sou verteenwoordig, het bestaan uit:

J.J. Boshoff - voorsitter

P. van der Vyver (Prinsipaal, Staatskool, Wentworth) - ondervoorsitter

J.H. Kay (Glencoe) - Sekretaris

Addisionele lede:

Ds. J. Steyl (Weenen)

Mej. Leonie Nel (Voortrekker-Hoërskool, Pietermaritzburg)[20]

2.2.6 Transvaal

Soos in die geval van die vorige twee provinsies, is Transvaal nie onderverdeel nie, maar as 'n eenheid behou met die volgende persone as lede van die provinsiale komitee:

Dr. S.P. van der Walt (later professor en hoof van die Teologiese Skool, Potchefstroom) - Voorsitter

Addisionele lede:

Ds. J.G.M. Dreyer (Hervormde Kerk, Potchefstroom)

54/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Mnr. P.W. de Waal (SAUK, Johannesburg)
Mnr. S.H. Eyssen (Hoof - Hoër Volkskool, Heidelberg)
Mev. Anna Neethling-Pohl (Pretoria)
Mnr. J. Vorster (Universiteit van Pretoria, tans Stedelike Skakelbeampte, Stadsraad, Pretoria).[21]

In hierdie stadium was daar nog geen komitee vir Suidwes-Afrika en Rhodesië benoem nie, maar daar is aanbeveel dat volkspele ook in hierdie dele gepropageer moes word en dat daar so gou doenlik komitees benoem moes word. Talle Afrikaners bevind hulle in hierdie dele en daarom is dit noodsaaklik dat hulle in hierdie kultuurvorm sal deel.

In meeste van die groter dorpe en stede in die Republiek was takke van die Reddingsdaadbond en hulle besture moes toesien dat onderkomitees vir volkspele, wat as laerkomitees bekend sou staan, ingestel word.[22]

## 2.3 Verdeelde beheer

In verskeie provinsies, soos byvoorbeeld Oos-Kaapland en Griekewaland-Wes, het organisasies bekend as Boeresportbonde bestaan wat daarop aangedring het dat volkspele onder hulle jurisdiksie moes bly. Die situasie het verskeie probleme as gevolg gehad - so kon volkspele en sport byvoorbeeld moeilik onder dieselfde beheer staan. In sekere gevalle is hierdie sportbonde verteenwoordiging in die provinsiale komitees aangebied, maar hulle wou dit nie aanvaar nie. In Natal het die Saamwerkunie bestaan wat gemeen het dat hulle volkspele moes beheer. Gelukkig is hierdie probleme deur samesprekings uitgeskakel en kon die beweging in al hierdie provinsies bloei.[23]

55/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die organisasie, soos hier uiteengesit, kom dus daarop neer dat elke Reddingsdaadbondtak 'n onderkomitee vir volkspele benoem. Hierdie komitee was deur die plaaslike takorganiseerder aan die provinsiale komitee verantwoordelik, laasgenoemde aan die Uniale Komitee en hulle weer op hulle beurt aan die Uitvoerende Raad van die Reddingsdaadbond.[24]

## 2.4 Konstitusie vir Provinsiale/Gewestelike Komitees

Daar is allerweë, as gevolg van klagtes betreffende organisasie, interpretasie van spele ens. 'n aktuele behoefte aan doeltreffende organisasie op uniale, provinsiale en plaaslike vlak gevoel. Dit was noodsaaklik om uniformiteit in verband met die organisasie as geheel en binne die provinsiale gebiede sover moontlik te bewerkstellig. Daar was 'n sterk behoefte aan 'n weldeurdagte konstitusie en huishoudelike reglemente vir laers. 'n Komitee is in Bloemfontein saamgestel om so 'n konsep-konstitusie, waarin voorsiening gemaak moes word vir die Uniale organisasie, provinsiale komitees, wyksbonde en laers, te formuleer.[25]

Hierdie konstitusie[26] wat die rigsnoer vir die provinsiale komitee was, het onder andere die volgende baie duidelik gestel:

III    Grondslag "... berus op Protestants-Christelike grondslag soos beliggaam in ons Afrikaans-nasionale volksgeskiedenis".

V    Doel en strewe

(a) "Die beoefening, popularisering en standaardisering van volksang en volkspele - soos goedgekeur deur die Uniale Komitee - op georganiseerde grondslag binne die gebied onder beheer van die Komitee".

(b) Die verryking en uitbouing van ons Afrikaanse volkskultuur op bogenoemde grondslag.

VIII    (b) Laers - een of meer in elke dorp of kultuursentrum, liefs een vir juniors en een vir seniors.

56/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(c) Wyksbonde - die gebied van beheer en organisasie word vir organisasiedoeleindes verdeel in verskillende wyksbonde onder beheer van 'n wyksbondkomitee. Groepe van minstens vyf en hoogstens twaalf geaffilieerde laers vorm 'n wyksbond, terwyl die provinsiale komitee die reg voorbehou om in uitsonderlike gevalle met goedkeuring van die Uniale Komitee, die maksimum hoër of die minimum laer te stel".

Die wyksbond sal bestaan uit een verteenwoordiger van elk van die senior laers wat op sy beurt weer een verteenwoordiger op die provinsiale komitee sal benoem.

Die verskeie provinsiale Volkspelekomitees het elk hulle eie konstitusie opgestel gebaseer op bogenoemde en onderworpe aan die goedkeuring van die Uniale Volkspelekomitee. Die Wes-Kaaplandse Volkspelekomitee toon hoe daar gepoog is om verteenwoordigende komitees daar te stel om te help om sy ideale te verwesenlik. Hierdie provinsiale komitee het uit 15 lede bestaan - onder andere is elk van die volgende instansies deur een persoon verteenwoordig: Die RDB-tak van Kaapstad, die Kaapstadse Skakelkomitee en die Kaapse Onderwysdepartement. Verder was daar 'n verteenwoordiger van elke wyksbond en een verteenwoordiger deur die Uniale Komitee benoem.

Die wyksbonde van die Wes-Kaaplandse Komitee het toentertyd uit die volgende laers bestaan:

1. Kaapstad - sentraal plus alle voorstede insluitende Bellville en Durbanville

57/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

2. Stellenbosch - dorpslaers, studentelaers, Somerset-Wes, Strand, Gordonsbaai, Sir Lowry's Pass
3. Paarl - Onderwyskollege, dorpslaers, Franschhoek, Wellington
4. Swartland - Malmesbury, Darling, Riebeeck, Porterville, Moorreesburg, Piketberg, Hopefield
5. Noordwes-Kaap - Citrusdal, Clanwilliam, Van Rhynsdorp, Nieuwoudtville, Springbok
6. Wes-Karoo - Calvinia, Williston, Fraserburg, Carnarvon, Sutherland, Victoria-Wes
7. Klein-Karoo - Prins Albert, Calitzdorp, Ladysmith, Laiingsburg, Vanrhynsdorp
8. Suidwes-Kaap - Swellendam, Heidelberg, Riversdal, Albertinia, Mosselbaai, Groot-Klein-Brak, George
9. Suid-Kaap - Grabouw, Stanford, Hermanus, Botrivier, Napier, Gansbaai, Bredasdorp, Villiersdorp, Caledon
10. Hekswyk - Ceres, Tulbagh, De Doorns, Worcester, Robertson, Montagu, Rawsonville, Bonnievale.[27]

## 2.5 Huishoudelike Reglemente en Reëls vir Volkspelelaers

Hierdie reglemente word in Maart 1952 voorgelê. Dit is belangrik om op die volgende te let:

Par. 11 Doel: Die laer stel hom ten doel:

(a) die aanleer, beoefening en bevordering van Afrikaanse volkspele en sang en die opwekking van belangstelling daarin by die volk;

58/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(b) 'n gesellige, volksgesonde onderlinge verkeer tussen Afrikaners;

(c) die handhawing van die Afrikaanse volksgodsdiens, tradisies, sedes en taal.

Par. III <u>Middele</u>: die hou van volksangaande, volkspele-demonstrasies, ens.

Par. IV <u>Organisasie en Beheer</u>:

(a) Elke laer kies sy eie selfverantwoordelike bestuur (of 'n komitee word benoem deur die RDB-bestuur), met sy organiseerder en/of afrigters in sang en volkspele.

(b) Die laer staan onder beheer van die Bestuur of Komitee en die leiers (afrigters) en organiseerder is direk verantwoording verskuldig aan die Bestuur en moet gereeld verslag doen.

(c) Die Bestuur bestaan uit 'n voorsitter, sekretaris, penningmeester en drie of meer lede, tesame met die organiseerder.

(d) Die Bestuur hou streng toesig oor die beoefening van volkspele en waak teen ontaarding (aanbeveling: Die bestuur behoort saamgestel te wees uit verteenwoordigers van die RDB, Hollandse kerke e.a. plaaslike kultuurliggame).

Par. V <u>Lidmaatskap</u>:

(a) Elke goedgekeurde Afrikaner wat daarna strewe om die doel wat die laer hom stel na te strewe en uit te leef, mag lid word van die laer.

Par. VIII <u>Algemene Reëls</u>:

(a) Alle amptelike byeenkomste moet in die voorgeskrewe drag geskied;

59/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(b) sterk drank is by byeenkomste heeltemal verbode;
(c) waar volkspele gespeel word, mag nie gelyktydig gedans word nie;
(d) gelakte naels en geverfde lippe pas nie by volkspele nie.[28]

Die reglemente en reëls, soos hierbo kortliks uiteengesit, was die basis vir alle laers. Hier en daar was verskille te bespeur, maar basies was dit dieselfde. Reëls soos dié onder algemeen, is telkens deur die Uniale Komitee sterk beklemtoon. Sedert die vroegste jare van sy wordingsgeskiedenis het die jong Afrikaner getoon dat hy 'n groot liefhebber van dans is. Die neiging om dans met volkspele te meng, het oral voorgekom en gedurig moes wal gegooi word.

Intussen het die geesdrif vir volkspele in Rhodesië en Suidwes-Afrika so toegeneem dat daar in die jare 1943 en 1945 onderskeidelik in die twee provinsies Volkspelekomitees in die lewe geroep is. Soos al die ander provinsiale Volkspelekomitees, het ook hulle by die Uniale Raad geaffilieer.

Tydens die jaarlikse vergadering van die Uniale Volkspelekomitee in 1943 is besluit om die naam te verander na Uniale Raad vir Volksang en Volkspele.[29] Die hele organisasie het so geweldig uitgebrei dat dit nie meer paslik was om van 'n komitee te praat nie. Tweedens het volksang so 'n integrerende deel van alle volkspeleprogramme uitgemaak dat besluit is om volksang by die naam te voeg.

## 2.6 Probleme met politieke organisasies

Volkspele het soos 'n veldbrand versprei, maar gepaard hiermee het ook verskeie probleme na vore getree. Omdat

60/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

volkspele so 'n geweldige aantrekkingskrag geword het, is dit dikwels misbruik om fondse vir allerlei doeleindes in te samel. Die grootste gevaar was waarskynlik die misbruik wat politieke organisasies daarvan gemaak het. Almal wat fondse wou insamel, het as hoofaantrekkingskrag 'n volkspelevertoning gereël.

As gevolg van die dikwelse uitbuiting van volkspele vir politieke gewin, het daar 'n verslapping in die organisasie ingetree en wel in so 'n mate dat die Voorsitter, dr. Pellissier, in sy openingsrede by die Uniale Raad se vergadering in 1948 te Bloemfontein[30] sy teleurstelling moes uitspreek oor die verslapping wat ingetree het ten opsigte van die beheer oor volkspele en die gevaarlike toestand wat moontlik kan ontstaan. Die bestaande beheer moes uitgebrei word om die gevaar die hoof te bied. In Transvaal was dit veral die Jeugbondorganisasie wat volkspelelaers gestig het wat onder hulle jurisdiksie opgetree het. Dr. Pellissier (voorsitter), ds. Jac Conradie (voorsitter van die RDB) en prof. J. van Rooy (voorsitter van die FAK), is tydens die vergadering afgevaardig om met die hoofbestuur van die Nasionale Party oor dié saak te onderhandel.[31]

## 2.7 Nasionale Studenteraad

Vanaf die begin van die periode van georganiseerde spele in 1940 het studente aan inrigtings vir hoër onderwys 'n baie belangrike rol gespeel. Aan feitlik alle Afrikaanse universiteite en opleidingskolleges het volkspelelaers bestaan. Diegene wat met studente vertroud is, weet dat hulle 'n eiesoortige groep is - dit het duidelik geblyk met die inskakeling van die studentelaers by die Beweging. Om voorsiening te maak vir die behoud van 'n eie identiteit binne die outonomie van die beweging, is die Nasionale

61/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Studenteraad in die lewe geroep. Slegs 'n beweging deur die studente self in die lewe geroep, kan die volkspele en volksang doeltreffend en met doelgerigtheid in eie geledere bevorder.

Die Statute van die Volkspelebeweging is noodwendig ook die statute van die Nasionale Studenteraad. Dit beteken dat:

(a) die Studenteraad deel is van die Volkspeleraad vir Volksang en Volkspele;

(b) hulle die beginsels onderskryf dat die Beweging op Protestants-Christelike grondslag berus;

(c) ook die doelstellings, middele tot verwesenliking van die doelstellings, lidmaatskapsvereistes, ens. aanvaar.[32]

Volgens die Statute van die Raad sal die Studenteraad laers mag stig en ook 'n verteenwoordiger in die Nasionale Raad benoem. In die konstitusie van die Studenteraad word weer voorsiening gemaak dat die Studenteraad die leiding en gesag van die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele in alle sake rakende die beleid sal erken (Artikel III). Slegs geregistreerde volkspelers wat lede is van Studentelaers wat by die Nasionale Raad geaffilieer is, mag in die Nasionale Studenteraad dien (Art. VI (b)).[33]

Hierdie Studenteraad beklee dus eintlik dieselfde plek in die nasionale organisasie as die Streekkomitees. Deur so 'n liggaam in die lewe te roep, is aan studente die geleentheid gebied om aan volksang en volkspele mee te doen om so die liefde vir die volkseie aan te moedig en om hulle vrye tyd konstruktief te gebruik. Die student van vandag is die kultuurleier van môre en daarom moet hy reeds tydens sy studentejare die geleentheid gebied word om met hierdie kultuurvorm kennis te maak en hom as kultuurmens uit te lewe.

62/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 2.8 Statute van die Volkspelebeweging

Op 'n vergadering van die Uniale Raad in 1955[34] is die eerste Statute in konsepvorm voorgelê en bespreek. Die sekretaris - mnr. H.J. Moolman - wys daarop dat die voorgelegde statute wysigings sal moet ondergaan indien daar besluit word om die Volkspelebeweging ingevolge artikel 21 van die Maatskappywet te registreer. Die Uniale Raad het besluit om die Statute as basis te aanvaar en die Dagbestuur versoek om die nodige stappe te doen om die Volkspelebeweging as maatskappy te registreer.

Die Statute kan kortliks soos volg saamgevat word:

2.8.1 Naam van die Beweging

Die Afrikaanse Volksang- en Volkspelebeweging.

2.8.2 Grondslag

Die Beweging berus op Christelike grondslag soos beliggaam in die Afrikaanse-Nasionale volksgeskiedenis.

2.8.3 Doelstelling

"Die beoefening, propagering, ontwikkeling en standaardisering van Afrikaanse volksang en volkspele op georganiseerde grondslag, met behoorlike inagneming van die sedes, tradisies en die algemene kulturele strewe van die Afrikanervolk en die hou van die nodige toesig hieroor. Die verryking en uitbouing van die Afrikaanse volkskultuur soos dit in sy verskillende vorms vergestalt word. Om te waak teen die kommersialisering van volksang en volkspele".[35]

In hierdie stadium in die ontwikkeling van die Volkspelebeweging was dit noodsaaklik om opnuut te besin oor die doelstelling. Die vraag het reeds by menige deelnemer en belangstellende ontstaan of die volkspele nie maar net nog 'n kulturele organisasie is wat in die lewe geroep is om 'n skielike

63/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

bloeityd te beleef en dan óf tot niet te gaan óf 'n kwynende bestaan te voer nie. Die afname in belangstelling na die eerste oorsese toer het kommer gewek. Baie spelers wat ontevrede was met die wyse van keuring, het hulle lidmaatskap opgesê, terwyl ander wat teruggekeer het na die toer, besluit het dat hulle gekry het waarna hulle gestreef het en nou maar kan bedank. Persone wat hierdie sienswyse gehuldig het, was egter nog nooit ware volkspelers nie en hulle uittrede was dus geen verlies vir die Beweging nie.

Dit was egter noodsaaklik om die doelstellings weer opnuut duidelik te formuleer en klem te lê op die uitbouing, verdieping en uiteindelike bestendiging van die begrip "Afrikanerskap", dit wil sê 'n eiesoortige lewensopvatting en wêreldbeskouing.

Ook was dit belangrik om sterk standpunt in te neem teen kommersialisering en uitbuiting van die volkspele. Die aanslae is reeds gemaak. Gewetenlose persone en instansies het reeds pogings aangewend om volkspele vir eie gewin aan te wend. Volkspele was die trekpleister op enige program en deur volkspele aan die verkoopsartikel te koppel, is sukses verseker.

2.8.4 Middele om doelstelling te bereik

Die middele wat aangewend was, kan kortliks soos volg saamgevat word:

stigting van laers in alle gebiede
organisering van sang- en volkspelekursusse
organisering van Lenteskole
organisering van groot en klein saamtrekke
organisering van binne- en buitelandse toere

64/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

publikasie van volkspelehandleidings, volksang-
bundels en kleredraghandleidings
samewerking met die FAK en sy geaffilieerde liggame en die insameling van fondse om genoemde doelstellings te bereik.

Hierdie middele het geblyk 'n groot sukses te wees in die bereiking van die doelstellings. Skrywer staan egter skepties teenoor die wyse van fondsinsameling deur die stigting van maatskappye en verpligte verkoop van sekere artikels deur die volkspelers. In 'n stadium het dit werklik die indruk geskep van 'n grootskaalse smousery (besonderhede van die maatskappye word in 'n latere hoofstuk bespreek).

2.8.5 <u>Organisasie</u>

Die organisatoriese masjien sou bestaan uit die laer, wyksbond, provinsiale/gewestelike komitee, provinsiale/gewestelike kongres, Uniale Raad en Uniale kongres.

Vanuit 'n organisatoriese oogpunt gesien, was hierdie indeling ideaal en is daar ook groot sukses behaal. Deur hierdie indelingsmetode toe te pas, is die jongmense in al die provinsies asook Suidwes-Afrika en Rhodesië betrek. Elk van die provinsiale/gewestelike streekkomitees het een verteenwoordiger in die Uniale Raad gehad. So ook is die drie Afrikaanse kerke, die FAK en die Reddingsdaadbond elk deur een in die Raad verteenwoordig.

2.8.6 <u>Instelling van Komitees om doelstellings te verwesenlik</u>

Ten einde aan die doelstellings uitvoering te gee, is besluit om spesiale komitees aan te stel met die oog op die doelmatige uitbouing van die Beweging. Die eerste komitees wat aangestel is, het uit die volgende persone bestaan:

65/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Lenteskolekomitee

Dr. S.H. Pellissier (saamroeper), mnre. D.J. Vosloo (Bloemfontein), J.P. Kotzé (Kaapstad), W.J. van der Merwe (Middelburg, Kaapland), en C.J. Barnard (Pietermaritzburg).

Binnelandse toerekomitee

Mnr. B. Gericke (George) - saamroeper en mnr. en mev. W. Norval (Port Elizabeth).

Kursuskomitee

Mnr. J.G. Lubbe (Pokwani) saamroeper, mnre. F. Schreiber (Durban), S. van der Merwe (Klerksdorp), C.O. Theron (Stellenbosch) en mev. M. Vosloo (Bloemfontein).

Nuwespelekomitee

Mnr. M. Casaleggio (Bloemfontein) saamroeper, mev. C. de Ridder (Pretoria), mev. E. Dekker (Bloemfontein), mev. M. Vosloo (Bloemfontein) en mnr. B. Gericke (George).

Filmbiblioteek en argiefkomitee

Mnr. J.V. Coetzee (Potchefstroom) saamroeper, mnr. C. Marais (Newcastle) en mnr. W.J. Norval (Port Elizabeth).

Sangbundelkomitee

Mev. E. Dekker (Bloemfontein) saamroepster,

66/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

mnre. J.F. Jooste (Johannesburg), B. Gericke (George), M. Casaleggio (Bloemfontein) en J. Proudfoot (Bloemfontein).

Jeugherberge- en reisgeriewekomitee

Hierdie komitee sou uit persone van verskillende volksorganisasies saamgestel word. Die persone op wie by die eerste vergadering besluit is, was mnr. A.B. Cloete, dr. P.J. Meyer, mnr. Hattingh en mnr. G.L.H. van Niekerk.[36]

Hierdie komitees het hulle eerste verslae tydens die vergadering van die Uniale Raad op 27, 28 en 29 Junie 1957 te Bloemfontein voorgelê.

Die gedagte om aan soveel provinsies/gewestelike streke as moontlik verteenwoordiging in alle volkspele-aangeleenthede te gee, blyk weer duidelik uit die samestelling van die komitees. Hierdie gedagte is 'n lofwaardige poging om diskriminasie te voorkom, maar dit is 'n onweerlegbare feit dat hierdie komitees lomp was - lomp in soverre dat dit as gevolg van afstande en finansiële implikasies onmoontlik was om gereeld te vergader. Behalwe in enkele dringende gevalle het die komitees hoogstens eenkeer per jaar - tydens die sitting van die Uniale Raad - vergader. So 'n opset het meegebring dat die meeste sake deur middel van korrespondensie afgehandel moes word wat nie baie bevredigend en bevorderlik was nie.

Na die aanvaarding van die Statute deur die Raad, is besluit om die saak voor die Registrateur van

67/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Maatskappye te lê. Die Registrateur[37] van Maatskappye wou die registrasie egter nie aanvaar nie omdat daar reeds twee maatskappye onder die naam 'volkspele' geregistreer was, naamlik Volkspele-ondernemings Beperk en Volkspelebeleggings Eiendoms Beperk.

In 1963 was die saak nog nie afgehandel nie en het die Dagbestuur voorgestel dat die naam van Die Afrikaanse Volksang en Volkspelebeweging na dié Nasionale Raad vir Afrikaanse Folklore verander word. Deur aanvaarding van hierdie naam sou dit 'n breër spektrum van volksmusiek, volkspele, volksverhale, ens. insluit. Die Uniale Raad het egter op die naam 'Die Koördinerende Raad vir Afrikaanse Folklore' besluit.[38]

## 3. Kulturele taak van die Volkspelebeweging

Beklemtoning van die goot kulturele taak van die Volkspelebeweging bring mee dat besluit word om meer aandag aan die kulturele skoling van die naskoolse jeug te gee. Aan diegene wat nie tot die spel en lied aangetrokke voel nie, moes iets anders gegee word wat beide opbouend en verrykend is. So iets sou vir die laers nuwe ontspannings- en diensmoontlikhede open. Om dié rede is daar 'n beroep op laers gedoen om as bykomstige taak te sien die reël van debatsaande, sangaande, leeskringe, musiekaande, filmaande, opwekking van belangstelling in opera, uitstappies na geskiedkundige plekke, aanmoediging om van vrye biblioteekdienste gebruik te maak, ondersteuning van Afrikaanse toneelopvoerings, ens.[39]

Die Nasionale Raad het die kulturele taak dan ook in so 'n ernstige lig gesien dat dit in 'n stadium die indruk geskep het dat die Beweging alle kultuuruitinge of - vorms as sy taak gesien het en

68/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

daaroor jurisdiksie moes voer. Die Raad het dan ook gesorg dat hy verteenwoordiging in 'n verskeidenheid van organisasies gekry het. Reeds in 1954 is besluit dat die beweging mev. Cecile de Ridder as hulle verteenwoordiger sou benoem in die pas gestigte Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Musiek.[40] Met die stigting van die Operavereniging in Johannesburg het die Uniale Raad weer eens 'n verteenwoordiger in die beheerraad benoem.[41] Maar toe dit duidelik word dat die Operavereniging nie 'n suiwer Afrikaanse, maar wel tweetalige vereniging sou wees, is die besluit gewysig om slegs vir 'n waarnemer voorsiening te maak.

Om by die Afrikaanse jeug 'n liefde vir sy volksverlede te wek, is byvoorbeeld ook gesorg dat sekere aktiwiteite baie pertinent onder die aandag van alle volkspelers gebring word. In 1955 toe die Trichardt- en Tapisseriefondse (laasgenoemde vir die Voortrekkermonument) in die lewe geroep is, het die Uniale Raad geen gras onder sy voete laat groei nie en onmiddellik die nodige aandag aan die saak gegee. Aanvanklik is besluit dat elke laer op eie inisiatief sou handel; later is egter besluit dat elke laer R10 moes bydra - hulle kon self besluit hoe die geld ingesamel sou word.[42]

So is daar ook in 1957 besluit om daadwerklik te help met die propagering en verkoop van die digbundel van G.A. Watermeyer - Die Republiek van Duisend Jaar.[43] 'n Paar jaar later kon 'n oproep vir die insameling van fondse vir die Danskraal-gelofte-monument. Weer eens het die volkspelers vol entoesiasme aan die grootskaalse seëlverkope deelgeneem.[44] In 1963 neem lede van die Uniale Raad self die inisiatief en onderneem om elk 25 replikas van die Vryheidsmonument te Vereeniging teen 'n bedrag van R25 stuk te verkoop.[45] Op 'n volgende vergadering is besluit om ook 'n beroep op die volkspelers te doen om met die insameling van fondse behulpsaam te wees.

69/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

In 1970 is dr. Pellissier gevra om as hoofinsamelaar vir 'n fonds vir die restourasie van ons slagvelde op te tree. Met die goeie gesindheid en die doelstelling van die Volkspelebeweging in gedagte, het hy dan ook nie vir 'n oomblik geaarsel om die volkspelers by hierdie insameling te betrek nie. Die Nasionale Raad besluit dan ook dat die Volkspelebeweging verantwoordelik sou wees vir een van die bronswaens wat vir die herskepping van die laertoneel te Bloedrivier nodig was. Hiervoor was R10 000 nodig, wat dan ook deur die Beweging ingesamel is.[46] Hierdie enkele voorbeelde dien as bewys van die erns van die Beweging om te poog om sy doelstellings te bereik en die jeug nasionaal- (volks-) en kultuurbewus te maak.

## 4. Volkspele en die Kerk

Die Afrikaanse kerke het, soos dit ook die geval in die 17e eeu in baie Europese lande was, hulle nog altyd sterk uitgespreek teen alle vorme van dans. Om te voorkom dat hierdie antipatie ook teenoor die volkspele opgebou word, is die kerk vanaf die ontstaan van die Volkspelebeweging geken. Ten einde die verloop van die geskiedenis te begryp, is dit nodig om kortliks op die rol van die kerk te let.

### 4.1 Houding van die kerk teenoor dans en volksdanse in Europa

Hoe bekend klink die woorde

> ".. dat iedere pas of elke sprong niets meer of minder beteekende dan een schrede naar de hel."[47]

So ook word aan alle dansvorms die onheil, oorloë, misoeste, siektes, pestilensies, ens. toegeskryf. In die 17e eeu het groot probleme in Nederland tussen volk en kerk ontstaan as gevolg van dans. Die stryd was so hewig dat die kerk alle vorms van dans in die ban gedoen het behalwe in die geval van danse by huweliksfeeste.[48] So fel was die stryd egter

70/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

dat in 1771 daar 'n aksie teen 'n ouderling in Groningen ingestel is omdat hy op die bruilof van sy dogter 'n minuet gedans het, nieteenstaande die beloofde vergunning.[49]

Hierdie antipatie teenoor dans was egter nie tot Holland beperk nie, maar is ook in lande soos Duitsland en andere bemerk. Die geweldige teenkanting aan die kant van die kerk moet gesien word teen die agtergrond van die gesindheid van die Gereformeerde Kerk in Nederland jeens profaniteite soos dans en volksdans. In hierdie gebeure lê waarskynlik die antwoord opgesluit van die vraag waarom ons stamvaders uit veral Nederland en Duitsland feitlik geen of heel weinig volksdanse met hulle saamgebring het.

Die vraag ontstaan egter of dans, volksdans en ander vorms van dans deur die eeue beskou is as iets wat slegs onheil tot gevolg kan hê en die mens tot nadeel strek. Word die geskiedenisannale nageslaan, word gevind dat die mens selfs in sy primitiewe staat sy godsdiens juis in die dans uitgeleef het.

Shawn, 'n bekende navorser op die gebied van dans, sê onder andere die volgende:

> "There is no religion but that its essence and belief were originally far better expressed through the dance than could be done through words, and, historically, we find that the origin of the dance was largely in religion even when religion meant magic."[50]

4.2 <u>Bybelse danse</u>

Gedurende die Middeleeue het daar 'n valse asketisisme in mag toegeneem met die gevolg dat dans as sodanig uit die kerk verban is.[51]

71/...

Shawn bewys sy stelling verder deur na Psalms 149 vers 3 en 150 vers 4 te verwys:

"Laat hulle sy naam loof in koordans." (Psalm 149 vers 3)

"...loof hom met tamboeryn en koordans" (Psalm 150 vers 4)

Daar is talle verwysings na dans in die Bybel en nêrens word die dans as sodanig afgekeur nie. 'n Enkele verdere aanhaling bevestig hierdie stelling:

"Daarby het Dawid met alle mag gedans voor die aangesig van die Here...." (2 Samuel 6 vers 14)

"... en sien Koning Dawid huppel en dans voor die aangesig van die Here ..." (2 Samuel 6 vers 16).

Volgens die verklaring in die Bybel met verklarende aantekeninge, beteken dans hier letterlik in die rondte draai. Ons het dus hier met 'n vorm van 'n solodans te doen.

".. en al die vroue het agter haar aangegaan met tamboeryne in koordans." (Exodus 15 vers 20). Die Duitse vertaling lees in laasgenoemde geval - "im Reigen".

"En let op, en kyk as die dogters van Silo uittrek om hulle koordanse uit te voer .." (Richters 21 vers 21). In Duits lees dit: "Mit Reigen zum Tanz."

Hierdie en nog talle ander voorbeelde dui daarop dat die koordanse niks anders kon gewees het as juis dít wat ons vandag volksdanse en volkspele noem nie. Hulle het veral in rye gedans, wat vandag nog die grondpatroon van die Israeli-volksdanse is.

Tot in die 16e eeu word daar nog in Holland rei- en klapdanse in en om die kerk uitgevoer. Die bekende skilder van kerkinterieurs - Johannes Saenredam - het hierdie gebruik in 1596 vir Nederland verewig in 'n belangrike kopergravure.

72/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Op die agtergrond voer singende en springende mense 'n reidans uit voor 'n dorpskerk, terwyl op die voorgrond groepe mans en vrouens in feestelike stemming saam verkeer.[52] Hier het ons dus in beeld 'n getuienis van die verbondenheid tussen kerk en dans.

Desiderius Erasmus, die groot hervormer in Nederland, het hom egter so vroeg as 1521 teen dié gebruik uitgespreek. Ook in Duitsland, Frankryk en Spanje is daar duidelike bewyse van die uitvoering van danse, nie slegs om die kerk nie, maar wel in die kerk. In Spanje is die kerkdans tot vandag behou en in besonder word verwys na die "Los seisos".[53]

## 4.3 Houding van die Kerk teenoor volkspele in Suid-Afrika

Omdat die Kerk hom geheel en al van die dans gedistansieer het, het dr. Pellissier dit goed gevind om van die begin af van volkspele en nie volksdanse te praat. Indien die Kerk nie 'n positiewe houding teenoor hierdie nuwe vertakking van die Afrikaanse kultuur ingeneem het nie sou dit sekerlik nie die sukses behaal het wat dit wel behaal het nie.

Op die Algemene Sinodes van die Afrikaanse Kerke is reeds vroeg na die stigting van die Volkspelebeweging besin oor die houding wat die Kerk teenoor die Beweging moes inneem. Die Sinodale Kommissies van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Transvaal het op 24 April 1941 in Pretoria vergader alwaar 'n skrywe van 'n sekere ds. E.C. Anderssen insake volkspele behandel is. Nadat die saak deeglik bespreek is, het die Kommissie 'n eenparige besluit geneem. Die aanwesiges is bewus van die gevare wat volkspele vir die godsdienstige lewe van die volk kan wees en dat dit maklik die pad na die danssaal kan baan. Maar hulle was ook bewus van die Beweging se goeie bedoelings en dat dit onder

73/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

die regte leiding kon slaag. Om dié rede behoort alle gemeentes 'n daadwerklike belangstelling in die Beweging te toon en toe te sien dat dit onder behoorlike toesig staan. Die Beweging het reeds getoon dat nie slegs volkspele beoefen word nie, maar dat ook aan sang, musiek, ens. aandag gegee word. Terselfdertyd het die Sinodale Kommissie 'n ernstige beroep op alle leiers gedoen om toe te sien dat volkspele so beoefen word dat dit in die maatskaplike lewe van die volk tot heil en nut sal strek.[54]

Ds. Viljoen het daarop gewys dat die pas afgelope kursus in volkspele te Heidelberg, Transvaal, (1941) in 'n gees afgehandel is wat beslis die kerk se goedkeuring weggedra het. Verder verklaar hy "Volkspele kan die lus tot dans heeltemal wegneem, maar dan moet die kerke dit onder hulle beskerming neem."[55]

Die 27ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, in sitting byeen te Aliwal-Noord, Kaapland, op Donderdag 12 Maart 1942:

> "Wat behoort 'n Kerkraad se standpunt te wees teenoor lidmate wat aan die sogenaamde volkspele deelneem?"
> (ingestuur deur die Kerkraad van Sannieshof, Transvaal).

Die aanbeveling van die Kommissie belas met die aangeleentheid was dat die Sinode soos volg moet besluit:

> "Die eerwaarde Sinode verheug hom oor die goeie getuienis van verskillende kante oor die Afrikaanse volkspele en spreek dit as sy oortuiging uit dat solank Gereformeerde lidmate in alle eerbaarheid deelneem aan die volkspele, en solank die toesig oor die volkspele in die regte hande is, kan 'n Gereformeerde Kerkraad geen beswaar daarteen hê nie. Die Sinode moedig ons Kerkrade aan om plaaslike toesig te hou en mee te werk om die volkspele in Christelik-Nasionale bane te lei."

74/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Met die volgende amendement is die aanbeveling met 'n meerderheid stemme aanvaar: "Die Sinode laat toesig en oordeel in verband met volkspele aan die Kerkrade oor."[56] 'n Soortgelyke besluit is ook in 1944 te Pretoria deur die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk geneem.[57]

Die besluite van die Sinodes en oproepe tot die gemeentes het as gevolg gehad dat die welwillendheid van die meeste gemeentes in die land verkry is. Kerksale is tot die beskikking van die volkspelers gestel en jongmense is aangemoedig om hul by die Volkspelebeweging aan te sluit. In alle provinsies was daar egter predikante wat samewerking geweier het en hulle summier gedistansieer het.

Om egter van samewerking verseker te wees, word daar gedurig by herhaling beklemtoon dat by volkspelebyeenkomste onder geen omstandighede gedans mag word nie en dat spelers in die voorgeskrewe drag gekleed moet wees. Die wyse van spel word in die handleidings in detail beskryf om te voorkom dat ongeoorloofde speelwyses insluip. Op volkspeleleiers-kursusse word hierdie aspek wel deeglik onder die aandag van die leiers gebring.

## 4.4 Reaksies van Kerkrade

Die oproep op kerkraadslede gedoen om 'n ogie te hou, het beslis nie op dowe ore geval nie. By die nagaan van die algemene korrespondensie van die Volkspeleraad was dit verbasend om te sien hoeveel briewe van predikante en ouderlinge ontvang is oor ongerymdhede by volkspelebyeenkomste. By nadere ondersoek het dit egter geblyk dat die meeste klagtes heeltemal ongegrond was. Die beskuldigings het gedurig gegaan om die bybring van dans by die volkspele.

75/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

In die Kerkbode van 11 Augustus 1971[58] word vir die soveelste keer teen dans te velde getrek en aangedring op tugmaatreëls teen lidmate wat dans, terwyl daar weer eens 'n lansie vir die volkspele gebreek word. Die klem val ook weer eens op behoorlike toesig, die afwesigheid van sterk drank en 'n totaal andersoortige houding en verhouding tussen die twee geslagte.

In die persone van ouderlinge J.P. van den Berg van Oberholzer en Andries Bester van Lyttelton, het die Volkspelebeweging twee fanatiese teenstanders gehad. Eersgenoemde het 'n pamflet 'Is ons volk onder 'n oordeel?' laat druk (waarskynlik op eie koste) en wyd en syd versprei. Hy vergelyk die Israelitiese fees om die goue kalf wat Āaron van die oorringe en ander voorwerpe gemaak het, met die volkspelefees om die beeld van Sarel Cilliers, 3 400 jaar later, tydens die Dingaansfeesverrigtinge in Desember 1957 in die Amfiteater van die Voortrekkermonument, waaraan 900 volkspelers deelgeneem het.[59] Puntsgewys 'bewys' hy, met behulp van Bybeltekste, die sondigheid van volkspele.

<u>Voorbeeld</u>:

| | | |
|---|---|---|
| "1. | Israel: | Israel word gebied om nie gesnede beelde te maak nie. Exodus 20 vers 5. |
| | Ons: | Ons word verbied om volkspele te beoefen. 1 Korinthe 10 vers 7. |
| 2. | Israel: | Āaron roep 'n feesdag uit tot eer van die Here. Exodus 32 vers 5 |
| | Ons: | Ons gedenk 'n feesdag tot eer van die Here. Geloftedag 1957. |
| 4. | Israel: | Āaron het die begeertes van sy volk in ag geneem. Exodus 32 verse 1 tot 4. |
| | Ons: | Ons konsidereer volkspele vir ons volk. |
| 9. | Israel: | "En Moses het vir Āaron gesê: Wat het hierdie volk jou aangedoen dat jy so 'n groot sonde oor hulle gebring het?" Exodus 32 vers 21. |

76/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Ons: "Daar is 'n weg wat vir die mens reg lyk maar die einde daarvan is weë van die dood". Spreuke 16 vers 25. Vriend, was dit miskien met ons die geval toe die Sinode volkspele bespreek het en dit nie afgekeur het nie?" ens.

Die hele saak is so uit verband geruk en die siening van mnr. Van den Berg na my mening so naïef dat kommentaar oor die hele saak eintlik oorbodig is.

Mnr. Andries Bester vir wie dit in 'n stadium 'n obsessie geword het om die volkspele te alle tye aan te val, het ook 'n pamflet oor die volkspelebyeenkoms van 1957 die lig laat sien onder die titel: "Baälsfees: Voortrekkermonumnet: 1957". Na 'n behandeling van hoe Geloftedag gevier moet word by wyse van verwysings na verskeie kort aanhalings uit Geloftefeesredes deur persone soos Presidente Kruger en Steyn en ds. J.M. Louw,[60] kom hy by die tweede aspek, naamlik: "Volkspele strek nie tot eer van God nie."

Hier verdoem hy dan die woorde van volkspeleliedjies soos: "Siembamba, Mamma se kindjie, draai sy nek om gooi hom in die sloot, trap op sy kop dan is hy dood," want die Woord van God sê in Mattheus 18 verse 5 tot 6: "... maar elkeen wat hierdie kleintjies wat in my glo laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see."

Verder sê die Skrif: "Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie" (Exodus 20 vers 17), maar die volkspelers, waaronder ook getroudes is, sing: "Ek wil jou hê en ek sal jou kry". (dit kom voor in die liedjie 'Hier's ek weer'). Ook die volgende: "En ek wil, ek wil na die nooientjie gaan vry, want sy is so mooi en so liefies vir my." (uit die liedjie -

77/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

'My hartjie, my liefie'). En ook: "Jy, jy is my klein hartedief, jou jou het ek so lief." (Liefdesliedjie).

En dan sluit hy die betoog af met die vraag: "Wat word van die eerbaarheid van die liefde as Oom Kalie 'n stywe dop steek en sy vrou met die handsambok slaan?"[61]

So 'n siening kan maar seker net as 'n goeie voorbeeld van kleinsieligheid en 'n gebrekkige humorsin en perspektief toegeskryf word. Dit is egter teen sulke fanatici dat die Volkspelebeweging hom altyd moes verdedig en toon dat die beskuldigings en uitlatings geen pote het om op te staan nie.

Geen wonder dat dr. Pellissier op 'n skrywe van mnr. Bester gedateer 23 Augustus 1956 antwoord: "Geagte mnr. Bester, ek vind dit baie jammer dat u so aanhou probeer om volkspele in diskrediet by die volk te bring. (........) Ek hoop ek sal u nog eendag kan oortuig dat wat ek doen, in belang van ons volk is."[62]

Nieteenstaande hierdie skerp kritiek en snedige aanvalle van kerkraadslede en lede van die publiek, het die Sinodes van die Afrikaanse kerke nog nie van sienswyse verander en hulle besluit in heroorweging geneem nie. Die Volkspelebeweging is die kerk baie dankbaar vir ondersteuning wat hy geniet, veral in hierdie tye waarin die Afrikaanse jeug as gevolg van onsekere wêreldtoestande so maklik vervreem raak van sy eie kultuur. Om dié redes wend die Beweging ook alle moontlike pogings aan om sy aktiwiteite te laat strook met die Christelike beginsels van die Afrikaner. Om leiding te gee waar nodig, dien daar dan ook nog steeds predikante van die drie Afrikaanse kerke in die Nasionale Raad vir Volkspele en Volksang.

78/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

# 5. Die Junior Volkspelebeweging

## 5.1 Die totstandkoming van Junior Laers

Die voortbestaan van die kultuur van enige volk is afhanklik van die oordrag aan en aanvaarding deur die jeug van daardie volk. Hierdie nuwe vertakking van die Afrikaanse kultuur is begin met die jeug. Tog was dit eers twaalf jaar na die totstandkoming van die Uniale Raad dat daar op 'n vergadering van genoemde Raad besluit is dat die tyd aangebreek het dat junior laers op 'n gesonde grondslag geplaas word.[63] Die instansies wat die saak moes propageer, was die onderwysdepartemente en opleidingskolleges.

Hiermee wil egter nie die indruk geskep word dat die juniors geen volkspele gedoen het nie. Inteendeel, oor die lengte en breedte van die land is by Afrikaanse en ook 'n aantal Engelse skole volkspele as deel van hulle kulturele aktiwiteite ingepas - ook in die liggaamsoefeningklas het volkspele 'n prominente plek gekry. Die Voortrekkers en ander jeugorganisasies het ook die volkspele in hulle programme opgeneem. Die feit is egter dat die Uniale Raad - dié liggaam wat in die lewe geroep is om die volkspele te organiseer en te propageer - weinig vir die juniors gedoen het.

Om 'n mate van kontrole oor die junior beweging te kon kry, besluit die Uniale Raad tydens sy jaarlikse vergadering in 1955 dat alle junior laers in die toekoms moet affilieer, maar daar sou nie die gewone registrasiestelsel soos in die geval van senior laers, wees nie.[64] Hierdie besluit sou meebring dat groter aandag aan die afrigting van junior laers gegee sou moes word - veral op die plattelandse dorpe. Sekere provinsiale onderwysdepartemente soos byvoorbeeld Kaapland,[65] het reeds die nodige aandag aan die uitbouing van volkspele gegee deurdat dit deel geword het van die skoolprogram.

79/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Blote affiliasie was egter nie voldoende om die jonger garde behoorlik by die Beweging ingeskakel te kry nie, en daarom word besluit dat alle junior spelers ook moet registreer en ledekaarte ontvang.[66]

5.2 Memorandum oor stand van junior volkspele

Die tyd was ryp vir 'n deeglike ondersoek na die stand van die junior beweging en in opdrag van die Dagbestuur van die Nasionale Raad word die hele aangeleentheid behoorlik ondersoek en 'n memorandum opgestel wat in Julie 1959 ter tafel gelê is.[67] Hierdie memorandum is met enkele wysigings as amptelike stuk van die Beweging aanvaar en aan provinsiale/gewestelike komitees beskikbaar gestel met die oog op algemene leiding.

Memorandum

Hierdie meorandum het kortliks die volgende behels:

Algemeen

1. 'n Goedgeorganiseerde laer behoort aan elke hoër- en laerskool te bestaan en leerlinge bly lede van die skoollaer terwyl hulle nog op skool is.
2. Senior laers en wyksbonde hanteer die sake indien daar nie 'n junior wyksbond bestaan nie (alle organisasie moet egter met die hulp van die skoolhoof geskied). Dit bring ook mee dat die band tussen junior en senior afdelings van die Beweging behoue bly.
3. In die beoefening van die spele moet die belangrikheid van die sang sterk beklemtoon word en behoort ingeskakel te word met sanglesse op skool.

Die junior beweging

Hierdie afdeling bepaal die algemene vereistes gestel vir die inskakeling by die junior beweging. Onder andere word bepaal dat:

80/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

1. 'n laer minstens oor 20 lede moet beskik vir inskakeling by die junior wyksbond;
2. 'n volwasse persoon tree op as leier en die skoolhoof stel uit die ouers 'n laerbestuur saam.

Die junior wyksbond

1. 'n Junior wyksbond kan met minstens 5 laers gestig word;
2. daar kan hoogstens 4 junior wyksbonde binne die grense van een senior wyksbond bestaan;
3. die wyksbond bestaan uit 'n volwasse leier plus een verteenwoordiger van elke geaffilieerde laer;
4. elke wyksbond het een verteenwoordiger op die senior wyksbond;
5. die senior wyksbond het twee verteenwoordigers op 'n junior wyksbond;
6. elke wyksbond stel sy eie konstitusie op in ooreenstemming met die Statute van die Beweging;
7. waar geen junior wyksbond is nie, kan junior laers een verteenwoordiger in 'n senior wyksbond benoem;
8. junior verteenwoordigers mag nooit meer wees as die helfte van 'n senior wyksbond nie.

Verteenwoordiging in die Uniale Raad

Voorsiening is gemaak dat die junior wyksbonde volgens 'n formule verteenwoordiging in die Uniale Raad bekom.

Geldelike verpligtings

Affiliasiegelde moes deur elke laer betaal word asook 'n minimale jaarlikse ledegeld deur elke speler.

## 5.3 Kulturele aktiwiteite

Die gedagte was nie om slegs gewone volkspelebyeenkomste vir die junior laers aan te bied nie, maar daar is ook beplan om onder andere die volgende by te bring: volkspele- en sangkursusse, lenteskole, saamtrekke, kultuurfeeste, moontlike herbergfasiliteite, toere, hulp met kunswedstryde, ens.[68]

81/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Dat hierdie intensiewe organisasie vrugte afgewerp het, blyk baie duidelik uit die feit dat daar 'n jaar na die implementering van bogenoemde memorandum reeds meer as 50 junior laers met 3 000 spelers in Transvaal was met twee wyksbonde - een vir Noord-Transvaal en een vir Sentraal-Wes-Transvaal.

## 5.4 Organisasie van junior volkspelelaers op nasionale vlak

In 1962 het die Uniale Raad dit nodig geag om mnr. Japie van der Walt (tans professor aan die Universiteit van Zoeloeland)- eerste verteenwoordiger van die junior-laers - te vra om 'n volledige inligtingstuk i.v.m. die stigting van junior laers op te stel.[69]

'n Belangrike aspek van hierdie inligtingstuk was die stigting van laers binne en buite skoolverband. Laasgenoemde is alleenlik in uitsonderlike gevalle aan te beveel, maar dan nog steeds met die samewerking van die skoolhoof en ouers.

Alhoewel volkspele gegroei en gebloei het in die skole, is daar tog gevoel dat daar kanse vir verbetering is en andermaal besluit die Nasionale Raad om 'n onderkomitee van die Raad te benoem, uitsluitlik belas met junior laers.[70] So ook moes elk van die streekkomitees onderkomitees benoem. Weer eens is die Transvaalse junior laers versoek om die vorige amptelike inligtingstuk aan te vul en te wysig waar nodig.

Die eerste Nasionale Junior-komitee het uit die volgende persone bestaan:
Mnr. A.P.S. van der Merwe (tans voorsitter van die Nasionale Raad) (Transvaal) - saamroeper
mnr. J.J. Joubert (Vrystaat)
mnr. M. Casaleggio (Vrystaat)
mnr. J.P. Kotze (Kaapland).

82/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Dit was die eerste poging om die junior beweging op nasionale vlak te organiseer. Dit was voorwaar 'n lofwaardige poging, maar binne enkele jare was dit duidelik dat dit 'n onbegonne taak was vir vier persone, almal in voltydse betrekkings, om hierdie reuse taak na wense te volvoer. Spoedig is hierdie onderkomitee dan ook uitgebrei en is die volgende persone gekies om genoemde komitee an te vul:
mnre. P. le Roux (skakelbeampte van die Nasionale Raad), P. Opperman (sekretaris van die Nasionale Raad), Kalie Gordon (Natal), Hennie Nieuhaus (Wes-Kaap), Org Piek (Noord-Kaap), en Johan du Toit (Suidwes-Afrika).[71]

'n Ad hoc komitee bestaande uit drie persone is ook gekies om 'n inligtingstuk i.v.m. die Volkspelebeweging op te stel wat dan aan skole gestuur sou word. Daar sou opnuut met skoolhoofde, direkteure van onderwys en opvoedkundige instansies geskakel word om die Volkspelebeweging meer pertinent onder hulle aandag te bring en hulle samewerking te probeer verkry. Daar sou getrag word om binne twaalf maande minstens 5 000 junior lede deur die volkspelekursusmeule te sit. Dag- en naweekkursusse sou oor die lengte en breedte van die land georganiseer word. Ook sou daar kursusse vir diensdoende onderwysers gereël word om hulle sodoende in staat te stel om op die hoogte te kom met die sang en volkspele wat hulle dan in staat sou stel om die leiding by hulle onderskeie skole waar te neem.

Met die volgende vergadering van die Nasionale Raad - 'n jaar later - is gerapporteer dat ongeveer 3 000 leerlinge gedurende die jaar die kursusse bygewoon het.[72]

Die Nasionale Raad het beslis 'n baie ernstige poging aangewend om die skoolgaande jeug by hierdie lofwaardige kultuuraksie

83/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

in te skakel. Word daar egter in aanmerking geneem hoeveel Afrikaanssprekende kinders op skool is en hoeveel daadwerklik aan volkspele deelneem, moet erken word dat min welslae behaal is. Lê die antwoord op hierdie geringe mate van belangstelling opgesluit in die organisasiestruktuur, die tydgees, die oorgaan van die onderwys - veral op laerskole - na 'n vroueprofessie of 'n ander onbepaalde faktor? Slegs deeglike wetenskaplike navorsing op hierdie terrein sal antwoorde op die tergende vrae bring. (Dit val egter buite die bestek van hierdie ondersoek).

---o0o---

84/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

6. BRONNEVERWYSINGS EN TOELIGTENDE VOETNOTE BY HOOFSTUK 3

1. Rand Daily Mail, 15.7.1957.
2. Die Burger, 12.4.1941.
3. The Friend, 4.3.1914.
4. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 27 - 29.6.1957.
5. Die Transvaler, 10.9.1956.
6. S.H. Pellissier: persoonlike onderhoud.
7. Werksaamhede van die RDB (Inspan, Maart 1949) p.15.
8. Die Volksblad, 8.3.1941.
9. Werksaamhede van die RDB (Inspan, Maart 1949), p.15.
10. Ons dank u (Inspan, November 1949) p.24.
11. Uniale Volkspelekomitee van die RDB , Notule, 1.3.1941, p.3.
12. Die Transvaler, 26.3.1962.
13. Uniale Volkspelekomitee van die RDB, Notule, 1.3.1941, p.1.
14. Uitvoerende Komitee van die RDB, Notule, 1.4.1942, p.3.
15. Reddingsdaadbond, Notule, Afd. A (iii), 1.4.1943.
16. Die Oosterlig, 2.5.1941.
17. Otto du Plessis - S.H. Pellissier, 10.8.1941.
18. Uitvoerende Komitee van die RDB, Notule, 23 Mei 1941, p.3.
19. Uniale Volkspelekomitee, Notule, 1.3.1941, p.3.
20. Ibid., p.3.
21. Ibid., p.3.
22. Ibid., p.3.
23. Uniale Komitee vir Volksang en Volkspele, Notule, 23.5.1941, p.3.
24. Ibid., p.4.
25. Uniale Volkspelekomitee, 1.3.1941, p.3.
26. Konstitusie van 'n Provinsiale/Gewestelike Komitee vir Volksang en Volkspele, p.1.
27. Wes-Kaaplandse Komitee vir Volksang en Volkspele, Konstitusie, p.10.
28. Huishoudelike Reglement en Reëls vir Volkspelelaers, Maart, 1942.
29. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 30.9.1948, p.1.

85/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

30. Ibid., p.1.

31. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29 - 30.6.1956, p.3.

32. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2 - 4.7.1968, Byvoegsel C, p.20.

33. Ibid., p.21.

34. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29 - 30.6.1955, p.4.

35. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Statute, 1955, p.1.

36. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Jeugherberge en Reisgeriewekomitee, Notule, 29.1.1957, p.1.

37. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Dagbestuur, Notule, 28.9.1956, pp. 2 - 3.

38. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 4 - 5.7.1963, p.22.

39. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 6 - 9.7.1960, pp. 7 - 8.

40. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Dagbestuur, Notule, 17.4.1954, p.2.

41. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 27 - 29.6.1957, p.24.

42. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29 - 30.7.1956, p.6.

43. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 27 - 29.6.1957, p.25.

44. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29.6.1961 - 1.7.1961, p.31.

45. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 4 - 5.7.1963, p.13.

46. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2 - 4.7.1969, p.4.

47. Elize van der Ven - Ten Bensel: De Volksdans in Nederland, p.166.

86/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

48. G.D.J. Schotel: Het Oud-Hollandsch Huisgezin der Zeventiende Eeuw, pp.278-280.
49. Elize van der Ven - Ten Bensel: op. cit., pp.166-167.
50. Ted Shawn: Dance we must, p.31.
51. Ibid., p.32.
52. Elize van der Ven - Ten Bensel en D.J. van der Ven: De Volksdans in Nederland, p.75.
53. Ibid., p.78.
54. Die Transvaler, 25.4.1941.
55. Ibid., p.2.
56. Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, Handleiding, 12.3.1942, p.185.
57. Verslag van die Sinodale Kommissie, 1944, pp.54 en 282.
58. J.S. Pieterse: Dans beoordeel in Skriflig (Kerkbode 11.8.1971), p.200.
59. J.P. van den Berg: Twee volksfeeste by wyse van vergelyking, p.3.
60. Andries Bester: Baälfees: Voortrekkermonument, Desember, 1959, p.1.
61. Ibid., p.2.
62. S.H. Pellissier - Andries Bester, 27.8.1956.
63. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2 - 3.10.1953, p.12.
64. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2 - 3.9.1955, p.7.
65. Ibid., p.10.
66. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 27 - 29.6.1957, p.25.
67. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 9 - 11.7.1959, p.12.
68. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 9 - 11.7.1959, Bylae, pp. 1 - 4.

87/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

69. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 5 - 7.6.1963, p.13.
70. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 14 - 15.7.1967, p.6.
71. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 15 - 17.7.1971, Bylaag H, pp.1-2.
72. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 6 - 8.7.1972, Verslag van komitee vir junioraangeleenthede, p.1.

88/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## HOOFSTUK 4

## DIE ONTSTAAN VAN DIE VERSKILLENDE VOLKSPELEHANDLEIDINGS

### 1. Noodsaaklikheid vir standaardisering

Die melodie, woorde en omskrywing van volksdanse en volkspele word van een geslag na die ander oorgedra maar dikwels nie sonder dat daar wysigings aangebring word nie. Hierdie wysigings is gewoonlik nie opsetlik nie - dit gebeur omdat dit mondeling oorgedra word, en die oordraer se geheue hom in die steek laat of dat hy self soms verkeerd hoor en leer. Verkeerde, verdraaide en gedeeltelike oordrag is dan dikwels die gevolg. In sommige gevalle is die metamorfose wat die volkspel of volksdans ondergaan so groot dat die oorspronklike nie meer te herken is nie.

Dit was ook die geval met baie van die Afrikaanse volkspele of in besonder piekniekspele. Om te voorkom dat die spele enige verdere belangrike wysigings ondergaan of selfs heeltemal verdwyn en ook om te verseker dat die spele in alle dele van die land op dieselfde wyse uitgevoer word, is besluit om die spele te boekstaaf.

### 2. Eerste Volkspelehandleiding

Dit was eers ongeveer 60 jaar ná die eerste georganiseerde volkspeleuitvoering te Boshof dat die eerste volkspelehandleiding verskyn het. In Oktober 1940 is die eerste Lenteskool te Bloemfontein georganiseer met welke geleentheid 20 spele (woorde en beskrywing) in afgerolde vorm aan die deelnemers beskikbaar gestel is. Sover vasgestel kon word, was mej. Anna Köhler, destyds lektrise in liggaamlike opvoeding aan die Vrystaatse Onderwyskollege, Bloemfontein, vir die samestelling verantwoordelik.

Die volgende spele het in hierdie bundel verskyn:

89/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Nāāsmars
Ses wakker meisies in 'n kring
Nikkodikkomdei
Boemfaderalla
Die vaste band
Kom Saartjie laat ons gaan
Ons is musikante
Meisies en seuns wat kom van die plaas
Familiewals
Afrikaners is plesierig
Pollie ons gaan Pêrel toe
Daar kom die wa
Japie my skapie
Siembamba
Vat jou goed en trek Ferreira
Aai, aai die witborskraai
Jan Pierewiet (in pare)
Jan Pierewiet (in stelle)
Daar oorkant die spruit
Ver in die wêreld Kittie
Wat maak Oom Kalie daar?
Vanaand gaan die volkies koring sny
Kimberleyse trein
Lebombo

3. "Reddingsdaadbond - Volkspelehandleiding"

Die Simboliese Ossewatrek het so 'n geweldige opbloei van die Afrikaanse kultuur meegebring en die jongmense so besiel dat hulle naarstiglik uitgesien het na die verskyning van 'n volkspelehandleiding. Die Volkspelekomitee van die Reddingsdaadbond het besef dat daar slegs een manier was om volkspele vinnig te laat inslag vind en dit was om oor die lengte en

90/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

breedte van die land volkspelekursusse te organiseer. Die suksesvolle oordra en verspreiding van die spele sou grootliks bepaal word deur 'n deeglike saamgestelde handleiding wat die woorde, musiek en beskrywing van die volkspele noukeurig weergee.[1] Daar was reeds kursusse beplan vir die April-vakansie van 1941 en daarom is haastig aan die werk gespring om betyds 'n handleiding in druk te laat verskyn.

Op 25 Februarie 1941 rig die sekretaris van die Uniale Komitee vir Volkspele 'n skrywe aan dr. Pellissier[2] waarin hy melding maak van 'n samespreking tussen hom, laasgenoemde, mnr. Stephen Eyssen (destyds prinsipaal van die Hoër Volkskool, Heidelberg, Transvaal) en mnr. J. Vorster (destyds student aan die Universiteit van Pretoria en leier van die studentelaer en tans Stedelike Skakelbeampte van die Pretoriase stadsraad) in verband met die samestelling van 'n spelehandleiding. Tydens hierdie samespreking is genoem dat mej. Köhler reeds met so 'n handleiding besig was. Volgens die afvaardiging was daar foute in die afgerolde spele wat tydens die Lenteskool in Bloemfontein gebruik is en daarom bied hulle aan om mej. Köhler met die taak behulpsaam te wees.

Die foute waarna hier verwys is, is ongelukkig nie genoem nie, maar dit word vermoed dat dit in die uitvoering van die spele was en nie soseer in die woorde en musiek nie. Indien dit die geval is, ontstaan die vraag onwillekeurig: op grond waarvan word beweer dat die spele verkeerd uitgevoer was? Daar was nêrens geskrewe reëls in verband met die uitvoering nie - die piekniek- en ander spele is in verskillende provinsies gespeel waar dit uitgevoer is soos dit die gebruik in daardie besondere geweste was en niemand kon in werklikheid sê wie reg en wie verkeerd was nie.

Hierdie handleiding sou onder beskerming van die Reddingsdaadbond gepubliseer word en daarom het die hoofbestuur van die Bond vereis

91/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

dat die Uniale Komitee eers die bundel goedkeur. By navraag het dit egter geblyk dat die bundel reeds saamgestel was en dat dit geen doel sou dien om na die verskyning daarvan die samesteller te probeer oorreed om wysigings aan te bring nie. Om dié rede is besluit om die volgende telegram aan mej. Köhler (samesteller) te stuur:

> "Reddingsdaadbond wil u regte in handboek volkspele uitkoop vir £50. Ek kan bestuur miskien beweeg tot £60. U naam as outeur bly natuurlik daarin. Dringend"[3]

Indien die aanbod aanvaar sou word, kon die Uniale Komitee na willekeur wysigings aanbring. Alhoewel mej. Köhler ook nog die gewone outeursgelde van 10% sou ontvang, het sy die aanbod van die hand gewys. Die sekretaris het aangebied dat die Reddingsdaadbond en Uniale Komitee nog hulle beskerming sal verleen mits sy bereid is om haar aan hulle beslissings insake die inhoud te onderwerp. Verder is sy ook as lid van die Uniale Komitee gekoöpteer, maar slegs in 'n adviserende hoedanigheid. Die volgende telegram is toe weer aan haar gestuur:

> "Ons herhaal aanbod waarop ons tot vandag geen antwoord ontvang het ondanks definitiewe afspraak van Sondag. Aanbod lui boekie word met goedkeuring en beskerming Reddingsdaadbond en Uniale Komitee gepubliseer en in ruil daarvoor onderwerp u u aan besluite oor inhoud van boek deur Uniale Komitee waarvan u adviserende lid is. Ons kan nie later as môre op antwoord wag. Brief volg."[4]

Mej. Köhler het hierdie aanbod aanvaar en 'n eksemplaar van die bundel wat 32 spele en die Andries Pretorius-Wawielmars bevat het, aan die Volkspelekomitee gestuur.

Tydens die vergadering van die Uniale Volkspelekomitee op 1 Maart 1941 in die Eendragsaal, Braamfontein, Johannesburg,[5] is die 32 volkspele onder leiding van mnr. J. Vorster uitgevoer. Daar is

92/...

---

Mej. Anna Köhler, samesteller van die eerste Volkspelehandleiding, 1941.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

besluit om al die spele vir opname in die bundel goed te keur, met dié voorbehoud dat die volgende voorberig van die hooforganiseerder van die Reddingsdaadbond voorin sal verskyn:

"Hierdie werk word onder die beskerming van die Reddingsdaadbond en met die goedkeuring van die Bond se Uniale Volkspelekomitee uitgegee en die Bond beveel dit as handleiding aan, maar sonder om te kenne te wil gee dat geen ander vorm van die spele wat hierin beskrywe word gangbaar is nie. Die Komitee is gewillig om ondersoek in te stel na alle voorstelle van variante-vorms wat aan hom voorgelê word ten einde te verseker dat steeds die allerbeste aan die volk gelewer word."
(w.g.) N. Diederichs, Hooforganisasieleier
Die Reddingsdaadbond
Posbus 7714
Johannesburg

Daar is ook ooreengekom dat mej. Köhler 2½% van haar outeursaandeel aan die Komitee afstaan en dat Nasionale Pers, wat vir die druk van die handleiding verantwoordelik sou wees, dieselfde doen.

Hierdie eerste volkspelehandleiding verskyn in Maart 1941 onder die titel "R.D.B. se Volkspelehandleiding", uitgegee onder die beskerming van die Reddingsdaadbond, versamel en verwerk deur A.M. Köhler, musiek onder redaksie van S.H. Eyssen.

Aanvanklik is daar 4 000 van hierdie handleidings gedruk (sommige in harde band) wat teen die middel van Mei van dieselfde jaar reeds uitverkoop was. Die tweede druk het 'n oplaag van 5 000 gehad, waarna daar nog twee drukke verskyn het.

Die spele wat in hierdie bundel saamgevat is, is die volgende:

(a) ses vertaalde Sweedse spele:
Ses wakker meisies in 'n kring
Nikko-dikkom-dei

93/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die vaste band

Boemfaderalla

Ons is musikante

Meisies en seuns wat kom van die plaas

(b) die bekende piekniekspeletjies:

Vanaand gaan die volkies koring sny

Wat maak Oom Kalie daar

Japie my skapie

Rokkies wou sy dra

Pollie ons gaan Pêrel toe

Daar kom die wa

Ek soek na my Dina

Ver in die wêreld Kittie

Wie het vir Sarie?

Aai, Aai, die Witborskraai

Die Kimberleyse trein

(c) ander:

Aanstap Rooies

Afrikaners is plesierig

Kom Saartjie laat ons gaan

Jan Pierewiet (in pare)

Jan Pierewiet (in stelle)

My liewe kokkenennetjie

Jan Fiskaal

Die oestyd-speletjie

Vat jou goed en trek Ferreira

Die Vaalhaar-nooi

Die Polla van my

Die Springbokkie

Saam met die wa

Sarie Marais[6]

94/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Gedurende hierdie periode was mnr. Pierre Fourie, prinsipaal van die Middellandse Handelskool, Cradock, ook besig met die samestelling van 'n volkspelehandleiding. Dr. Pellissier wat van hierdie poging kennis gedra het, het hom vriendelik gemaan om versigtig te wees om nie die woorde en wysies van die spele in verskillende vorms aan die volk oor te dra nie.[7] Hierdie vermaning het waarskynlik gekom as gevolg van verskeie pogings deur groepe om hulle eie woorde en vertolking aan die spele te gee. Blykbaar het mnr. Fourie sy poging laat vaar aangesien daar nie verdere inligting omtrent die bundel verskyn het nie.[x]

4. "Suid-Afrikaanse Volkspeletjies"

Hierdie bundel is saamgestel deur mej. Juin du Toit. Dr. Diederichs skrywe op 29 Augustus 1941[8] 'n brief aan Dr. Pellissier waarin hy verwys na 'n boekie oor volkspele deur 'n sekere mnr. Juin du Toit en vra dat ondersoek na hierdie boekie ingestel word.

In die voorwoord tot hierdie bundel skryf Margaret C. Black, instruktrise in liggaamsoefening, Opleidingskollege, Kaapstad:

> "Met die bundeltjie word daar vir onderwysers(esse) 'n versameling egte Suid-Afrikaanse volkspeletjies aangebied met die doel om hulle in staat te stel om aan die Suid-Afrikaanse kind iets te gee wat in sy wese hulle eie is en aan hulle alleen behoort."[9]

Die spele hierin vervat is die volgende:

Japie, my skapie
Die vierperdewa
Oom Kalie
Siembamba
Aai! Aai! die witborskraai
Die Transvalers is plesierig

95/...

---

[x]In 'n onlangse gesprek met mnr. Fourie is skrywer meegedeel dat genoemde pogings vernietig is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Een dag toe ek gaan wandel
Jan Pierewiet (vir meisies in drag)
Jan Pierewiet (vir mans en meisies)
Jan Pierewiet (vir mans en meisies in drag)

In die voorwoord word gemeld dat dit almal egte Afrikaanse volkspele is, wat natuurlik 'n foutiewe stelling is. As gevolg van die skrywe van dr. Diederichs aan dr. Pellissier, het laasgenoemde met mnr. Vorster[10] in Pretoria in verbinding getree om meer helderheid oor hierdie bundel spele te verkry.

Die antwoord op hierdie skrywe is egter onduidelik daar die skrywer (Vorster) meedeel dat hy nie die bundel ken nie. In antwoord op dr. Diederichs se skrywe meld dr. Pellissier egter dat die bundeltjie "... blykbaar opgestel (is) volgens die speelwyse van die Jan Pierewiet-Geselskap"[11] (d.i. die volkspelegroep van die Universiteit van Pretoria, waarvan mnr. J. Vorster die leier was).

Intussen het hierdie groep die spele 'Japie my skapie', 'Daar kom die wa' en 'Afrikaners is plesierig' in variante vorm aan die Uniale Komitee voorgedra wat dit aanvaar het.[12] By nadere ondersoek het dit geblyk dat die uitvoering van hierdie spele ooreengekom het met die beskrywing van dié soos vervat in die bundel van Juin du Toit. Mnr. Vorster antwoord egter hierop dat in die geval van 'Japie my skapie' die beskrywing van mej. Du Toit wel dieselfde is soos deur hulle voorgedra, maar dat die uitvoering van die 'Vierperdewa' egter geen ooreenkoms toon nie. Die eerste deel van 'Die Transvalers is plesierig' is nie dieselfde nie, maar vanaf '.... eers draai die ou vroutjie' stem dit wel ooreen met hulle vertolking.[13]

In sy finale antwoord aan dr. Diederichs insake dié handleiding skryf dr. Pellissier: "Om op te som is dus net een speletjie in die hele boek deur ons goedgekeur en dit slegs as 'n variante

96/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

vorm teenoor een van ons eie spele. Ons sou dus die boekie nie kan aanbeveel nie."[14]

Dié handleiding het ook in die hande van ander volkspelelsiers beland, maar nadat die voorsitter van die Uniale Volkspelekomitee aan hulle die saak verduidelik het, is die handleiding links laat lê. Die bundel is dus nooit deur enige laer as handleiding gebruik nie, en baie min weet van die bestaan van hierdie bundel.

Soos blyk uit die voorwoord was dit vir skole bedoel en dit is moontlik dat dit wel in sekere skole tydens die sang- of liggaamsoefeningperiode gebruik is. Aangesien die bundel slegs die woorde van die spele en die beskrywing van die uitvoering daarvan bevat het, word aanvaar dat die melodieë wel die algemeen bekende was.

5. <u>"Nuwe Volkspele"</u>

Hierdie volkspelehandleiding het sy eerste druk in Oktober 1942 en tweede in Mei 1944 beleef.

Op 28 Februarie 1942 deel dr. Pellissier die sekretaris van die Wes-Kaaplandse Volkspelekomitee mee dat ds. M.L. de Villiers (komponis van 'Die Stem van Suid-Afrika') en mej. Hester Morrison (onderwyseres in liggaamlike opvoeding in Stellenbosch) besig is met die samestelling van 'n nuwe volkspelehandleiding. Die Wes-Kaaplandse Volkspelekomitee word versoek om saam met hulle verteenwoordigers, te wete dr. W.J.B. Pienaar en ds. J. Conradie - beide lede van die Uniale Raad vir Volksang en Volkspele - na 'n uitvoering van die spele te gaan kyk en met die Uniale Raad se volgende vergadering verslag te doen.

Die musiek en woorde van die nuwe spele, geskryf en getoonset deur ds. M.L. de Villiers, is aan 'n komitee, bestaande uit

97/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

dr. G.G. Cillié (jnr.), dr. Con de Villiers en die Sekretaris van die Wes-Kaaplandse Volkspelekomitee voorgelê. Die komitee was geensins geesdriftig oor die musiek nie, maar het dit tog aanvaar. Die woorde was egter van so 'n aard dat aanbeveel is dat dit deur ander vervang moes word.[15] Die Sekretaris van die Uniale Raad het dan ook sonder verwyl vir ds. De Villiers van die bevinding laat weet en voorgestel dat iemand gevind word om die woorde te herskryf daar dit in die huidige vorm nie vir die Uniale Raad aanvaarbaar was nie.[16]

So gretig was die volkspelers om nuwe spele te bekom dat toe dit rugbaar geword het dat 'n nuwe bundel aan die kom was, daar dadelik 'n versoek van Oos-Kaapland gekom het om die nuwe spele op 'n kursus aan te bied. Dr. Pellissier het hulle egter aangeraai om dit liefs te laat tot tyd en wyl die Uniale Raad die spele erken het.[17]

Op 24 Augustus word dr. Pellissier meegedeel dat 'n sekere mev. Lourens van Stellenbosch die woorde hersien het en "....'n goeie stukkie werk ..." daarvan gemaak het. Hierna het dr. W.J.B. Pienaar dit weer nagesien en verdere veranderings aangebring, waarna die teks gesamentlik deur dr. Pienaar en ds. De Villiers goedgekeur en geteken is. Die spele is almal goedgekeur en die volledige teks was spoedig by die pers om vir die kursus in September te Stellenbosch gereed te wees.[18]

Die Uniale Raad het sy goedkeuring aan die publikasie geheg maar nie namens die Raad nie maar wel op verantwoordelikheid van die opstellers. Die opstellers en uitgewers moes egter kennis neem dat die Uniale Raad moontlik later van die spele in 'n bloemlesing sou opneem.[19]

Die bundel het in Oktober 1942 by die Pro Ecclesia-drukkery in Stellenbosch verskyn onder die titel: "Nuwe Volkspele

98/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

deur Hester Morrison (mev. H. van Huyssteen) met musiek en liedjies (grondgedigte) deur M.L. de Villiers komponis van 'Die Stem van Suid-Afrika'. Goedgekeur deur die Uniale Komitee vir Volkspele." Die bundel bevat 30 spele, volledig met woorde, musiek en beskrywing, en is opgedra aan die "Weled. heer S.H. Pellissier, Direkteur van Onderwys, O.V.S. en voorsitter van die Uniale Raad vir volkspele in Suid-Afrika".

Dr. W.J.B. Pienaar, voorsitter van die Wes-Kaaplandse Komitee vir Volkspele en Volksang, meld onder andere in die 'Voorwoord' tot die bundel: "'n Volk skep alleen deur individue maar dit is die volksgees wat die stukrag van daardie skepping is."[20]

In teenstelling met die vorige twee bundels, wat in werklikheid 'n versameling van bekende tradisionele volkspele en piekniekspele was, bestaan hierdie bundel uit spele wat deur 'n individu geskep is en gebaseer is op woorde en musiek van 'n ander individu. Streng gesproke is daar dus geen sprake van <u>volk</u>spele, met die klem op 'volk' nie.

Hiermee word bedoel dat die spele ten tyde van die skepping daarvan nie as volkspele beskou kon word nie - slegs die tyd sou leer of dit volkspele sou word. Soos in Hoofstuk I van hierdie werkstuk uiteengesit, beteken volkspele - spele <u>van</u>, <u>uit</u> en <u>vir</u> die volk. Die toets lê in die aanvaarding van die spele deur die volk.

Hierdie spele is onmiddellik op verskeie kursusse aangebied waar dit met groot geesdrif ontvang is, soos onder andere blyk uit die skrywe van die Voorsitter van die Oos-Kaaplandse Volkspele-komitee en leier van die kursus in 1942 te Aliwal-Noord. Hierin skryf hy onder andere: "Nou kan ek terloops byvoeg dat ek nie genoeg met lof van die nuwe spele kan praat nie. Hulle is vir ons 'n geweldige aanwins. Die spele is baie ritmies en kan met gemak en grasieuse bewegings uitgevoer word. Sover my kennis van musiek betref, is die van die nuwe spele van hoë gehalte."[21]

99/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 6. "Nuwe Spele" - 'n Tweede amptelike Volkspelehandleiding

Hierdie handleiding wat saamgestel is deur mev. Cecile de Ridder, leidster van die Jakaranda-Volkspelelaer, Pretoria, verskyn in Desember 1945. Onwillekeurig kry 'n mens die indruk dat hierdie handleiding as 'n soort protes teen die uitgawe van mev. Morrison se bundel gemik was. In die 'Voorwoord' skryf die voorsitter van die Transvaalse Komitee vir Volkspele en Volksang, prof. S.P. van der Walt dat "... die redaksie feitlik net een doel voor oë gehad het en dit is om 'n aantal spele te versamel wat uit die volk ontstaan het en wat hopelik deur die volk as volkspele aangeneem sal word. Hierdie spele het hulle ontstaan nie aan 'n enkeling* te danke nie."[22] Veral laasgenoemde sin blyk 'n duidelike verwysing na genoemde handleiding van mej. Morrison te wees.

Hoewel daar in die eerste paragraaf onomwonde verklaar word dat dit spele is wat uit die volk ontstaan het, word in die tweede paragraaf gesê dat hulle nog nie as volkspele bestempel kan word nie.

As die spele uit die volk ontstaan het en reeds geruime tyd deur die volk gespeel is, moet dit tog aanvaar word dat dit volkspele moet wees. Waarom twyfel die samesteller nog? Hierdie bundel bevat o.a. 22 volkspele wat nog nie in vorige bundels verskyn het nie. Van die gewildstes was:

- Oom Bossie van die Bosveld (hierdie liedjie is sonder toestemming gebruik)
- Môre Oompie, môre Tannie
- My hartjie, my liefie
- Kinders moenie in die water mors nie
- Die Kappietuit
- Bruilofslied
- Suikerbossie
- Jan Pierewiet, Jan Bam (verwerking van die Duitse 'Ich bin der Doktor Eisenbart').

100/...

---

*skrywer onderstreep

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Hierdie was almal volkspele wat deur 'n gemeenskap en nie deur 'n individu ontstaan het nie. Interessant is die feit dat hier gepoog word om die spele volgens moeilikheidsgraad in te deel. Tog is voortgebou op die vaste fondament van die eerste volkspelebundel, naamlik eenvoud.

Van die 22 spele wat in die handleiding opgeneem is, is tien gebaseer op Afrikaanse volkswysies, agt op volkswysies uit die FAK-Sangbundel oorgeneem en vier op woorde en musiek van bekende komponiste (eintlik teenstrydig met die verklaring in die voorwoord). Etlike van die volkswysies is deur wyle Bosman de Kock, destyds 'n bekende komponis en radio-omroeper, verwerk. Die handleiding is volledig met woorde, musiek en beskrywing van die bewegings, in 'n stewige harde band deur Van Schaik uitgegee. Soos in die geval van die eerste handleiding is ook hierdie handleiding uitgegee onder beskerming van die Reddingsdaadbond en verskyn die Bond se wapen op die buiteblad. Mev. Cecile de Ridder voeg ook 'n kort artikel by onder die opskrif - "'n Paar gedagtes oor die rigting waarin ons spele behoort te ontwikkel."[23]

Mev. De Ridder het haar aangesluit by die bevindings van Boshoff en Du Plessis dat die Afrikanervolk 'n danslustige volk is en dat die liedjies wat dikwels die dans begelei het by gebrek aan instrumente, uit die danssaal na die opelug geneem is om daar in die vorm van piekniekliedjies en - spele voort te leef. Hierdie eenvoudige, ongekunstelde, lewenslustige opelugspele het aanleiding gegee tot die volkspele. Dit was hierdie siening wat direk aanleiding gegee het tot die verskyning van hierdie bundel. Voor daar tot die samestelling van hierdie bundel oorgegaan is, het mev. De Ridder die volgende persone byeengebring om dit wat as gevolg van die skeppingsdrang vir nuwe volkspele na vore gekom het, te bespreek:
Bosman de Kock (bekende radio-omroeper, komponis en koorleier - reeds oorlede), Pierre Fourie - bekende musikus en komponis,

101/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

mev. Dolly Raats - bekende volkspeler in Pretoria, mnr. Jerry Vorster - tans Stedelike Skakelbeampte by die Stadsraad van Pretoria en Johan de Ridder - argitek en seun van mev. De Ridder. Na die musiek, woorde en spel deeglik bestudeer is, is die bundel saamgestel. Hierdie bundel is getitel "Nuwe Spele" en nie 'Nuwe Volkspele' nie. Mev. De Ridder meen dat die spele eers deur die volk aanvaar moet word alvorens dit die naam volkspele verdien. 'n Ander aspek van hierdie bundel is dat die musiek alles deur mnr. Johan de Ridder, met die hand geteken is, waarna die woorde getik, uitgeknip en ingeplak en daarna gedruk is. Die druk van musiek, soos in die latere bundels, was op daardie tydstip nog nie in Suid-Afrika gedoen nie.

7. "Volkspele uit Sonnige Suid-Afrika"

In 1953 het die eerste volkspelegroep 'n besoek aan die Europese stamlande gebring. Om belangstelling vir die toer en die Afrikaanse volkspele by die volksdansers van die Europese lande wat besoek sou word, te wek, het die Uniale Raad mev. De Ridder versoek om hierdie bundeltjie uitgesoekte volkspele saam te stel en ook in Engels te vertaal.

Die voorwoord is geskryf deur dr. Pellissier en verskyn in Afrikaans, Nederlands, Engels, Duits, Deens en Sweeds. Die titel van die volkspele is dan ook telkens in genoemde tale aangegee. In die meeste gevalle was die vertaling taamlik vry, byvoorbeeld:

| | | |
|---|---|---|
| 'Hier's ek weer' | - Duits | 'Der unverzagte Freier' |
| | Sweeds: | 'Här är jagigen' |
| 'Môre Oompie, môre Tannie' | - Duits: | 'Sannie beim Wasserschöpfen' |
| 'My liewe Kokkenennetjie' | - Engels: | 'My darling Shikadee' |
| | Duits: | 'Ein Witwer sucht sich eine Frau' |
| | Sweeds: | 'Min älskode lilla höna'. |

102/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Daar is vyftien van die volkspele wat deur die groep uitgevoer is met 'n beskrywing in Engels en met bypassende sketse deur Katrine Harries in die bundel opgeneem.

8. "Ons Eie Volkspele"

In 1955, veertien jaar na die verskyning van die eerste volkspele-handleiding, laat die Uniale Raad vir Volksang en Volkspele[24] 'n bundel, getitel 'Ons Eie Volkspele' die lig sien. Die bundel bestaan uit 54 volkspele, saamgestel uit spele, gekies uit die RDB-Volkspelehandleiding van A.M. Köhler (1941), 'Nuwe Volkspele' deur Hester Morrison (1942), 'Nuwe Spele' - tweede amptelike Volkspelehandleiding (1945), 'Volkspele uit Sonnige Suid-Afrika' (1953) asook 'n aantal tot dusver ongepubliseerde spele.

Die komitee wat vir die samestelling van die bundel verantwoordelik was, was die volgende: mevv. Cecile de Ridder (saamroepster), Elsa Dekker, mnre. M. Casaleggio, J.A. Grove, C. Theron en Corrie Jooste. Alle vorige handleidings het, behalwe die voorwoord, slegs die woorde, musiek en beskrywing van die spele bevat.

Met hierdie handleiding wou die Uniale Raad egter iets meer aanbied - vandaar 'n aantal artikels onder die opskrifte:
'Die ontwikkeling en betekenis van ons volkspele', deur
  Cecile de Ridder
'Ons Volkspelebeweging'
'Ons Volkspeledrag'

By volkspelebyeenkomste word gewoonlik ter aanvang marsliedere gespeel om die spelers die geleentheid te bied om kringe te vorm. Vir hierdie doel is dan ook vier marsliedere ingesluit, naamlik:
'Die Lied van Jong Suid-Afrika' - woorde van Eitemal en musiek van
  H. Gutsche

103/...

---

'Kom met die slee' - Skets van Katrine Harries in die Volkspele-handleiding deur mev. Cecile de Ridder: 'Ons Eie Volkspele'

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

'Aanstap' - woorde en melodie van J.P. du Toit en musiek verwerk deur P.J. Lemmer
'Ek hou van jou' - woorde van M.C. Botha met musiek deur T.H. Matthews
'Aanstap Rooies!' - woorde van B.A. de Wet en musiek verwerk deur P.J. Lemmer.

Verder is vier foto's, geneem tydens die volkspelevertoning met die onthulling van die Voortrekkermonument te Pretoria (1949) en die Van Riebeeckfees te Kaapstad (1952), ingesluit, asook een foto geneem tydens 'n vertoning van die oorsese Volkspelegroep (1953) voor die Imperial Institute, Londen.

Hierdie handleiding het verder van die voriges verskil in soverre dat die musiekbegeleiding met 'n behoorlike inleiding bygewerk is, wat veral vir die begeleier van groot waarde is. Weer eens is die musiek met die hand geteken - hierdie keer deur W. Schenk. Die besondere gepaste tekeninge by sommige van die spele is weer deur Katrine Harries gedoen - sommige van hierdie sketse was reeds vir die vorige bundel gebruik.

Nadat die bundel in sy finale vorm goedgekeur is, is 'n oplaag van 10 000 teen 'n koste van ongeveer R6 000 gedruk. Die bundel is aan laers beskikbaar gestel teen 6/- (ongeveer 60 sent) maar hulle kon dit teen 12/6 (ongeveer R1.25) aan lede verkoop. Daar is ook besluit om aan P.J. Lemmer R25 en M.L. de Villiers R50 vir die toonsetting van sommige liedjies te betaal. Aan ds. M.L. de Villiers sou ook nog drie pennies (ongeveer 2½ sent) per eksemplaar outeursgelde betaal word vir musiek van liedere deur hom gekomponeer; na sy afsterwe sou alle regte aan die Volkspelebeweging oorgaan. Mnr. Casaleggio wat vir al die verwerkings verantwoordelik was, wou geen vergoeding aanvaar nie.[25]

Die bundel is feestelik in gebruik geneem en aan elke lid van die Uniale Raad is 'n prageksemplaar in leer gebind, oorhandig.

104/...

---

'Die Blink-Vosperd' - skets van Katrine Harries in die Volkspelehandleiding deur mev. Cecile de Ridder saamgestel: 'Ons Eie Volkspele.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Hierdie bundel is deur die Nasionale Handelsdrukkery, Beperk - Elsiesrivier, gedruk, en is 'n volkspelehandleiding waarop elke volkspeler baie trots kan voel want die drukwerk van beide teks en musiek was deeglik en in sy geheel keurig versorg.

9. "Vir ons Volkspelers"

Volkspele is volkskuns en daar moet nie 'n demper op die ontwikkeling geplaas word nie. Dit moet ontwikkel tot volkspele wat as ware volk- en kultuurspele bestempel kan word. So gebeur dit dan ook telkens dat 'n bundel spele nog skaars algemeen bekend is, of daar word reeds weer wysigings voorgestel. By die nagaan van die Notule van die Uniale Raad is gevind dat reeds by die eerste vergadering na die verskyning van 'Ons Eie Volkspele' en by elke daaropvolgende vergadering wysigings van die spele voorgestel is. Nooit word die basiese samestelling van die volkspele verander nie, maar meesal gaan dit om 'n voetbeweging, buiging, greep of iets dergeliks.

Hoe gering van aard ookal, moes die wysigings algemeen aanvaar word ten einde te voldoen aan die ideaal van die Uniale Raad om algehele eenvormigheid in al die provinsies te verkry. Dit was juis oor hierdie aangeleentheid dat daar dikwels onenigheid met verreikende gevolge ontstaan het.

Behalwe hierdie wysigings, het daar ook gereeld nuwe spele verskyn wat uiteindelik in 'n bundel opgeneem moes word. Kunsverenigings wat kunswedstryde gereël het, was dikwels verantwoordelik vir die ontstaan van nuwe spele. In die afdeling vir volwassenes was daar gewoonlik twee volkspele-items - een vir voorgeskrewe spele en een vir oorspronklike spele. In die meeste gevalle was die spele wat onder die tweede item aangebied is bloot verhoog- of sangspele - maar selde was daar sprake van ware volkspele. Hier en daar het daar egter een ontstaan wat vir die Nasionale Raad

105/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

aanvaarbaar was en in 'n bundel opgeneem kon word, soos byvoorbeeld 'O nooi van die velde', aangebied deur die Springboklaer van Potchefstroom o.l.v. mev. Millie van der Merwe[x].

In September 1956 stel die Dagbestuur 'n nuwe spelekomitee aan bestaande uit mnr. M. Casaleggio (saamroeper), mevv. C. de Ridder, E. Dekker, M. Vosloo en mnr. Burger Gericke.[26] Die hooftaak van hierdie komitee was die bestudering van voorgestelde wysigings en nuwe spele asook die stelselmatige hersiening van reeds gepubliseerde handleidings.

Ter aanvang het die komitee bepaalde norme vasgestel waarvolgens nuwe spele beoordeel is, onder andere:

(a) die musiek moet goed versorg wees, daar moet 'n voorspel wees en die mate moet behoorlik genommer wees;
(b) die musiek moet 'n bepaalde ritme hê - dit mag nie in ander passies geforseer word nie;
(c) die musiek moet in frases verdeel word, so ook moet die bewegings in groepe saamgevat wees;
(d) spele moet ritmies saam met die musiek verander - dit speel makliker en gee meer bevrediging;
(e) daar moet gepoog word om van die ou stereotiepe weg te breek.[27]

Na aanleiding van die verslag deur bogenoemde komitee ingedien, het die Uniale Raad op sy vergadering in Julie 1960 besluit om 'n nuwe handleiding uit te gee. Die verskyning van hierdie bundel moes saamval met die mondigwording van die Volkspelebeweging op 1 Maart 1962.

Hierdie nuwe handleiding sou op die patroon van "Ons Eie Volkspele" gebaseer wees en onder andere die volgende bevat:
Foto's van toere en feeste asook artikels, 'n voorwoord deur dr. Pellissier, 'n beknopte geskiedenis van die Beweging, beskrywing van die volkspelekleredrag en 'n oorsig van Lenteskole.

106/...

---

[x]Persoonlike mededeling deur mev. Millie van der Merwe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Ook is besluit om 'n nuwe kunstenaar vir die sketse te vind en die moeilike grepe te illustreer. Waarom daar 'n nuwe kunstenaar betrek is, bly 'n duister saak. Skrywer meen dat die illustrasies wat in die vorige twee bundels gebruik is in baie opsigte baie meer gepas en natuurliker is. Laasgenoemde sketse het 'n mens meer aangespreek as die voriges. Verder is twintig nuwe spele, wat nog nie vantevore gepubliseer is nie, in die bundel opgeneem.[28]

Hierdie bundel is op glanspapier gedruk en het in 1962 verskyn. As inleiding tot die bundel verskyn die volgende: boodskappe van die Staatspresidentspaar (Adv. en mev. C.R. Swart, Beskermheer en -vrou van die Uniale Raad vir Volkspele en Volksang), dr. en mev. S.H. Pellissier (voorsitter) en mnr. H.J. Moolman (sekretaris), gevolg deur 'n kort geskiedenis van die Volkspelebeweging deur dr. Pellissier.

Hierna volg 'n kort lewenskets van dr. Pellissier, die vader van die Volkspelebeweging, met daarna 'n beskrywing van die werksaamhede van die Beweging as georganiseerde liggaam deur dr. Pellissier. Die name van die lede van die Uniale Raad verskyn op die volgende bladsy. Verder het die bundel foto's, marsliedere en 84 volkspele, gekies uit vorige gepubliseerde bundels met die nodige wysigings asook 'n aantal volkspele wat intussen ontstaan het en nog nie in een van die bundels opgeneem is nie, bevat. Die bundel word afgesluit met 'n hoofstuk oor woordomskrywing en algemene wenke. Die kleurryke skut- en binneblaaie, sowel as die netjiese druk- en bindwerk het die voorkoms van die bundel baie verbeter. Wat egter jammer is, is dat die uitleg veel te wense oorlaat. Dit is veral die afgesnyde foto's wat geweldig hinderlik is en afbreuk doen aan die publikasie.

Die aantal spele wat uit die bundels wat reeds verskyn het, geneem is, was soos volg:

107/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

'Volkspelehandleiding' - mej. A. Köhler: uit die 32 spele is 21 oorgeneem; volkspele soos 'Wat maak Ook Kalie daar?' 'Pollie ons gaan Pêrel toe' en 'Wie het vir Saartjie in die doringbos gegooi', wat aanvanklik almal baie gewilde spele was, is uitgelaat;

'Nuwe Volkspele' - Hester Morrison: twaalf uit die dertig;

'Nuwe Spele' - Cecile de Ridder: twintig uit twee-en-twintig.

Sedert die verskyning van 'Ons eie Volkspele' het daar een-en-twintig nuwe spele die lig gesien wat ook almal in die nuwe bundel opgeneem is.

10. Gewildheid van die spele

Oor die jare het daar dus 'n hele aantal volkspelebundels verskyn met 'n totaal van 114 verskillende spele. Die vraag is of hierdie spele almal ware volkspele is, d.w.s. volkspele wat uit eie Afrikaanse bodem gekom het en deur die volk aanvaar is; ware kultuur moet deur die volk opgeneem en aanvaar word.

Om 'n antwoord op hierdie vraag te probeer gee, is in 1960 en weer in 1970 'n vraelys aan alle volkspelelaers in die Republiek gestuur om die gewildheid van die volkspele te probeer vasstel. Daar is uitgegaan van die veronderstelling dat dié volkspele wat baie gewild is en heel dikwels gespeel word, wel deur die volk opgeneem en as eie kultuurgoedere aanvaar is. Volkspele wat selde gespeel word of wat onbekend is, moet as spele gesien word wat nie vir die volk aanvaarbaar is nie en weldra uit die volkspelerepertoire sal verdwyn.

'n Ontleding van die respondente se siening het getoon dat die volgende vyf-en-twintig volkspele die gewildste (in volgorde van aanvaarbaarheid) was en sonder enige twyfel die toets van

108/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

die tyd deurstaan het en as volkspele in die ware sin van die woord aanvaar is. Sover vasgestel kon word, het hierdie spele op eie bodem ontstaan, d.w.s. ten opsigte van woorde, melodieë en uitvoering, behalwe dié volkspele met 'n + gemerk. Die melodieë van die volkspele, gemerk +, is ontleen aan Europese volksdanse, maar het 'n Afrikaanse kulturele eiendomlike stempel gekry deur verwerking en vertaling in 'n eie Afrikaanse idioom.

| | 1960 | | 1970 |
|---|---|---|---|
| 1. | Kom Patertjie[+] | 1. | Kom Patertjie[+] |
| 2. | Oorlosie in die sak | 2. | Mandolientjie[x] |
| 3. | Hier's ek weer | 3. | Vaarwel |
| 4. | Bobbejaan klim die berg | 4. | Vrawals[x] |
| 5. | Kêrels, Kêrels | 5. | Afrikaners is plesierig[+] |
| 6. | Liefdesliedjie[+] | 6. | Suikerbossie |
| 7. | Ek soek na my Dina | 7. | Boetie sy's 'n perskeblom |
| 8. | Die rosie | 8. | Jou rooi lippies[x] |
| 9. | Ver in die wêreld Kittie | 9. | Hier's ek weer |
| 10. | Die blink vosperd | 10. | Môre oompie, môre tannie |
| 11. | Daar oorkant die spruit | 11. | Tant Hessie se witperd |
| 12. | Boetie sy's 'n perskeblom | 12. | Die Rosie |
| 13. | Môre oompie, môre tannie | 13. | Kêrels, Kêrels |
| 14. | Wie sal staan? | 14. | Kappietuit |
| 15. | Kimberleyse trein | 15. | Opsitkers[x] |
| 16. | Vaarwel | 16. | Kimberleyse trein |
| 17. | Dis julle wat die wind[+] | 17. | Dis heerlike lente[+] |
| 18. | Suikerbossie | 18. | Die Lintse kooi[x] |
| 19. | My hartjie, my liefie | 19. | Bobbejaan klim die berg |
| 20. | Jan Pierewiet, Jan Bam[+] | 20. | Daar by die strand |
| 21. | O, nooi van die velde | 21. | Liefdesliedjie[+] |
| 22. | Tant Hessie se witperd | 22. | Ek soek na my Dina |
| 23. | Jan Pierewiet (pare)[+] | 23. | Ver in die wêreld Kittie |
| 24. | Daar by die strand | 24. | Hier's 'n blommetjie |
| 25. | Kappietuit | 25. | Oorkant die spruit |

109/...

---

[x] Hierdie spele was in 1960 nog nie bekend nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Hierdie ondersoek het 'n paar baie interessante feite aan die lig gebring, waarvan die belangrikste die volgende is:

<u>Opm. 1</u>

<u>Kompatertjie</u> is sonder enige twyfel die populêrste speletjie. Waarom sou dit wees? Gaan dit om die meesleurende melodie, die woorde, die walspassies of miskien die verskeidenheid van bewegings, naamlik vyf? Skrywer glo dat al hierdie aspekte tot die populariteit bygedra het. Belangrik is die feit dat dit nie slegs een van die oudste Afrikaanse volkspeletjies is nie, maar ook van die oudste van die Nederlandse volksdanse. Dit is een van die volkspele wat die toets van die tyd deurstaan het, en dus 'n volkspel in die ware sin van die woord is.

In Nederland is dié volksdans as 'n 'rondedans' bekend en heet 'Patertje langs de kant'. Daar het haas geen ouderwetse bruilof plaasgevind nie of hierdie volksdans is gedans.[29]

S.J. du Toit[30] vertel dat 'Kompatertjie' reeds voor die Engelse Oorlog in die Middelveld in die omgewing van Petrusburg deur oud en jonk as die populêrste soenspeletjie gespeel is. In Kaapland waar die Engelse hulle stempel wel deeglik op die Afrikaanse kultuur afgedruk het, is die speletjie selfs op die wysie van 'Walking on the green grass' gespeel[31].

Jan Bouws[32] beweer dat hierdie Meiliedjie slegs bly voortbestaan het a.g.v. sy bruikbaarheid by draaispeletjies - 'n kombinasie van die kinderspel en kinderlied. Die volgende aanhaling uit 'Ons Klijntji' van Julie 1897 is ook baie insiggewend:

> "Elke jongeling en jonge noi had 'n liidjiesboeki, wat altyd groter werd omdat daarin gedurig nuwe liidjies bygeskrywe worde. En di jonkman wat di meeste en mooiste liidjies kon sing had al dadelik 'n strepie vooruit. Party fan di

110/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

liidjies was ferenig met speuletjies, soos 'Patertji, gé jou nonetji 'n soen', ens."[33]

Volgens Kloppers[34] moes die liedjie reeds voor die Groot Trek in 1836 op die voorposte bekend gewees het - dit was in 1870 ook reeds in die Moot (die vallei tussen die Magaliesberge, naby Hekpoort) bekend.

Die soenery aan die speletjie verbonde was waarskynlik ook verantwoordelik vir sy populariteit - vandag vorm dit egter nie meer deel van die speletjie nie.

Opm. 2

Populêre piekniekspeletjies soos 'Ver in die wêreld Kittie', 'Kimberleyse trein', 'Wat maak oom Kalie daar', e.a. wat van die oudste en bekendste piekniekspeletjies is, kon geen plek kry onder die eerste 25 populêrste volkspele nie. Is dit moontlik die eenvoud van hierdie volkspele wat daarvoor verantwoordelik is? Daar is so dikwels al gesê dat die volkspele uit slegs twee bewegings bestaan, naamlik loop en draai; bogenoemde spele beantwoord natuurlik heeltemal aan hierdie beskrywing. (As gevolg van die eenvoud van hierdie volkspele geniet kleuter- en laerskoolkinders dit nog baie).

Opm. 3

Die volkspele waarin die walspassie voorkom is en bly die gewildste. Soos in hoofstuk 2 aangedui, was die wals een van die populêrste danse waar daar ookal gedans is. Die liefde vir dans en die gewildheid van die wals het dus 'n sterk invloed op die volkspele gehad.

111/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

<u>Opm. 4</u>

Spele met enigsins ingewikkelde patrone, vind nie veel byval nie. Spele soos 'Jan Pierewiet' in stelle en 'Daar oorkant in Transvalia' - hoewel bekend - word baie selde op volkspelebyeenkomste gespeel. Hierdie spele geniet meer aandag as demonstrasiespele.

<u>Opm. 5</u>

Die tiekiedraai wat op piekniek so gewild was, word vandag nog net so geniet as deel van die volkspele.

<u>Opm. 6</u>

Die 'volkspele' wat vandag die onbekendste is, is dié wat kom uit die bundel van Hester Morrison. Die rede hiervoor moet in die moeilike wysies en die vinnige, onritmiese bewegings van die spele gesoek word. Enkele spele soos 'Die Rosie' en 'Boetie sy's 'n perskeblom', wat lekker sing, ritmies is en uit vloeiende bewegings bestaan, tel onder die gewildste volkspele op byeenkomste.

In die bespreking van mev. Morrison se bundel is gemeld dat die wysies van al die spele deur die bekende M.L. de Villiers gekomponeer is - hy was ook vir die woorde van die liedjies wat later gewysig is, verantwoordelik. Die wysies was nie tradisioneel nie en kon net nie ingang vind nie. Die bewegings en patrone of figure was vreemd en dikwels stokkerig, wat aan gimnastiekoefeninge laat dink het. Hierdie spele kon dus nooit as ware <u>volk</u>spele aanvaar word nie en daarom word hulle vandag heel selde gespeel - die meerderheid soos aangedui, is ook nie meer bekend by die volkspelers nie.

Daar mag miskien geredeneer word dat die spele nie in later bundels opgeneem is nie en sodoende nie bekend kon word nie. Dit mag wel

112/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

waar wees, maar selfs toe die bundel bekend gestel is, is dit deur meeste volkspelers met traagheid aanvaar - met uitsondering van ongeveer ses van die spele.

Opm. 7

Die ses Sweedse volkspele wat aanvanklik so gewild was, is geleidelik uitgeskakel omdat dit nie in die Afrikaanse volkspele-repertoire kon bly nie. Aanvanklik het die spele 'n doel gedien, maar op aanbeveling van die Uniale Raad is hulle nie in die latere bundels opgeneem nie en ook nie meer op kursusse aangeleer nie.

Opm. 8

Daar verskyn gedurig spele, wat aanvanklik baie gespeel en baie geniet word, omdat dit weer iets nuuts is, maar baie van hierdie spele bly nie lank gewild nie - daar verskyn nuwes wat aanvaarbaarder is en dan verdwyn baie van die vroeëre spele weer. Dit is 'n ontstellende tendens daar dit meebring dat die bestaan van ware Afrikaanse volkspele bevraagteken word. Vir baie volkspelers, maar veral vir die leiers, was dit 'n skok toe die hoofbeoordelares van die volksdansafdeling van die Walliese Eistedfodd in Llangollen, waaraan die volkspelers in 1958 deelgeneem het, in haar verslag gesê het dat die volkspele wat die groep uitgevoer het nie ware volkspele was nie daar dit nog nie eers twee dekades oud is nie.

Hierdie is 'n saak wat die ernstige aandag van die Nasionale Raad behoort te geniet. (Mev. De Ridder wat vroeër hoofvolkspeleleidster was, het ook onlangs onomwonde haar kommer oor hierdie neiging uitgespreek). Om volkspelers gedurig aan te moedig om nuwe volkspele te maak - al is dit ook volgens voorskrif van die Nasionale Raad - behoort vir 'n paar jaar gestaak te word sodat die bestaande spele meer beoefen word en daar nie maar gedurig na

113/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

iets nuuts gesoek word nie. Die vraag ontstaan of die moderne dans nie ook die volkspele beïnvloed nie. Dit is bekend hoe die moderne dans slegs vir 'n baie kort tydjie populêr bly en daarna van die toneel verdwyn.

## 11. Begeleiding

Begeleiding speel 'n baie belangrike rol in die uitvoering van volkspele en volksdanse en daarom het hierdie aspek besondere aandag geniet met die samestelling van die laaste volkspelebundel. Omdat hierdie aspek so belangrik is, is 'n paar opmerkings nie onvanpas nie.

Aanvanklik is sang as begeleiding by die uitvoering van die dans gebruik. Hierdie melodieuse vorm van begeleiding neig om 'n geestelike band tussen die danstema en die magiese doel van die dansbeweging te skep.[35] Die woorde van die lied wat gesing word met die uitvoering van die dans hoef geen verwantskap met die betekenis of die geleentheid van die dans te toon nie. In een van die beste voorbeelde van basiese kulture, naamlik dié van die Andamanese, het die gewone dans (volksdans) altyd met sang gepaard gegaan. Alle liedere is vir dansbegeleiding gekomponeer - daar was in werklikheid geen ander liedere behalwe dansliedere nie.[36]

Hierdie laasgenoemde stelling is nie waar van latere kulture nie, maar tog was daar en bestaan daar nog altyd 'n nou verwantskap tussen die dans en die lied. Albei ontstaan as gevolg van 'n gemeenskaplike mag (of dryfkrag) naamlik die impuls of drang tot beweging.

### 11.1 Kenmerke van goeie begeleiding

Dit is nodig dat die musiek en ritme van volksdanse altyd eenvoudig en baie melodieus moet wees. Dit moet die danser

114/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

onmiddellik aangryp. In die bespreking van die gewildheid van die volkspele het hierdie faktor baie duidelik na vore gekom. As die liedjie dadelik byval vind en maklik geleer word, volg dit vanself dat die spele ook baie geniet word. Die groepsang by die arbeid, soos ons tans nog by baie swart volkere aantref, gee iets feesteliks hieraan. So ook die talle arbeidsliedjies van die Europeërs waaraan die Afrikaner 'n groot gebrek het. Ook gee die sang aan die volkspele die nodige lewendigheid wat soms in die passies of patroon ontbreek.

Dit is belangrik dat die verdeling van die klank in ruspouses (ritme) streng gehandhaaf word. Die kort musiekfrases moet deur die kleinste moontlike aantal passies vertolk word. Dit bring mee dat ruspouses in die musiek ook vir ruspouses in die spel gebruik word.[37]

## 11.2 Begeleiding van Afrikaanse volkspele

Soos reeds in 'n vorige hoofstuk gemeld, moet die bekende Afrikaanse piekniekspele as vertrekpunt van ons volkspele gesien word. Gepaard hiermee gaan die ses Sweedse volkspele wat aanvanklik vir die eerste groepie volkspelers te Boshof aangeleer is. Omdat dr. Pellissier ook as ideaal 'n singende Afrikaanse volk gehad het, het hy juis van daardie Sweedse volkspele waarby gesing word (by die meeste Sweedse volkspele word nie gesing nie) vertaal en aan die groep kinders geleer.

By die uitvoering van die piekniekspele is nooit enige musiekinstrumente gebruik nie. Om die volkspelers te leer om te sing, het die klem altyd op die stem as begeleidende instrument geval. Die spel is egter van die opelug na die saal verplaas en om die nuwe spele makliker aan te leer en om die spelers

115/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

te ondersteun, is besluit om klavierbegeleiding by te bring. Volgens mnr. Casaleggio, wat sonder die minste twyfel die mees ervare volkspelebegeleier is en reeds vir die afgelope veertig jaar in dié hoedanigheid die Beweging dien, gee klavierbegeleiding die meeste bevrediging, maar dan slegs in sale - in die buitelug gee dit beslis probleme - die trekklavier is hier 'n goeie plaasvervanger. Die ideale kombinasie is egter trekklavier en ghitaar - die konsertina kan bygebring word mits dit goed bespeel word.

Vir die tradisionele Boeredanse was die instrumentale kombinasie die konsertina, viool en ghitaar. Die trekklavier en die viool smelt nie altyd goed saam nie en daarom word dié kombinasie nie vir volkspelebegeleiding aanbeveel nie. Die effektiefste kombinasie sal dus wees: konsertina, ghitaar, viool en basviool óf trekklavier en basviool.

Die Uniale Raad het reeds vanaf die ontstaan van die Beweging baie aandag aan die kwessie van begeleiding gegee en gereeld die probleme wat opgeduik het in oënskou geneem en advies gegee. In 1946 het daar reeds versoeke van laers gekom om van Boere-orkeste gebruik te maak. Gedurende die veertiger- en vyftigerjare was die Boere-orkeste baie populêr, maar hulle was feitlik sonder uitsondering dansorkeste. Die ritmeverskuiwing of sinkopasie van hedendaagse dansorkeste is nie met volkspele en die padlangse ritme van ons volkspele en volkspeleliedjies versoenbaar nie.[38] Om dié rede wou die Raad nie toestemming verleen tot die gebruik van Boere-orkeste nie en daarom is dan ook besluit om 'n omsendbrief aan alle laers te stuur waarin hulle meegedeel is dat die gebruik van Boere-orkeste by volkspelebyeenkomste onwenslik is.[39]

Baie laers het probleme ervaar om bekwame begeleiers te vind met die gevolg dat die liedjies baie keer verkeerd aangeleer



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

is en gevolglik 'n verkeerde uitwerking op die uitvoering van die spele gehad het. Om hierdie probleme te probeer oorbrug, is besluit om die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie te nader oor die moontlikheid van plaatopnames.[40] Die SAUK was bereid om die opnames te maak teen R1 stuk, terwyl die matrys R40 sou kos. Die Raad het besluit om agt van die minder bekende liedjies op te neem en eenhonderd afdrukke aan die laers beskikbaar te stel.[41]

Alvorens die plate egter finaal gedruk is, is opnames van verskeie kombinasies van instrumente, deur mnr. Casaleggio gemaak en aan die Uniale Raad voorgespeel. Die volgende kombinasies is voorgespeel:
klavier, trekklavier en ghitaar
trekklavier en ghitaar
trekklavier
klavier
klavier en sang (sang deur die Bloemfonteinse volkspelegroep)
klavier, viool en blokfluit

Die Raad was allermins deur laasgenoemde kombinasie beïndruk maar aangesien dit 'n moeilike besluit was, is die finale keuse aan die Volkspelekomitee oorgelaat. Die komitee sou ook die spele kies en besluit hoeveel keer elke speletjie herhaal moes word.[42]

Dit het egter baie gou geblyk dat hierdie vorm van begeleiding nie baie gewild was nie. Sommige laers wat gemeen het dat dit heeltemal ondoeltreffend was, het dit summier verwerp. Die plate was dikwels verkeerd aangewend en daar is ook uit die oog verloor dat dit eintlik bedoel was vir dié laers wat nie begeleiers gehad het nie of in gevalle waar die begeleier nie seker van die tempo was nie. Die Raad het om tegniese redes die plaat bo die band verkies; maar dit het nie lank geduur alvorens die plaat heeltemal in onbruik geraak het nie.

117/..

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Baie laers het volgehou dat 'n orkes die antwoord sou wees en die Raad genader om sy vorige besluit wat orkesbegeleiding in 'n saal verbied het, in heroorweging te neem. Na rype beraadslaging het die Raad besluit dat klein orkessies, bestaande uit 'n maksimum van vier instrumente wel aanvaarbaar sou wees.[43] Daar was altyd die vrees dat 'n groot Boere-orkes, wat dan ook gewoonlik 'n dansorkes was, tot dansery aanleiding sou gee.

In die verslag wat die Komitee vir Sang en Volkspele in 1962 aan die Raad voorgelê het, het die komitee aanbeveel dat daar tog na bande oorgeskakel moet word, daar die plate beslis nie aanvaarbaar was nie. Hulle het ook geredeneer dat die bandmasjiene goedkoper sou wees as die draaitafels.[44] Toestemming is verleen, maar kort voor lank was beide vorms van begeleiding van die baan.

Met verloop van jare het musiekonderrig so gevorder - veral op die platteland - dat laers haas geen probleme meer met begeleiding gehad het nie. Die vraag is dikwels gevra of hierdie urelange besprekings oor die probleem van begeleiding oor die jare enige vrugte afgewerp het. Die antwoord is eenvoudig: al het dit nie enige merkbare verandering teweeggebring nie, het dit eerstens gehelp om die opstellers van spelebundels se aandag pertinent op die geskrewe musiek te vestig en tweedens het dit verhoed dat die volkspelebyeenkomste in danspartye ontaard.

11.3 Begeleiding by massa-byeenkomste

Met die massavertoning by die inwyding van die Voortrekker-monument in 1949 is vir die eerste keer van 'n blaasorkes gebruik gemaak. So suksesvol was dié uitvoering, dat sedertdien nog steeds van soortgelyke orkeste by groot opelugbyeenkomste gebruik gemaak word.

---o0o---

118/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

12. BRONNEVERWYSING EN TOELIGTENDE VOETNOTE BY HOOFSTUK 4

1. S.H. Pellissier - Kirschner, 11.1.1941.
2. J.F. Marais - S.H. Pellissier, 25.2.1941.
3. J.F. Marais - A. Köhler (Telegram).
4. J.F. Marais - A. Köhler (Telegram).
5. Uniale Volkspelekomitee van die RDB, Notule, 1.3.1941, p.2.
6. A.M. Köhler, RDB - Volkspelehandleiding, p.9.
7. S.H. Pellissier - Pierre Fourie, 7.1.1941.
8. N. Diederichs - S.H. Pellissier, 29.8.1941.
9. Juin du Toit: Suid-Afrikaanse Volkspeletjies, 1941.
10. S.H. Pellissier - J. Vorster, 1.9.1941.
11. S.H. Pellissier - N. Diederichs, 6.9.1941.
12. S.H. Pellissier - H. van der Heerden, 21.8.1941.
13. J. Vorster - S.H. Pellissier, 8.9.1941.
14. S.H. Pellissier - N. Diederichs, 12.9.1941.
15. Sekretaris, Wes-Kaaplandse Volkspelekomitee - P.J.L. Odendaal, 12.6.1942.
16. P. Odendaal - M.L. de Villiers, 12.6.1942.
17. S.H. Pellissier - Pierre Fourie, 21.8.1942.
18. (?) Burger - S.H. Pellissier, 24.8.1942.
19. Uniale Komitee vir Volksang en Volkspele, Notule, 1.4.1942, p.8.
20. Hester Morrison: Nuwe Volkspele, p.2.
21. Pierre Fourie - S.H. Pellissier, 27.10.1942.
22. Cecile de Ridder: Nuwe Spele, p.5.
23. Ibid., p.7.
24. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2-3.10.1953, p.7.
25. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 1-2.10.1954, pp.4-5.
26. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Dagbestuur, Notule, 28.9.1956, p.3.
27. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29.2.1957, Bylae, p.2.
28. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 6-9.7.1960, p.14.
29. Elise van der Ven - Ten Bensel en D.J. van der Ven: De Volksdans in Nederland, p.50.

119/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

30. S.J. du Toit: Suid-Afrikaanse Volkspoësie, p.98.
31. F.T. Schonken: De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen, p.195.
32. Jan Bouws: Musiek in Suid-Afrika, p.32.
33. Ons Klijntji, Julie 1897.
34. M.H.O. Kloppers: Volkspeletjies in die Moot, p.378.
35. Curt Sachs: World History of the dance, p.182.
36. Ibid., p.182.
37. Cecile de Ridder: Belangrike Verwante aspekte van Volkspele, (Inspan, November 1949), p.11.
38. Lotte van Oudtshoorn Schenkel: Volkspele Nou en Tien jaar gelede (Inspan, April 1950), p.19.
39. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2-3,10.1953.
40. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29-30.6.1956, p.15.
41. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Dagbestuur, Notule, 28.9.1956, p.5.
42. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 27-29.6.1957, p.5.
43. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29.6.1961 - 1.7.1961, p.7.
44. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 5-7 Julie 1962, (Verslag) p.2.

120/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

# HOOFSTUK 5

## VOLKSPELEDRAG

### 1. Belangrikheid van Volks- of Nasionale Drag

Volkspele en volksdrag is so onafskeidbaar aan mekaar verbonde dat 'n uitvoering van die volkspele of -danse in gewone drag net nie die spele of danse tot hulle reg laat kom nie.

> "Ook in Duitschland, waar de herleving wat later inzette, werden eveneens verkleedpartijen in historische of boerendracht in den aanvang onmisbaar geacht bij de beoefening van den echten volksdans."[1]

In die Westerse lande met hulle eeu-oue tradisies van volksdanse, speel drag so 'n belangrike rol dat daar gereeld spesiale byeenkomste gereël word om die tradisionele volksdrag ten toon te stel.

Die drag bepaal in baie opsigte die karakter van die dans, terwyl eersgenoemde weer dikwels deur klimaat of selfs lewensopvatting beïnvloed word. Die folkloristiese volksdansgroepe van Nederland, met hulle lang swaar rokke en verskeie onderrokke, wye pofbroeke van die mans en die swaar klompe, se dansbewegings is meesal langsaam en lomp. In teenstelling hiermee beweeg die Ierse volksdanseresse, geklee in kort, ligte rokkies en soms kaalvoet, ligvoets - dit pas by die fyn, vrolike, lewendige horrelpype en riele.[2] Ook die Tiroler is geklee in sy besondere kortbroek met kruisbande en 'n kortmouhemp wanneer hy sy bekende 'shuplatler' dans.

Omdat die klimaat ook die volksdrag beïnvloed, sou verwag word dat die Afrikaanse volkspelers hulle sou wend tot kort, ligte rokkies, soos by die Iere en andere vir die dames en kortbroeke met oopnekhemde vir die mans om by die warm klimaat aan te pas. Dit is egter nie die nasionale drag van die Afrikaner nie en daarom verkies hy die tradisionele drag bo die meer gemaklike.

121/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Volgens wyle professor Abel Coetzee[3], bekende volkskundige, hang die volksdrag baie nou saam met die groepsgevoel of die nasionaliteitsgevoel. Dit gebeur dan ook dat volksdrag dikwels uit die algemene kultuurdrag van 'n spesifieke periode ontstaan. Die periode wat gekies word, is dikwels dié waarin die volk of groep 'n groot prestasie(s) gelewer het. Die Groot Trek wat in 1836 begin het, was 'n besondere gebeurtenis in die geskiedenis van die Afrikanervolk en daarom is die Voortrekkerdrag as volksdrag gekies. Deur die volksdrag kom die drang om die nasionale selfstandigheid te beklemtoon tot uiting.

Vir 'n kragtige voortbestaan van die volksdrag is 'n sterk groepsgevoel 'n voorvereiste. As hierdie gevoel verflou, sal ook die volksdrag verdwyn. Die Simboliese Ossewatrek van 1938 was nodig om die volksgevoel van die Afrikaner weer te versterk en sodoende nuwe belangstelling vir die volksdrag te wek.

In die jare 1939 - 1940 was daar ook in Amerika 'n herlewing van die volksdanse gepaard met 'n mate van bekommerdheid oor hulle volksdrag. Die volksdansers het hulle in die kleurryke drag van die boerestand geklee, terwyl die sogenaamde 'stelledansers' (square dancers) hulle tot die drag van die voorvaders gewend het. Die vrouens het ouderwetse tabberds en die mans kleurryke 'Cowboy'-broeke en geborduurde hemde met swierige nekdoeke gedra.[4] Weer eens toon dit dat die volksdanse en volksdrag onafskeidbaar aan mekaar verbonde is.

## 2. Voortrekkerdrag

Wanneer 'n studie van die drag van die Koloniste aan die Kaap tydens die bewind van die Vereenigde Oost-Indische Compagni gemaak word, val dit op dat die drag geensins by dié van Wes-Europa afgesteek het nie.[5] Die Kapenaars was baie deftig gekleed - moontlik omdat die meeste uit Holland afkomstig was en die

122/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Hollanders op daardie tydstip in weelde geleef het. In die 18de eeu het die swierigheid in so 'n mate toegeneem dat Goewerneur Tulbagh dit met sy Prag- en Praalwette[6] probeer aan bande lê het.

Deurdat talle skepe gereeld die Kaap aangedoen het, was die koloniste wel deeglik met die jongste modes uit Europa vertroud. Die kieskeurigheid van drag was selfs by die Voortrekkers wat die binneland ingetrek het, te bespeur - hulle kisklere was van die beste en rykste stoffasie.[7]

Vir 'n beter begrip van die volks- en volkspeledrag, is dit egter nodig om die aandag by die sogenaamde Voortrekkerdrag, d,w.s. die drag wat gedurende hierdie tydperk mode was, te bepaal. Hierdie drag is later as volksdrag aanvaar[8] en uit dié volksdrag het die volkspeledrag ontwikkel. Alhoewel dit 'n modedrag was, was dit nie 'n slaafse navolging of nabootsing van die Europese drag nie - dit is baie duidelik gewysig om by die Afrikaanse omstandighede en volksaard aan te pas en daarom kan dit ook volksdrag genoem word.

## 2.1 Vrouedrag

### 2.1.1 Die Rok

Die Voortrekkervrou se drag is baie noukeurig deur beide mej. Trudie Kestell[9] en mev. Kotie Roodt-Coetzee[10] beskryf. 'n Studie van voorbeelde van Voortrekkerdrag in die Voortrekkermuseum en ander kultuurhistoriese museums werp ook heelwat lig op dié onderwerp. In die Voortrekkermuseum te Pietermaritzburg is daar onder andere 'n voorbeeld van 'n baie eenvoudige langmourok met slegs pylnaatjies om die lyfie glad te laat pas. 'n Ander rok weer het 'n versiering wat van die skouers skuins tot 'n punt voor loop waar dit saam ingeryg is.

123/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die moue kom tot by die elmboog met 'n valletjie. In albei gevalle is die rompe baie wyd en word die lyfie agter met hakies en ogies vasgemaak. Om die rok klokvormig te laat uitstaan, is drie of vier gestyfde onderrokke met valletjies gedra. Hierdie wye romp is die grondvorm van alle Germaanse volksdrag.

Die algemene patroon in gebruik was die rok waarvan die lyfie tot by die middel gereik het, lang moue en 'n romp wat effens korter en wyer was as die vorige styl. Die skouerlyn was gewoonlik verleng en het 'n ronde, afhangende effek gehad. Die lyfie het voor in 'n puntjie uitgeloop en waar die voorpunt van die lyfie plooie oor die bors gehad het, is die plooie in 'n puntjie saamgevat. Die moue is gewoonlik glad, sonder plooie bo, aangewerk. Die mousgat was besonder klein omdat die skouernaat betreklik lank was en dus onderkant die skouerknop gekom het.

Rokke wat met spesiale geleenthede soos Nagmaalsvierings, doopplegtighede, huweliksfeeste en Sondae gedra is, was gewoonlik van tafsy, gewaterde sy of koordsy gemaak, terwyl linne, sis, moeselien en katoen vir die gewone alledaagse drag gebruik is.


### 2.1.2 Die Kappie

Daar is 'n verskeidenheid van kappies gedra, waarvan die verskil in die versiering en nie soseer in die styl gesoek moet word nie. Daar was in hoofsaak twee groepe: die wit linnekappie en die gekleurde sy- en donkerkleurige kappie. Die jonger geslag se kappies was gewoonlik van gekleurde weerskynsy, groen-rooi,


124/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018


blou-groen, vaal-roos en ander skakerings, terwyl die ouer dames se kappies gewoonlik van swart sy en swart alpakka gemaak is.[11]




Langbolkappie



Polkakappie



Rondebolkappie



Tuitkappie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die kappies wat die meeste op die Trek gedra is, is die rondebolpatroon, tuit- of dopperkappie (met 'n klein bolletjie), langbol (die kopstuk het uit een deel bestaan) en die polkakappie (hierdie kappie is soos die tuitkappie fyn deurgestik).[12]

Blommotiewe as borduurpatrone het gewissel van die eenvoudige geometriese tot die betreklik ingewikkelde. Lyne wat mekaar reghoekig gekruis het en vierkante gevorm het, is die meeste aangetref daar dit die maklikste was om uit te werk.[13] Die meeste ontwerpe was dus gebaseer op sigsag- of slingerlyn en variasies daarvan, saagtandlyne, streng geometriese patrone, golwende lyne tussen skerp getande lyne, fantasie-blomontwerpe en simboliese patroontjies.

Dit was gewoonlik die linnemateriaal wat geborduur is - kappies van weerskynsy of gestreepte sy het geen verdere versiering nodig gehad nie. Die talle klein stekies het meegebring dat die kappie redelik styf was sodat dit soos die 'bonnet' of tuithoedjie die gesig met 'n volmaakte ronding omraam het.

Die kappie het nie slegs 'n funksionele doel gedien nie, maar het ook die geleentheid gebied om aan die estetiese drang uiting te gee, deurdat dit, soos hierbo genoem, op velerlei wyses geborduur is. In die borduur van die kappie het ons met ware volkskuns te doen. Die tuitkappies het, volgens Lorentz Schultz[14] wat in Nederland navorsing gedoen het, hulle oorsprong in die Nederlandse provinsies Zeeland, Gelderland, Suid-Holland en in die omgewing van Amsterdam gehad. Baie van die immigrante uit Nederland het van hierdie provinsies gekom. Dit

126/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

was veral die Gelderlanders wat hulle in die Oostelike Provinsie as veeboere gevestig het, wat hulle invloed laat geld het.

## 2.2 Mansdrag

Kommandante J.W. Weilbach en C.N.J. du Plessis van Potchefstroom skryf in 1881 dat gedurende die jare 1836 - 1850 die kleredrag besonder eenvoudig was aangesien die veeboere nie veel kontak met die stadsbevolking gehad het nie en hulle klere ook deur die vrouens gemaak is. Die ouer mans het gewoonlik velbroeke gedra, behalwe met spesiale geleenthede wanneer hulle fluweelbroeke gedra het.[15]

### 2.2.1 Die broek

Die sogenaamde 'klapbroek' was die bekendste styl of snit van die mansbroeke. Dié tipe broek is nog dikwels in Nederland en Duitsland deur vissers en boere gedra. Die broek is sonder kruisbande gedra en het styf om die heupe gepas - vandaar die interessante naam van 'nierknypers'.[16] Die broeke was aanvanklik van vel, maar later is ook molvel en nog later fluweel of ferweel gebruik - laasgenoemde was in swart, groen, bruin, blou en donker-geel verkrygbaar.

### 2.2.2 Baadjie en onderbaadjie

Die baadjie wat deur meeste van die Trekkers gedra was, was taamlik kort en het slegs tot by die heupe of broeksband gekom en was bekend as die 'dopperbaadjie'. Die onderbaadjie was gewoonlik van sy, baie deftig, met 'n sakkie aan elke kant en pragtig geborduur.

127/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Soos in die geval van die vroue, was daar ook onderskeid gemaak tussen die gewone klere en die sogenaamde kisklere. Die geborduurde onderbaadjie, manel en klapbroek van ferweel, wat in verskillende kleure gedra is, was die drag vir Sondae en spesiale geleenthede. Die verskil was eintlik meer in die materiaal as in die patroon. Die hemde was gewoonlik van wolstof, maar vir deftige drag is linne gebruik. Om die pak af te rond is 'n nekdoek of krawat gedra.

Die drag van die Voortrekkerman en - vrou, was dus die drag wat hulle uit die Kaapkolonie saamgebring het.[17] Daar moet egter onthou word dat hierdie modes as gevolg van groot afstande tussen die Oostelike Provinsie en Kaapland en tussen laasgenoemde en Europa meegebring het dat hulle dikwels lank reeds uitgedien was. Interessant is ook die feit dat die drag dikwels verskil het deurdat die Trekkers uit verskillende stande was en van verskillende dele van die Kaapkolonie afkomstig was.[18] Basies het die drag tog baie ooreengekom.

## 3. Die eerste pogings tot die instelling van 'n volksdrag

### 3.1 Individuele pogings

Na die vestiging van die Boere in die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek, het die tradisionele Voortrekkerdrag feitlik verdwyn. Dit kan veral toegeskryf word aan die toestroming van uitlanders na die Republieke met die ontdekking van goud en diamante. Onmiddellik was die Boere weer in aanraking met en beïnvloed deur die heersende Europese modes.

Soos in hoofstuk 3 vermeld, het dr. Pellissier hom tydens sy studieverblyf in Swede voorgeneem om die volksdrag in

128/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Suid-Afrika te laat herleef. Hy was egter nie die enigste wat hierdie ideaal gekoester het nie.

In Desember 1915 is Dingaansfees (nou bekend as Geloftefees) te Maselspoort, naby Bloemfontein, gevier. Mej. Trudie Kestell en haar moeder, mev. J.L. van Heerden, asook mevv. H. van der Broek, H. Fivaz, S. de Villiers, J.S.M. Rabie, Aletta Sennet en Helgaard Steyn met haar gesin, het hierdie en etlike daaropvolgende feeste in Voortrekkerdrag bygewoon.[19] Mej. Kestell[20] het op 21 Junie 1929 in die "Taalgenoot" 'n ernstige beroep op alle Afrikaners gedoen om voortaan alle volksfeeste in Voortrekkerdrag by te woon. Sy het 'n volledige beskrywing van die drag gegee wat moes dien as handleiding vir diegene wat die drag wou aanskaf. Mev. Pres. Steyn het hierdie oproep in 'Die Volksblad' van 1 Augustus 1929[21] baie sterk gesteun. Die Voorsitster van die Oranje Vrouevereniging, mev. A.A. Weich, het verdere steun verleen deur die versoek baie pertinent onder die aandag van die lede van die Vereniging te bring.

## 3.2 Bydrae van die Simboliese Ossewatrek

Daar was sporadies aan bogenoemde oproepe gehoor gegee, maar dit het nog nie by die algemene publiek ingang gevind nie. Eers met die Simboliese Ossewatrek in 1938 het daar 'n spontane herlewing van nie slegs die Voortrekkerdrag nie, maar van verskeie aspekte van die Afrikaanse kultuur gekom. As gevolg van hierdie kultuuraksie het die Afrikanervolk weer van homself en sy kultuurerfenis bewus geword. Stakings, oorloë, en depressies het hom sedert die Tweede Vryheidsoorlog aan die slaap gesus en hom weer eens 'n gevoel van minderwaardigheid besorg.

So ver as die waens se wiele gerol het - van die Kaap tot in Transvaal - is die Afrikaner wakker geskud en het daar 'n

129/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

kulturele herlewing soos nooit tevore nie plaasgevind. Langs die pad is die waens met die grootste entoesiasme ingewag en het die volk luisterryk in Voortrekkerdrag fees gevier.

Hierdie Simboliese Trek is in 1937 in Bloemfontein deur 'n groot kermis vooraf gegaan waartydens 'n voorstelling van die Groot Trek van 1836 in Koningspark gegee is. Met hierdie geleentheid het 'n 'wa-op-trek' in die Park uitgespan. Wat was die belangstelling groot toe op tipiese Voortrekkerwyse seep gekook en vetkerse gemaak is. Die dogters en seuns van die Trek - studente van die Onderwyskollege en leerlinge van die Oranje-Meisieskool en Grey-Kollege - het saans onder leiding van mej. Anna Köhler, lektrise aan die Bloemfonteinse Onderwyskollege, besoekers op volkspele vergas. Al die deelnemers was in Voortrekkerdrag, volgens die mode van 1836, soos in die Nasionale Museum in Bloemfontein uitgestal. Die seuns het egter gewone broeke en hemde met gekleurde nekdoeke gedra.[22]

Op 31 Desember 1937 is volkspele dus vir die eerste keer in Voortrekkerdrag uitgevoer. Sedert dr. Pellissier in 1914 vir die eerste keer volkspele by die pan naby Boshof laat speel het, was dit nog altyd in gewone drag uitgevoer.

## 4. Voortrekkerdrag word Volkspeledrag

Die Simboliese Ossewatrek was vir die toekomstige vasstelling van die volkspeledrag baie belangrik daar dit ná die Trek baie duidelik was dat die volkspeledrag in die toekoms die Voortrekkerdrag van weleer sou word.

Hierdie Trek het ook as direkte gevolg die stigting in 1941 van die Uniale Volkspelekomitee gehad. Om volkspele deur die lengte en die

130/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

breedte van die land te propageer is oral kursusse gehou waartydens volkspeledrag verpligtend was. Die geesdrif vir die eie was steeds baie hoog en jongmense het in hulle honderde die kursusse bygewoon. Hier het hulle, en dan veral die dames of niggies, soos hulle in volkspelegeledere bekend staan, die geleentheid gekry om met hulle fraai veelkleurige tabberds te spog.

Met die aanname van die Amptelike Volkspeledraghandleiding, is 'n drag vasgelê wat oor 'n tydperk van bykans 30 jaar ontwikkel het. Dat daar in die toekoms kleiner wysigings aangebring sal word, sal strook met die aanvaarde tendens van wisseling van kleredrag om by veranderende tye en omstandighede aan te pas. Basies is daar egter nou 'n drag bepaal wat algemeen aanvaar is en aanpas by die aard en karakter van die Afrikaner.

5. Slotopmerkings

Suid-Afrika is sover vasgestel kon word, een van die weinige, indien nie die enigste land in die Westerse wêreld nie wat 'n eenvormige volkspeledrag vir alle volkspelers het. In 'n land soos Spanje, waar volksdanse nog baie gewild is, en die mense ook nog op hulle nasionale drag gesteld is, het elk van die dertien streke of provinsies, soos byvoorbeeld Andalusië, Galicië, Katalonië, Valencië en andere, sy eie volksdrag wat merkwaardig van mekaar verskil.[23] Dit gebeur ook dat verskille binne 'n streek aangetref word.

Ook in Switzerland toon die drag in Kantons soos La Vaudoise, Basel, Hallau, Zürich en Unterwald aanmerklike verskille. Hierdie verskynsel doen hom voor in feitlik alle Wes-Europese lande.

Onwillekeurig ontstaan die vraag of die eenvormigheid van die volkspeledrag nie bydra tot 'n enersheid wat veral vir die niggies nie aanvaarbaar is nie. Moet daar nie aan elke provinsie/gewestelike streek meer vryheid gegee word nie, meer geleentheid tot oorspronklikheid en vindingrykheid nie?

131/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Aan die begin van die hoofstuk is verskillende modes wat in Kaapland bekend was, genoem. Skrywer se persoonlike mening is dat die volkspeledrag baie interessanter sou gewees het indien die volkspelers toegelaat was om hierdie drag te bestudeer en met 'n groter verskeidenheid voor die dag te kom. In die huidige volkspeledrag word alles voorgeskryf - selfs die breipatroon vir die manteltjies.

In 'n land soos Duitsland skep die volksdansers groot behae daarin om hulle volksdansklere te borduur volgens tradisionele ontwerp - sodoende word groter belangstelling gewek vir die volkskultuur. Die volkspeler ag hom te veel geregimenteerd - hy moet net doen wat vir hom voorgeskryf word - hy kry geen geleentheid om sy eie oorspronklikheid te toon nie. Die Voortrekkervrou was bekend vir haar oorspronklikheid, vindingrykheid en vernuf wat sy aan die dag gelê het met haar naald-, brei- en hekelwerk. Die hedendaagse Afrikanerdogter moet maar slegs 'n nabootser wees. Of hierdie belangrike aspek maar ingeboet moet word ter wille van eenvormigheid, is 'n saak waaroor besin moet word.

Daar is wel voorheen aan die moontlikheid van verskillende drag vir die verskillende provinsies gedink, maar die saak is nooit verder gevoer nie.

In die notule van die Dagbestuur van die Wes-Kaaplandse Komitee vir Volkspele en Volksang word genoem dat dr. Pellissier 'n skrywe aan die Komitee gerig het waarin hy noem dat byvoorbeeld die snit van die neef se broek en die materiaal binne sekere perke aan die spelers oorgelaat moet word - dit moet slegs iets tradisioneels bevat. Toe die drie pakke, waarna reeds verwys is in 1942 ter sprake gekom het, het dr. Pellissier self die mening uitgespreek dat al drie pakke moontlik aanvaar kon word.[24] Skrywer se sienswyse is dus tog nie so vergesog nie. Indien verkies, kan daar wel met



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

groot nasionale feeste eenvormigheid van drag wees, want vir meeste van die vertonings word daar tog spesiale drag voorgeskryf.

Die volkspeledrag, soos dit ontwikkel het, is histories verantwoordbaar. Dit het voortdurend aangepas by omstandighede en tye. Daar was nooit sprake van stagnasie nie, maar steeds 'n soepelheid in aanbieding. (Sien die Byvoegsel vir die verdere ontwikkeling van die drag.)

---o0o---

133/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 6. BRONNEVERWYSINGS EN TOELIGTENDE VOETNOTE BY HOOFSTUK 5

1. Elise en D.J. van der Ven - Ten Bensel: De Volksdans in Nederland, p.297.
2. C. de Ridder: Twee Radiopraatjies (Inspan, November 1949), p.10.
3. Abel Coetzee: Die Afrikaanse Volkskultuur, p.122.
4. Virginia C. Anderson: Western Folklore (Inspan, November 1949), p.21.
5. Trudie Kestell: Die Erfenis van Drie Eeue I, (Die Taalgenoot, Maart 1954), p.266.
6. S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, p.185.
7. H.C. Theunissen en N.H. Theunissen: Kleredrag van Van Riebeeck se dae tot die Voortrekkertyd (Brandwag, 9 September 1938), p.36.
8. Trudie Kestell: Kleredrag van ons Voorouers III (Die Huisgenoot, 15 Augustus 1947), p.56.
9. Ibid., pp.56-57.
10. Kotie Roodt-Coetzee: Voortrekkerdrag (Inspan, November 1949), pp.14-15.
11. Kotie Roodt: Voortrekkerkappies (Die Huisgenoot, 3 Januarie 1941), p.49.
12. Kotie Roodt: Voortrekkerkappies (Die Huisgenoot, 27 Desember 1940), p.47.
13. Ibid., p.47.
14. Lorentz Schultz: Die Tuitkappie en sy Familie (Die Taalgenoot, Augustus 1963), p.15.
15. J.D. Weilbach en C.N.J. du Plessis: Geschiedenis van de Emigranten-Boere en van den Vrÿheids-orlog, pp.22-23.
16. F.Th. Schonken: De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen, p.102.
17. Gustav S. Preller: Voortrekkermense, III, p.242.
18. Ibid., p.243.
19. Nellie Kruger: Voortrekkerdrag word volksdrag (Die Taalgenoot, Mei 1963), p.40.

134/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

20. Trudie Kestell: (Die Taalgenoot, 21 Junie 1929).

21. Die Volksblad, 1.8.1929.

22. S.H. Pellissier (mev.): Van Voortrekkerdrag tot volkspeledrag (Die Taalgenoot, Mei 1963), p.13.

23. Chansons et Danses d' Espagne, Section femine de F.E.T. et des J.O.N.S., 11e uitgawe.

24. Wes-Kaaplandse Komitee vir Volksang en Volkspele, Dagbestuur, Notule, 27.11.1942, p.1.

135/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## HOOFSTUK 6

## HOOGTEPUNTE VAN DIE VOLKSPELEBEWEGING 1941 - 1970

### 1. Vertoning tydens die inwyding van die Voortrekkermonument - 1949

'n Volk het gekom om sy ereskuld te betaal. Op 16 Desember 1949 is die grootse monument te Pretoria ingewy. Die luisterrykste fees in die geskiedenis van die Afrikaner is op hierdie dag gevier. In werklikheid was dit 'n lang uitgerekte fees wat oor maande gestrek het en in Kaapstad begin het met die Simboliese Ossewatrek om in Pretoria die hoogtepunt te bereik. Ook in Pretoria was die fees nie beperk tot 16 Desember nie, maar vir 'n week lank is skouspelagtige vertonings deur 'n groot verskeidenheid organisasies aangebied. Vir die eerste keer in die geskiedenis van georganiseerde volkspele het dié organisasie die geleentheid gekry om te toon wat gedurende die voorafgaande tien jaar bereik is.

Op 19 Julie 1948 het dr. Pellissier aan die voorsitter van die Voortrekkermonumentkommissie geskryf waarin hy hom meegedeel het dat daar op 15 Desember ongeveer 500 spelers uit elke provinsie aan 'n volkspelevertoning en tablo sou deelneem. In dieselfde skrywe het hy versoek dat daar op die terrein aan die noordoostekant, wat deur hom en Gerard Moerdyk (argitek van die Voortrekkermonument) besoek is, 'n betonblad aangebring word vir die vertoning.[1]

Op 13 Mei 1949 kon dr. Pellissier aan mev. De Ridder, wat vir die vertoning verantwoordelik sou wees, skryf dat die Sentrale Volksmonumentekomitee toestemming verleen het tot die massavertoning deur die volkspelers.[2]

Die feeskomitee het besluit dat die volkspelers die middag van 14 Desember 1949 'n volle kleedrepetisie sou hê by welke geleentheid lugfoto's van die voorgenome tablo geneem sou word. Die massavertoning en tablo sou die aand aangebied word.

136/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Alle laers is van die voorgenome vertoning in kennis gestel en aangesê om alle voorbereidings volgens die voorskrifte te tref. Aanvanklik is besluit om 'n vorm van keuring van spelers te hou, maar hiervan is spoedig afgesien toe besef is dat die kwota met moeite gevind sou word. Die enigste voorwaarde van deelname sou slegs lidmaatskap van 'n geaffilieerde volkspelelaer wees.

1.1 Leiers

Op 'n vergadering in Bloemfontein is die hele aangeleentheid bespreek en is mev. Cecile de Ridder, leidster van die Jakaranda-Volkspelelaer van Pretoria, as organiseerder van die vertoning aangewys. Sy sou bygestaan word deur die volgende leiers van die verskillende provinsies:

| | | |
|---|---|---|
| Vrystaat | - | mev. Elsa Dekker en mnr. Casaleggio |
| Kaapland | - | mej. Hester Morrison (nou mev. Van Huyssteen) |
| | | mej. Machteld Coetzee (nou mev. ds. Venter van Bloemfontein) |
| | | mej. Karremacher (nou mev. Coetzee) |
| Transvaal | - | mevv. L. du Plessis en L. van Oudtshoorn |
| Natal ) Rhodesië ) S.W.A. ) | - | Mnr. Barnie Barnard van Glencoe, Natal |

1.2 Drag

Die verskillende provinsies sou in verskillende kleure optree, naamlik:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Transvaal | - | groen | (880)[x] |
| Vrystaat | - | geel | (450) |
| Kaapland | - | blou | (640) |
| Natal ) Rhodesië ) S.W.A. ) | - | wit | (200) |
| | | Totaal | 2170 |

137/...

---

[x]Getal in hakies dui die aantal spelers per provinsie aan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Nadat daar op die kleure besluit is, is besef dat die nodige tafsy vir die niggies se rokke nie beskikbaar was nie. Die nodige invoerpermitte is baie haastig in die hande gekry en die volgende materiaal is bestel:

3 000 jaart groen materiaal vir Transvaal
3 000 jaart blou materiaal vir Kaapland
2 500 jaart geel materiaal vir Vrystaat
1 500 jaart wit materiaal vir Natal, Rhodesië en S.W.A.
350 jaart geblomde materiaal van 'n donkerder geel as die rokmateriaal van die niggies vir die Vrystaatse neefs se onderbaadjies.[3]

Hierdie materiaal is aan Afrikaanse sake-ondernemings in die verskillende provinsies beskikbaar gestel van wie die volkspelers dit bestel het.

Die niggies se romp sou vyf breedtes wees en die lyfie volgens die FAK-patroon van Trudi Kestell - reguit pylnaatjies voor en agter - verkieslik met ronde tandjies van voor en agter met rygkoordjies. Die moue was ook volgens genoemde patroon met eenvoudige reguit skouernaat, gemaklik en ruim ingesit. Vir die speletjie 'Daar agter uit die Kappietuit' en die tablo het die niggies almal 'n wit tuitkappie gedra.

Die drag van die neefs was 'n ferweelbroek met wit hemp, 'n geblomde onderbaadjie waarvan die kleur effens donkerder as die niggies se rok was en 'n nekdoek in die provinsiale kleur. Die neefs was ook versoek om vir dié geleentheid 'n baard te kweek - die Paul Kruger- en Charl Cilliers-tipe is sterk aanbeveel.

## 1.3 Program

Nadat lank gewik en geweeg is, is daar eindelik besluit dat die

138/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

program uit twee dele sou bestaan - 'n tablo en 'n vertoning van 'n aantal van die mooiste volkspele. Die tablo sou op die verhoog aangebied word, terwyl die spele op sowel die verhoog as die groot betonblad voor die verhoog uitgevoer sou word. Wat die tablo betref, het dr. Pellissier aanvanklik gemeen dat elk van die vier provinsiale groepe (Suidwes-Afrika en Rhodesië sou by Natal inskakel, aangesien beide deur klein groepies volkspelers verteenwoordig is) 'n afsonderlike wawiel met tien speke moes vorm. Van dié idee is egter afgesien ten gunste van 'n voorstel om al die spelers saam te snoer en een groot ossewa te vorm.

Die beplanning van hierdie tablo is deur mev. De Ridder en haar seun Johan, wat argitekstudent was, tot in die fynste besonderhede gedoen. Met die hulp van kolonel Grobbelaar van die Weermag en sewe rekrute is die buitelyne van die ossewa op die verhoogblad aangebring.[4] Hierna is die vyf konsentriese sirkels waarin die volkspelers sou speel (drie op die betonblad en twee op die verhoog) baie deeglik uitgewerk.


Toe daar egter reeds ver met hierdie beplanning gevorder is, skryf mev. De Ridder op 22 November 1949 na aanleiding van inligting wat sy van die Feeskomitee ontvang het 'n brief[5] aan dr. Pellissier waarin sy hom meedeel dat die Feeskomitee nie meer sy weg oopsien om die gedeelte voor die verhoog te teer nie weens gebrek aan fondse. Op kenmerkende wyse het dr. Pellissier geantwoord[6] dat niks in die pad van 'n suksesvolle vertoning sou staan nie en dat die Volkspelebeweging, indien nodig, self vir die koste sou instaan.

Gelukkig was dit nie nodig nie, daar die Feeskomitee kort hierna die nodige bedrag vir die uitvoering van die werk gevind het.

139/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018




Afdruk van oorspronklike skets.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Op 13 Desember was die hele terrein - verhoog en betonblad - gereed vir die groot vertoning. Na 'n enkele oefening het die meer as 2 000 volkspelers die 14de Desember om twaalfuur die middag die skroeiende somerson van Pretoria getrotseer vir die finale kleedrepetisie, by welke geleentheid rolprente vanuit 'n Weermag-helikopter gemaak is. Met spanning het bykans 80 000 mense die aand die amfiteater volgepak om die kleurespel te aanskou. Presies om agtuur is alle ligte in en om die amfiteater afgeskakel en het die volkspelers onder spreiligte in kleurryke feesgewaad die verhoog op maat van marsmusiek deur die Weermagorkes, onder leiding van kaptein Bradley, opgemarsjeer. 'n Oorverdowende applous het oor die randjies van Pretoria weergalm en die volkspelers begroet.

Onder luide toejuiging van die massa het die volkspelers 'n tiental volkspele in konsentriese sirkels uitgevoer. Die grasie waarmee beweeg is, die swierige lyne van die niggies se rokke en die saamvloei van die verskillende kleure, het die verhoog van die amfiteater in 'n sprokiesland omgeskep.

Die vertoning van die volkspele is deur die tablo gevolg. Van verskeie hoeke is die volkspelers deur die rekrute, wat behulpsaam was met die afmerk van die ossewa op die betonblad, op die verhoog gelei. Die spelers van Natal, Suidwes-Afrika en Rhodesië geklee in wit, het die tent, die Vrystaat in geel die voorwiel en disselboom, Kaapland in blou die agterwiel en Transvaal in groen die bak van die wa gevorm. So indrukwekkend was die toneel dat selfs die Engelse koerant 'The Pretoria News' met loftuitings gekom het vir die monumentale optrede:

> "There was a glowing murmer of applause as the crowd, which stretched out of sight over the edge of the amphitheatre, realised that the dancers were forming themselves into a huge human oxwagon."[7]

141/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Met die rol van tromme as teken, het die wiele, elk met tien speke, stadig begin beweeg. Die skare was so oorweldig deur die toneel wat hom voor hulle ontvou het, dat hulle vir 'n paar oomblikke sprakeloos was alvorens die oorverdowende applous losgebars het. Hierdie skouspelagtige voorstelling is die volgende oggend deur "Die Volksblad' soos volg beskryf:

> "Daar was betowering by die Monument gisteraand. Dit was 'n spesiale soort betowering omdat dit nooit weer beleef sal word nie. Dit was nie kunsmatig nie, maar het spontaan gespruit uit 'n geheimsinnige samestelling van sentiment, tradisie en grasie. Dit was die betowering van een nag in die geskiedenis van Suid-Afrika toe die trae polsing van 'n vervloë eeu herroep is."[8]

Die vertoning was 'n reusesukses. Ten aanskoue van 100 000 toeskouers uit alle dele van die land, Suidwes-Afrika, Rhodesië en selfs uit die buiteland, het 2 170 volkspelers 'n vertoning gelewer wat as een van die hoogtepunte van die verrigtinge en 'n vertoning wat hier te lande nog nie weer gesien is nie, beskou is. Hierdie vertoning het bewys dat volksang en volkspele deel van die Afrikaner se kultuur geword het. Met stralende gelaat en opgewonde soos 'n kind by die aanskoue van 'n nuwe speelding het die vader van die Beweging, dr. S.H. Pellissier, uitgeroep: "Dit was 'n verruklike toneel, volksang en volkspele het 'n waaragtige deel van die Afrikaner se kultuur geword!"[9]

Verteenwoordigers van oorsese koerante en tydskrifte was in ekstase soos blyk uit opmerkings soos die volgende:

> "You people in South Africa are fast asleep - here you have the most wonderful publicity any country could wish for and yet you don't use it. A show

142/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

> like this could draw thousands of overseas visitors who would gladly pay £1.1.0 (ongeveer R2.20) per seat to see it."[10] (Die toegang hier genoem, mag baie laag klink, maar onthou moet word dat dit meer as 25 jaar gelede is).

'n Amerikaner het in dieselfde trant die volgende opmerking teenoor mev. De Ridder gemaak:

> "Do you realize what an amazing show you have here? It is simply marvellous. Are these all Pretoria people?"

Laasgenoemde vraag was op die lippe van duisende. Die feit dat so 'n massa volkspelers van heinde en verre gekom het en 'n uitvoering van hierdie omvang kon gee met die minimum gesamentlike oefening, was as haas ongelooflik beskou. Die oorsese besoekers veral, is bekend met die feit dat in die meeste lande van Europa so iets nie moontlik is nie omdat die meeste lande in streke of provinsies verdeel is en dat elke streek/provinsie sy eie volksdanse het en dat hulle nie altyd met mekaar se volksdanse vertroud is nie.

## 1.4 <u>Waarde en betekenis van die fees</u>

Die groot waarde van hierdie fees vir die Volkspelebeweging en die Afrikaanse kultuur was dat dit 'n gees van heelhartige en vrywillige samewerking vir 'n eie kulturele volksbeweging tot gevolg gehad het. Elke volk moet periodiek sterk gemotiveer word deur een of ander groot gebeure om verdere stukrag aan die uitbouing van sy kultuur te gee. Hierdie fees was die eerste van die groot prikkels na die Ossewatrek van 1938. Nie net die jong volkspelers het geglo dat hulle hulle vryetyd wy aan een van die mooiste kultuurvorms wat enige volk kan hê nie,

143/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

maar ook die breë publiek het tot die besef gekom dat die jeug hier iets beet het wat 'n bolwerk gevorm het teen die oppervlakkige, verleidelike aktiwiteite van 'n siek na-oorlogse wêreld. Vir die baanbrekers op volkspelegebied staan hierdie gebeure nog uit as een van die hoogtepunte van die Beweging.

## 2. Die Van Riebeeckfees - Kaapstad - 1952

Na die reusesukses van die Volkspelevertoning tydens die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949 in Pretoria, was dit vanselfsprekend dat die volkspelers weer 'n belangrike rol in die verrigtinge tydens die Van Riebeeckfees in Kaapstad sou speel.

Toe die Uniale Raad gevra is om mee te doen, het hulle nie vir 'n oomblik geaarsel om hulle steun toe te sê nie. Soos in 1949, is die verskillende volkspelelaers onmiddellik in kennis gestel en is hulle van die program verwittig. Die fees was beplan om 'n ware volksfees te wees en nie weer volgens sommiges, 'n fees vir slegs die Afrikaner nie. Om dié rede is daar dan ook besluit om ongeveer 900 volksdansers verteenwoordigend van die verskillende stamlande te nader om aan die program deel te neem.

### 2.1 Deelnemers

Onnodig om te sê, was dit nie moeilik om hierdie keer 3 000 volkspelers te betrek nie. Vir hulle wat aan die Pretoriase fees deelgeneem het, was die herinnering aan 'n onvergeetlike byeenkoms nog vars in die geheue. Andere wat om die een of ander rede nie die verrigtinge kon bywoon nie, het hierdie geleentheid aangegryp om saam met honderde mede-volkspelers van oor die hele land, aan nog 'n groot volksfees deel te neem.

144/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Groot afstande wat op eie koste afgelê moes word en die aankoop van drag teen hoë pryse, kon die entoesiasme nie demp nie. Spelers van Transvaal moes byvoorbeeld R12 reisgeld betaal (vandag miskien 'n klein bedraggie, maar toentertyd 'n stywe bedrag) nadat die Suid-Afrikaanse Spoorweë konsessies toegestaan het. Vir die niggies het die rokke met bybehore ongeveer R16 gekos en vir die neefs nie veel minder nie. Verder is van die spelers verwag om self vir hulle etes en ander uitgawes te betaal. Die feeskomitee het gelukkig ingewillig om huisvesting in ronde tente te voorsien. 'n Groot tentdorp het langs die stadion langs die Heerengracht verrys waarin bykans 3 000 volkspelers hulle intrek geneem het.

Vir diegene wat hulle reeds die vorige Vrydag in die 'Volkspeledorp' aangemeld het, sal die gedagte aan die genadelose 'Suid-ooster' nog steeds 'n nagmerrie wees. Stormsterk winde en gietende reën het die volkspelers verward laat rondhardloop om skuiling te soek nadat tente die aanslae nie kon verduur nie en een na die ander in duie gestort het. Sopnat en half verkluim is die sonsopkoms die volgende oggend deur talle moeg en uitgeputte volkspelers begroet. Vinnige onderhandelings met die Administrateur van Kaapstad het meegebring dat 'n groot aantal niggies in skole gehuisves is. Ongelukkig was daar botsende reëlings en is almal weer terug kamp toe.

## 2.2 Beplanning van voorstelling

Mev. Cecile de Ridder, wat weer eens as leier benoem is, het tydens haar ritte na die Kaap om die nodige reëlings te tref, rustig in 'n koepee die program beplan. Soos met die fees in 1949, het sy andermaal 'n uitvoering van volkspele en 'n tablo beplan. Die tablo sou die Kasteel uitbeeld, maar op aanbeveling van die Wes-Kaaplandse Provinsiale Komitee, is besluit om

145/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018


liefs die Unie van Suid-Afrika voor te stel.

Die hulp van Johan de Ridder is met die tekening van die kaart ingeroep en na voltooiing aan kolonel Grobbelaar van die Polisiekollege voorgelê. Hierna is die kaart op die atletiekbaan van die Kollege (wat ongeveer so groot soos die Kaapse stadion was) uitgemerk. Die rekrute wat hulle aan die Kollege bevind het, het aangetree om die buitelyn, provinsiale grense en jaartalle te vorm, sodat bepaal kon word wat die minimum aantal volkspelers was wat nodig sou wees vir die tablo.

146/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018




Van Riebeeckfees, Kaapstad April 1952, Opstelling van Volkspelers in konsentriese sirkels in stadion.

147/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Afdruk van oorspronklike



# OPSTELLING VAN GROEPE BY INGANGE TOT STADION.

By die ingange stel die leiers hulle groepe op agter mekaar en vyf groepe langs mekaar, en wel as volg. L.W. by die Skouingang is Tafelberg links, die see regs, en by die Standbeeldingang is dit net omgekeerd.

(See links) STANDBEELD INGANG. (Tafelberg regs)

| Links Buite | Links Binne | Middel | Regs Binne | Regs Buite |
|---|---|---|---|---|
| 5 groepe van van Kaapland (agtermekaar) | C4 | B1 | B5 | 5 groepe van Kaapland (agtermekaar) |
| | C5 | B3 | B7 | |
| | C6 | C1 | B9 | |
| | C7 | C2 | | |
| | | C3 | | |

(See regs) SKOUKANT INGANG. (Tafelberg links)

| Regs Buite | Regs Binne | Middel | Links Binne | Links Buite |
|---|---|---|---|---|
| 5 groep van Kaapland (agtermaekaar) | A4 | B2 | B6 | 5 groepe van Kaapland (agtermekaar) |
| | A5 | B4 | B8 | |
| | A6 | A1 | | |
| | A7 | A2 | | |
| | | A3 | | |

148/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Met een van die oefeninge was een groep van die rekrute pas klaar met swemoefeninge en het nog hulle handdoeke by hulle gehad terwyl 'n ander groep van 'n noodhulpklas, waar hulle driehoek-verbande gebruik het, gekom het. Met die aanskoue van die handdoeke en verbande het mev. De Ridder die gedagte gekry om die provinsies van die Unie met volkspelers met wapperende doeke in verskillende kleure te vul. Net daar is besluit dat die neefs hulle nekdoeke sou gebruik en die niggies driehoekdoeke wat hulle aan die rok, van dieselfde kleur, sou vassteek.

Die volkspele sou in simmetriese sirkels uitgevoer word en dié moes toe ook alles op skaal uitgewerk word - die matematiese verstelling was die groot bydrae van Dries, die aspirant landmeterseun van mev. De Ridder.

Die kringe is in kleur uitgewerk en aan elke provinsiale leier gestuur, wat dit weer op hulle beurt aan groepleiers verduidelik het. Omdat die getalle deelnemers tot kort voor die vertoning nog gedurig gewissel het, is die berekening verskeie kere oorgedoen.


Die provinsies sou weer in die verskillende kleure, soos tydens die Monumentfees optree. Omdat dit vir die Kapenaars makliker was om die fees by te woon, het die groot aantal spelers in blou (die kleur van Kaapland - niggies in blou rokke en die neefs met blou onderbaadjies) 'n probleem geskep. Die oplossing is gevind in die plasing van 'n groot aantal klein kringe Kaaplandse spelers om die veld op die asfaltbaan (die kaart en foto toon die opstelling van die groot konsentriese sirkels op die speelveld). Aan elke kringleier - waarvan daar 28 was - is 'n armband met die kringnommer daarop verskaf, terwyl elke speler 'n kaartjie met die kringnommer daarop ontvang het, bv. Skoukantingang, nommer A 7 of Standbeeld-ingang, nommer C 3, ens.

149/...

---

Uitvoering van volkspele tydens die Van Riebeeckfees, Kaapstad, 1952.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Aangesien daar 'n groot aantal voorstellings op die speelveld plaasgevind het, het die uitmerk van die kaart van Suid-Afrika vir die tablo die leiers hoofbrekens besorg. Met die hulp van sersant Sherley en sy rekrute is toe besluit om paraffien op die buitelyne en grense te gooi en dit dan aan die brand te steek - die plan het uitstekend geslaag. Op 'n groen agtergrond het die swart omlynde kaart van die Unie met sy provinsies gepryk.[11] Alhoewel die lyne baie duidelik was, moes die rekrute nie minder nie as vier keer die lyne van die kaart asook die sirkels met kalk bestrooi.

Die stamlande is deur die volgende groepe verteenwoordig: 400 Duitsers (uit Suidwes-Afrika), 50 Hollanders, 100 Engelse o.l.v. mej. Frieda Pash, en 'n Franse groep uit Franschhoek o.l.v. mej. Olivier.

Hierdie volksdansers sou afsonderlike vertonings van volksdanse gee, maar sou meedoen aan die tablo - hulle sou die jaartalle 1652 en 1952 aan weerskante van die kaart uitspel. Vir die aandvertoning sou elkeen 'n flitsliggie gebruik om die effek te verhoog en die jaartalle duideliker te laat uitstaan. Ook hier het probleme nie uitgebly nie en is daar tot die ontsteltenis van die organiseerders 'n week voor die vertoning gevind dat daar nie genoeg flitsliggies beskikbaar was nie. Mev. De Ridder het onmiddellik met African Theatres samesprekings gevoer waarna sy met die Hoof van die Tegniese Kollege gereël het dat twaalf seuns haastig die nodige 30 flitsliggies uit draad, gloeilampies en batterye vervaardig.

## 2.3 Begeleiding

Vanweë die uitgestrektheid van die terrein - ongeveer 500 meter lank - is besluit om die Polisie-blaasorkes o.l.v. kaptein Bradley in die middel te plaas terwyl die alombekende sanger

150/...

---

Tablo van die kaart van Suid-Afrika.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

en komponis en oud-hoof van die Heidelbergse Volkskool, Stephen Eyssen die volkspeleliedjies met begeleiding deur mnr. Casaleggio oor die mikrofoon sou sing (met die Monumentfees is die sang deur dr. Izak Fick gelewer).

## 2.4 Vertoning

Op Donderdagaand - 3 April - het 900 volkspelers in groen uit Transvaal, 1 000 in blou en ongeveer 100 in rooi uit Kaapland, 450 in geel uit die Vrystaat en 400 in wit uit Natal, Suidwes-Afrika en Rhodesië (die mans was geklee in wit hemde, bruin ferweel broeke en onderbaadjies dieselfde kleur as die niggies se rokke) op maat van "Die Lied van Jong Suid-Afrika" die stadion uit alle hoeke binne gemarsjeer. Binne enkele minute was die drie groot konsentriese sirkels elk met 10 - 12 kringe in afwisselende kleure - met rooi in die middel - gevorm.

Eers het almal saam gespeel, gevolg deur Kaapland en Natal, daarna Vrystaat en Transvaal, ensovoorts met gedurige afwisseling van patroon en kleur. Hierna het die tablo aan die beurt gekom. Eers is die buitelyn van die kaart deur volksdansers van die stamlande gevorm, daarna die provinsiale grense deur die onderskeie verteenwoordigers, waarna die binneruimtes met die volkspelers in die verskillende kleure gevul is. Die vier hoofstede is deur die Oos-Kaaplandse groepies in rooi gevorm. Op 'n teken is die driehoekvlaggies te voorskyn gehaal en toegelaat om in die koel aandbries te wapper. Die volgende oomblik is alle ligte uitgedoof en terwyl al die spelers gehurk het, is die jaartalle deur die Duitse volksdansers met die klein flitsliggies uitgespel. Toe die ligte weer aangeskakel is, is die doeke nogmaals omhoog gehou om die kaart in te kleur. Andermaal behaal die volkspelers 'n hoogtepunt wat nog nie weer oortref of geëwenaar is nie. Dit alles was die resultaat van 'n gesamentlike oefening wat slegs twee uur geduur het.

151/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 2.5 Kommentaar

Geen wonder dat die 'Pretoria News' liries geraak het oor die vertoning en onder die opskrif 'Folk Dancers Create Memorable Spectacle in Festival Stadium' die volgende geskryf het:

> "The floodlit crags of Table Mountain formed a magnificent background last night as 3 000 dancers from all parts of the Union and Rhodesia took part in a mass display of volkspele and traditional South African Tunes in The Festival Stadium. Fifty thousand people sat spellbound as the arena was transformed from a green stretch of grass to an ever-changing pattern of bright colours and graceful movements in the greatest mass spectacle South Africa has ever seen."[12]

Ook 'Die Burger' kon nie woorde vind om die skouspel te beskryf nie:

> "Die niggies, ligvoets, soepel, betowerend en vlinderagtig (.....) tot stomwordingstoe en asemhygend en verlangend na nog meer; jy voel betowerend en magteloos as drie duisend pare arms en hande sierlik op- en neerwaarts beweeg."[13]

Selfs in 'n opvoedkundige tydskrif, 'Tydskrif vir Middelbare Onderwys', is die uitvoering deur mnr. Fred L. Scheepers in die volgende woorde besing:

> "..... ritmiese feëbewegings, magnifiek en oorstelpend; as een of meer spele verby is dan kalmeer jy, net momenteel, om dan maar weer telkens ontvoer te word deur kleurbewegings wat sprankelend bo-oor die terrein gly om jou nog verder in ekstase te laat verkeer deur die aanskouing van so 'n bo-aardse gesig; die toeskouer sit nog so in sy droomland, hygend, smagtend, nog meer

152/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

> verwagtend, wanneer die stamlandgroepe die Uniale kuslyn en die provinsiale grense vorm en die provinsie-ruimtes deur sy eie kleur gevul word .."[14]

Vir hierdie grootse vertoning kom alle eer mev. De Ridder toe - die fyn beplanning om die speelveld in 'n kaleidoskoop van kleur te omskep, verdien slegs die grootste bewondering en waardering.

Nog een verdere aanhaling om hierdie grootse skouspel te omskryf sal seker nie onvanpas wees nie. Die bron is die Cape Times.

> Opskrif:
> "46 000 see stadium folk dancing - Brilliant Finale to City's day of spectacle."
> "As the dancing started, the dancers undulated in coloured waves and a great surge of sound rose from the stadium as nearly all of the 46 000 spectators, led by Stephen Eyssen, joined the singing of liedjies. It was like looking down on a vast coloured carpet, constantly changing its pattern of colour and composition, as the dancers swung, swept and gyrated in the simple movements of the old dancers."[15]

Die hooggeplaaste besoekers van die buiteland het met die grootste lof van die gedissiplineerdheid van die spelers gepraat. Sonder die nodige selfdissipline en trots is so 'n vertoning nie moontlik nie. Is dit dan nie ook die grootste waarde wat vertonings van hierdie aard vir die volkspeler inhou nie?

3. <u>Die eerste oorsese toer - 1953</u>

Een van die groot ideale wat dr. Pellissier hom kort na sy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

terugkeer in 1914 uit die buiteland ten doel gestel het, was om eendag "'n skipvol neefs en niggies - van die mooiste in ons land, wat mooi kan speel en mooi kan sing" - saam met hom na Europa te neem en daar in die ouer kultuurlande, waar nasionale kostume, volkspele en volksang nog in ere gehou word, te laat optree.[16] Dit was 'n ideaal wat met die groei van die Beweging steeds sterker geword het. Na die suksesvolle vertoning tydens die inwyding van die Voortrekkermonument,[17] en die Van Riebeeckfeesvierings, was alle twyfel en bedenkings wat nog bestaan het oor die verwesenliking van so 'n ideaal die nek ingeslaan. Die wiele het weer eens begin rol en voorbereidings is getref.

## 3.1 Fondsinsameling

Op 20 Junie 1952 kon die Uniale Raad aankondig dat daar voorlopig 108 plekke op die Carnarvon Castle, wat op 17 April 1953 van Kaapstad sou vertrek, bespreek is, terwyl die terugreis vir 12 Junie 1953 van Southampton beplan is.[18]

Voor daar egter verdere reëlings getref kon word, moes die nodige geld gevind word. In sy hoedanigheid as voorsitter van die Uniale Raad en synde die persoon van wie die inisiatief uitgegaan het, het dr. Pellissier reeds in 1951 'n fondsinsamelings-veldtog van stapel laat loop.[19] Die goedgesindheid en samewerking van sakeondernemings was oorweldigend en binne enkele maande het dr. Pellissier reeds die bedrag van R4750 ingesamel gehad en was die deposito vir die plekbespreking beskikbaar.

Alle provinsiale en gewestelike komitees is aangesê om onmiddellik met die insameling te begin en voor 15 Oktober 1952 verslag te doen.[20]

154/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 3.2 Keuring van spelers

Die toer was spoedig 'n voldonge feit en is daar tot die keuring van spelers oorgegaan. 'n Onbenydenswaardige taak het op die Uniale Raad gerus - uit ongeveer 15 000 volkspelers moes 'n 100 gekies word om die toer mee te maak. Die Uniale Raad het aanvanklik 'n subkomitee benoem om oor die vereistes waaraan die spelers moes voldoen, te besin. Na 'n lang bespreking is op die volgende besluit:

(i) spelers moes werklik 'n advertensie vir die land wees;

(ii) bona fide-lede van laers wees en op die hoogte wees met die uitvoering van alle spele;

(iii) oor 'n aangename persoonlikheid beskik, van onbesproke karakter wees en

(iv) iemand wees wat heelhartig saamwerk.

(v) Verder sou die volgende 'n aanbeveling wees:
die vermoë om 'n musiekinstrument te bespeel
kennis van musiek (slegs die lees van note)
kennis van koorsang, solosang, voordrag of toneelspel
kennis van vreemde tale
goeie begrip en kennis van eie werkkring
beoefening van 'n stokperdjie
goeie gesondheid, bo agtien jaar en reeds die skool verlaat het
beskikbare verlof en laastens oor sekere fondse (sakgeld, ens.) beskik en
sekere finansiële verpligtings kon nakom.[21]

Krities beskou, kan baie van hierdie vereistes beslis bevraagteken word. Dat elke volkspeler 'n ambassadeur vir Suid-Afrika moes wees spreek vanself. Daarom kon alleen persone wat onbesproke van karakter was, saamgeneem word. Dit sou 'n vermoeiende toer wees en daarom moes goeie gesondheid 'n vereiste en nie 'n aanbeveling gewees het nie. Waarom kennis van solosang,

155/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

voordrag, toneelspel, ens. genoem was, is egter duister; die spelers sou in groepverband optree en nie as individue nie. Onwillekeurig is gevoel dat deur hierdie vereistes te stel, sekere persone gekeur moes word. Na skrywer se mening moes die volgende as basiese vereistes gestel gewees het:

'n karaktervolle persoon met aangename persoonlikheid

breë kennis van landsake

deeglike kennis van volkspele

sangstem om aan koorsang mee te doen

goeie gesondheid en 'n

getroue lid van 'n laer oor 'n aantal jare gewees het.

Nog ander eienskappe kan bygevoeg word, maar hierdie word as basiese vereistes gestel.

Alhoewel die keurkomitees in die verskillende provinsies van die nodige voorskrifte voorsien is, is dit dikwels geïgnoreer en is spelers op 'ander' gronde gekies. Die 'diens'-faktor is sterk beklemtoon deurdat al die beproefde kursusleiers in volksang en volkspele wat tot dusver staatmakers van die Beweging was, in die toergroep ingesluit is.[22] Aan 'n span keurders wat 'n sekere provinsie sou besoek om die finale keuring waar te neem, is selfs opdrag gegee om veral op liggaamsbou te let - wat die neefs betref, moes spelers in die omgewing van ses voet wees. Gelukkig het hierdie komitee gou besef dat sulke neefs wat volkspele gedoen het in dié betrokke provinsie so skaars soos hoendertande was en daarom is die opdrag laat vaar. Voorlopige keurings in die provinsies en gewestelike streke het die finale keuring deur 'n komitee, deur die Uniale Raad benoem, voorafgegaan.

## 3.3 Toerkomitee

Die Raad het besluit om die volgende persone vir die Toerkomitee te benoem:

156/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

| | | |
|---|---|---|
| Reisouers | - | dr. en mev. S.H. Pellissier, voorsitter van die Uniale Raad |
| Organiseerder | - | mnr. J.C. Pauw, organiseerder van die Van Riebeeckfees in 1952 |
| Sekretaris/Tesourier | - | mnr. H.J. Moolman, sekretaris van die Ekonomiese Instituut van die Reddingsdaadbond |
| Fotograaf | - | mnr. Louis Wiesner, bekende radio-omroeper en fotograaf |
| Spelleidster | - | mev. Cecile de Ridder, gevierde volkspeleleidster en samesteller van die derde volkspelebundel |
| Sangleier | - | prof. dr. B. Kok, professor in Afrikaans-Nederlands (tans afgetrede rektor), Universiteit van die Oranje-Vrystaat |
| Begeleier | - | mnr. M. Casaleggio, bekende sangonderwyser en koorleier van die Hoërskool Sentraal, Bloemfontein. |

3.4 Toewysing van spelers

Elke provinsie was op 'n sekere aantal spelers geregtig - die aantal is bepaal volgens die getal ingeskrewe lede en was soos volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Transvaal | 33 | Kaapland | 32 | Rhodesië | 2 |
| Vrystaat | 20 | Natal | 11 | S.W.A. | 2 |

3.5 Toerprogram

Veertien dae voor die groep na die buiteland vertrek het, het almal in Glencairn,[23] naby Vishoek, saamgekom vir die instudering van die program.[24]

157/...

---

Bo: Aankoms van die eerste volkspeletoergroep in Southampton, April 1953.

Onder: Eerste amptelike uitvoering by Dijkzicht, Rotterdam, Nederland - April 1953.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die tydjie was egter so kort dat die oefeninge op die boot voortgesit is. Gewoonlik is daar vroeg soggens voor ontbyt en smiddae direk na ete, wanneer die ander passassiers nie op dek was nie, geoefen.

Die doel van die toer was om die stamlande, sowel as die Skandinawiese lande waar volksdanse nog gefloreer het, te besoek. Om dié rede is Engeland,[25] Holland, België, Duitsland, Denemarke en Swede in die toerprogram ingesluit.

Ten einde die volkspelers die geleentheid te gee om soveel moontlik met die mense en hulle gewoontes kennis te maak, is hulle in die meeste stede en dorpe deur privaat persone gehuisves. Waar dit nie moontlik was nie, het hulle in jeugherberge tuisgegaan. Dit is dan ook hier waar die gedagte by die Uniale Raad posgevat het om soortgelyke inrigtings in Suid-Afrika op te rig.

Die volkspelers is in al die lande met groot geesdrif begroet en oral waar hulle opgetree het, was groot gehore teenwoordig. By al die talle amptelike onthale is hulle met die grootste vriendelikheid en gasvryheid onthaal. Persberigte, radio- en televisie-uitsendings het slegs met die hoogste lof van hierdie vertakking van die kultuur van die Boerevolk gepraat. Die eerste amptelike onthaal was in Rotterdam, Nederland, in die sogenaamde 'Burgerzaal' van die Stadhuis, en is o.a. ook deur die Suid-Afrikaanse Ambassadeur, dr. P.J. Hoogenhout, bygewoon.[26] Na die onthaal het die volkspelers hulle eerste nie-amptelike vertoning voor die Stadhuis gegee. Nieteenstaande die 'reisdrag' en die impromptu optrede, het 'n beriggewer van die 'Nieuwe Rotterdamse Courant' soos volg geskryf:

> "Het was een ongewoon fleurig gezicht al die 'niggies en neefs' gestoken in schilderachtige kledij te zien dansen en zingen en menige voorbijganger bleef staan

158/...

---

Bo: Boere-orkes van die Volkspelegroep. Optrede in die Opelugmuseum, Arnhem, Nederland - April 1953.

Onder: Volkspelers voor die paleis in Soesdijk, Nederland - April 1953. Op die voorgrond links sit die Nederlandse prinsesse.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

om het aantrekkelijke spel enige tijd te volgen."[27]

Van die amptelike vertoning op 5 Mei in die opelugteater van Dijkzicht, word andermaal melding gemaak van die

"... onvergelijkelijk, mooie, kleurige costumes, de rustige en zeer gracieuze dansen (....) alle tezamen vormde een sprookjesachtig geheel - nee, het was een sprookje met vijftig lieve prinsessen en vijftig galante ridders..."[28]

In lande soos Holland, België en Duitsland is daar ook gereeld na die Boere van Transvaal[29] verwys en is daar met die grootste agting van wyle President Kruger gepraat.

Een van die hoogtepunte van die toer was die vleisbraaifunksie op die markplein in Culemborg. Vir die groep was dit 'n belewenis om in die geboortestad van die grondlegger van Suid-Afrika te kon optree en ook die huis waar sy kindervoetstappies meer as driehonderd jaar gelede weerklink het, te betree.

In Culemborg is feesgevier soos nêrens op die toer nie. Die Vleisraad het 'n dag voor die fees wors, sosaties, kotelette en die Sagtevrugteraad van Suid-Afrika 'n groot verskeidenheid vars vrugte per vliegtuig oorgestuur, terwyl die Droëvrugteraad vir rosyntjies en ander gedroogde vrugte gesorg het. Op die markplein voor die Culemborgse stadsaal is die vreugde- en braaivleisvure aangesteek en is op tipiese Boeremanier vleis gebraai en jolyt gehou. Terwyl die geur van boerewors die lug gevul het, is die skare op tradisionele Boeremusiek en sang vergas. Lank nadat die volkspelers Nederland verlaat het, het die Nederlanders nog heerlik gesels oor die onvergeetlike aand, soos blyk uit die volgende berig in die 'Culemborgsche Courant':

"Wat blijft is de herinnering aan haar charmante eenvoud en lewenslust - een schone droom in wit, rose, blauw,

159/...

---

Volkspelers voor die Stadhuis van Culemborg, Nederland, April, 1953.
In die middel staan die vader van die Volkspelebeweging - dr. Pellissier.
Regs van dr. Pellissier staan die volkspeleleidster - mev. Cecile de Ridder.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

> paars en bruin, welke net lang genoeg heeft geduurd om opnieuw versterkt te zien de onverbrekelijke banden tussen Culemborg en Zuid-Afrika."[30]

In België kon die volkspelers seker geen mooier kompliment gekry het as :

> "De lewensblijheid van een volk dat zich gezond voelt in Gods mooie natuur straalde van de gezichten van de uitvoerders, die niet de schijn aannamen ons een exhibitie te brengen van hun 'kunnen' maar die hun ziel uitzongen en uitdansten.'[31]

Die besoek aan Nääs, Swede, waar dr. Pellissier gestudeer het en waar die volkspelegedagte gebore is, was beslis die hoogtepunt van die toer. Luisterryk is die gebeurtenis in die geselskap van 'n groep Sweedse volksdansers herdenk. 'n Boom is geplant en later is 'n bronsplaat aangebring waarop in Afrikaans, Engels en Sweeds die geboorte van die gedagte van 'n eie Afrikaanse volkspelebeweging aangebring is.

Na hulle terugkeer uit die buiteland is met reg trots hulde gebring aan die groep ambassadeurs van Suid-Afrika. Ook die Uniale Raad kon notuleer dat die groep ook ambassadeurs van die Afrikaanse kerke en van die Afrikaanse volk se Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing was.[32]

As hierdie toer in perspektief gesien word, was dit eerder die gees, spontaneïteit, hartlikheid en vriendelikheid waarin die program aangebied is as die volkspele self wat die publiek geïmponeer het. So het ook die kleurryke drag bygedra tot die vele loftuitings van die publiek. 'n Paar opmerkings soos die volgende staaf hierdie stellings:

160/...

---

Dr. S.H. Pellissier plant 'n boom op die terrein van die inrigting te Nääs, Swede, waar hy in 1912 studeer het en die volkspelegedagte gebore is. By hom staan prof. B. Kok, gewese rektor van die Vrystaatse Universiteit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

The most beautiful sight that Imperial Institute Road had ever witnessed! So gallant the men, so graceful the women![33]

"And as they went through their measures like visitors from the past, the full, restless skirts of the girls, with just that fraction of delay, echoing and dissipating each movement like the ripples on a pool - there was the grace - and the men - the pity of it was that busy London did not pause to see it all".[x]

"De uitvoerders waren zich-zelf en dat was de grote kracht waarmee ze op de duizenden toeschouwers inwerkten."[x]

"Een feest van zachte kleuren, van elegance en gratie en vooral van echte, ongekunstelde levensvreugde."[x]

"Want eenvoudig is de muziek van deze volksliedjies, maar sterk en gaaf in zijn beleving. Bekoorlijk en ongekunsteld zijn al de dansen."[x]

"Volksgroep, jullie hebt Nederland veroverd en ontwapend. Wat zal blijven zijnde banden van vriendschap en een prachtige herinnering aan julle besoek."[x]

"Le charme des costumes et de robes des cents executants conquit imme'diatenment l'assistance."[x]

## 3.6 Finansies

Die Uniale Raad het 'n pluimpie verdien deurdat die totale koste van die toer wat R40 500 beloop het deur die leiers en volkspelers self gein is. Daar was geen enkele sent van owerheidsweë bygedra soos so dikwels deur vyandiggesinde persone beweer is nie. Dit kan beslis as 'n unieke prestasie gesien word.

161/...

---

[x]Inligting wat deur mev. De Ridder, volkspeleleidster tydens die toer, aan deelnemers na afloop van die toer verstrek is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 3.7 Kulturele bydrae van die toer

Niemand sal dit betwis dat hierdie toer toentertyd beslis 'n baie groot bydrae gelewer het om die beeld van Suid-Afrika in die buiteland ten goede uit te dra nie. Die kontak wat daar met verskillende instansies gemaak is, het gehelp om 'n beter verstandhouding tussen die Afrikaners en die inwoners van die lande wat besoek is, daar te stel. Ongelukkig is hierdie beeld later vertroebel deur politieke wanopvattings.

Vir diegene wat die toer meegemaak het, was dit 'n besondere belewenis, veral daar dit, met 'n enkele uitsondering, 'n eerste besoek aan Europa was. Die belangstelling in die kultuurgoedere van Europa was so groot dat etlike van die spelers sedertdien op eie houtjie die verskillende lande weer besoek het. Die toer het ook onteenseglik by elke neef en niggie die besef laat posvat dat ons ons eie en dít wat ons in ons vaderland kan geniet, nooit genoeg kan waardeer nie. Ook op etiese gebied is besef dat hulle in 'n land woon waar daar nog hoë sedelike norme gehandhaaf word.

Ongelukkig het hierdie toer ook 'n onaangename nadraai gehad deurdat etlike van die spelers na hulle terugkeer hulle lidmaatskap van die Beweging beëindig het. In sommige gevalle was dit leiers van laers wat bedank het, met die gevolg dat verskeie laers ontbind het. In die meeste gevalle was dit dan ook diegene teen wie se insluiting heftig beswaar aangeteken is deur die ouer spelers wie se weglating groot ontevredenheid gewek het.[34]

Die finale keurkomitee kan egter nie alleen hiervoor verantwoordelik gehou word nie, daar die provinsiale keurkomitees vir die voorlopige keuring van spelers verantwoordelik was. Dit kan egter nie weggeredeneer word dat daar beslis 'n insinking in

162/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

die belangstelling in die Beweging ingetree en dat die ledetal aansienlik gedaal het nie.

Dat hierdie toer nog 'n mylpaal in die geskiedenis van die Volkspelebeweging was, sal seker deur niemand betwis word nie.

## 4. Eeufeesviering van die stad Pretoria en eerste besoek van Europese Volksdansers aan Suid-Afrika - 1955

Die eeufees van die stad Pretoria is in November 1955 op luisterryke wyse met onder andere 'n volkspele- en volksdansvertoning gevier. Die Caledoniese terrein waar die vertoning plaasgevind het, het sitplek aan 'n beperkte aantal mense gebied en daarom is besluit om drie aandvertonings op 10, 11 en 12 November en 'n middagvertoning op 12 November aan te bied, om almal wat belanggestel het die geleentheid te bied om die vertonings by te woon.[35]

### 4.1 Deelnemers

Volkspelers

Slegs volkspelers wat vir minstens twee jaar ingeskrewe lede van laers was, wat voor 30 September 1955 geaffilieer was, was toegelaat om deel te neem.[36] Op 'n vergadering van die Uniale Raad is egter besluit dat alle spelers wat voor 15 Maart 1955 in besit van 'n lidmaatskapkaart was, kon deelneem.

Volksdansers

Op 'n Dagbestuursvergadering van die Uniale Raad is besluit om 15 pare volksdansers uit elk van die sewe stamlande wat in 1953 deur die volkspelers besoek is, naamlik Engeland, Skotland, Nederland, België (slegs vendelswaaiers), Duitsland, Denemarke en Swede te nooi.[37] Die plaaslike ambassades van genoemde lande is genader om op hulle beurt met hulle regerings te onderhandel.

163/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Elke land was verantwoordelik vir die reisgeld van sy volksdansers wat aan die vertoning deelgeneem het, terwyl die Uniale Raad vir alle plaaslike kostes verantwoordelik was. Terwyl die volksdansers in Pretoria was, was hulle die gaste van die Pretoriase Stadsraad. Die Stadsraad het ook 'n bedrag van R12 000 aan die Uniale Raad geskenk vir die bestryding van kostes aangegaan om die volkspelers in Pretoria byeen te bring. Vir die duur van die fees is ook gratis huisvesting en losies aan die spelers verskaf.[38]

Die koms van die oorsese volksdansers was vir dr. Pellissier so 'n obsessie dat toe die koms van sekere groepe in die weegskaal was, hy persoonlik na Europa gereis het om die probleme te gaan uitstryk. So beslis was hy oor die deelname van die volksdansers dat hy in Londen self vir die Engelse groep begin kollekteer het. Binne 'n enkele week het hy R2 400 van besighede en instellings wat in Suid-Afrika belange het, gekollekteer; in Skotland kon hy slegs R400 insamel. Verdere pogings om die Britse Regering, die British Council en trustees van Trustfondse te oorreed om die balans (Engeland R4 400 vir 20 lede en Skotland R2 600 vir 12 lede) by te dra, was vrugteloos. Gelukkig het die ander lande deur die toedoen van dr. Pellissier geen probleme gehad om die nodige fondse te bekom nie.

Groot was die vreugde toe die groep uiteindelik op 8 November op die lughawe Jan Smuts aangekom het met verskeie vliegtuie.[39]

Die groep het uit twintig Engelse, twaalf Skotte, twee-en-twintig Hollanders, vyftien Duitsers, dertig Swede, sewentien Dene en agt Vlaminge (slegs vendelswaaiers) bestaan.[40] Huisvesting, vir die groepe was die verantwoordelikheid van die volgende:

164/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Engelse - Sons of England asook mevv. Flemming en Burrows, Duitsers - mevv. van Oudtshoorn en Penzhorn, Hollanders - Nederlandse Gesantskap, Vlaminge - Belgiese Gesantskap, Dene en Swede - mev. Greenwood, en die Skotte - mev. Noble van die Caledonian Society.

## 4.2 Drag van die Volkspelers

In teenstelling met vorige massavertonings, is geen spesifieke drag vir die voorstelling op die Caledoniese gronde voorgeskryf nie.[41] Die niggies se rokke moes slegs van "Humming Bird Pucker Nylon", wat in 12 kleure beskikbaar was, gemaak word - elke laer kon sy eie kleur kies. Die drag kon dus weer as laerdrag gebruik word. Die kleur van die neefs se geborduurde onderbaadjies, wat van 'Feloura'-materiaal gemaak is, is in ooreenstemming met die kleur van die niggies se rokke gekies, terwyl die broeke swart, donkergroen, donkerblou of bruin van kleur was.[42]

Die twaalf kleure van die rokke was verteenwoordigend van die bekendste Afrikaanse blomsoorte:
rooi en wit vir die rose,
goud en geel vir die jakobregop en die gousblom,
ligteblou vir die koringblom,
koningsblou vir die aandblom,
groen vir die varings,
sagte pers vir die jakarandas, en
ligroos vir die lentebloeisels

Die verskillende blomsoorte is onder die laers verdeel. Die gousblomme is byvoorbeeld aan die volgende laers toegedeel: Vryburg, Worcester, Johannesburg, Kroonstad, Magaliesburg, Kimberley, Ficksburg, Pretoria, Potgietersrus, Devon,

165/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Ladysmith, Middelburg (K.P.), Prieska en Estcourt, asook vir Suidwes-Afrika en Rhodesië.

Die samestelling van die kleure was soos volg:

| Getal spelers | Kleur van rok | Jaarts materiaal gebruik | Broeke | Kleur van die onderbaadjie | Nekdoeke |
|---|---|---|---|---|---|
| 607 | wit | 4 250 | swart<br>groen | rooi | wit |
| 420 | ligpers | 3 000 | swart | pers | ligpers |
| 420 | ligroos | 3 000 | blou<br>groen | grys | wit |
| 500 | ligblou | 3 500 | blou<br>swart | blou | blou |
| 157 | geel | 1 100 | bruin<br>groen | mosterd | geel |
| 214 | turkoois | 1 500 | blou<br>groen | swart | wit |
| 107 | dieproos | 750 | groen<br>bruin | wynrooi | wit |
| 85 | heldergroen | 600 | bruin | groen | groen |
| 85 | rooi | 600 | bruin | rooi | wit |
| 42 | koningsblou | 300 | blou | blou | wit |
| 85 | wit | 600 | groen | wynrooi | wit |

4.3 Program

Die program was getitel: 'n Blommehulde aan die Stad van Blomme - en die regie was weer eens in die bekwame hande van mev. Cecile de Ridder.[43] Die begeleiding is deur die Polisie-orkes onder leiding van kaptein L.P.R. Bradley met mev. Phyllis Lambert aan die klavier verskaf. Verder was daar begeleidende koorsang onder leiding van mnr. Kosie Jooste.

166/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Drieduisend volkspelers van geaffilieerde laers uit alle dele van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en Rhodesië en 124 volksdansers van Europa het aan die grootse vertonings deelgeneem.[44]

Op twee hoeke van die Caledoniese sportveld is twee reuse mandjies in die vorm van blomkelke aangebring waaruit die volkspelers met die aanvang van die musiek, soos uit 'n ontluikende blom, in 'n onafgebroke stroom van afwisselende kleur, gestroom het,[45] om die groot sirkel bestaande uit tien kringe en 'n aantal kleiner kringe om die groot sirkel te vorm.

Na die sirkels gevorm is, is die spele in die volgende volgorde uitgevoer:

1. Afrikaners is plesierig - almal
2. Kom speel - almal
3. My hartjie my liefie - geel
4. Jan Pierewiet - almal
5. Ou sukkelaar - turkoois
6. Tant Alie - kringe 10-8-6-4-2
7. Die blink vosperd - kringe 9-7-5-3-1
8. Fyn Boerenooientjies - almal
9. Môre oompie, môre tannie - rooi
10. Kimberley se trein - almal
11. Boetie sy's 'n perskeblom - ligroos
12. Fyn soos 'n vlinder - buitekringe
13. Jan Pierewiet, Jan Bam - almal
14. Die Kappietuit - Jakaranda
15. Horlosie in die sak - 10-8-6-4-2
16. Swartland - 9-7-5-3-1
17. Vat jou goed - almal
18. Lokkies wou sy dra - liggroen
19. Oestyd - almal
20. Die Bruilofslied - heldergroen

167/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

21. Tant Hessie se witperd - almal
22. Kompatertjie - almal
23. Daar is 'n man - almal
24. Die Rosie - dieproos
25. Hier's ek weer - almal
26. Liefdesliedjie - koningsblou
27. Taraboemdery - 10-8-6-4-2
28. Kinders moenie in die water mors - 9-7-5-3-1
29. Bummellied - almal
30. Suikerbossie - ligblou
31. Daar by die strand - buitekringe
32. Vanaand gaan die volkies koring sny - wit
33. Vaarwel - almal
34. Sarie Marais - almal

### 4.4 Toer na afloop van die fees

Om aan die besoekende Volksdansgroepe die geleentheid te bied om meer van Suid-Afrika te sien te kry, is 'n landswye toer beplan. Op 13 November het 173 juigende volkspelers en -dansers uit Pretoria vertrek op 'n reis wat tot 4 Desember geduur het. Die groep het met 'n spesiale trein gereis en sestien van die belangrikste dorpe in die vier provinsies aangedoen om vertonings te gee.[46]

Oral op die roete waar die trein ookal stilgehou het, het honderde geesdriftiges die groep besoek en hulle oorlaai met vars en gedroogde vrugte, ander lekkernye en geskenke. Vir die oorsese volksdansers was die gasvryheid en vrygewigheid van die mense en die oorvloed iets onbekends.

### 4.5 Algemene indrukke

Vir die eerste keer in die geskiedenis het die jeug van die

168/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

stamlande die geleentheid gehad om met die jong Afrikaners op eie bodem kennis te maak. Die eerste volksdansgroep uit Europa - naamlik uit Oostenryk - het nou wel die land in 1939 besoek onder leiding van dr. Bock, maar dié toer was eintlik 'n semi-professionele konsertreis. Hierdie volksdansers het nooit die geleentheid gekry om met die mense van ons land kennis te maak nie. Ongelukkig was daar toentertyd nog geen behoorlik georganiseerde volkspelebeweging om die organisasie van so 'n toer waar te neem nie.

Dat die besoek van die volksdansers aan Suid-Afrika 'n onuitwisbare indruk op hulle gemaak het, ly nie die minste twyfel nie. Skrywer was ten tyde van die terugkeer van die groepe in Europa en het onder andere die terugverwelkomingsfunksie van die Duitse groep[47] in Stuttgart en die Engelse groep in die beroemde Royal Albert-saal in Londen bygewoon. Die leier van die Duitse groep - in die persoon van Kurt Wager - kon nie woorde vind om sy dank en waardering jeens die Afrikaners uit te spreek nie.[48] Hulle was veral deur die vriendelikheid en gasvryheid van die mense getref. As deel van hulle program is daar dan ook verskeie Afrikaanse volkspele gespeel en bekende volksliedjies gesing.

In 'n omsendbrief aan die 'Schwäbischer Spielkreis' het die leier van die groep veral die klem laat val op die indrukwekkende volkspelevertonings in Pretoria en hoe trots die Afrikaanse volk op so 'n vriendelike, offervaardige en idealistiese jeug kan wees wat so ordelik en gedissiplineerd is. Verder het hy gemeld hoe 'n wonderlike geleentheid dit vir hulle is om te kan getuig hoe die kultuur van die stamlande in Suid-Afrika voortleef - 'n kultuur wat in Europa gedurig bedreig word.[49]

In Londen was die beroemde Albertsaal, waar die wêreld se grootste kunstenaars opgetree het en nog optree, gepak toe

169/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

die Engelse volksdansers hulle program aangebied het. As blyk van waardering vir wat hulle in Suid-Afrika gesien en geniet het, het hulle 'n item getiteld 'England in South Africa' aangebied. Met akkordeonbegeleiding het Pat Shaw, die sanger en volksdanser wat soveel vriende in Suid-Afrika gemaak het en ook die enigste een was wat teen die einde van die toer (d.w.s. na ongeveer ses weke) Afrikaans redelik goed kon praat, 'n uitvoering van bekende Afrikaanse volksliedjies gelewer, waarna die volksdansgroep etlike Afrikaanse volkspele aangedurf het.

'n Gesamentlike optrede in Pretoria en 'n onbeskryflike aangename toer het groepe jongmense met dieselfde belangstelling in 'n sekere vertakking van die kultuur nader aan mekaar gebring en 'n beter begrip en waardering vir mekaar se kultuurgoedere bewerkstellig. Nie slegs was dit 'n geval van 'n beter waardering van kultuurgoedere nie, maar 'n beter begrip van die medemens as sodanig en wat die besoekers betref ook 'n baie beter begrip van die Afrikaner en 'n groter waardering van die land en sy probleme.

Die totale koste van die toer het R18 000 beloop. Hierdie bedrag is met dertien vertonings - wat deur ongeveer 75 000 mense bygewoon is - geïn. Dié feit getuig van die entoesiasme en belangstelling wat die Suid-Afrikaanse publiek vir die volkskultuur aan die dag gelê het.

## 5. Tweede Europese toer - 1958

### 5.1 Besluit

Die geslaagde oorsese toer van 1953 was nog vars in die geheue toe dr. Pellissier andermaal 'n voorstel by die Uniale Raad ingedien het vir 'n tweede Europese toer in 1957.[50] Om

170/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

verskeie redes was dit nie prakties moontlik om 'n toer vir 1957 te organiseer nie en daarom is besluit om dit liefs vir 1958 te beplan. Die Uniale Raad het besluit dat hierdie toergroep Israel, Griekeland, Oostenryk, Wes-Duitsland, Engeland, Wallis en Skotland sou besoek.[51]

Die besoek aan Wallis sou saamval met die Internasionale Eistedfodd vir volksang en volksdanse gedurende Julie in Llangollen.[52] Dit was 'n gulde geleentheid vir die volkspelers om aan beide die koorsang, volksdanse en solo-items deel te neem. Niggie Nicoline Spamer en skrywer het die volkspelegroep in die solosangkompetisie (afdeling volksliedjies) verteenwoordig.

## 5.2 Keuring

Soos in die geval van die eerste toer, het die Uniale Raad die leiers aangewys en hierdie keer het die keuse op die volgende persone geval:

| | | |
|---|---|---|
| Reisouers | - | dr. en mev. S.H. Pellissier |
| Spele- en sangleidster | - | mev. Elsa Dekker |
| Begeleier | - | mnr. M. Casaleggio |
| Sekretaris | - | mnr. H.J. Moolman |

Sestig volkspelers het die toer meegemaak en is soos volg uit die verskillende provinsies gekies:

| | | |
|---|---|---|
| Oranje Vrystaat | - | 12 |
| Wes-Kaapland | - | 7 |
| Suid-Kaapland | - | 3 |
| Suidoos-Kaapland | - | 4 |
| Noordoos-Kaapland | - | 3 |
| Noord-Kaapland | - | 3 |
| Transvaal | - | 20 |

171/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

| | | |
|---|---|---|
| Natal | - | 6 |
| Suidwes-Afrika | - | 1 |
| Rhodesië | - | 1 |

(Hierdie verdeling is pro rata volgens die aantal geregistreerde spelers gemaak).

Elke provinsiale/gewestelike komitee het 'n leierpaar benoem met dien verstande dat die neef 'n lid van die Uniale Raad en sy vrou 'n aktiewe lid van die Beweging was en die volkspele deeglik geken het. Waar die vrou nie aan die vereistes voldoen het nie, het die Uniale Raad 'n ander leidster aangewys. Hierdie persone was nie aan enige verdere keuring onderworpe nie.[53]

Die Uniale Raad het die volgende keurkomitee benoem: mnre. D.J. Vosloo, B. Gericke, J.F. Jooste, M. Casaleggio, J.V. Coetzee en mevv. M. Vosloo en M.H. van der Merwe.[54] Vir die provinsiale/gewestelike keuring het elke streek 'n komitee van vyf lede benoem, bygestaan deur twee lede deur die Uniale Keurkomitee benoem. Aangesien daar reeds besluit is om ook 'n binnelandse toer te organiseer, is die spelers vir die binnelandse toer ook tydens die finale keuring vir die oorsese toer aangewys. Slegs spelers bo die ouderdom van agtien jaar wie se ledekaart sedert 1957 gestempel is, is in aanmerking geneem.[55]

## 5.3 Insameling van fondse

Die reiskoste het in totaal R30 000 beloop. Soos met die vorige toer, het dr. Pellissier weer eens onderneem om die helfte van die bedrag in te samel mits die volkspelers bereid was om die ander helfte bymekaar te maak. Die Uniale Raad het besluit dat elke provinsiale/gewestelike streek 'n bedrag van R125 per speler, volgens die kwota aan hom toegeken, bydra. Dit het elke streek vry gestaan om te besluit op welke wyse die geld ingesamel sou word.

172/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Op 1 Maart het dr. Pellissier reeds die bedrag van R10 300 ingesamel gehad en kort daarna die res. Dit was bemoedigend om te merk dat dit nie slegs Afrikaanse sake-ondernemings was wat bereid was om by te dra nie, maar ook talle Engelse firmas. Die volkspelers het ook hulle deel van die ooreenkoms nagekom en spoedig die bedrag inbetaal.

## 5.4 Voorbereiding

Dr. Pellissier het reeds in Junie 1957 na Europa vertrek om die reisplan met die betrokke instansies te bespreek.[56] Op 1 Maart 1958 het die sekretaris, mnr. Moolman, weer 'n reis na die buiteland onderneem om alle reëlings te finaliseer. op 26 Maart het hy teruggekeer met die goeie nuus dat die reis volledig beplan is en dat alle reëlings in orde was.

Die toergeselskap het hul op Donderdagoggend 1 Mei by die Weermaggimnasium in Pretoria aangemeld waar die program vir die volgende elf dae ingestudeer is. Die niggies was in die verpleegsterskwartiere en die neefs in die hutte van die Weermag gehuisves. Gedurende hierdie tydperk is nie slegs die liedjies en die volkspele ingestudeer nie, maar is visums, paspoorte, ens. in orde gekry.

Amptenare van die Departement Inligting het 'n paar lesings gegee en die spelers van inligtingsbrosjures voorsien. Elke volkspeler was weer eens 'n ambassadeur en moes daarom op die hoogte wees met landsbeleid en in besonder die beleid van afsonderlike ontwikkeling, aangesien dit die onderwerp is waaroor die Europeërs die meeste vrae vra. Van hierdie geleentheid is ook gebruik gemaak om die drag wat hier en daar nog aandag moes geniet in orde te kry. Verder het die neefs hulle ook goed op die hoogte gebring met die uitvoering van tipiese Boerespeletjies, soos hoenderhaanskop, skilpadtrek,

173/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

beesvelry, ens. Vir laasgenoemde is 'n spesiale beesvel voorberei met behoorlike versterkte handvatsels.

## 5.5 Drag

### 5.5.1 Neefs

Die drag was gebaseer op dié van die eerste toer met enkele wysigings. Die reisbroek sou van bruin 'gaberdine' wees met die gewone laeronderbaadjie en nekdoek. Die onderbaadjie vir die voor-pouse vertoning was grys en dié vir na-pouse rooi; in die eerste geval met 'n bruin broek en in die tweede met 'n swart broek. In plaas van die bruin ferweelbaadjie van die vorige toer, was daar hierdie keer 'n geelbruin-kleurige leerbaadjie, wat 'n ongelukkige keuse was, voorgeskryf. Die leer was óf nog te nat toe dit verwerk is óf dit was nie behoorlik verwerk nie. Binne enkele dae het dit begin punte trek en voue maak met die gevolg dat dit 'n slordige voorkoms gehad het. Kolle of merke kon slegs met 'n spesiale soort spuitverf, waarmee die baadjies oorspronklik gespuit is, verwyder word. 'n Breërand vilthoed, aan die een kant opgeslaan en met 'n veer van 'n Afrikaanse voëlsoort daarin, het die bruin ferweelhoed vervang (is dit vreemd dat 'n oorsese nooientjie gevra het: 'sind Sie Cowboys aus Amerika?') Die onderbaadjie moes volgens 'n patroon van Afrikaanse blommotiewe geborduur wees.

### 5.5.2 Niggies

Die reisrok was van bont glanskatoen, terwyl pastelkleurige en wit nylonrokke tydens die vertonings gedra is. Die snit van die rok was dieselfde as dié van die vorige toer.

174/...

---

Niggies van die 1958-Toergroep in reisdrag.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 5.6 Reisplan

Met die eerste toer is die stamlande besoek, terwyl hierdie toer lande waar volksdanse nog baie populêr was, ingesluit het, naamlik Israel, Griekeland, Oostenryk, Duitsland, België, Engeland, Skotland en Wallis. Aanvanklik was daar gepoog om Frankryk in te sluit, maar die onderhandelings het ongelukkig skipbreuk gely.

### 5.6.1 Israel

Geleenthede vir vertonings in die Bybelland was beperk tot twee stede, naamlik Tel Aviv en Haifa as gevolg van ongunstige politieke toestande. In albei stede was die toestande waaronder opgetree is baie veeleisend as gevolg van die gespanne toestand in Israel. Tog het die volkspelers hulle goed van hul taak gekwyt en het hulle groot lof ingeoes.[57] Baie van die Israeli's wat uit Suid-Afrika ge-emigreer het, het met groot opgewondenheid die spelers toegejuig.[58]

### 5.6.2 Griekeland

Soos in Israel, het die groep dit ook baie ongelukkig getref in Athene, aangesien die atmosfeer op politieke gebied so plofbaar was, dat besluit is dat dit beter sou wees om nie publieke vertonings te lewer nie. Die aand na die aankoms het die groep aan huis van die Ambassadeur, mnr. Nico Jooste, vergader waar hulle feestelik onthaal is.[59]

Vir die eerste keer is met die Griekse volksdansvorm kennis gemaak - 'n bekende groep Griekse volksdansers het 'n baie interessante vertoning van Griekse volksdanse gelewer, waarna die volkspelers 'n paar volkspele uitgevoer het en 'n paar volksliedjies gesing het.

175/...

---

'n Groepie Afrikaanse volkspelers en Griekse volksdansers gesellig byeen in Athene, 1953.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Aangesien daar geen volkspelevertonings sou wees nie, is die geleentheid gebruik om so veel moontlik van die ou kultuurstad te sien. 'n Besoek aan verskeie ou geboue in die stad, asook 'n paar museums is afgerond met 'n onvergeetlike besoek aan die Akropolis. Hier het die volkspelers verstom gestaan by die aanskoue van die eertydse majestueuse tempels, soos o.a. die Parthenon. 'n Besoek aan Griekeland kon nie in Athene begin en eindig nie en daarom is ook 'n besoek aan Delphi in die program ingesluit. Nogmaals het die volkspelers die geleentheid gekry om die ou Griekse argitektuur te bewonder.

Menige volkspeler het van Griekeland afskeid geneem met die vaste voorneme om so spoedig moontlik weer 'n besoek te bring aan dié land waarvan die kultuur "selde geëwenaar is, maar nooit oortref is nie", om die woorde van Perikles te gebruik.

5.6.3 Oostenryk

Dié land is van kant tot kant deurreis. Die hoogtepunt was egter die besoek aan Wene, stad van die onsterflike walskoning, Johan Strauss.[60] Twee dae is in 'n 'Jugendhaus' in die betowerende Weense woude deurgebring, met besoeke aan alle besienswaardighede - o.a. die tuiste van die Weense Seunskoor. Na 'n kort vertoning in die bekende Maria Theresesaal, kon die volkspelers die versoeking nie weerstaan om op maat van Straussmusiek deur 'n tipiese Oostenrykse orkes verskaf, die res van die aand met wals deur te bring nie.

5.6.4 Duitsland

'n Besoek aan die beroemde Oberammergau, waar die Passiespele al om die tien jaar opgevoer word, was 'n

176/...

---

Vertoning deur die volkspelers op die stadsplein van Schondorff, Duitsland - Mei 1953.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

belewenis vir elke volkspeler, al was dit slegs om die verhoog te betree en die garderobe met al die kostuums en die kamers met al die dekor en rekwisiete - onder andere die doringkroon - te besigtig.

In Stuttgart is die herontmoeting met die Swabiese Volksdansgroep van Kurt Wager wat in 1955 in Suid-Afrika was, feestelik gevier.[61]

5.6.5 België

Hier het die groep andermaal by privaat mense in St. Niklaas tuisgegaan. In dié streek van Vlaandere was die ontvangs en vriendelikheid van die mense oorweldigend - in die Walloniese deel was dit egter nie die geval nie. Die goedgesindheid van die Vlaming teenoor die Afrikaner is opnuut bewys.[62]

In Dendermonde het die volkspelers vir die eerste keer die geleentheid gekry om 'n tipiese folkloristiese vertoning by te woon - feeste waaraan België ryk is. In hierdie geval was die drieuurlange optog 'n fees van kleure. Die Middeleeuse drag en wapenrusting, wat vir die volkspelers vreemd was, was voorwaar 'n belewenis.

5.6.6 Engeland

Die toer in Engeland was beperk tot Londen. Die Uniale Raad het die Engelse volksdansvereniging versoek om 'n reünie van alle volksdansers wat in 1955 in Suid-Afrika was, te organiseer.

Hiervoor was die Engelse egter nie te vinde nie, met die gevolg dat die toerkomitee besluit het om die organisasie self te behartig. Op 4 Junie het die

177/...

---

Dr. en mev. D.F. Malan saam met dr. en mev. S.H. Pellissier en 'n paar volkspelers in die Cecil Sharp-huis - hoofkwartier van die Engelse Volksdansvereniging - Junie 1953.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

verskillende groepe hulle dan ook by die volkspelers by 'n jeugtuiste - Grange Farm Centre - ongeveer 30 km buite Londen aangesluit.

Dieselfde aand is 'n groot vleisbraaifunksie in die skilderagtige gronde van die Bedford College gehou. Hoogwaardigheidsbekleërs van verskeie staatsdepartemente van Engeland het ook die verrigtinge bygewoon. Soos in Culemborg, tydens die eerste toer, is vleis, vars en droë vrugte deur die verskillende Rade uit die Republiek na Londen gestuur. Die keurig gedekte tafels op die lowergroen grasperke en die geur van braaivleis was 'n onvergeetlike belewenis vir al die aanwesiges maar in besonder vir die hoë Engelse gaste wat nie kon glo dat so iets moontlik was nie. Na die ete is die gaste op volkspele en volksdanse deur die verskillende groepe vergas.

Drie dae later en wel op 7 Junie[63] is die reünie afgesluit met 'n volksdansvertoning in die Royal Albertsaal.[64]

5.6.7 <u>Wallis</u>

Vroeg die volgende oggend het die groep na Wallis vertrek en wel na die dorpie Llangollen, waar saam met 24 ander lande aan die Eistedfodd deelgeneem is. Die veelkleurige kostuums van die volksdansers uit die verskillende lande - van die eenvoudige effekleurige groen rokkies van die Ierse dametjies tot die veelkleurige, weelderige rokke van die Sardiniërs - was 'n indrukwekkende gesig. Onder die honderde volksdansers het die volkspelegroep groot gewildheid geniet.

178/...

---

Vertoning in die Royal Albertsaal, Londen, Junie 1958.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Al kon die volkspelers op die gebied van koorsang en volkspele nie met die groepe kompeteer nie, was hulle tog goeie ambassadeurs. Die spontaneïteit, ongekunsteldheid en vriendelikheid het op al die aanwesiges 'n groot indruk gemaak. Die Boerespeletjies - veral die beesvelryery - het groot byval gevind.

5.6.8 Skotland

Met 'n vlugtige besoek aan Edinburg waar slegs informele vertonings saam met die Skotse volksdansers gelewer is, is die toer afgesluit.

## 5.7 Indrukke

Vrae soos die volgende kom onwillekeurig na vore: Wat is die nut van sulke toere? Is dit die moeite werd? Wat word daarmee bereik? Sulke vrae is seker geregverdig veral in geval van diegene wat skepties staan teenoor die aanskoulikheid van die volkspele. Daar is diegene wat die volkspele as te eenvoudig beskou. So ook het die hoofbeoordelares op die Walliese Eisteddfodd in haar kritiek beweer dat dit beslis nog nie as ware volksdanse beskou kan word nie, daar dit nog skaars 'n dekade oud is. Dat daar 'n groot mate van waarheid in hierdie bewerings opgesluit is, kan sekerlik nie betwis word nie. Dit gaan hier egter nie om die volkspele as sodanig nie, maar meer om die waarde van die onderneming. Wat dié aspek betref, ly dit geen twyfel dat die toer wel vrugte afgewerp het nie. Die Europeër het weer eens die geleentheid gekry om die Afrikaner as mens te leer ken. Vir goeie menseverhoudings, is daar seker niks beters as om die jongmense die geleentheid te bied om mekaar op kulturele vlak te ontmoet nie.

Met sulke geleenthede word politieke vooroordele links gelaat en staan die groepe as kultuurmense teenoor mekaar. Hierdie

179/...

---

Die volkspelekoor tydens hulle optrede in die Walliese Eistedfodd in Llangollen, Wallis, Junie 1953.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

kontakte is beslis van meer waarde as enige ontmoeting en ooreenkomste op staatkundige terrein. Die Europeër se kennis van die Afrikaner strek so ver as inligting wat deur die pers vrygestel word en dit gaan gewoonlik om die voorstelling van die Afrikaner as aanhanger van 'apartheid' wat sinoniem is met rassehater en onderdrukker.

Toere soos hierdie gee die Europese mens die geleentheid om 'n ander beeld van 'n veronregte volk te kry. Hy beweeg nie op 'n mededingende vlak soos in die geval van sportspanne nie, maar op 'n gemeenskaplike belangstellingsterrein waar beide streef om dieselfde ideaal te verwesenlik. Die geleentheid tot noue kontak word spesiaal geskep deur die plasing van spelers, waar moontlik, by privaat persone.

Vir die meeste volkspelers is die eeue-oue kultuur van die Europese nasies iets vreemds en sou dit ook vir die meeste so gebly het as hulle nie op hierdie wyse die geleenthede gebied is om meer kennis te verwerf nie. Die waardering wat die Europeër vir sy kultuur het, het soos 'n suurdeeg ingewerk op die volkspelers en het hulle teruggekeer om met groter trots hulle eie kultuurgoedere te bewaar, in ere te hou, te waardeer en lief te hê. Wat meer wil bereik word as juis dit?

In die voorbereiding vir die toer het baie van die volkspelers ook kennis gemaak met wetenswaardighede van hulle eie land wat vir hulle tot in daardie stadium nog onbekend was. Niemand kan waardering hê vir dit waarvan hy geen kennis dra nie. Eers wanneer hy ten volle bewus word en kennis dra van sy volk se verlede en dit waarvoor daar gestry, gely en geoffer is, kan hy waardeer. As al hierdie faktore in aanmerking geneem word, kan die waarde van hierdie toere nie langer bevraagteken word nie.

---oOo---

180/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

6. BRONNEVERWYSINGS EN TOELIGTENDE VOETNOTE BY HOOFSTUK 6

1. S.H. Pellissier - E.G. Jansen, 19.7.1948.
2. S.H. Pellissier - C. de Ridder, 13.5.1949.
3. S.H. Pellissier - Bestuurder, Sonop Beperk, 23.6.1949.
4. C. de Ridder - D.J. Vosloo, 27.9.1949.
5. C. de Ridder - S.H. Pellissier, 22.11.1949.
6. S.H. Pellissier - C. de Ridder, 25.11.1949.
7. The Pretoria News, 15.12.1949.
8. Die Volksblad, 15.12.1949.
9. Die Volksblad, 20.12.1949.
10. C. de Ridder: 14 Desember 1949 - Hoogtepunt van ons Volkspelebeweging (Inspan, Maart 1950), p.18.
11. Die Vaderland, 17.1.1962.
12. The Pretoria News, 4.4.1952.
13. Die Burger, 8.4.1952.
14. Fred L. Scheepers: Die Van Riebeeckfees 1952 - Algemene Indrukke (Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1952), pp.6-11.
15. Cape Times, 4.4.1952.
16. S.H. Pellissier: Toekomsplanne (Inspan, Desember 1947), p.10.
17. Die Volksblad, 20.12.1949.
18. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 20.6.1952, p.5.
19. Die Burger (Byvoegsel), 17.4.1953.
20. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 20.6.1952, p.5.
21. Ibid., p.6.
22. S.H. Pellissier: Toekomsplanne (Inspan, Desember 1947), p.10.
23. The Star, 18.4.1953.
24. Die Burger (Byvoegsel), 17.4.1953.
25. The Mercury, 4.5.1953.
26. The Star, 4.5.1953.
27. Nieuwe Rotterdamsche Courant, 4.5.1953.
28. Het Rotterdamsche Parool, 6.5.1953.
29. Morgen Post (Duitsland), 2.6.1953.
30. Culemborgsche Courant, 22.5.1953.

181/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

31. Het Handelsblad (België), 19.5.1953.
32. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2-3.10.1953, p.10.
33. Daily Mail (Londen), 10.6.1953.
34. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2-3.10.1953.
35. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 1-2.10.1954, p.9.
36. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2-3.9.1955, p.5.
37. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Dagbestuur, Notule, 17.4.1954, p.4.
38. Die Transvaler, 9.11.1955.
39. Die Transvaler, 9.11.1955.
40. Die Vaderland, 9.11.1955.
41. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Omsendbrief 1/1955, pp.3-4.
42. Ibid., p.4.
43. Die Transvaler, 10.11.1955.
44. Die Transvaler, 12.11.1955.
45. Die Transvaler, 11.11.1955.
46. Die Transvaler, 14.11.1956.
47. Deutches Volksblatt, 16.1.1956.
48. Deutsche Bauernzeitung, 22.11.1955.
49. Schwäbischer Spielkreiss, Omsendbrief, 18.12.1955.
50. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Dagbestuur, Notule, 28.9.1956, p.4.
51. Rand Daily Mail, 13.6.1957.
52. Die Transvaler, 11.5.1957.
53. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 27-29.6.1957, pp.7-9.
54. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Omsendbrief nr. 6/1957, 8.8.1957, p.3.
55. Ibid., p.4.
56. Die Transvaler, 13.7.1957.
57. The Jewish Herald, 23.5.1958.

182/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

58. Die Volksblad, 28.5.1958.

59. Die Volksblad, 4.6.1958.

60. Ibid.

61. Die Volksblad, 20.6.1958.

62. Die Transvaler, 5.7.1958.

63. The Daily Telegraph (Londen), 8.7.1958.

64. The Times, 8.7.1958.

183/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

HOOFSTUK 7

# SANG- EN VOLKSPELEKURSUSSE EN LENTESKOLE

## 1. Volkspelekursusse

### 1.1 Algemeen

Die eerste vraag wat onwillekeurig na vore kom wanneer van kursusse gepraat word, is: wat word met hierdie kursusse beoog? Die antwoord is viervoudig van aard:
om volkspele aan te leer;
om te verseker dat die volkspele eenvormig uitgevoer word;
gedurige opknapping van ou en instudering van nuwe spele, en
kulturele skoling.

### 1.2 Aanleer van spele

Met die totstandkoming van die Volkspelebeweging is besef dat daar maar een manier was waarop volkspele vinnig aangeleer en vinnig versprei kon word en dit was deur die organisering van kursusse oor die lengte en breedte van die land.[1]

### 1.3 Eenvormigheid van spele

Die Uniale Raad het besluit dat alle laers dwarsdeur die land die goedgekeurde volkspele moet speel en dat al hierdie spele op dieselfde wyse uitgevoer moet word en wel soos in die amptelike handleidings uiteengesit. Hierdie ideaal kon slegs verwesenlik word deur kursusse te reël en kenners van die spele aan te wys om die leiding te neem. Reeds vanaf die beginjare was daar uiteenlopende vertolkings van die uitvoering van die spele, wat dikwels die gevolg was van vae beskrywings en gebruik van onbekende terminologie. Dit het selfs gebeur dat kursusleiers nie eenstemmig was oor die wyse van uitvoering nie.

184/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Soos in 'n vorige hoofstuk gemeld, is daar ook dikwels probleme met die begeleiding ondervind, met die gevolg dat die uitvoering van die spele ook daaronder gely het. Die kursusse het baie daartoe bygedra om struikelblokke uit die weg te ruim en eenvormigheid in die hand te werk.

1.4 Aanleer van nuwe spele

Dit was 'n natuurlike proses dat die volkspele met verloop van tyd sekere wysigings sou ondergaan. Indien hierdie verskynsel onbelemmerd voortgegaan het, sou dit beteken het dat daar binne enkele jare 'n groot verskeidenheid variasies in die uitvoering van die spele sou bestaan het, wat beslis nie bevorderlik sou gewees het nie. Die Uniale Raad het hierteen gewaak deur periodiek die voorgestelde wysigings onder die vergrootglas te plaas en dan met konkrete voorstelle voor die dag te kom. Sodoende is daar feitlik om die drie maande in die verskillende provinsies kursusse georganiseer waar die wysigings aan die spele onder andere verduidelik is.

Hierdie wysigings was nodig, want so kon die spele in ware volkspele, met die klem op volk, ontwikkel. Die volk moet die spele speel soos dit vir hom die maklikste en aangenaamste is, maar nie sonder orde en reëlmaat nie.

Ongelukkig het hierdie wysigings dikwels op haarklowery afgestuur wat die volkspele baie skade aangedoen het. So dikwels is daar ure lank oor die plasing van die voet of die beweging van 'n arm, ens. geredekawel dat dit baie onaangenaamheid meegebring het. Hierdie argumente was dikwels geldig waar dit die afrigting vir kompetisies geraak het - iets waarvoor volkspele in elk geval nie bedoel is nie - maar by gewone volkspele-aande waar spelers byeengekom het om 'n aand te geniet, het dit dikwels spelers weggedryf in plaas van getrek.

185/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Met verloop van jare is verskeie nuwe spele geskep wat aanvanklik nie in bundels opgeneem is nie maar veral op kursusse aan leiers en spelers oorgedra is - ook vir hierdie doel was die kursusse van onskatbare waarde.

### 1.5 Kulturele skoling en vorming

Die kursusse het egter nie net op die instudering van spele gekonsentreer nie, maar ook op volksang (in 'n afsonderlike afdeling word meer hieroor gesê) en die bybring van kennis oor aanverwante onderwerpe. Insiggewende lesings is deur vooraanstaande persone oor onderwerpe wat die volkspeler na aan die hart gelê het, gegee. Dit het alles bygedra om by die jong volkspeler 'n innige liefde vir sy volkseie te ontwikkel. Die godsdiensoefeninge wat 'n integrerende deel van die program gevorm het, het die spelers laat besef hoe diep die Afrikaner se lewensopvatting en wêreldbeskouing in die Calvinisme gewortel is.

## 2. Gewone Volkspelekursusse

### 2.1 Eerste kursus te Bloemfontein

Die eerste kursus in volksang en volkspele is van Maandag 30 September tot en met Saterdag 5 Oktober 1940 in die Normaalkollege in Bloemfontein georganiseer.[2] Hierdie kursus was die eerste van letterlik honderde wat sou volg.

Die Lenteskoolbestuur wat vir die organisasie van hierdie kursus verantwoordelik was, was die volgende:
S.H. Pellissier, D.F. Malherbe, C.F. Visser, H. van der Merwe Scholtz en A.S. Theron (sekretaris).

186/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Groot geeste van ons tyd en persone wat diep spore getrap het in ons volksgeskiedenis het aan die roer gestaan en 'n aksie van stapel laat loop wat tot vandag toe nog 'n groot rol speel in die kulturele vorming van die Afrikanerjeug.

Mejj. Anna Köhler en Machteld Coetzee, beide toentertyd lektrises in liggaamlike opvoeding aan die Bloemfonteinse Onderwysersopleidingskollege, was vir die spelleiding verantwoordelik, terwyl mnr. Stephen Eyssen, gevierde sanger van Heidelberg (Transvaal), die sang behartig het.

Laasgenoemde is deur mev. Elsa Dekker, mnre. Casaleggio en Fourie bygestaan - almal persone wat baie jare lank die leiding op hierdie gebied waargeneem het en wie se onbaatsugtige dienste nooit oorskat sal kan word nie.

'n Kykie na die onderwerpe waaroor lesings gegee is, laat geen twyfel oor die kulturele skoling wat die kursusgangers geniet het nie:

| | |
|---|---|
| Ons volkseie | - Prof. dr. D.F. Malherbe |
| My roeping as Afrikaner | - prof. dr. H. van der Merwe Scholtz |
| Ons volk ken geen klasseskeiding nie | - dr. C.F. Visser |
| Sang en volkspele in ander lande | - dr. S.H. Pellissier[3] |

Die 280 kursusgangers wat van heinde en verre gekom het, het na hulle tuisdorpe teruggekeer besiel met grootse ideale, nie slegs om volkspele te gaan aanleer nie, maar om hulle mede-Afrikaner meer kultuurbewus te maak. Binne enkele jare is volkspelelaers oor die lengte en breedte van die land gestig.

187/...

---

Mej. Machteld Coetzee, een van die volkspeleleidsters tydens die kursus te Heidelberg, Transvaal, April 1941.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

2.2 Kursus te Heidelberg (Transvaal)

Die entoesiasme van die jeug het geen perke geken nie en van oral het versoeke vir nog kursusse gekom. Die gevolg was dat daar in 1941 drie kursusse in verskeie provinsies georganiseer is.[4] Die kursus te Heidelberg was egter die grootste en sou ook nooit in die toekoms in getalle oortref word nie - nie minder nie as 426 neefs en niggies het die kursus bygewoon. Die spelers is in die koshuise van die Hoër Volkskool gehuisves, terwyl alle byeenkomste in die skoolsaal gehou is.

Volkspele was iets nuuts. Die geklank van die kloppende ossewawiele tydens die 1938-feesvierings was nog vars in die geheue van Jong Suid-Afrika. Wanneer die eerste strale van die opkomende son oor die Suikerbosrant geloer het, het ook die geklank van "Aanstap Rooies" deur die gange van die koshuise weerklink. Die lewenslus en opgewondenheid van die volkspelers het geen perke geken nie.

Om die onderrig van die groot aantal spelers te vergemaklik, is twee demonstrasiegroepe ingespan - die Braamfonteinse groep o.l.v. Albie Joubert en dié van die Universiteit van Pretoria, met mnr. Jerry Vorster, tans skakelbeampte van die Stadsraad van Pretoria, as leier. Machteld Coetzee en Anna Köhler, bygestaan deur Wynand van Huyssteen, tans Hoof van die Hoërskool Worcester, het die leiding van die volkspele met groot sukses behartig. Die spelers wat hierdie kursus bygewoon het, was in die gelukkige posisie om die volkspele-handleiding deur Anna Köhler, wat toe pas verskyn het, te kon gebruik.

Die volkspele en volk- en gewyde sang is soos in Bloemfontein met baie insiggewende lesings afgewissel. Die volgende was

188/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

van die belangrikste lesings wat gelewer is:

| | |
|---|---|
| Volksang | - Stephen Eyssen |
| Gewyde sang | - Anton Hartman , tans professor in en hoof van die Departement Musiek aan die Universiteit van die Witwatersrand |
| Skoonheid van kleur en lyn in beweging | - W.H. Coetzer, bekende skilder |
| Die rol van die radio in volksang | - Gideon Roos, destyds Direkteur van die SAUK |

Hierdie lesings het die kursusgangers laat besef dat volkspele werklik 'n integrerende deel van die Afrikaner se kultuur was.

Na vyf onvergeetlike dae het die kursus met 'n groot verskeidenheidsprogram in die stadsaal afgesluit. As die Bloemfonteinse kursus entoesiasme gewek het, het hierdie kursus nog baie meer geïnspireer om volkspele te help propageer.

Die talle volkspelekursusse wat gevolg het, het almal die patroon van hierdie eerste twee kursusse met groot vrug gebruik. Tussen 1 April 1941 en Maart 1945 is 40 kursusse in verskeie dele van die Republiek, Suidwes en Rhodesië gereël en is aan 4 474 spelers sertifikate uitgereik.[5]

3. Sang by kursusse

Dr. Pellissier het nie slegs 'n 'spelende' volk nie, maar ook 'n 'singende' volk as ideaal gestel en daarom het volksang altyd 'n integrerende deel van die kursusse uitgemaak. Die sang het baie bygedra om 'n aangename gees te skep.

189/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

3.1 Gewyde sang

Die programme is gewoonlik so ingedeel dat die eerste sangperiode elke oggend aan gewyde sang bestee is. Die Psalms en Gesange is behoorlik ingestudeer en opnuut het die spelers onder die indruk van die skoonheid en dieper geestelike betekenis van ons kerksang gekom. Die waardering van die kerklied is verhoog deurdat ook die geskiedenis van die lied verhaal is en die uitvoering van sommige in verband gebring is met gebeure in die geskiedenis van die Afrikaner. So is daar byvoorbeeld gewys op die Psalms en Gesange wat deur die Voortrekkers met spesifieke geleenthede gesing is, asook dié wat tydens die Vryheidsoorloë tot inspirasie gedien het. Soos vroeër die gewoonte by ons voorouers was, is gepoog om die spelers te leer om die gewyde liedere in stemme te sing, wat die aantreklikheid nog verder verhoog het.

3.2 Volksang

Stephen Eyssen, bekende opvoedkundige, sanger en komponis het gedurende die aanvangsjare van die Volkspelebeweging dikwels as sangleier by kursusse opgetree. 'n Beter sangleier en inspireerder kon daar seker nie gewees het nie. Sy liefde vir die Afrikaanse volkseie en in besonder van die Afrikaanse volkslied, het baie stimulerend op die kursusgangers ingewerk.

Hy het volksang omskryf as synde erfgoed, volkspoësie, liedere wat die volk van die voorgeslagte geërf het of wat gedurende die eie geslag algaande ontstaan het en oorgedra word. Na die oorsprong van die woorde en melodieë word nie gevra nie. Baie van die liedere se woorde en wysies het met die verloop van jare so verander dat hulle nouliks meer herkenbaar is. Hierdie liedere is nie altyd opgeteken nie maar het in die geheue van die massas voortgeleef en is dan mondeling van

190/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

geslag tot geslag oorgedra. Daarom is dit dan ook verstaanbaar waarom die liedere gewoonlik eenvoudig was en dus maklik aangeleer is. Die sing daarvan het 'n saamhorigheidsgevoel geskep wat die geluk van die massas bevorder het en hulle liefde en trots vir die eie aangevuur het.[6]

Die eenvoud van die Afrikaanse volkslied blyk ook uit die tipiese driemalige herhaling van sekere versreëls - gewoonlik in die refrein. 'n Tipiese voorbeeld is "Al lê die berge nog so blou":

"Al lê die berge nog so blou
Al lê die berge nog so blou
Al lê die berge nog so blou
Haar woorde sal ek steeds onthou."[7]

Die daaropvolgende drie strofes volg dieselfde patroon.
'n Ander voorbeeld is "Die Blouberg":

"Die Blouberg moet ek oor,
Die Blouberg moet ek oor,
Die Blouberg moet ek oor,
Want die liefde lê daarvoor."

Hierdie volkswysie is deur prof. C.G.S. de Villiers van Stellenbosch in die distrik Caledon opgeteken.[8] Baie van die volkspeleliedjies waarop die volkspele gebaseer is, getuig ook van hierdie interessante verskynsel.

Dit is egter nie slegs die eenvoudige volksliedjie wat die aandag tydens die sangperiodes geniet het nie, maar ook die ernstiger volks- en vaderlandsliedere. Dit was absoluut verstommend om te sien hoe min kennis ons jeug van die volksliedere gehad het. Skrywer het self by verskillende kursusse as leier opgetree en was geskok om te vind dat 'n groot persentasie van die volkspelers aanvanklik nie eers 'Die Stem van Suid-Afrika' behoorlik geken het nie, praat nie eers van die Transvaalse en Vrystaatse volksliedere nie.

191/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Dat hierdie kursusse gehelp het om ons spelers volksangbewus te maak, staan soos 'n paal bo water. Ook mev. Cecile de Ridder maak in 'n artikel in 'Die Inspan' melding van die besondere waarde van die kursusse wat die sing van Psalms en Gesange en algemene volksliedere betref.[9]

## 4. Vereistes aan kursusse gestel

Die Uniale Raad het reeds met die organisering van die eerste kursusse in volkspele en volksang sekere vereistes aan die kursusse gestel wat kortliks op die volgende neerkom:

Kursusse moet minstens vyf dae duur
Spelers moet woorde van volkspeleliedjies vooraf instudeer
Deelnemers moet deur die plaaslike tak van die RDB aanbeveel word (om te verhoed dat ongewenste elemente insluip)
Daar moet 'n demonstrasiegroep wees om spele te demonstreer (hierdie reël was egter selde in die praktyk toegepas)
Daar sal geen korrespondensiekursusse (soos deur sommige laers versoek is) beskikbaar gestel word nie
Kursusleiers sal geen vergoeding ontvang nie - slegs reis- en verblyfkostes sal vergoed word
Elke kursusganger ontvang 'n diploma.[10]

Oor verskeie aangeleenthede het daar mettertyd verwarring ontstaan, grootliks te wyte aan die feit dat van 'n hele aantal kursusleiers (leidsters) gebruik gemaak is wat nie almal die saak in dieselfde lig gesien het nie. 'n Onderkomitee van die Uniale Raad bestaande uit mevv. E. Dekker, C. de Ridder en mnre. D. Vosloo, C.D. Theron, W.J. Norval en C.J.P. Jooste (saamroeper) is toe saamgestel om al die probleme te ondersoek en op te los. Hierdie komitee moes ook 'n memorandum opstel oor kursusse vir kursusleiers, laerleiers en gewone kursusse vir die volkspelers.[11]

192/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

5. Memorandum oor kursusse

Die aanbevelings in die memorandum kan soos volg opgesom word:

5.1 Gewone kursus

Enige persoon bo die ouderdom van 16 jaar sal tot die kursus toegelaat word.
Deeltydse bywoning (gewoonlik saans, dog dit kan ook oor 'n paar weke strek) was slegs toegelaat in gevalle waar spelers reeds die spele geken het.
Die kursusse duur gewoonlik 5 dae en elke speler betaal R2 kursusgeld (hierdie bedrag is sedertdien verander).
Aanvullend by die volkspele moet die volgende in die program ingesluit wees: praatjies oor die volkspele-organisasie, kleredrag, filmvertonings, uitstappies, ensovoorts.
Aan spelers sal sertifikate in plaas van diplomas uitgereik word.

5.2 Laerleierskursus

Slegs volkspelers wat reeds 'n gewone kursus bygewoon het, mag 'n kursus vir laerleiers bywoon. Verder is voorgestel dat spelers bo 21 jaar moet wees en deur die laer aanbeveel word. Ten einde te verseker dat die leier behoorlik opgelei word, is die aantal kursusgangers tot 60 beperk en sal hulle ook vir 'n periode van 5 dae opgelei word.

Aangesien hierdie persone weer op hulle beurt leiding moet gaan gee, was dit noodsaaklik dat hulle 'n breër agtergrond sal hê en meer omtrent die Beweging as sodanig weet. Om dié rede het die kursusse nie slegs uit volkspele en - sang bestaan nie, maar is die volgende ook in die program ingesluit:

193/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Behandeling van die volkspelekonstitusie
Administratiewe aangeleenthede
Uitbreiding van die organisasie van volkspele
Laeradministrasie
Bespreking van alledaagse probleme
Aanleer van gewone vermaaklikheidspele
Afrikaanse organisasies en hulle funksies.
Later is ook die volgende bygevoeg:
Inligting in verband met die sang tydens laerbyeenkomste
Beginsels van 'n eenvoudige boekhoustelsel en
Prosedures by vergaderings.

Nieteenstaande hierdie goedbedoelde voorskrif vir die laerleierskursusse, het dit nie werklik in die behoefte voorsien nie. Die belangstelling was teleurstellend nieteenstaande daar 'n nypende tekort aan bekwame, opgeleide leiers was. Daar is in 'n stadium selfs gedink aan die moontlike subsidiëring van potensiële leiers, aangesien die toekoms van die Volkspelebeweging in groot mate van goeie leierskap afhanklik was. Die paar kursusse wat gereël is, was niks meer as gewone kursusse nie.

## 5.3 Kursus vir kursusleiers

Dit het soms gebeur dat kursusleiers nie eenstemmig was oor die vertolking en uitvoering van die spele nie. Die gevolg was dat die kursusse nie altyd so suksesvol was as wat 'n mens sou verwag nie. Om hierdie probleme te probeer uit die weg ruim, is daar besluit om ook kursusse vir hierdie leiers in te stel. Uit die aard van die saak was dit nodig om afsonderlike kursusse vir sang- en speleleiers in te stel, daar min persone beide aspekte met sukses kon behartig.

Ten einde vir hierdie kursus in aanmerking te kom, was dit

194/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

nodig dat 'n persoon reeds in besit van 'n leierskursus-sertifikaat sou wees en dat hy/sy deur 'n provinsiale komitee afgevaardig moes wees. Aan voornemende kursusgangers is vooraf 'n reeks lesings oor verskeie aspekte van leierskap gestuur, wat behoorlik deurgewerk en ingestudeer moes word. Tydens die kursus is hierdie lesings dan in besonderhede bespreek.

Omdat daar 'n noue verband tussen die sang en volkspele is, is dit van sangleiers verwag om ook die volkspelekursus by te woon. Na afloop van die kursus is daar gewoonlik 'n paneel saamgestel waaruit leiers vir die verskillende kursusse gekies kon word.[12]

Daar het ongelukkig probleme met die opstel van die lesings ontstaan en daarom is besluit om die kursus tot na die oorsese toer (1958) uit te stel.

In 1960 het die Kursuskomitee besluit om 'n nuwe paneel van kursusleiers op te stel en dat dit sou geskied na aflegging van 'n eksamen deur aspirant leiers. Kandidate wat hulle vir die eksamen aangemeld het, se name is eers deur die Provinsiale/Gewestelike Komitee aan die Uniale Raad voorgelê. Laasgenoemde het dan besluit of die genomineerde persone aanvaarbaar was waarna gekeurde kandidate voor 'n Keurraad verskyn het om getoets te word.

Die keuring het uit twee dele bestaan: eerstens vrae oor onderwerpe wat in verband staan met die Volkspelebeweging en tweedens moes 'n groep volkspelers in vyf volkspele afgerig word. Kandidate moes 'n minimum van 75% in elke afdeling behaal ten einde op die leierspaneel geplaas te kon word.[13]

195/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Reeds op 'n volgende vergadering is die toetse verder uitgebrei om soos volg te lees:

Afdeling A: Algemene vrae oor:

1. Statute en konstitusie van die Beweging
2. Geskiedenis van die Beweging
3. Prosedure by vergaderings
4. Kulturele taak van die Beweging
5. Kleredraghandleiding
6. Kursushandleiding
7. Handleiding vir laerleiers
8. "My siening van die Beweging"
9. Reël van 'n saamtrek wat ook deur eregaste en lede van die publiek bygewoon word - prosedure
10. Die gedragskode van die volkspelers - die "moets" en die "moenies"
11. Die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele se beleid ten opsigte van kunswedstryde, sangbevordering, begeleiding en nuwe spele.

Afdeling B: Vrae met betrekking tot kennis en afrigting van spele - 'n proefgroep word gebruik:

1. Verduideliking aan en afrigting van die groep in 5 uitgesoekte volkspele
2. Opstel van 'n lys van spele vir 'n saamtrek in 'n saal
3. Opnoem van (a) die verskillende passies
   (b) die verskillende sirkels
   (c) die verskillende grepe (in al drie gevalle moet dit ook gedemonstreer word)
4. Vrae oor fynere punte by die beoefening van die spele
5. Hoe die Volkspeleboek gelees moet word.[14]

In 1962 is daar besluit dat sekere gedeeltes van bogemelde leerplan skriftelik en nie mondeling beantwoord word nie.[15]

196/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Hierdie leerplan het waarskynlik al die fasette van volkspele en die organisasie van die Beweging as sodanig gedek, maar vir skrywer is die allerbelangrikste die persoon wat as leier moet optree. Enige persoon met 'n redelike mate van intelligensie kan hierdie leerplan bemeester, maar vir skrywer gaan dit om die vraag of die persoon oor daardie eienskappe beskik wat van hom 'n leier in die ware sin van die woord maak. Sekere eienskappe karakteriseer die leier. Die volgende sou seer sekerlik as van die belangrikste genoem kan word:

'n Duidelike ideaal - d.w.s. hy moet weet waarheen hy wil, hoe hy sy vermoëns en die materiaal waaroor hy beskik die beste kan aanwend om sy ideaal te bereik.

Geesdrif - hy moet kan inspireer en ander vervul met dieselfde ideaal wat hy koester.

Deursettingsvermoë - struikelblokke en teleurstellings sal die ware leier nie laat tou opgooi nie - inteendeel, dit sal hom meer standvastig en onwrikbaar maak om sy doel te bereik en sukses te behaal.

Samewerking met hulle wat onder sy leiding staan - moed, geduld en begrip van hulle wat hulle vrywillig onder sy leiding geplaas het, is seker een van die belangrikste vereistes wat aan enige leier en dan in die besonder aan die volkspeleleier gestel word. Hy moet minsaam en aanvaarbaar wees.

Die volkspeleleier moet ook kultuurmens wees en as sodanig sal hy dan ook weet om die verkeerde, die onsuiwere en onegte uit die volkspele te weer.

Skrywer sou graag wou sien dat potensiële leiers 'n leierskool van twee tot drie weke per jaar vir drie jaar bywoon om alle fasette van leierskap behoorlik onder die knie te kry, waarna dan die leiers vir die paneel aangewys word. Aan die einde van die eerste kursusse moet die snoeiskêr reeds ingelê word

197/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

en diegene wat duidelik toon dat hulle nie oor die potensiaal beskik nie, uitgeskakel word. Alhoewel die Provinsiale/ Gewestelike Komitee persone moes keur, het dit nog nie beteken dat die regte persone deur hulle aangewys is nie.

In die voorgeskrewe leerplan word daar byvoorbeeld in die geval van sangleiers geen melding van musiekkennis gemaak nie. Daar bestaan ongelukkig die idee onder sommige volkspelers dat enige persoon maar gekies kan word om sang af te rig. Die gevolg is dat die hele sangaksie soms 'n klug word.

Hierdie poging van die Uniale Raad om aandag aan die opleiding van leiers te gee, is tog 'n lofwaardige poging en met meer ervaring en vernuwing van opleidingsmetodes kan die Beweging binne enkele jare verseker wees van 'n span goeie leiers.

## 6. Bootkursus

Om nuwe belangstelling by die volkspelers te wek, is besluit om by wyse van afwisseling 'n kursus op een van die Castle-bote te reël. Na onderhandelings met die Union Castle-Redery, is besluit om die eerste bootkursus op die Pendennis Castle wat op 30 September 1960 van Kaapstad na Durban vertrek het en weer op 10 Oktober in Kaapstad aangekom het, te reël.

As leiers vir hierdie kursus is die volgende persone aangewys:

| | | |
|---|---|---|
| Reisouers | - | dr. en mev. Pellissier |
| Volkspeleleidster | - | mev. Marie Vosloo |
| Sangleiers | - | dr. en mev. John Pauw |
| Begeleidster | - | mej. R. Mitton |
| Sekretaresse | - | mej. S. de Beer |

Slegs geregistreerde senior volkspelers is tot hierdie kursus toegelaat (getroude pare kon hulle kinders saamneem).[16] Die kursus was so 'n groot sukses dat onmiddellik besluit is om dit

198/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

vir 'n paar jaar te herhaal. Ongelukkig het die reiskoste so geweldig gestyg dat die spelers dit nie kon bybring nie en daar van die idee afgesien moes word.

7. Sangkursusse

Vir die eerste twintig jaar van die bestaan van die Volkspelebeweging is kursusse gereël waar beide volkspele en volksang beoefen is. Die Raad het egter besef dat die sang nie altyd tot sy reg gekom het nie en is besluit om by wyse van proefneming volwaardige sangkursusse te organiseer. Opdrag is aan alle Provinsiale/ Gewestelike Komitees gegee om minstens een sangkursus voor die volgende Uniale Raadsvergadering te organiseer, waarby ook lede van die publiek betrek word. Die Komitees moes self die sangleiers aanwys en toesien dat die kursus minstens tien uur duur. Daar sou gèen kursusheffing wees en ook geen diplomas uitgereik word nie. Na afloop van die kursus moes 'n volledige verslag aan die Raad gestuur word.[17] Na 'n jaar was dit slegs Natal wat verslag gedoen het van 'n sangkursus wat gehou is.

Die bevordering van volksang was egter vir die Raad 'n saak van erns en daarom is die volgende besluite geneem na aanleiding van 'n aanbeveling van die Dagbestuur:

(a) Dat 'n voltydse Direkteur vir die bevordering van volksang aangestel word en dat hy in samewerking met die Raad 'n program van aksie opstel.
(b) Dat 'n sangkursus van tien tot veertien dae gedurende Julie 1963 gehou word in samewerking met die toonkunsakademie van die Universiteit van Pretoria.
(c) Dat 'n jaarlikse bedrag van R1 500 aan die toonkunsakademie geskenk word as hulle volksang as volwaardige vak in hulle kursus aanbied.
(d) Dat plaatopnames van koorverwerkings en orkestrasies van volksliedjies en ander ligte Afrikaanse musiek deur die

199/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Nasionale Raad bemark word ten einde die nodige belangstelling vir Afrikaanse volksang te wek.

(e) Dat onmiddellike pogings aangewend word om 'n bedrag van R8 000 in te samel vir die algemene bevordering van volksang.

(f) Dat die Beweging sanggroepe saamstel en sangaande reël.

(g) Dat volksang tot 'n groter mate by kunswedstryde ingeskakel word.[18]

Hierdie besluit was voorwaar baie ambisieus, veral wat die finansiële aspekte aanbetref. Die Beweging se finansies was egter nie van so 'n aard dat geld vrylik vir alle aspekte van kultuurbevordering beskikbaar was nie.

## 8. Lenteskole

### 8.1 Oorsprong van Lenteskole

Dit is nie vreemd dat 'n persoon soos dr. Pellissier wat intens belanggestel het in die ontwikkeling van die Afrikanerjeug deur die lenteskoolgedagte, soos ontwikkel en toegepas in die Skandinawiese lande, aangegryp sou word nie.

Grundvig[19] het meer as 'n honderd jaar gelede met die Volkshoërskole in die Skandinawiese lande begin. Die doel was om die algemene ontwikkelingspeil van die hele Deense volk te verhoog deur jong manne tussen die ouderdom van 18 en 25 jaar by Volkshoërskole, waar die lewende woord met gloed en ywer die volk tot besinning moes bring, saam te trek. Grundvig en sy volgeling Kold het

> "... met hul ideale van 'n eksamenlose kultuurskool, waar die moedertaal uit die mond van besielde liefhebbers van die volk, kennis en liefde en inspirasie vir die eie kultuur aan die volksjeug bring 'n kulturele en opvoedkundige ontwaking in Noorweë bewerkstellig."[20]

200/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 8.2 Eerste Lenteskole in Suid-Afrika

Dit was na 'n besoek in 1933 aan Denemarke dat dr. Pellissier, op daardie tydstip Direkteur van Onderwys van die Oranje-Vrystaat, na sy terugkeer 'n Lenteskoolkomitee saamgestel het en op 26 September 1936 die eerste Lenteskool op Bethlehem georganiseer het. Die tweede Lenteskool is in September 1937 op Smithfield gehou. Bo en behalwe die lesings oor verskillende onderwerpe, is volkspele onder leiding van mej. Anna Köhler aangebied - mnr. Casaleggio het die begeleiding waargeneem.

Vir die eerste keer in die geskiedenis is aan volwassenes onderrig in volkspele gegee (dit was 3 jaar voor die eerste kursus in Bloemfontein), alhoewel daar reeds in 1914 vir die eerste keer aan skoolkinders op Boshof onderrig gegee is.[21]

Lenteskole het 'n gereelde instelling in die Vrystaat geword en is deur 'n Lenteskoolbestuur beheer. In Transvaal is die eerste Lenteskool eers op 4 Julie 1942 te Rustenburg georganiseer. Soos in Denemarke en Swede is die Lenteskole hier te lande ook aanvanklik tot die platteland beperk.

In hierdie stadium het 'n groot persentasie jeugdiges nog die skool na standerd ses verlaat en was daar ook 'n algemene gebrek aan leeslus by die Afrikaner. Hierdie feite het dr. Pellissier laat besluit om 'n vrywillige kulturele opvoedingstelsel tot stand te bring. Vir die voortbestaan van 'n volk is dit noodsaaklik dat ook sy boerestand en werkerstand kultuurbewus en kultuurontwikkelend sal wees.

Die Lenteskoolprogramme het gewoonlik lesings oor die volgende onderwerpe ingesluit: taal en letterkunde, kuns, ekonomie, kultuurgeskiedenis, godsdiens, landbou, maatskaplike sorg,

201/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

sterrekunde, liggaamsopvoeding, volksang en volkspele.[22] Lenteskoolgangers moes deur die referate geprikkel word om meer te lees en verdere kennis op te doen.

Die eerste Lenteskoolbestuur in Transvaal het uit die volgende persone bestaan:

Dr. S.P. van der Walt, voorsitter
Mnr. M.S. du Buisson
Mnr. J. Postma
Drs. P.J. Meyer, Tj. Buning
Professore H.M. v.d. Westhuysen, I.D. Basson, H.P. Wolmarans en J.C. Coetzee
Ds. H.C.J. Flemming
Mev. T. Serfontein
Mnr. J.H. Coetzee, sekretaris.[23]

Die program vir die eerste Lenteskool in Transvaal gee 'n baie insiggewende aanduiding van wat met hierdie byeenkomste beoog is:

(i) Liggaamsoefeninge (vroeë oggend) o.l.v. mnr. Hoffmann en mej. Ria Serfontein
(ii) Geloofsleer - dr. S.P. van der Walt
(iii) Wording van 'n volk, die groei van die Boerevolk en inhoud van sy kultuur, kuns en kunswaardering - beide gegee deur prof. H.M. v.d. Westhuysen.
(iv) Afrikaanse Taal en Letterkunde - dr. Tj. Buning
(v) Oorsake van Afrikaanse volksverarming
(vi) Inrigting en beheer v.d. huis, keuse en voorbereiding van voedsel, huisversiering, ens. - mev. T. Serfontein
(vii) Grond en veldbewaring - dr. J.C. Fick (Departement Landbou)
(viii) Die Afrikaanse ekonomiese beweging - mnr. J.J. Piek
(ix) Kultuurorganisasie - mnr. J.H. Coetzee
(x) Beoefening van volksang - mnr. M. Casaleggio
(xi) Volkspele - o.l.v. mej. Ria Serfontein.[24]

202/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 8.3 Lenteskole onder bestuur en beheer van die Uniale Raad vir Volksang en Volkspele

In 1956 het die Uniale Raad opnuut besin oor die spesiale kulturele taak van die Beweging en in 'n memorandum "'n Toekomsplan van die Volkspelebeweging"[25] deur die sekretaris, mnr. H.J. Moolman opgestel, is die klem op die verdieping in die werksaamhede van die Beweging gelê.

Na aanleiding van hierdie memorandum is besluit om met dr. Pellissier, wat nog steeds die organisering van die Lenteskole behartig het, samesprekings te voer om hierdie belangrike saak onder die jurisdiksie van die Volkspelebeweging te plaas. Hierdie samesprekings was baie suksesvol en in 1957 kon die Lenteskoolkomitee, wat deur die Uniale Raad benoem is, reeds meld dat die eerste Lenteskool onder die nuwe bedeling vanaf 1 tot 11 Julie op Rustenburg gehou sou word.[26]

Om die Lenteskole te propageer en uit te bou, het die Raad op sy vergadering van 6 - 9 Julie in Pretoria besluit om dr. Pellissier te vra om 'n stuk op te stel i.v.m. die herkoms, sin en betekenis van Lenteskole en dit dan onder kerklike jeugverenigings, die Voortrekkers, Nasionale Jeugbond, Skakelkomitees, Afrikanerkringe, skoolrade en ander instansies te sirkuleer.[27]

As gevolg van hierdie en ander vorms van propaganda is teen die einde van 1964 reeds 12 baie suksesvolle Lenteskole in verskillende dele van die land gehou, wat besonder goeie ondersteuning geniet het. Dit is baie opmerklik dat die grootste persentasie kursusgangers gewoonlik uit die algemene publiek kom en dat baie min gereelde volkspelers die byeenkomste bywoon. Die bywoning het ook baie duidelik getoon dat die

203/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

plek en omgewing waar die Lenteskole gehou is 'n baie belangrike faktor in die bepaling van die sukses was. In Transvaal het dit byvoorbeeld baie duidelik geblyk dat Lenteskole wat in en naby die Nasionale Krugerwildtuin gehou is, baie meer aftrek gekry het as dié op plekke waar daar nie veel besienswaardighede was nie.

Die Lenteskoolkomitee bestaande uit die volgende persone: dr. S.H. Pellissier - voorsitter, mnre. D.J. Vosloo, J.P. Kotze, O. Piek en H. Niehaus, beveel in 1970 by die Nasionale Raad aan dat daar aan 'n Lenteskool op nasionale vlak gedink moet word en wel in die Wildtuin by Pretoriuskop. Ook het hulle aanbeveel dat Lenteskole voortaan op 'n streekbasis georganiseer moet word om sodoende meer volkspelers daarby te betrek, asook dat in die toekoms 'n sertifikaat aan kursusgangers uitgereik word.[28] Die Lenteskool by Pretoriuskop is gehou en was 'n reusesukses.

'n Feit wat baie sterk onder die aandag gekom het, is dat meer tyd aan ontspanning afgestaan behoort te word daar diegene wat dit bywoon die kursus ook as 'n vorm van vakansie sien.

## 8.4 Algemene opmerkings

Die vraag het by skrywer ontstaan of die Volkspelebeweging nie hier 'n terrein betree het wat liefs deur 'n ander organisasie behartig moes gewees het nie. Die afdeling Kultuurbevordering en opvoeding buite Skoolverband van die Departement Kultuursake van die Departement Nasionale Opvoeding hou gereeld vakansiekampe waar programme soortgelyk aan dié van die Lenteskole, met miskien die uitsondering van volkspele, aangebied word. Hierdie oorvleueling bring 'n verbrokkeling van kragte mee. Indien die Volkspelebeweging hom liefs tot die terrein van die

204/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

volkspele en volksang bepaal en toesien dat die Beweging van krag tot krag toeneem, sal dit 'n baie groter bydrae tot die uitbouing van die Afrikaanse kultuurlewe maak eerder as om hom op te veel terreine te wil waag.

---o0o---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

9. BRONNEVERWYSINGS EN TOELIGTENDE VOETNOTE BY HOOFSTUK 7

1. Die Volksblad, 8.3.1941.
2. Ibid.
3. Kursus in Volkspele en Sang 30.9.1940 tot 5.10.1940, Program, p.1.
4. Die Volksblad, 8.3.1941.
5. Volkspele: Inspan, Maart 1945 (Feesbrosjure), p.61.
6. Stephen Eyssen: Volksang (Inspan, Januarie 1948), p.20.
7. FAK: Sangbundel, p.499.
8. Ibid., p.117.
9. Cecile de Ridder: Gesonde Ontspanning (Inspan, Maart 1948), p.14.
10. Uniale Volkspelekomitee, Notule, 23.5.1941, p.6.
11. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2-3.10.1953, p.18.
12. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2-3.10.1953, p.20.
13. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 6-9.7.1960, p.39.
14. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29.6.1961, p.32.
15. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 7.5.1962, p.14.
16. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 9.7.1960, pp.24-25.
17. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 6-9.7.1960, p.40.
18. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 5-7.7.1962, p.8.
19. Lenteskole: (Inspan, Mei 1942), p.15.
20. Ibid., p.15.
21. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2-4.7.1970, Bylaag F , p.1.
22. Rustenburgse Herout/Rustenburg Herald, 5.7.1957.
23. Reddingsdaadbondverslag, 9 Februarie 1944, p.2.

206/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

24. Lenteskole (Inspan, Augustus 1942), p.15.

25. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29-30.6.1956, p.5.

26. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 27-29.6.1957, p.19.

27. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 6-9.7.1960, p.34.

28. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2 - 4.7.1970, Bylaag F, p.2.

207/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

HOOFSTUK 8

# BESLUIT - ALGEMENE EVALUERING

## 1. Doelstelling

Sedert sy samestelling het die Uniale Raad, later die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, hom 'n breë kulturele taak ten doel gestel. Die Raad het aan die kulturele skoling van die jeug geglo en die Volkspelebeweging as die ideale liggaam beskou om hierdie taak te behartig. Op 'n Volkskongres van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F A K) oor jeugaangeleenthede in 1956 te Bloemfontein gehou, het wyle prof. Samuel Pauw van die stigting van 'n jeugbeweging[1] melding gemaak om die jeug weer opnuut kultuurbewus te maak. Daar was geen beter beweging as juis die Volkspelebeweging om hierdie taak te behartig nie. Die rede waarom die Volkspelebeweging juis as die geskikste organisasie gesien is, was vanweë sy organisasie wat die hele land gedek het (insluitende Suidwes-Afrika en Rhodesië). Nie slegs moes die ongeveer 15 000 volkspelers kultuurbewus gemaak word nie, maar hulle moes as werklike kultuurleiers geskool word om weer op hulle beurt die Afrikaanse kultuur uit te bou en oor te dra. Daar is selfs aan 'n moontlike volkskool, waar die opleiding sou plaasvind, gedink.[2]

Die Uniale Raad het 'n onderkomitee benoem wat 'n stelsel van volkskole moes uitwerk. Hierdie komitee moes ook besin oor waar hierdie skole opgerig of gebou sou word en ook breedvoerige leerplanne opstel. Die omvang van die werksaamhede verbonde aan so 'n projek is onderskat, met die gevolg dat daar van die besluit niks gekom het nie.

In 'n memorandum wat in 1955 voor die Uniale Raad gedien het, is voorgestel dat die Rembrandt-Maatskappy gevra word om die inisiatief te neem met die daarstelling van 'n nuwe stigting met die

208/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

doel om kultuurleiers op te lei wat sou bydra tot 'n positiewe bevordering van die Afrikanerstrewe.[3]

Die onmiddellike behoefte vir die daarstelling van so 'n kweekskool, sou ongeveer R20 000 wees - die skool sou as 'Die Gilde van Meesterleiers' bekend staan.[4] Die Uniale Raad was oortuig dat so 'n stap die bevordering van die Afrikaanse kultuur en dus ook van die Afrikaanse gedagte, op 'n positiewe en konstruktiewe grondslag sou plaas.[5]

Die volkspele moes as deel van die Afrikanerkultuur gesien word, maar die Afrikanerstrewe, soos dit in die verskillende volksorganisasies vergestalt word, moes 'n eenheid wees. Die taak van al hierdie verskillende organisasies, waarvan die Volkspelebeweging dan deel uitmaak, sou dus wees die uiteindelike bestendiging van die begrip 'Afrikanerskap' - dus 'n eiesoortige lewensopvatting en wêreldbeskouing. Dit is dan teen die agtergrond van hierdie begrip van Afrikanerskap dat die uitbouing van die Volkspelebeweging gesien moet word. Die Beweging het reeds oor die nodige materiaal beskik, maar dit moes baie meer positief aangewend word.

Die Uniale Raad sien dus sy kulturele taak nie slegs in die bevordering van lied en spel nie maar ook in die aktiewe deelname aan die verryking en propagering van die Afrikanerkultuur in die algemeen.

2. <u>Metodes tot doelbereiking</u>

Die kultuur van 'n volk, of te wel die somtotaal van sy kulturele erfenis - sy taal, godsdiens, kuns (ook liedere en volkspele), ens. d.w.s. dié dinge waardeur hy geestelike betekenis kry in die ry van volkere, is die gemeenskaplike en dikwels onbewuste



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

besit van die hele volk. "Die Nasionale Kultuur" moet egter deur elke afsonderlike lid van die volksgroep afsonderlik in homself bewus gemaak word, moet afsonderlik deur elkeen verwerf en tot eie geestelike besit gemaak word, anders het dit vir hom weinig of geen geestelike betekenis nie.

Hierdie geestelike beskawing, dié rypheid en volheid van gees, is herkenbaar in afsonderlike individue, maar dit is baie selde iets wat "georganiseer" kan word. Dit staan baie dikwels wars en afsydig teenoor die metodes wat deur organisasies gebruik word, metodes wat in die eerste plek 'n beroep doen op massagevoelens, en wat as sodanig baie na verwant is aan dié van die propagandis. Aan die ander kant moet in alle eerlikheid erken word dat geen organisasie sonder gebruikmaking van dié metodes kan slaag, of homself kragtig kan uitbou nie".[6]

Die vraag word dan ook gestel: is 'kultuurorganisasies' te lande noodsaaklik? In die ouer en meer gevestigde kultuurgroepe van die wêreld sou sulke 'organisasies' waarskynlik as oorbodig gesien kon word, maar in die stryd teen die kultuuroorheersing en verdringing deur vreemde elemente in Suid-Afrika, was dit essensieel. Suid-Afrika, 'n uitgebreide land met 'n klein Afrikanerbevolking wou sy magte in 'n sterk kultuurorganisasie verenig. Die Afrikanervolk is trots op sy geestelike besit. Juis om hierdie redes is daar regverdiging vir die bestaan van aktiewe kultuurorganisasies. Die organiseerders en georganiseerdes, d.w.s. die werkers of kultuurdraers moet egter so georganiseer word dat hulle in nederige diensvaardigheid aan die volksgemeenskap as geheel sal staan.[7]

3. Middele om doel te bereik

3.1 Volkspele en Volksang

Die Uniale Raad het gepoog om die Afrikaanse volkspele en

210/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

volkslied as kultuurvorms uit te bou en daarom moet dit as sodanig prinsipieel beoordeel word.

Die organisering van volkspele en die beoefening van die volksliedjies is met gejuig verwelkom, maar hierdie ovasie was, soos verstaan kan word, nie sonder teenkanting nie.

Daar was ook diegene wat met die opkoms van die Beweging 'n nuwe euwel in die Afrikaanse kultuur gesien het, soos reeds aangetoon is in die afdeling oor die verhouding tussen kerk en volkspele.

Sou volkspele getoets word aan die hand van die Skrif, moet ons aanvaar dat dit as ontspanning gesien word en as sodanig

> "... dié gawe van die gemene grasie of algemene genade van God aan die mens is om in ontspanning van gees en liggaam, in teëstelling met die spanning en erns van die arbeid, hom te verlustig."[8]

Om groter dinamiek aan hierdie ontspanningselement te verleen, vorm die volkslied 'n integrerende deel van die spel. God het dit nie gewil dat die mens swartgallig - wat uit die sonde ontstaan - sou wees nie, maar wel vol vreugde en blydskap. Die uitbundige vreugde wat die spel en die lied meebring is dus volgens God se wil, in ooreenstemming met Sy wil en siening van die menslike natuur. Wie in hierdie vreugdevolle uitings dus sonde sien is in stryd met die wil van God. Daarom dan ook dat die asketisisme nog altyd vreemd aan die Calvinisme was. Sou dit gebeur dat volkspele miskien hier en daar ontaard, is dit nog geen rede om volkspele as kultuurvorm te verdoen nie. Daarom dan ook dat daar gedurig 'n wakende oog oor die volkspele gehou word en die sittingsreg van teoloë in sy hoogste Raad geregverdig is. Wanneer die uitvoering (bewegings) van

211/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

die volkspele suiwer is, die drag korrek, die lied aanvaarbaar en die gesindheid reg, kan volkspele, sonder voorbehoud as kultuurvorm aanvaar word en kan ons saam met Paulus getuig:

> "... Alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is, watter deug en watter lof daar ook mag wees, dit moet julle bedink". (Fillipense 4 vs. 8)

## 3.2 Is die Afrikaanse volkspele ware volkspele?

Om as vorm van die Afrikaanse kultuur gesien en aanvaar te word, moet die volkspele dus eg en van suiwer Afrikaanse oorsprong wees. Voldoen die volkspele aan hierdie vereiste?

Die volkspelers het afgeskop met die speel van 'n aantal 'Swedish games' (soos so dikwels na die paar vertaalde Sweedse volksdanse wat aan die eerste volkspelers geleer is, verwys word), asook met 'n paar bekende piekniekspeletjies, wat in verhouding aanvanklik minder gewild was. Sommige van hierdie piekniekspele is vandag net so onbekend as die Sweedse danse wat mettertyd in die vergetelheid geraak het deurdat hulle nie in later volkspelebundels opgeneem is nie.

Verskeie persone was verantwoordelik vir die samestelling van die volkspelebundels (soos beskryf in hoofstuk 4), maar geeneen van hierdie bundels bestaan volledig uit suiwer Afrikaanse volkspele uit eie bodem nie. Uit die aard van die saak is daar twee groepe te bespeur: eerstens individuele skeppinge en tweedens bybring van

212/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

gewysigde vorms van Europese volksdanse. Wat eersgenoemde betref, kan daar maar weer gekonstateer word dat kultuur die uiting van 'n volk se siel is; die aanvaarding as eiendomlike van dit wat deur die individu geskep en aan die volk gegee is. Verwerkte Europese spele soos Sarie Marais en O, die Liewe Martatjie, e.a. het geen bestaansreg in die Afrikaanse volkspelerepertoire nie tot tyd en wyl dit die stempel van die volksiel gekry het en daardeur reeds algemene erkende nasionale aanvaarding gevind het; dit is dan oorspronklik leengoed wat deur die geestesaktiwiteit van die volk tot nuwe eie kultuurbesit omgewerk is.[9] Waarskynlik is baie nie bewus van die feit dat dit verwerkte spele is nie en word in goedertrou aanvaar dat dit egte oorspronklike Afrikaanse volkspele is.

Tref die tipiese volkspele soos Kompatertjie, Nonnatjie, Boereweek, e.a. nie onmiddellik nie! Dis asof die karakter van die Boer deur die spele tot ons spreek.

Die Uniale Raad moes meer intensief navorsing gedoen, of laat doen het i.v.m. die volkspele, dan sou die Beweging vandag baie ryker aan egte, oorspronklike tradisionele volkspele gewees het.

As finansies die struikelblok was, kon die navorsing in samewerking met ander instansies soos die Afdeling Kultuurbevordering van die Departement Nasionale Opvoeding onderneem gewees het.

Die volkspele is in so baie gevalle resente individuele skeppinge (sien hoofstuk 4) wat nog nie deur die volk aanvaar is nie. Die kwaai reaksie teenoor 'n Walliese beoor-

213/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

delares, wat 'n outoriteit op die gebied van volkskultuur en in besonder van volksdanse was, op die Eistedfodd in Wallis waaraan die volkspelers deelgeneem het, was dus eintlik baie onbillik. Sy het in haar kritiek op die volkspelevertoning beweer dat dit nog geen ware volkspele is nie, daar dit nog maar 'n dekade of twee oud is.

Om egter te beweer dat die Beweging nie 'n positiewe bydrae tot die ontwikkeling van volkspele gemaak het nie, sou onsinnig wees. Daar is reusewerk gedoen, maar daar kon miskien meer aandag gegee gewees het aan die opdieping en ontwikkeling van die eie en minder aan die skepping van nuwe spele deur individue en die verwerking van Europese spele. Hierdie tendens - die skepping van nuwe spele en die vergeet van die tradisionele - toon 'n sterk ooreenkoms met die moderne dans, waarvan die lewe maar heel dikwels tot enkele maande beperk is.

## 3.3 Volksang

Die strewe was om ook van die jeug 'n singende en nie slegs spelende jeug te maak nie, daarom dat die sang altyd by die volkspele beklemtoon is en instrumentale begeleiding altyd op die agtergrond moes bly. Hierdie opdrag om te sing en die begeleiding op die agtergrond te hou, is gereeld onder die aandag van die spelers op die volkspelekursusse gebring.

Oor die sing van volksliedjies en vaderlandsliedere val daar egter veel te sê. By haas alle volkspelebyeenkomste is en word 'n twintig tot dertig minute in die loop van die byeenkoms aan die sing van volksliedere gewy. Daar is selfs oorgegaan tot die organisering van sangkursusse, die vorming van sanggroepe, ens.[10] Of al hierdie pogings werklik bygedra het om van die

214/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Afrikaner 'n singende volk te maak word deur skrywer, wat vir bykans twintig jaar sangleier was, sterk betwyfel. Is daar meer spontaneïteit in die volksang by volksfeeste te bespeur en beklee dit 'n regmatige plek op die programme? Het die kennis van die Afrikaanse volkslied verbeter? Het die optrede van sanggroepe gesamentlike sang bevorder of het dit ontaard in verhooguitvoerings, kompetisies, ens.? Op al hierdie vrae moet ongelukkig met 'n besliste nee geantwoord word. As ons byvoorbeeld ons sangbyeenkomste vergelyk met 'n Vlaamse byeenkoms, soos die jaarlikse sangfees in die Sportpaleis te Antwerp, waar ongeveer 20 000 saamtrek om urelank met ongekende entoesiasme hulle vaderlandsliedere te sing, besef 'n mens wat dit werklik beteken om 'n singende volk te wees. So ook kan die hartlike sang van die duisende Walliesers by rugbywedstryde as voorbeeld dien. Ons moet geen illusie hê en daarop roem dat ons 'n singende volk is nie!

Lofwaardige pogings is deur die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele aangewend om die tradisionele volksliedjie op te diep, in ere te herstel en 'n liefde vir hierdie kultuurelement te bevorder. Die Uniale Raad het in 1968 'n geldelike bydrae van R100 elk aan mev. Marie Vosloo, mnr. M. Casaleggio en mnr. B. Gericke gemaak om ou liedjies op te diep. Verskeie ou liedjies, soos 'Galop, Vos', 'Sit sy op die hoogte' 'Al wat ver is', 'Was oom Jannie liewer dood', 'Eina my ma' 'Daar's 'n bees dood', 'As ek Boland toe gaan', en andere, wat opgediep is, is in 1970 met 'n aantal ander liedere in die bundel 'Goue Gerf' uitgegee.[12]

Mnr. Chris Lamprecht het, in opdrag van die Afdeling Kultuurbevordering van die Departement Nasionale Opvoeding, hom ook met die opdiep van ou liedjies besig gehou en sy vonds in

215/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

die bundeltjie 'Dit kom van ver af',[13] met die subtitel 'Volksliedjies uit die Volksmond', gepubliseer. 'n Paar tipiese liedjies wat eg Boers is wat in die bundeltjie verskyn, is 'Daar kom die Rooidag uit', 'Piet Visagie', 'Daar op die punte van die Blou-berge', 'Kammalandse Tannie', 'Kolperd' (eintlik 'n konsertina seties met woorde van mev. Lamprecht), en 'Klonkie op 'n donkie'.

Met hierdie en nog ander sangbundels soos die FAK-sangbundel tot hulle beskikking, het die laersang slegs hier en daar tot sy reg gekom.

## 4. Breëre kulturele taak van die Volkspelebeweging

Ten einde sy strewe te verwesenlik, het die Raad gepoog om hom op soveel terreine as moontlik te begewe en 'n wye spektrum van terreine te betree. Soms het dit geskied op eie inisiatief en soms op aandrang van ander instansies.

### 4.1 Lenteskole

In 'n vorige hoofstuk is die Lenteskole volledig bespreek en daarom word met 'n enkele opmerking volstaan. Die Lenteskole bied beslis 'n geleentheid om die Afrikaner meer kultuurbewus te maak en verskeie fasette van die kultuur pertinent te bevorder. Vir baie wat nie die geleentheid gehad het om akademiese opleiding te geniet nie, was dit die geleentheid om met letterkunde, taalkunde, teologie, musiekgeskiedenis, skone kunste en die natuurwetenskappe kennis te maak. Die feit dat so baie persone herhaaldelik die Lenteskole bygewoon het, is bewys van die gewildheid van die programme.

Met sy beperkte finansies, onvoldoende kantoorpersoneel en selfs gebrek aan die nodige kantoorruimte, moes die Nasionale

216/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Raad hom nie met die organisering van hierdie Lenteskole bemoei het nie. Op hierdie gebied speel die Departement van Nasionale Opvoeding se afdeling Kultuurbevordering so 'n belangrike rol dat die Nasionale Raad hom hoogstens by die volkspele en volksang behoort te bepaal.

4.2 Jeugherberge

Om verdere geleenthede vir informele byeenkomste op bepaalde plekke te skep, het die Raad die daarstelling van Jeugherberge ondersoek.

Op 29 Januarie 1957 is die volgende komitee saamgestel:

| | | |
|---|---|---|
| Dr. P.J. Meyer | - | Voorsitter |
| Mnr. A.B. Cloete | - | Ondervoorsitter |
| Mnr. H.J. Moolman | - | Sekretaris |
| Mnr. T.W.S. Meyer | - | Bykomende lid |
| Kol. M. van Vuuren | - | Bykomende lid |

Die komitee was van mening dat hierdie onderneming die taak van die Uniale Raad moes wees, wat laasgenoemde ook aanvaar het, mits die hoofdoelstelling die dien van die Afrikanerstrewe sou wees.[14]

Na 'n deeglike ondersoek na alle aanverwante aangeleenthede, is daar op 'n volgende vergadering besluit dat die Uniale Raad nie sy weg oopsien om hierdie saak onder sy beskerming te neem nie, maar dat die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging gevra word om verantwoordelikheid te aanvaar.[15]

Mnr. Burger Gericke, Uniale Raadslid van George, het reeds 'n stuk grond op sy landgoed waar 'n ou opstal gepryk het aan die Beweging aangebied,[16] op voorwaarde dat die Uniale Raad alle verantwoordelikheid vir die organisasie aanvaar. Die

217/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Dagbestuur het weer eens die aanbod van die grond en die aanbring van die geriewe oorweeg, maar tot die slotsom gekom dat dit beter sou wees om met die besluit van die Raad te volstaan. Hulle was egter bereid om aan mnr. Gericke die nodige geld vir die ontwikkeling van die projek te leen. Hy was egter nie bereid om die saak op eie houtjie aan te pak nie en het sy aanbod teruggetrek.

Met die terugtrekking van sy aanbod, het mnr. Gericke die Raad 'n groot guns bewys, daar die Raad onmoontlik nie nog hierdie onderneming ook sou kon aandurf nie al het dit ook groot moontlikhede vir kultuurbevordering ingehou.

4.3 Saamtrekke by gewilde vakansie-oorde

Ten einde die publiek tydens vakansies by die verskillende binnelandse vakansie-oorde - soos die Wildtuin, warmwaterbronne en kusoorde - die geleentheid te bied om op gesonde wyse saans hulle vrye tyd te verwyl, is deur plaaslike bestuurskomitees volkspelebyeenkomste vir die publiek gereël. Dit het egter baie gou geblyk dat die volkspele ontaard het, deurdat dit dikwels met dans afgewissel is en gewoonlik in stranddrag uitgevoer is. Reeds so vroeg as 1942 geniet hierdie saak die aandag van die Uniale Raad[17] en doen dr. Diederichs aan die hand dat die volkspelers 'n eie vakansie-oord ontwikkel.

Tydens die Uniale Raad se vergadering in 1957 wys mnr. Burger Gericke weer eens daarop dat volkspele heeltemal ontaard by die vakansie-oorde en mnr. Okkie Theron van Wes-Kaapland stel voor dat die plaaslike volkspelekomitees sowel die skakelbeamptes van plaaslike besture, as publisiteitsverenigings versoek word om toe te sien dat die volkspele onder behoorlike toesig uitgevoer word. Hierdie voorstel

218/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

word aanvaar. Ook is besluit om in die volkspelerubriek in die tydskrif "Inspan" 'n oproep op volkspelers te doen om hulle volkspeledrag saam te neem wanneer hulle met vakansie gaan. Die Provinsiale/Gewestelike streek waarbinne die vakansie-oord val, moes toesien dat die spele onder behoorlike toesig plaasvind.[18]

Hierdie aangeleentheid is feitlik jaarliks by die Uniale Raad se vergaderings geopper maar die probleem het grootliks onopgelos gebly. Die jongmense sien eenvoudig nie kans om hulle volkspeledrag saam te neem nie en die streng dissipline wat gehandhaaf is, het ook nie meegeval nie. Die gevolg was dat die pogings om tydens vakansies volkspele nog meer gewild en aantreklik te maak, nie suksesvol was nie en ook geleidelik van die toneel verdwyn het op enkele uitsonderings na.

## 4.4 Kunswedstryde

Indien daar 'n organisasie bestaan wat 'n baie groot bydrae gelewer het om volkspele aan die breë publiek bekend te stel, is dit die Kunsverenigings. Die besture van die talle kunswedstrydverenigings wat oor die lengte en die breedte van die land versprei is, het in die volkspele iets gesien wat groot publisiteit aan die kunswedstryde sou verleen. Die Uniale Raad het eintlik geen beheer gehad oor die insluiting van volkspele in kunswedstrydprogramme nie. Teen die beginsel van kompetisie was die Uniale Volkspelekomitee nie gekant nie, maar die mededinging om trofeë het 'n ander kleur aan die saak gegee. Dit was egter nie slegs kunsverenigings wat volkspelekompetisies georganiseer het nie, maar laers en selfs provinsiale/gewestelike komitees het sulke kompetisies gereël. Reeds vroeg in Mei 1941 - kort na die stigting van die eerste Uniale Volkspelekomitee - is

219/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

in die pers aangekondig dat 'n groot volkspelekompetisie in die Johannesburgse stadsaal gehou sou word. Ook in die Kaap het dr. Pienaar, voorsitter van die provinsiale volkspelekomitee van Wes-Kaapland, groot kompetisies gereël.

Onnodig om te sê dat die Uniale Raad tydens sy vergadering in 1946 standpunt teen hierdie tendens ingeneem het. Hierdie vergadering het besluit dat toestemming alleen in die geval van deelname aan kunswedstryde gegee word, maar dat provinsiale/gewestelike komitees en laers hulle van die organisasie van kompetisies van enige aard moes weerhou.[19]

Mev. Cecile de Ridder het haar ook sterk uitgelaat in 'n artikel teen die hele gedagte van wedywering, aangesien volkspele dan sy doel mis, deurdat 'n onnatuurlike situasie ontstaan - die speler is selfbewus, konsentreer in so 'n mate op die korrekte uitvoering van passies, grepe, ens. dat die spel van sy spontaneïteit beroof word.[20]

Die Reddingsdaadbond wat aktief by kunswedstryde asook volkspele betrokke was, het op 6 Desember 1941 'n kunswedstrydvereniging vir die land in die lewe geroep waarop die volgende persone benoem is: mnr. J.H. Greÿbe, mev. Anna Boshoff, dr. W. du P. Erlank, prof. G. Dekker, mev. A. Neethling-Pohl, mev. B.J. Barnard, mnr. J.B. Bonthuys, dr. W. Kempen, mnr. N.J. Uys, mnr. H.P. Malan, prof. W. Arndt, dr. S.H. Pellissier, mnr. P.J. Lemmer en dr. N. Diederichs (ex officio) as ere-leier van die Reddingsdaadbond.[21] Hierdie persone het almal diep spore in die Afrikaanse kultuurlewe getrap en het ook die toekoms van Volkspele op die hart gedra.

220/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Na die stigting van hierdie komitee was daar weinig kunsverenigings wat nie volkspele in hulle programme ingesluit het nie.

Die kompetisies, hetsy op kunswedstryde of deur laers of wyksbonde gereël, het 'n negatiewe sowel as 'n positiewe kant gehad. Die negatiewe word miskien goed saamgevat in 'n skrywe aan dr. Pellissier (waarvan daar talle was). Die skryfster, niemand anders as mev. Cecile de Ridder nie, skryf o.a. soos volg:

> "... hier in Pretoria en Johannesburg is die kompetisiegees 'n groot ellende. Niks veroorsaak meer afguns en jaloesie onder die kinders, ouers en onderwysers nie, as hierdie kompetisies, vernaamlik op die gebied van die dans. En as die volkspele ook in daardie gedrang kom, sal dit baie afbreuk doen aan hierdie groot volksaak".[22]

Dan gaan sy voort om te verduidelik hoe dit veral om die drag gaan en baie spelers dus uitgeskakel word

> "... en volkspele is dan hoofsaaklik bedoel tot opheffing van die arm deel van die volk".

Mev. De Ridder glo dat die spesiale afrigting van groepe vir kunswedstryde, volkspele in kunsmatige volksdanse sal laat ontaard.

Dit was veral ten opsigte van die drag dat baie probleme ontstaan het. In 'Die Transvaler' word in Mei 1941 die eerste jaarlikse volkspele-kompetisie, georganiseer deur die sake-onderneming Steenkamp en Nussey, in die stadsaal van Johannesburg geadverteer. Die wenner in die eerste afdeling het 'n wisselbeker, geskenk deur 'n sekere mev. Stella Steenkamp, ontvang.

221/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Aan die deelnemende groepe is die volgende inligting verstrek:

> "Punte sal grotendeels toegeken word vir drag, vertolking van spele, grasie en fynheid en die algemene vertoning. Dit word ook aan die inisiatief van die groepleiers oorgelaat om hulle groepe so oorspronklik moontlik uit te rus, veral wat die drag van die dames betref."[23]

Die uitspattigste tierlantyntjies en versiersels was die gevolg van hierdie kompetisies en het baie beslis 'n remmende uitwerking op die daarstelling van 'n algemeen aanvaarde volkspeledrag gehad.

Die uitvoering van die spele het ook probleme opgelewer soos blyk uit die volgende aanhaling uit 'n brief van die voorsitter van die Wes-Kaaplandse streek aan die Redakteur van "Die Burger":

> "... geselskap van Stellenbosch bv. het ook meegeding en speletjies gelewer wat nie alleen nie deur die Uniale Komitee goedgekeur is nie, maar so ver afwyk van die goedgekeurde spele dat vergelyking op dieselfde basis onmoontlik en onbillik was. (.........) Tot hulle verstaanbare teleurstelling en ontsteltenis moes hulle vind dat afwykings, konserteffekte en dansbewegings[x] met eerste en spesiale pryse bekroon is."[24]

Gelukkig het hierdie toedrag van sake nie baie lank geduur nie, aangesien kunswedstrydbesture wys genoeg was om hulle beoordelaars te kies uit persone wat wel deeglik op die hoogte van sake was en streng volgens die voorskrifte in die amptelike Volkspelehandleidings beoordeel het.

222/...

---

x Skrywer onderstreep

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Soos dit met kompetisies op alle gebiede gaan, ontstaan daar steeds onderlinge struwelinge en ontevredenheid.

Kunswedstryde en kompetisies het ook 'n positiewe bydrae gelewer veral ten opsigte van die spel. Aanvanklik het sekere beoordelaars hulle deur kunsmatige aksies laat beinvloed, maar dit het nie lank geduur alvorens spele streng volgens voorskrifte in die amptelike handleidings beoordeel is nie. Dit het meegebring dat spele baie fyn ingestudeer, goed afgerond en netjies en aanskoulik uitgevoer is. Dit word soms beweer dat dit slegs klein groepies is wat noukeurig onderrig is, maar dit bly 'n onbetwisbare feit dat hierdie kleiner groepies, wanneer hulle weer in groter groepsverband gespeel het, 'n heilsame invloed op ander uitgeoefen het. Dieselfde kan ook ten opsigte van die drag beweer word. Aanvanklik het ongeoorloofde tierlantyntjies die Voortrekkerdrag ontsier, maar na die vasstelling van die amptelike drag, het beoordelaars noukeurig op die korrekte snit, afwerking en bybehore gelet wat die standaard van die drag in die algemeen ten goede beinvloed het.

By die nagaan van kunswedstrydprogramme was dit opvallend hoe algemeen die kompetisie aanvanklik in twee afdelings verdeel is, naamlik die uitvoering van voorgeskrewe spele uit die Volkspelehandleidings en tweedens die aanbieding van oorspronklike volkspele. Laasgenoemde het ongelukkig geleentheid gebied vir onaanvaarbare en ontoelaatbare grepe, bewegings ens. en spele wat uit die aard van die saak eintlik geen volkspele was nie. Een van die baie weinige oorspronklike spele op kunswedstryde aangebied wat uiteindelik in die volkspelerepertoire opgeneem is, is "O nooi van die Velde". Hierdie speletjie is deur mev. Millie van der Merwe van Potchefstroom uitgewerk en met haar volkspelegroep op die plaaslike

223/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

kunswedstryd aangebied.[x] Hierdie speletjie is vandag een van die populêrste volkspele.

As die voor- en nadele teen mekaar opgeweeg word, kan geen ander gevolgtrekking gemaak word as dat veral die kunswedstryde 'n baie positiewe bydrae tot die volkspele as kultuurvorm gelewer het nie.

## 4.5 Diverse kulturele bydraes

### 4.5.1 Tapisseriefonds

Baie Afrikaanse organisasies het reeds die Volkspelebeweging as 'n liggaam gesien wat nuttig gebruik kan word met die insameling van fondse wanneer dit om 'n kultuursaak gaan. Daarom dat die Beweging onmiddellik betrek is by die insameling vir die Voortrekkermonument se tapisseriefonds. Mnr. Japie van der Walt het op die Uniale Raad se vergadering[25] die mening uitgespreek dat die Volkspelers jaarliks 'n groot insamelingsfonds vir een of ander kultuursaak van stapel moes laat loop ten einde die spelers aktief by die kultuuraksie te betrek. Hy was dus baie positief ingestel ten opsigte van die tapisseriefonds. Mnr. Burger Gericke het egter daarop gewys dat die Beweging nog nie in sy primêre taak - die uitbouing van volkspele en volksang - geslaag het nie en dus liefs sy aandag aan hierdie taak moes gee. In hierdie standpunt is hy sterk deur mnr. Charl Marais van Natal ondersteun wat hom sterk teen die kommersialisering van die volkspele uitgespreek het. Die vergadering het besluit dat die volkspelers oor die fonds ingelig sal word, maar dat dit aan die laers oorgelaat word om self oor deelname te besluit.

224/...

---

x Persoonlike mededeling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

4.5.2 Trichardt-Monumentfonds

Dr. W.H.J. Punt het die Uniale Raad versoek om 'n beroep op die volkspelers te doen om aktief aan die fondsinsamelingsaksie deel te neem. Deur die volkspelers, wat oor die lengte en breedte van die land versprei is, te betrek, sou die fondsinsameling wyer trefkrag geniet. Tegelykertyd sou die volkspelers weer opnuut kennis maak met 'n belangrike en geskiedkundige gebeure. Na 'n deeglike besinning het die Uniale Raad besluit dat elke laer 'n bedrag van R10 in die fonds moes stort, maar dat in die toekoms daar slegs eenkeer per jaar aan 'n landswye kulturele insamelingsaksie meegedoen sou word.[26] 'n Jaar later was daar slegs R200 in totaal van die laers ontvang - 'n poging wat nie tot eer van die Beweging gestrek het nie.[27]

4.5.3 G.A. Watermeyer - Digbundel: Die Republiek van Duisend Jaar

Op die vergadering van die Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, op 27-29 Junie 1957, is ook besluit om alle laers op die hoogte te stel met die verskyning van hierdie digbundel en elke speler aan te moedig om die bundel bekend te stel en sodoende te help verseker dat dit 'n afset sal geniet. Dit sou ook die laers in staat stel om van die gedigte by geleentheid van volksfeeste en saamtrekke voor te dra, aangesien dit met die volkstrewe in sy verskillende vorme te doen het.

4.5.4 Vryheidsmonument - Vereeniging

In 1964 word die stryd tussen Boer en Brit op geen ondubbelsinnige wyse onder die volkspelers se aandag gebring nie en word 'n beroep op elkeen gedoen om op tasbare wyse waardering te betoon vir die offers gebring in

225/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

die stryd om die behoud en voortbestaan van die Boerevolk. Om as voorbeeld en inspirasie vir die laers te dien, het elke lid van die Uniale Raad onderneem om minstens 30 replikas van die monument teen R25 stuk van die hand te sit.[28] Binne enkele weke was reeds 145 verkoop.

4.5.5 Bloedriviermonument

Die gedagte om 'n laer van bronswaens op te rig op die plek waar Andries Pretorius en sy landgenote in Desember 1938 in 'n verbete stryd teen die Zoeloes gewikkel was, is tydens die vergadering van die Uniale Raad op 2-4 Julie 1970, met groot geesdrif begroet.[29] Alle laers moes 'n groot poging aanwend om op 'n wyse wat hulle goedvind bydraes te in vir die dekking van die koste van 'n enkele wa wat die bedrag van R10 000 beloop het. Nodeloos om te meld dat die volkspelers andermaal hulle plig gedoen het en met trots aan die inwydingsgeleentheid kon deelneem.

Hierdie enkele voorbeelde van kultuurbetrokkenheid is afdoende bewys van die erns waarmee die Volkspelebeweging sy kulturele taak gesien en benader het. Deelname aan volkspele en volksang was sy primêre taak, maar hy kon nooit losstaan van die breëre kultuurtaak van die Afrikaner nie.

5. Volkspelebeleggingskorporasie

5.1 Sentrale Volkspelefonds

Sedert die totstandkoming van die eerste Uniale Volkspelekomitee in 1941 was die Beweging hoofsaaklik van lede- en

226/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

kursusgelde afhanklik. Dit het dan ook meegebring dat vir die eerste paar jaar van sy bestaan van die dienste van 'n deeltydse sekretaris gebruik gemaak is. Later toe die kantoor van Bloemfontein na Johannesburg verskuif is, is mnr. D.J. Vosloo deur mnr. H.J. Moolman, sekretaris van die Ekonomiese Instituut van die Reddingsdaadbond, vervang.

Met hierdie verandering was dit moontlik om van die fasiliteite (kantoorgeriewe, asook van die sekretaris en tikster) van die Ekonomiese Instituut gebruik te maak. Met affiliasiegelde van laers en winste op kursusse, kon die finansiële verpligtinge bygebring word.

Met die uitkring van sy werksaamhede as gevolg van sy oplegging van 'n breër kulturele taak, is besef dat beter administratiewe fasiliteite en die aanstelling van voltydse personeel 'n noodsaaklikheid geword het. Die aktiewe deelname aan groot feeste (inwyding van die Voortrekkermonument, Van Riebeeckfees, e.a.), die onderneming van binne- en buitelandse toere, het groter kapitaal geverg. Tot dusver is die mas altyd opgekom deur die bewonderingswaardige reaksie van die volkspelers wanneer daar 'n beroep op hulle gedoen is. Die entoesiasme van volkspelers en publiek het dit byvoorbeeld moontlik gemaak om die oorsese toer in 1953 aan te pak teen 'n koste van ongeveer R46 000[30] sonder enige staatshulp.

Na vyftien jaar was die volkspele geen nuutjie meer nie - die ledetal het gedaal en die publiek was ook nie meer so vrygewig nie. Plotseling was die Uniale Raad gekonfronteer met die probleem van finansies, waarsonder geen toekomsplanne werklikheid kon word nie.

227/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die Uniale Raad het besluit om onmiddellik 'n spesiale fondsinsamelingsveldtog te loods en ter aanvang elke laer versoek om aanvanklik 'n bedrag van R40 in die sentrale fonds te stort.[31] Teen die einde van Junie was slegs R760 ontvang. Daar was geen spesifieke doel waarvoor gewerk en ingesamel moes word nie en gevolglik was die volkspelers nie gemotiveer om die taak entoesiasties aan te pak nie.

Omdat die volgende oorsese toer van 1958 op hande was, is besluit om die fondsinsameling te laat tot na die toer, aangesien daar R30 000 vir hierdie toer ingesamel moes word.

Na die toer het die Uniale Raad besef dat die finansies andermaal 'n knelpunt geword het en het die sentrale fonds weer eens aandag geniet. Die volgende besluit is op die vergadering van die Uniale Raad op 9-11 Junie 1959, geneem:

> "(a) ... dat die sentrale fonds weer in die lewe geroep word;
>
> (b) ... dat die Dagbestuur versoek word om 'n skema vir so 'n fonds uit te werk waardeur Provinsiale/Gewestelike Komitees jaarliks vir 'n bepaalde bedrag aangeslaan kan word;
>
> (c) ... dat dit egter noodsaaklik is dat die Beweging duidelik ingelig word vir welke doel hierdie fonds aangewend sal word."[32]

Om in die onmiddellike behoefte te voorsien, is besluit om laers, wyksbonde en provinsiale/gewestelike komitees te versoek om beskikbare fondse in hulle besit teen heersende rentekoerse aan die Uniale Raad te leen met die oog op kapitaaluitgawes soos die beskikbaarstelling van die amptelike wapen, die publikasie van volkspelebundels, e.d.m.[33]

228/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die Sentrale fonds sou vir die bevordering van die verskeie aktiwiteite van die Beweging aangewend word.

Nieteenstaande die finansiële dilemma waarin die Beweging hom bevind het, word daar op aanbeveling van 'n amptenaar van die Beweging besluit om 'n woonhuis, geleë te Van Wouwstraat 15, Groenkloof, Pretoria, teen 'n bedrag van R11 500 aan te koop[34] en dit aan dr. Pellissier teen 'n nominale bedrag van R50 per maand te verhuur. Dit was voorwaar 'n lofwaardige gedagte, maar seker nie realisties op hierdie tydstip toe die Volkspelebeweging hom in 'n finansiële dilemma bevind het nie.

5.2 Stigting van Maatskappy: "Volkspele-ondernemings Beperk", 1960 (VOB)

Op 'n vergadering van die Dagbestuur in Johannesburg is die registrasie van die Volkspelebeweging as 'n maatskappy oorweeg, aangesien die Beweging nou die handelsterrein betree het en ingevolge artikel 21 van die Maatskappywet as maatskappy sonder winsbejag geregistreer moes word. Die aanbeveling is deur die Uniale Raad aanvaar en is besluit om die Dagbestuur as Direksie aan te wys.[35]

Hierdie nuwe gedagte is op vergaderings van die Provinsiale/Gewestelike streke, waarheen alle laers uitgenooi is, breedvoerig uiteengesit. Op die vergadering van die Transvaalse laers, wat op Saterdag 19 Maart 1960 in die Aucklandparkse Laerskool, Johannesburg, gehou is en deur skrywer as afgevaardigde bygewoon is, is die hele aangeleentheid van die te stigte maatskappy op so 'n wyse gestel dat verteenwoordigers onder die indruk gebring is dat die finansiële probleme van die Beweging binne 'n kort

229/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

rukkie iets van die verlede sou wees en dat selfs die volkspelers die geleentheid gebied word om hulle geld winsgewend te belê. Met een teëstem, naamlik dié van skrywer, is die gedagte eenparig gesteun.

In groot opskrifte word in Desember 1960 in die pers aangekondig:

"Volkspelers fluks op pad om £100 000 te vind."

Voorts word berig dat mnr. H.J. Moolman, sekretaris van die Uniale Raad, die doel van die te stigte maatskappy as tweeledig sien, naamlik om die organisasie finansieel op eie pote te laat staan en tweedens om die jeug te leer om meer belang in die landsekonomie te stel.[36]

Met die besluit van 19 Maart 1960 in Johannesburg en daaropvolgende Uniale Raadsbesluite in verband met die Maatskappy is die Volkspelebeweging, na skrywer se mening, onherstelbaar benadeel. Laerleiers moes toesien dat elke laerlid eerstens 'n minimum van tien aandele van R1 vir homself aankoop en daarna poog om aandele aan die publiek te verkoop. Tien persent van die inkomste bo die kwota van R30 per speler, sou in die laerfonds gestort word.[37]

Die eerste direksie van VOB het uit dr. S.H. Pellissier, mnre. G.J. Lubbe, B.W. Gericke en H.J. Moolman, almal lede van die Uniale Raad bestaan. Moontlik kon meer persone met jarelange sake-ervaring in uitvoerende gesagsposisies aangestel gewees het om die saak op pote te stel, maar dit is tot nadeel van die Beweging ongelukkig nie gedoen nie.

Onnodig om te sê dat talle volkspelers uit laers bedank het as gevolg van hierdie nuwe wending in die Beweging.

230/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Veral studente, wat dit dikwels moeilik gevind het om die voorgeskrewe laerdrag aan te koop, het hulle onttrek, aangesien hulle nie hulle weg oopgesien het om hulle in hierdie transaksies te begewe nie. Die jongmense het die volkspele as 'n vorm van ontspanning gesien en nie as 'n sake-onderneming waarvan hulle aandeelhouers geword het nie.

Dat die Beweging fondse nodig gehad het vir die behoorlike uitvoering van sy taak, is wel waar. Die vraag ontstaan egter: was die tekort aan fondse nie moontlik te wyte aan 'n gebrek aan insig ten opsigte van doelmatige besteding van fondse nie?

As gevolg van hierdie nuwe wending is laers gekonfronteer met die verkoping van beursies, skeermeslemmetjies, volkspelebeeldjies, borde, bekers, poskaarte en allerlei snuisterye ten einde fondse te in. Hoe jammer tog dat 'n pragtige mooi kulturele beweging soos die Volkspelebeweging sy toevlug tot hierdie soort handeldrywery moes neem ten einde sy fondse aan te vul.

Dit is geen wonder dat daar tydens die vergadering van die Nasionale Raad op 4-5 Julie 1963 te Pretoria erken moes word dat die aandeelhouding van lede van die Beweging in sy eie maatskappy (VOB) veel te wense oorgelaat het en nie in die teken staan van die aanvanklike geesdrif wat in die verskillende streke teengekom is nie. Soos reeds voorheen beweer, is baie spelers ontnugter nadat hulle oor die implikasies van die hele aangeleentheid besin het.[38] Weer eens is 'n beroep op laerlede gedoen maar die oproep het in die meeste gevalle op dowe ore geval.

231/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Daar word op die uitreiking van 'n derde prospektus besluit en andermaal word 'n beroep op elke volkspeler gedoen om 'n aandeelhouer te word - aangesien tot datum slegs 50% van laerlede aandeelhouers was. Veral lede van die Nasionale Raad moes hulle ernstig beywer om meer kapitaal te bekom.[39]

Die VOB het aanvanklik in Pride Printers en in 'n leerfabriek in Pretoria, waar die leerbaadjies van die neefs vir die tweede oorsese toer in 1958 gemaak is, belê. Beide instansies het egter bankrot gespeel as gevolg waarvan die VOB aansienlike verlies gely het. Hierna is die VOB deur 'n direkteur van Noordelike Beleggings geadviseer om in Southern Steel Furniture en Maraisburg Metals te belê wat hulle dan ook gedoen het. Spoedig het beide maatskappye finansiële probleme ondervind. Om te verseker dat al die beleggings nie verlore gaan nie, het die VOB besluit om Southern Steel Furniture oor te neem en Maraisburg Metals te laat likwideer. Na die oorname is die naam verander na Suidstaal (Eiendoms) Beperk en is mnr. D.J. Vosloo, ondervoorsitter van die Uniale Raad as Besturende Direkteur aangestel. Die VOB het tans 100% belang in Suidstaal (Edms.) Beperk en 50% in die firma Verhoog Debuut.[x]

Die Suid-Kaaplandse Streekkomitee het, soos baie ander, bedenkings gehad oor die bemoeienis van die Beweging met finansiële ondernemings en het die Uniale Raad versoek om by wyse van 'n vraelys die gevoelens van die volkspelers te toets. Die Dagbestuur en die Direksie van Volkspele-ondernemings Beperk moes op die wenslikheid van so 'n opname ingaan. Dat die kulturele taak ernstig geskaad is deur hierdie gedurige konfrontasie met finansiële probleme, is vanselfsprekend.

232/...

---

x Persoonlik deur mnr. D.J. Vosloo aan skrywer meegedeel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

6. Tydperk van insinking

Die Volkspelebeweging het begin kwyn. Een na die ander het die ouer garde en staatmakers van die Beweging wat in die meeste gevalle ook stigterslede was, hulle van die Beweging gedistansieer. Laers het ontbind en Volkspele het sy gewildheid by die breëre publiek verloor en 'n tydperk binnegegaan waarin hy vir etlike jare wat sou volg 'n sukkelbestaan gevoer het. 'n Blom in die kultuurtuin van die Afrikaner het verwelk.

Om die huidige stand van sake t.o.v. die Beweging te bepaal, is op 31 Maart 1978 'n onderhoud met mnr. Pieter le Roux, Hoof-uitvoerende beampte van die Nasionale Raad vir die afgelope 9 jaar, gevoer - sedert 1 Maart 1978 is hy skakelbeampte van die Trans-Oranje Instituut vir Buitengewone Onderwys. Volgens mnr. Le Roux bestaan daar op die oomblik ongeveer 120 senior volkspelelaers met 'n gemiddeld van 20 ingeskrewe lede per laer, d.w.s. naasteby 2 400 aktiewe volkspelers. In 1960 was daar ongeveer 275 laers met 'n ledetal van oor die 12 000. Slegs aan die universiteite van Potchefstroom, Pretoria en die Oranje-Vrystaat en aan die onderwyserskolleges van Potchefstroom en Bloemfontein bestaan nog volkspelelaers terwyl elke Afrikaanse universiteit en feitlik alle onderwyserskolleges 'n dekade of twee gelede volkspelelaers gehad het. Junior laers aan laer- en hoërskole voer dikwels 'n sukkelbestaan omrede leerkragte wat die leiding kan neem net nie beskikbaar is nie. In 1976 het die Nasionale Raad dan ook besluit om 'n jeugkonferensie te belê om oor die belangeloosheid van die jeug ten opsigte van volkspele te besin.

Volgens mnr. Le Roux het hy op sy besoeke aan laers oral in die Republiek bemerk hoe die belangstelling van die publiek in volkspele afgeneem het; voorheen was volkspelevertonings 'n

233/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

groot aantrekkingskrag.

Gedurende die afgelope paar jaar het die finansiële posisie van die Beweging egter heelwat verbeter, danksy die ywer van die hoof-uitvoerende beampte.

Kursusse word nog gereeld gehou, hoewel die bywoning heelwat swakker is as vroeër. Lenteskole geniet nog heelwat belangstelling en die bywoning is goed.

Gedurende die afgelope twee tot drie jaar is nou met die Afdeling Kultuurbevordering van die Departement van Nasionale Opvoeding geskakel. Volkspelers het by verskeie geleenthede opgetree by kursusse vir jeugleiers, skoolverlaters, e.a. deur die Afdeling Kultuurbevordering georganiseer. Ook SABRA het die volkspelers by hulle jeugleierskursusse betrek. Na die vertonings het alle kursusgangers ook saam gespeel.

Die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele probeer alles in die stryd werp om die beoefening van Volkspele en -sang op 'n hoë vlak te hou, maar daar is elemente waarteen hulle nie bestand is nie. Suid-Afrika bevind hom al hoe meer in vinnige kommunikasie en kontak met die res van die wêreld. Die gevolg is dat vreemde ideologieë baie vinniger tot die jeug kom. Die jeug gryp die teatrale van oorsee aan, dié dinge wat vir die oomblik genot verskaf. 'Popmusiek' en aksievolle danse imponeer hom, terwyl die volkspele hom verveel. Dit is die tydgees waarteen daar moeilik wal gegooi kan word. Ook die verpligte en verlengde tydperk van militêre diens het 'n terugslag vir die Beweging beteken. So sal ook die televisie die beoefening van volkspele benadeel.

234/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

In 'n poging om volkspele weer eens pertinent onder die aandag van die publiek en ook buitelandse besoekers te bring, het die Nasionale Raad met 'n Engelse dame, mev. Cathy Wickham, ooreengekom om elke Saterdagaand in haar restourant, bekend as 'Die Werf' te Randburg, waar sy in tipiese Boerekos spesialiseer, 'n volkspelevertoning te gee. Mnr. Le Roux beweer dat die restourant druk besoek word en die volkspele groot byval vind, veral by die talle oorsese besoekers. Dit mag 'n metode wees om volkspele te propageer,maar daar bestaan die gevaar dat dit later in 'n vertoonspel kan ontaard. In Salzburg, Oostenryk, tree die Alpinia-volksdansgroep tweemaal per week in die Stieglkeller op - 'n restourant wat hoofsaaklik deur toeriste besoek word. Om die aanskoulikheid te verhoog, is die tipiese Oostenrykse volksdanse so vermink met tierlantyntjies dat daar weinig van die egtheid en oorspronklikheid oorgebly het. Die volkspelevertonings moet versigtig gehanteer word, sodat hulle nie in dieselfde rigting as die Alpinia-volksdansgroep beweeg nie.

## 7. Slotopmerking

### 7.1 Het die Volkspelebeweging 'n kulturele bydrae gelewer?

Wanneer 'n spruit van die Afrikaner se kultuur gebloei en verwelk het, is dit tyd om rekenskap te gee en antwoorde te kry op die kardinale vraag: het daardie spruit 'n daadwerklike bydrae tot die Afrikaner se kultuur gemaak en regverdig dit 'n voortbestaan? In November 1976 is aan 25 van die vroeëre leiers van die Beweging, wat vandag nie meer aktief by die volkspele betrokke is nie vraelyste met die volgende vrae gestuur:

A. 1. Naam
   2. Adres
   3. Gemoeid met volkspele van ...... tot ......(ongeveer)

235/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

4. Hoedanigheid waarin u aan die Beweging verbonde was ten tye van u uittrede (bv. Uniale Raadslid, Laerleier, ens.) ..............................

5. Stad/Dorp waar u ten tye van u verbintenis woonagtig was ....................................

B. 1. Het die Volkspelebeweging na u mening 'n daadwerklike bydrae tot die Afrikaanse kultuur gemaak? (motiveer u antwoord)

2. Het die Volkspelebeweging 'n toekoms? Indien wel, slegs op die gebied van volkspele of ook op ander gebiede? (motiveer u antwoord)

(Met opset is die vraelys van huidige leiers weerhou om 'n subjektiewe beoordeling te voorkom). Slegs ses persone het op die vraelys geantwoord.

Hierdie persone was dit almal eens dat die Volkspelebeweging 'n baie belangrike rol in die kultuurlewe en -strewe van die Afrikaner gespeel het. Wat die presiese bydrae egter was, is deur meeste in 'n enkele sin beantwoord: dit het die jeug meer kultuurbewus gemaak.

In die verhaal wat hom in hierdie werkstuk afgespeel het, blyk dit duidelik dat sonder 'n Volkspelebeweging die Afrikaner vandag kultureel baie armer sou gewees het. Sonder om detail te herhaal het die Beweging 'n bydrae gelewer tot die uitbreiding van 'n groot volkspele-repertoire, met en sonder sy tekortkomings, die kweek van 'n groter liefde en kennis vir die Afrikaanse lied, die in ere hou van die Voortrekkerdrag waaruit die volkspeledrag ontstaan het, kontak met mede-landgenote, veral deur saamtrekke wat oral deur die land gehou is, oorsese stamgenote deur besoeke van en aan volksdansers uit die stamlande, en die betrek van die volkspelers by die herdenking

236/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

van historiese gebeure, soos die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949 en die Van Riebeeckfees in 1952. Hierdie aktiwiteite het die horisonne van die volkspeler verbreed. Hy het op veelvuldige wyses met die lief en leed van sy volk se verlede en hede kennis gemaak, waardeur 'n inniger en dieper liefde vir dit wat sy eie is, sy godsdiens, taal, lied, spel en volksdrag, ontwikkel het. Die Afrikanerstrewe is op velerlei wyse, soos in die vorige hoofstukke toegelig, male sonder tal pertinent onder die aandag van die volkspeler gebring. Hy het bewus geword van sy roeping as Afrikaner en sy bydrae - hoe gering ook al - tot die Afrikaanse kultuurbesit gemaak, veral as dié bydrae gesien word teen die omskrywing wat mnr. D.J. Viljoen van kultuur gegee het:

> "Afkomstig van die Latynse woord "colo" behels kultuur dus die begrip van arbeid, om te werk, om letterlik jou tuin, jou wingerd, jou landery en jou plaas te bewerk, en, in 'n figuurlike sin, die bewerkstelliging, die ontginning, die aankweking van lewenswaardes en hoë deugde soos integriteit, waarheid, lojaliteit en bewerking, versorging en verfyning van die intellek, die beskawing daarvan. Dit het dus ook, en veral, betrekking op werk van die gees - van die godsdiens, lewensbeskoulike, volksbou, die versorging van die gesin, opvoeding van die jeug, verdediging van die vaderland, uitbouing van die ekonomie en die aankweking van liefde vir die eie".[40]

## 7.2 Het die Volkspelebeweging 'n toekoms?

Ten slotte dan 'n antwoord op hierdie kardinale vraag. Om sonder meer 'n positiewe antwoord te verstrek, sou moontlik as chauvinisme bestempel word, maar gesien in die lig van die kultuurgeskiedenis van die volkere van die wêreld - nie slegs van Oos- of Wes-Europa nie, maar selfs die swart

237/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

volkere van Afrika - is geen ander antwoord moontlik nie. Hoewel daar 'n insinking gekom het in die Beweging, moet dit as 'n normale verskynsel gesien word en van tydelike aard. Dat daar vroeër of later 'n herlewing sal kom, is gewis. Hoe die voortbestaan sal wees, is egter van 'n paar enkele faktore afhanklik.

Die jongmens van vandag is nie die jongmens van gister nie, daarom sal die benadering anders moet wees. Meer erkenning sal aan die volkspeler as 'n individu met sy eie ideale en lewensuitkyk gegee moet word. Hiermee word nie bedoel dat hy toegelaat moet word om ongedissiplineerd op te tree nie. Hy is vrywillig lid van die organisasie, aanvaar sonder dwang om die voorskrifte te eerbiedig en te gehoorsaam, maar dan wil hy as denkende wese die vryheid geniet binne die perke van die aanvaarde dissipline. Militaristiese optrede en 'regeer' met 'n ysterhand is nie meer aanvaarbaar nie.

Selfs in sy optrede binne groepsverband maak hy as individu op sekere vryhede aanspraak (In hoofstuk 5 is daar onder andere na die onaanvaarbare enersheid van klerедrag verwys). Die hoogste gesag van die Beweging is in die hande van ouer mense. Die moderne jeug sien 'n sogenaamde 'kommunikasiegaping' tussen hulle en hierdie ouer garde en dit kan as 'n rede vir die afname in die belangstelling in die Beweging gesien word. Vandag is die jeug deelgenote aan 'n gesagstruktuur waarin hulle inspraak wil hê. Mnr. Le Roux, na wie vroeër in die hoofstuk verwys is, het hierdie stelling onderskryf - daar is dikwels by hom beswaar aangeteken teen die 'ou' manne met hulle ouderwetse idees wat die beleidmakers is. Ook moes hy dikwels verneem van die vervelige enersheid van die drag.

'n Gewese lid van die Uniale Raad, dr. O'Grady, sien 'n ooreenkoms tussen die Duitse en Afrikaanse jeug in soverre

238/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

dat beide die 'American way of life' aanvaar. Sal die volkspeler nie moontlik oor 'n aantal jare Amerikaanse "Barn" of "Square" dances beoefen in plaas van die huidige bekende volkspele nie?[x]

In Nederland het 'n sterk volkspelegroep - "De Rotterdamsche Volksdans Centrale" na die laaste oorlog 'n internasionale groep geword, wat in sy dansrepertoire volksdanse van alle lande insluit. Diegene wat die ou Nederlandse volksdanse in ere hou, het hulle self in die sogenaamde folkloristiese groepe georganiseer waarvan slegs persone bokant die ouderdom van dertig jaar lid mag wees. Gaan ons jeug struikel voor die wekroep van internasionalisme en die weg volg wat deur talle Westerse lande gebaan is?

Skrywer glo dat die Volkspelebeweging weer sal groei en bloei in die eg Afrikaanse tradisie, maar dan slegs indien die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele bereid is om sonder die prysgawe van sy doelstellings, soos in die Statute van die Beweging uiteengesit, aanpassings te maak, minder geregimenteerd te wees, verlewendiging van die spel en meer soepelheid in die dragvoorskrifte te oorweeg. Dit alles is moontlik binne die raamwerk van die Beweging se doelstellings en sonder die verwerping van die tradisionele.

---oOo---

239/...

---

[x]Antwoord ontvang van dr. O'Grady op die vraag oor die toekoms van die Volkspelebeweging.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

8. BRONNEVERWYSINGS EN VOETNOTE BY HOOFSTUK 8

1. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2-29.6.1957, p.25.
2. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2-3.9.1955, p.4.
3. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Memorandum, 1955, p.1.
4. Ibid., p.2.
5. Ibid., p.2.
6. W.E.G. Louw: Kultuur en Kultuurorganisasies, Inspan, Oktober 1942, p.14.
7. Ibid., p.24.
8. F.J.M. Potgieter: Prinsipiële beoordeling van die volkspele as kultuurvorm (Koers, April 1945), p.167.
9. H.M. van der Westhuysen: Afrikaanse Volkspele (ongepubliseerde artikel), p.3.
10. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29-30.6.1956, p.6.
11. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, Bylae N, 1968, p.1.
12. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele: Goue Gerf. Pretoria, 1970.
13. Chris Lamprecht: Dit kom van ver af. Pretoria, 1975.
14. Komitee insake daarstelling van Orgnanisasie van Jeugherberge en Reisgeriewe, Notule, 19.1.1957, p.57.
15. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 9 - 11.7.1959, p.11.
16. Ibid., p.16.
17. Uniale Komitee vir Volksang en Volkspele, Notule, 1.4.1942, p.2.
18. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 27-29.6.1957, pp. 23-24.
19. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 5.10.1946, p.4.
20. Cecile de Ridder: Die Betekenis van Volkspele (Die Voorslag, April 1946), pp.21 en 32.
21. W.E.G. Louw - S.H. Pellissier, 9.4.1942.
22. Cecile de Ridder - S.H. Pellissier, 19.5.1941.

240/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

23. Die Transvaler, 17.5.1941 (Eerste Jaarlikse Volkspele-kompetisie in Stad gereël).
24. W.J.B. Pienaar - Redaksie, Die Burger, 1.9.1941.
25. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, 2-3.9.1955, p.7.
26. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29-30.6.1956, p.6.
27. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 27-29.6.1957, p.3-4.
28. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 4-5.7.1963, p.13.
29. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2-4.7.1970, p.11.
30. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule - finansiële verslag, Oktober 1953.
31. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 27-29.6.1957, p.14-15.
32. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 9-11.6.1959, p.4.
33. Ibid., p.23.
34. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 6-9.7.1960, p.22.
35. Ibid., p.22.
36. Die Vaderland, 8.12.1960, p.11.
37. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29.6.1961 - 1.7.1961, p.3.
38. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 4-5.7.1963, p.14.
39. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 9-11.6.1964, p.6.
40. D.J. Viljoen: Kultuur as Volksbesit (Referaat gelewer by Landsberaad van die Federasie van Rapportryerskorpse), 1.10.1975, p.3.

241/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## SAMEVATTING

Die Afrikaanse volkspele moet teen die agtergrond van dans - een van die oudste, indien nie dié oudste kunsvorm - en die volksdanse gesien word. In wese is daar dan ook geen verskil tussen volkspele en volksdanse nie. Daarom was dit nodig om die begrip dans, die ontwikkeling van die dans en die volksdans deur die eeue en pogings om volkspele en volksdanse as synde onvergelykbare begrippe en kultuurvoms te sien, behandel word.

Omdat die vraag of volkspele 'n verskynsel van die twintigste eeu is en of dit reeds vroeër bestaan het en in hierdie eeu herleef het, so dikwels gestel word, is die tweede hoofstuk aan die dansvorm, veral aan die Kaap, bestudeer. Dit het duidelik geblyk dat die Afrikaner van die vroegste tye af 'n geweldige voorliefde vir dans gehad het, nieteenstaande sy sterk Calvinistiese benadering. Modedanse van Europa, d.w.s. danse wat eintlik vir die balsaal bedoel was, was ook hier te lande baie populêr. Van ware volksdanse by feesgeleenthede, was daar geen sprake nie en nog minder van enige georganiseerde spel.

Dr. Pellissier, wat 'n jaar in Nääs, Swede, gestudeer het, was diep beïndruk met die pragtige nasionale drag, volksdanse en volksliedere van die Europese studente wat ook in Nääs gestudeer het. In 1914 het hy na Suid-Afrika teruggekeer met die een groot ideaal om van die jong Afrikanerseuns en -dogters 'n singende, spelende en werkende volk te maak. Met ses vertaalde Sweedse volksdanse en 'n tiental piekniek-spele, wat in daardie tyd vry algemeen in die noordelike provinsies bekend was, is die eerste poging tot georganiseerde volkspele van stapel laat loop.

Lenteskole is in die Vrystaat gehou om die volkspele te propageer - later is dit ook in die onderwyserskursusse aan die Onderwyserskollege ingesluit.

Al hierdie pogings was egter sporadies van aard. 'n Grootse kulturele

242/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

ontwaking, soos in 1938 met die Simboliese Ossewatrek gekom het, was nodig om die Afrikaner weer kultuurbewus te maak. Kort na hierdie gebeure - in 1941 - is die Komitee vir Volksang en Volkspele, onder beskerming van die Reddingsdaadbond, gestig.

Volkspelelaers is oor die lengte en breedte van die land, en selfs in Rhodesië en Suidwes-Afrika, gestig. Jonk en oud het hulle in die volkspele verlustig. Die land is in provinsiale en gewestelike streke verdeel onder wie se jurisdiksie die laers funksioneer het. 'n Landswye organisasie, soos in geen ander land ter wêreld, is op hierdie wyse daargestel.

Om inligting oor die spele so vinnig en goed moontlik te versprei, is daar onmiddellik oorgegaan tot die beskikbaarstelling van handleidings, waarin die bewegings, passies, musiek en woorde vervat is. Die eerste amptelike handleiding verskyn in 1941, gevolg deur nog ses binne 'n paar jaar. Die handleidings moes veral dien om volkspele bekend te stel en te standaardiseer.

Die volkspele kon slegs tot sy reg kom indien die uitvoering daarvan in 'n geskikte aanvaarde nasionale drag geskied. Om dié rede het die Uniale Raad sy dringende aandag aan hierdie aspek bestee. Na deeglike besinning is besluit om die drag van die Voortrekkers, en dan meer bepaald die kisklere, as model te gebruik. Met die nodige herontwerp en verstellings is die eerste amptelike drag dan ook met die eerste oorsese toer in gebruik geneem. Na die toer is 'n paar wysigings aangebring tot dit sy finale beslag gekry het, en die volkspeler vandag die trotse besitter van 'n nasionale volkspeledrag is.

Die belangrike plek wat die volkspele in die kultuur van die Afrikaner ingeneem het, spreek duidelik uit die insluiting van volkspelevertonings op die programme van alle groot volksfeeste. Die vertonings tydens die inwyding van die Voortrekkermonument, die Van Riebeeckfees en die

243/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Eeufeesvierings van Pretoria is sprekende voorbeelde. Toere na Europa en besoeke van volksdansgroepe uit Europa het die vriendskapsbande met die stamlande verstewig en menige volkspeler die geleentheid gegee om direk met die Europese kultuur kennis te maak.

Deur die hou van sang- en volkspelekursusse, is die Beweging verder uitgebrei. Oor die lengte en breedte van die land is gewone kursusse, kursusse vir leiers en kursusleiers, wat beide spelers en leiers op die hoogte gehou het met die uitvoering van die spele en die beoefening van die volksang, georganiseer.

Die Volkspelebeweging het hom dit ten doel gestel om nie slegs op die gebied van volkspele en -sang 'n bydrae te lewer nie, maar ook op ander terreine van die kultuur. Die proefskrif word dus afgesluit met 'n evaluering van die kulturele bydrae en 'n toekomsbespiegeling.

---oOo---

244/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## SUMMARY

Dancing is a universal phenomenon. It is as old as mankind - it is the mother of all arts. Throughout the ages it has played a most prominent part in the leisure-time of man. This is the back drop against which the development of folk dancing in general, and the Afrikaans 'volkspele' in particular, is depicted. Due to the very strong Calvinistic outlook of the Afrikaner and consequently the negative attitude of the church towards dancing, the term 'volkspele' (folk games) was preferred. Basically, however, there is no difference between 'volkspele' and folk dancing.

Soon after the early colonists had settled in the western Cape, social life was marked by the love for dancing. In and around the Castle, on the farms and in the small villages dancing figured prominently at all social functions. The records of visitors to the Cape during the eighteenth and nineteenth centuries bear testimony to this incredible popularity of dancing - particularly amongst the fairer sex.

Even the farmers on the eastern frontiers of the Cape Colony, and later the Voortrekkers, had time for this favourite pass-time. After the Great Trek, when the farmers had settled down to a normal life, the ever-popular picnics were characterised by so-called picnic games. There was, however, no sign of organised folk dancing or 'volkspele'.

In 1912 dr. Pellissier visited Sweden where he came into close contact with Scandinavian folk dances, songs and costume. This inspired him to organise folk dances in his own country on his return in 1914. He set the ball rolling with six translated Swedish folk dances and a number of 'piekniekspele'. It was, however, not till 1941, after the symbolic 'Ossewatrek', that the first committee was appointed by the Reddingsdaadbond to establish a permanent Volkspele organisation.

245/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Provincial and regional committees were appointed, while numbers of 'volkspelelaers' were formed even in the remotest parts of the country. This new cultural form was received most enthusiastically by young and old, rich and poor. The desire to learn the volkspele knew no limits and within the first ten years of its existence the Union Council for Folk Singing and Folk Dancing had organised nearly five hundred courses attended by several thousand volkspelers. In addition to the courses, several handbooks were published giving the words, music and description of the dances.

Within a few years after its establishment the Volkspele Organisation had achieved several outstanding successes, such as the breath-taking display during the unveiling ceremony of the Voortrekker Monument, where the volkspelers filled an evening's programme with volkspele and an unforgettable tableau depicting a typical ox wagon; the performance at the Van Riebeeck tri-centenary festival in Cape Town where volkspelers and folk dancers of various European nationalities again staged a tableau - the outline of the map of South Africa with its various provinces in colour; a tour of Europe in 1953 with one hundred volkspelers and twelve leaders.

The centenary of Pretoria in 1955 once more gave the volkspelers and groups of folk dancers from several European countries the opportunity for a mass display of volkspele and European folk dances - Mrs Cecile de Ridder being the organiser. A tour of South Africa for the visiting folk dancers, accompanied by a group of volkspelers from various parts of the country, followed the festival.

Three years later a second group of volkspelers left the country for yet another tour of Europe - this time including Greece and Israel.

During all these years the National Council endeavoured to design a suitable and acceptable costume for the volkspelers. Initially

246/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

the well-known picnic dress - long white trousers, white open-neck shirt with a scarf or cravatte was worn by the men and some form of Voortrekker dress by the women. This dress was changed over a number of years until an acceptable costume was decided on for the first overseas tour. A few minor changes were brought about after the tour before it was finally accepted as the official volkspele costume.

Folk dancing and singing were not the only forms of culture practised by the volkspelers - they had envisaged wider cultural horizons and whenever possible played an active part in many activities of Afrikaans cultural organisations. On many an occasion they assisted in raising funds for such commendable causes as the tapestry for the Voortrekker monument, a bronze wagon for the monument commemorating the battle of Blood river, the War Memorial at Vereeniging, etc.

The National Folk Dancing Organisation made an invaluable contribution to Afrikaans culture.

Unfortunately, volkspele lost its attraction and no longer had the support of the general public that it had enjoyed during the forties and fifties. Financial problems, mismanagement and strict regimentation took their toll and left the organisation battling for existence.

This phenomenon is almost certainly of a temporary nature. Volkspele have come to stay and will regain popularity with better management, and when the demands of the youth of to-day are borne in mind.

---o0o---

247/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

# BRONNE

## I LITERATUUR

### (i) Aangehaal


Bester, Andries: Baalfeës: Voortrekkermonument. Pretoria, 1957.

Bosman, F.C.L.: Drama en Toneel in Suid-Afrika, I. Kaapstad 1928.

Botha, Colin Graham: Social life in the Cape Colony in the 18th Century. Cape Town, 1926.

Bouws, Jan: Musiek in Suid-Afrika. Brugge, 1946.

Coetzee, Abel: Die Afrikaanse Volkskultuur. Kaapstad, 1960.

Christe, Jo: Dansgeschiedenis. Rotterdam, (1962), (g.d.).

De Ridder, Cecile: Nuwe Spele. Pretoria, 1945.

Driver, Ann: Music and Movement. London, 1936.

Du Toit, Juin: Suid-Afrikaanse Volkspeletjies. Kaapstad, 1941.

Du Toit, S.J.: Suid-Afrikaanse Volkspoësie. Amsterdam. 1924.

F.A.K.-Sangbundel. Kaapstad, 1961.

Gie, S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika. Stellenbosch, 1940.

Hartman, A.C.: 'n Oorsig van die Europese musiek in Suid-Afrika (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand 1947).

H'Doubler, Margaret N.: Dance - a creative art experience. Wisconsin, 1940.

Kapp, P.H.: Afrikaanse Volksfeeste met besondere verwysing na die Witwatersrand, Band 1. Johannesburg, 1969.

Kapp, P.H.: Die aard en ontstaan van die Afrikaanse Volksfeeste (Die Afrikaner en sy kultuur III). Kaapstad, 1975.

Kennedy, Douglas: England's Dances - folk-dancing to-day and to-morrow. London, 1950.

Kestell, Trudie: Ons Volksdrag (Tweede Trek-reeks no. 5). Kaapstad, 1942.


248/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Kestell, Trudie: Wat het hulle gedra? 'n Baie kort handleiding in verband met kleredrag sedert 1652 tot 1910. Bloemfontein, 1951.

Kloppers, M.H.O.: 'n Kultuur-historiese Opname van Volkspeletjies in die Moot (Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand, 1956).

Köhler, A.M.: R.D.B.-Volkspelehandleiding. Bloemfontein, 1941.

Lamprecht, Chris: Dit kom van ver af. Pretoria, 1975.

Morrison, Hester: Nuwe Volkspele. Stellenbosch, 1942.

Pretorius, J.C.: Die Afrikanervrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806 (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1977).

Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele (Samesteller): Vir ons Volkspelers. Johannesburg, 1961.

Preller, G.S.: Voortrekkermense II - IV. Kaapstad, 1920.

Sachs, Curt: World History of the Dance. London, 1938.

Sandved, K.B. (Red.): The World of Music; a treasury for listener and viewer. London, (1954).

Schotel, G.D.J.: Het Oud-Hollandsch Huisgezin der Zeventiende Eeuw. Haarlem, 1968.

Sharp, Cecil: Introduction to the Morris Dances of England. London, (?).

Shawn, Ted: Dance we must. London, 1946.

Ter Gouw, J.: De Volksvermaken. Haarlem, 1971.

Uniale Raad vir Volksang en Volkspele (Samesteller): Ons Eie Volkspele. Johannesburg, 1955.

Uniale Raad vir Volksang en Volkspele (Samesteller): Goue Gerf. Johannesburg, 1970.

Van den Berg, J.P.: Twee Volksfeeste by wyse van vergelyking. Roodepoort, 1957.

Van der Ven - Ten Bensel, Elise en van der Ven, D.J.: De Volksdans in Nederland. Naarden, 1942.

Verwijs, E. en Verdam, J.: Middelnederlandse Woordenboek II.

Weilbach, J.D. en Du Plessis, C.J.N.: Geschiedenis van de Emigranten Boere en van den Vrijheidsoorlog 1882.

249/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Wolfram, Richard: Die Volkstänze in Osterreich und Verwandte Tänze in Europa. Salzburg, 1951.

(ii) Geraadpleeg

Afrikaanse Kinderensiklopedie IV. Kaapstad , 1956.

Böhme, Frans M.: Geschichte des Tanzes in Deutschland. Leipzig, 1886.

Boshoff, S.P.E.: Afrikaanse Minneliedjies. Kaapstad, 1921.

Boshoff, S.P.E.: Volk en Taal van Suid-Afrika. Pretoria, 1921.

Boshoff, S.P.E. en du Plessis, I.D.: Afrikaanse Volksliedjies, Piekniekliedjies I en II. Amsterdam/Pretoria, 1918.

Boshoff, S.P.E.: Beskouinge en feite. Kaapstad, 1936.

Botha, Colin Graham: Ons Suid-Afrika - Voorheen en Tans. Kaapstad, 1938.

Bouws, Jan: Musieklewe in Kaapstad 1800 - 1850. Amsterdam/ Kaapstad, 1966.

Bouws, Jan: Woord en Wys van Die Afrikaanse Lied. Kaapstad, (g.d.).

Bouws, Jan: Die Volkslied: weerklank van 'n volk se hartklop. Kaapstad, (g.d.).

Coetzee, Abel: Leengoed, gedagtes oor taal, volksgeloof, kultuur (Monumentreeks no. 12). Pretoria, 1939.

Conradie, E.J.M.: Hollandse skrywers uit Suid-Afrika. Pretoria, 1934.

Dekker, G.: Afrikaanse Literatuurgeskiedenis. Kaapstad, 1966.

De Kock, Victor: The fun they had. Kaapstad, 1955.

De Lange, van Riemsdijk en Kalff: Nederlandsch Volksliederenboek V. Amsterdam, 1900.

De Villiers, Anna (Samesteller): Voortrekker-Gedenkboek. Pretoria, 1938.

Du Plessis, I.D.: Die Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse Volksmusiek. Kaapstad, 1935.

Du Plessis, I.D.: Die Maleise Samelewing aan die Kaap. Kaapstad, 1939.

250/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Du Toit, S.J.: Volkspoësie - Bydrae tot die Suid-Afrikaanse Volkskunde. Amsterdam, 1924.

Fairbridge, D.: Historic Houses of South Africa. Cape Town, 1922.

Groenewald, C.F.: Rympies en Raaisels - bydrae tot die Suid-Afrikaanse Volkskunde. Groningen, 1919.

Huizinga, J.: Verzamelde werken I - VIII. Haarlem, 1950.

Jansen, E.G.: Die Voortrekkers in Natal. Kaapstad, 1938.

Kruizinga, J.H.: Levende Folklore in Nederland en Vlaandere. Assen, 1958.

Lowndes, E.E.K.: Every-day life in South Africa. London, 1900.

Mayson,(?): The Malays of Cape Town. Kaapstad, 1963.

Pearse, G.E.: The Cape of Good Hope, 1652 - 1833 - an account of its buildings and the life of its people. Pretoria, 1956.

Preller, G.S.: Andries Pretorius. Johannesburg, 1940.

Spoelstra, B.: Ons Volkslewe. Pretoria, 1922.

Spoelstra, C.: Het Kerkelÿk en Godsdienstigleven der Boeren na den Grooten Trek. Kampen, 1915.

Telford, A.A.: Yesterday's Dress. Cape Town, 1972.

Theal, George McCall: History of South Africa II. Till, 1795.

Van der Merwe, P.J.: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie. Kaapstad, 1938.

Van der Ven, D.J.: Neerlands Volksleven. Bommel, MCMXX.

Van der Ven, D.J.: Die herleving van het Nederlandsche Volkspel. Naarden, 1944.

Van Niekerk, Lydia: Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijn Letterkundige Voortbrengselen. Amsterdam, 1916.

Van Rooijen, G.H.: Kultuurskatte uit die Voortrekkertydperk. Bloemfontein, 1938.

Verdwijn den Boer, J.H.: Schetsen uit het Kaapse leven van de 18e en 19e eeuw. Kaapstad, 1926.

Wirth, Herman Felix: Der Untergang des Niederlandischen Volksliedes. Haag, 1911.

251/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## II LETTERKUNDIGE BRONNE

### (i) Aangehaal


Barnard, Anne (Lady): South Africa a Century Ago - Letters and Journals, 1797 - 1801 (geredigeer deur H.J. Anderson). London, 1901.

Barrow, J.: An Autobiographical Memoir. Cape Town, 1847.

Bird, W.: State of the Cape of Good Hope in 1822. Cape Town, (g.d.) (Faksimilee-herdruk deur C. Struik, Kaapstad, 1966).

De Jongh, C.: Reizen naar de Kaap de Goed Hoop, Ierland en Noorwegen 1791 - 1797, I - III. Haarlem, 1802.

Dominicus, F.C.: Het Huizelik en maatschappelik leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18e eeuw. 's Gravenhage, 1919.

Duminy F. en J.M.: Dagboeke - (Uitgegee en toegelig deur J.L.M. Franken) Kaapstad, 1938. (Van Riebeeck Vereniging no. 19).

Kolbe, P.: Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I & II. Amsterdam, MDCCXXVII.

Le Vaillant, Francois: New Travels into the interior parts of Africa 1783 - 1785, I - III (Uit die Frans vertaal). London, 1796.

Lichtenstein, H.: Travels in Southern Africa, 1803 - 1806, I & II (Vert. Anne Plumptre). Cape Town, 1928. (Van Riebeeck Vereniging nrs. 11 en 12).

Mentzel, O.F.: A geographical and typographical description of the Cape of Good Hope I - III (Vert. uit Duits deur G.V. Marais en J. Hoge). Kaapstad, 1944 (Van Riebeeckvereniging, nos. 4, 6 en 25).

Mentzel, O.F.: Life at the Cape in mid-eighteenth Century - (biografie van Rudolf Siegfried Allemann, uit Duits vertaal deur Margaret Greenlees). Kaapstad, 1919 (Van Riebeeckvereniging no. 2).


252/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Parker, J.: A Voyage round the World in the Gorgan man of war. London, 1795.

Schonken, F.Th.: De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen (Uit die Duits vertaal deur Selly de Jong). Amsterdam, 1914.

Theunissen, J.B.: Aanteekeningen eener reis naar de binnenlanden van Zuid-Afrika van Port Elizabeth naar de Kaapstad gedaan in 1823. Oostende, 1824.

(ii) Geraadpleeg

Barrow, J.: An Account of travels into the Interior of Southern Africa, London, 1801.

Borcherds, P.B.: Autobiographical memoir of P.B. Borcherds. Cape Town, 1861.

Burchell, William J.: Travels in the Interior of Southern Africa I en II. London, 1953. (Herdruk van uitgawe van 1822 - 1824).

Cole, Alfred: Mijn Verblijf aan de Kaap de Goede Hoop (naar het Engelsch). Amsterdam, 1854.

Duff, Gordon: Letters from the Cape. London, 1927.

Fouche, Leo: Het Dagboek van Adam Tas, 1705 - 1706. London, 1914.

Molsbergen: E.C. Godeê: Tÿdens de Oost Indische Compagnie. Amsterdam, 1932.

Percival, R.: An account of the Cape of Good Hope. London, 1804.

Stavorinus, J.S.: Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, 1768 - 1771. Leyden, 1793.

Thompson, George: Travels and Adventures in South Africa. London, 1827.

Trotter, A.F.: Old Cape Colony, 1652 - 1806. Westminister, 1903.

253/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

# III PERIODIEKE PUBLIKASIES

## (a) Koerante

| | |
|---|---|
| Cape Times | 4.04.1952 |
| Culemborgsche Courant | 22.05.1953 |
| Daily Mail (Londen) | 10.06.1953 |
| De Express | 17.03.1899 |
| Deutsche Bauernzeitung | 22.12.1955 |
| Deutsches Volksblatt (Stuttgart) | 16.01.1956 |
| Die Burger | 15-18.12.1931 |
| | 12.04.1941 |
| | 8.04.1952 |
| | 17.04.1953 |
| Die Oosterlig | 2.05.1941 |
| Die Transvaler | 25.04.1941 |
| | 17.05.1941 |
| | 9-15.11.1955 |
| | 10.09.1956 |
| | 11.05.1957 |
| | 13.07.1957 |
| | 5.07.1958 |
| | 26.02.1962 |
| Die Vaderland | 9.11.1955 |
| | 8.12.1960 |
| | 17.01.1962 |
| Die Volksblad | 1.08.1929 |
| | 8.03.1941 |
| | 15.12.1949 |
| | 20.12.1949 |
| | 28.05.1958 |
| | 4.06.1958 |
| | 20.06.1958 |

254/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

| | |
|---|---|
| Het Handelsblad (België) | 19.05.1953 |
| Het Rotterdamsche Parool | 6.05.1953 |
| Morgen Post | 2.06.1953 |
| Nieuwe Rotterdamse Courant | 4.05.1953 |
| Rand Daily Mail | 13.06.1957 |
| | 15.07.1957 |
| Rustenburgse Herout/Herald | 5.07.1957 |
| The Daily Telegraph (Londen) | 8.07.1958 |
| The Express and Free State Advertiser | 17.12.1876 |
| The Friend | 4.03.1914 |
| The Jewish Herald | 23.05.1958 |
| The Mercury | 4.05.1953 |
| The Pretoria News | 15.12.1949 |
| | 4.04.1952 |
| | 18.04.1953 |
| The Star | 4.05.1953 |
| | 12.06.1953 |
| The Times (Londen) | 8.07.1958 |

(b) Tydskrifte

(i) Aangehaal

| | |
|---|---|
| Chansons et Danses d' Espagne Section de F.E.T. et des J.O.N.S., | 11e uitgawe |
| Die Huisgenoot, | 1930 - 1962 |
| Die Skoolblad, | Vol. 29, Februarie 1941 |
| Die Taalgenoot, | Junie 1929, Mei 1960 - Maart 1969 |
| Inspan, | 1941 - 1951 |
| Kerkbode, | Augustus 1971 |


255/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

| | |
|---|---|
| Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding, | September 1951 |
| Ons Klijntji, | Julie 1897 |
| Zuid-Afrika, | Vol. XV, 1938 |

(ii) <u>Geraadpleeg</u>

| | |
|---|---|
| African Notes and News, | Desember 1951 |
| Afrikaanse Skrywerskring Jaarboek, | Vol. II, 1946 |
| Die Brandwag, | 1915 - 1958 |
| Die Staatsamptenaar, | Desember en November 1949 |
| Filma, | Vol. III, 1946 |
| Fleur, | Vol. I, November 1946 |
| Forum, | 12.10.1940 |
| Handhaaf, | Junie 1973 |
| Koers, | Vol. 12, April 1945 |
| Landbou Weekblad, | 3.02.1932 |
| Lantern, | Julie 1954<br>Desember 1958 |
| Liggaamsopvoeding, | April 1941<br>September 1941<br>April 1945 |
| Ons Tydskrif, | Vol. II, 1934 |
| Outspan, | 14.11.1950 |
| Pretoriana, | April 1953 |
| Ruiter, | 9.04.1948 |
| Res Musicae, | September 1960 |
| Sarie Marais, | 6.11.1963 |
| South African Panorama, | Oktober 1958<br>Augustus 1960 |
| South African Philatelist, | Februarie 1962<br>Maart 1962 |


256/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

| | |
|---|---|
| Standpunte, | April 1960 |
| | Junie 1960 |
| | Februarie 1961 |
| | Oktober 1963 |
| Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, | 1945 - 1956 |
| Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, | 1848 - 1959 |
| Vigor, | Desember 1949 |
| | Desember 1955 |
| | Junie 1960 |

## IV TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

### (i) Aangehaal

Anderson, Virginia C.: Western Folklore - Iets uit Amerika (Inspan, November 1949).

Bester, Andries: Baälfees: Voortrekkermonument (Desember 1957).

Chansons et Danses d' Espagne, Section Femine de F.E.T. et des J.O.N.S., 11e uitgawe.

Dekker, Elsa: Voortrekkerdrag (Inspan, September 1946).

De Ridder, Cecile: Die Betekenis van Volkspele (Die Voorslag, April 1946).

De Ridder, C.: Twee radiopraatjies (i) Ons Volkspelebeweging, (ii) Belangrike verwante aspekte van Volkspele (Inspan, November 1949).

De Ridder, C.: Gesonde ontspanning (Inspan, Maart 1948).

De Ridder, C.: 14 Desember 1949 - hoogtepunt van ons Volkspelebeweging (Inspan, Maart 1950).

Eyssen, Stephen: Volksang (Inspan, Januarie 1948).

Grobler - Stoltz, Analise: Volksdanse in die Buiteland (Inspan, November 1949).

257/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Kestell, Trudie: Kleredrag van ons voorouers (Die Huisgenoot, 15 Augustus 1947).

Kestell, Trudie: (Die Taalgenoot, 21 Junie 1929).

Kruger, Nellie: Voortrekkerdrag word Volksdrag (Die Taalgenoot, Mei 1963).

Louw, W.E.G.: Kultuur en Kultuurorganisasies (Inspan, Oktober 1942).

Pellissier, S.H. (Mev.): Van Volksdrag tot Volkspeledrag (Taalgenoot, Mei 1963).

Pellissier, S.H.: Toekomsplanne (Inspan, Desember 1947).

Potgieter, F.J.M.: Prinsipiële beoordeling van Volkspele as Kultuurvorm (Koers, April 1945).

Roodt, Kotie: Voortrekkerkappies (Die Huisgenoot, 3 Januarie 1941).

Roodt, Kotie: Voortrekkerkappies (Die Huisgenoot, 27 Desember 1940).

Roodt-Coetzee, Kotie: Voortrekkerdrag (Inspan, November 1949).

Scheepers, Fred L.: Die Van Riebeeckfees 1952 - Algemene indrukke (Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Junie 1952).

Schultz, Lorenz: Die Tuitkappie en sy familie (Die Taalgenoot, Augustus 1963).

Theunissen, H.C. en Theunissen, N.H.: Kleredrag van Van Riebeeck se dae tot die Voortrekkertyd (Die Brandwag, 9 September 1938).

Van Oudtshoorn - Schenkel, Lotte: Volkspele nou en tien jaar gelede (Inspan, April 1950).

Redaksie: Volkspelèhandleiding (Brandwag, 11 Augustus 1944).

Redaksie: Groot Lenteskool (Inspan, Maart 1945).

Redaksie: Geslaagde kursus in nuwe volkspele op Bloemfontein (Inspan, Desember 1945).

Redaksie: Volkspele en Volksang (Inspan, November 1947).

Redaksie: Koerantverslae oor die Volkspelevertoning tydens die inwyding van die Monument (Inspan, Maart 1950).

Redaksie: Uit die dae van Van Riebeeck - Wat Hollandse vroue drie eeue gelede gedra het (Die Huisgenoot, 28 September, 1951).

258/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(ii) Nageslaan

Alberts, A.: Oorsprong van Siembamba (Standpunte, Februarie, 1961).

Albrecht, E.: Weelde van Weleer (Brandwag, 11 Maart 1949).

Bosman, F.C.L.: Afrikaanse Kultuurbesit (Die Burger, 15 - 18 Desember 1931).

Botha, L.: Ons Volksdrag (Die Huisgenoot, Januarie 1943).

Bouws, Jan: Musieklewe in S.A. buite die Kaap-Kolonie in die tweede helfte van die 19e eeu (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Desember 1948).

Bouws, Jan: Kaapse musieklewe in die Hollandse tyd (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Februarie 1947).

Bouws, Jan: Afrikaanse Volksmusiek (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, April 1951).

Bouws, Jan: Drie Eeue Afrikaanse musieklewe (Afrikaanse Skrywerskring Jaarboek, 1946).

Bouws, Jan: Langs die wapad van S.A. musiek (Res Musicae, September 1960).

Coetzee, Abel J.: In Groenlands Straatjies (Taalgenoot, Junie 1964).

Coetzee, Abel J.: Ons Volkskultuur en Volkskuns (Brandwag, 15 Augustus 1941).

Crozet, Sylvester L.: Volkspele - Folk dances 1912 - 1962 (South African Philatelist, Maart 1962).

Crozet, Sylvester L.: The Voortrekker Monument (South African Philatelist, Februarie 1962).

Dekker, Elsa: Die plek van Volksang in ons kursusse vir Volkspele en Volksang (Inspan, November 1949).

De Kock, Bosman: Ons kan trots wees op ons volksmusiek (Die Brandwag, 29 Augustus, 1958)

De Ridder, C.: Volksang- en Volkspelekursusse (Inspan, November 1949).

De Ridder, C.: Nuwe spele (Inspan, 17 November 1949).

De Ridder, Cecile: Oorsese Volksdansers (Vigor, Desember 1955).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

De Ridder, C.: Danse van primitiewe rasse (Inspan, April 1948).

De Villiers, A.: Die lewe op die Groot Trek (Zuid-Afrika, Desember 1938).

De Villiers, A.: Twee nuwe volkspeletjies (Skoolblad, Februarie 1941).

Die Lenteskoolbeweging (Inspan, Augustus 1942).

Du Preez, I.C.S.: Jeug en Volkspele (Inspan, November 1949).

Du P. Scholtz, I.: 'n Kultuurhistoriese ekskursie (Standpunte, April 1960).

Du P. Scholtz, J.: Uit die Afrikaanse Volkskultuur (Standpunte, Junie 1960).

Du Toit, S.J.: Riele en Hotnotsriele (Tydskrif vir Volkspele en Volkstaal, Oktober 1961).

Gericke, Burger: Niggie wil jy speel...? (Handhaaf, Junie 1973).

Hartman, Anton: Boeremusiek op die Kruispad (Die Burger, 24 November 1945).

Hudson, C.W. Maatskaplike vorms aan die Kaap (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Augustus - November 1955).

Hudson, C.W.: Volkspele in die Kaapse herberge. (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Augustus 1951).

Jokl, E.: New South African Folk Dance (Forum, 12 Oktober 1940).

Jokl, E.: Volksdanse (Liggaamsopvoeding, April 1941).

Jordaan, P.: Afrikaanse Volksang en Volkspele aan die werk (Die Taalgenoot, Maart 1969).

Kapp, P.H.: Die Voortrekkereeufees - Die Volkspelebeweging (Taalgenoot, September 1968).

Kapp, P.H.: Die Reddingsdaadbond (Die Taalgenoot, Oktober 1968).

Kestell, Trudie: Kleredrag deur drie eeue (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Augustus 1947).

Kestell, Trudie: Erfenis van drie eeue: Kleredrag en bykomstighede gedurende die driehonderd jaar (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Oktober 1951).

Kestell, Trudie: Die Kleredrag van ons voorouers (Die Huisgenoot, 15 Julie 1947).

260/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Kestell, Trudie: Waarom Volksdrag? (Die Huisgenoot, 18 November 1949).

Kloppers, M.H.O. Kompatertjie (Volkspel) (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Maart 1953).

Kloppers, M.H.O.: Spore van Duitse invloed op ons Volkspeletjies (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Maart 1958).

Laubscher, A.: Volkspele te Pretoria (Inspan, November 1944).

Lenteskole (Inspan, Mei 1942)..

Lenteskole op Klipdrift en Vrede (Inspan, Maart 1944).

Linde, M.: Ons eie musiek (Ons Tydskrif II, 1934).

Mignon, (?) : Sierlikheid van Voortrekkerdrag (Staatsamptenaar (Public Servant), November 1949).

Moolman, J.H.: Spel en lied het hulle saamgebind (Taalgenoot, April 1962).

Morrison, Hester: Volksdanse (Liggaamsopvoeding, September 1941).

Naude, Susan: Voortrekkeruitrusting vir 1949 se Eeufees. (Staatsamptenaar (Public Servant), Desember 1949).

Nienaber, G.S.: Lesing van twee bekende Afrikaanse liedere (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Augustus 1948).

Ons kleredrag teen omstreeks 1850 (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Augustus 1949).

Pauw, J.C.: Al die kêrels hou van ons niggies (Die Huisgenoot, 31 Julie 1953).

Pellissier, S.H.: Volkspele (Lantern, Desember 1958).

Pellissier, S.H.: Agt groepe volkspelers uit ons Stamlande besoek Suid-Afrika (Vigor, Junie 1960).

Pellissier, S.H.: Ontstaan en ontwikkeling van Volkspele in Suid-Afrika (Lantern, Julie 1954).

Pellissier, S.H.: Volkspele is deel van die kultuur van die Afrikaner (Lantern, Desember 1958).

Pellissier, S.H.: Ses wakkere meisies (Die Brandwag, Mei 1915).

Pellissier, S.H.: Die Vaste Band (Die Brandwag, Junie 1915).

Pellissier, S.H.: Nasionale Kostuum (Die Brandwag, Augustus 1915).

Pellissier, S.H.: Nikkodikkomdei (Die Brandwag, Augustus 1915).

261/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Pellissier, S.H.: Passende kleredrag vir mans by volkspele (Die Huisgenoot, 16 Oktober 1942).

Pellissier, S.H.: Boemfaderalla (Die Brandwag, 1 April 1915).

Pellissier, S.H.: Volksang en Volkspele (Die Huisgenoot, 18 Julie 1941).

Pellissier, S.H.: 'n Leerskool van nuttige dinge (Die Brandwag, Augustus 1914).

Pellissier, S.H.: Ons sing en speel deur Europa (Suid-Afrikaanse Panorama, Oktober 1958).

Pellissier, S.H.: Maruska (Die Brandwag, Oktober 1915).

Roodt-Coetzee, Kotie: Offers langs die trekpad - klere en gebruiksartikels van die Voortrekkers (Die Taalgenoot, Desember 1963).

Roux, A.S.: Mansdrag van 'n halwe eeu gelede (Ruiter, 9 April 1948).

Roos, Helena: Waar kom ons Volkspele vandaan? (Huisgenoot, 3 Augustus 1962).

Saunders, (?) : Verslag oor Sondagskoolpiekniek (The Friend, 28 Februarie 1914).

Schoeman, D.J.: Volkspele as kultuurspel (Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding, September 1951).

Scholtz, J. du P.: Uit die Afrikaanse Volkskultuur (Standpunte, Junie 1960).

Scholtz, J.du P.: Kultuur-historiese ekskursie (Vat jou goed en trek, Ferreira) (Standpunte, April 1960).

Schultz, Lorenz: Op soek na Streekdragte in Nederland (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, 1961).

Semmelink, R.: Uit die Volksdanswerk (Liggaamsopvoeding, April 1945).

Smaakvolle en korrekte Voortrekkerdrag (Inspan, Augustus 1949).

Smith, Cyrus: Saam met die Britte (Suid-Afrikaanse Panorama, Oktober 1958).

Strutt, D.: Costume notes on Van Riebeeck's period at the Cape of Good Hope, 1652 - 1662 (African Notes and News, Desember 1951).

262/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Steyn, Yvonne: Swier en hoë mode (Sarie Marais, 6 November 1963).

Theunissen, N.H.: Ons Volksliedjies (Die Brandwag, 18 November 1938).

Van der Ven ten Bensel, Elize: Volksdanse in die Buiteland (Inspan, 20 November 1949).

Van der Ven ten Bensel, Elize: Iets uit Nederland (Inspan, November 1949).

Van der Walt, S.P.: Jeugvermaaklikhede (Inspan, September 1947).

Van der Westhuysen, H.M.: 'n Blik op die kultuurveld van die Afrikaner (Die Taalgenoot, 14 - 15 Mei 1961).

Van Oudtshoorn - Schenkel, Lotte: Young South African expresses itself in its colourful Folk dancing (The Outspan, 24 November 1950).

Van Oudtshoorn-Schenkel, Lotte: Volkspele - Waarheen? (Inspan, Mei 1950).

Van Oudtshoorn-Schenkel, Lotte: Volkspele - 'n vaardigheid vir kompetisie of 'n uiting van lewensvreugde? (Inspan, Junie 1950).

Van Oudtshoorn-Schenkel, Lotte: Oorlewering en Onderlinge Invloede by Europese Volksdanse (Inspan, Julie 1950).

Van Oudtshoorn-Schenkel, Lotte: Volksdanse in Finland (Inspan, Augustus 1950).

Van Oudtshoorn-Schenkel, Lotte: Die jaarlikse saamtrek van laers in die Jakarandastad (Inspan, Desember 1950).

Van den Berg, J.P.: Twee volksfeeste by wyse van Vergelyking (Pamflet). Roodepoort, 1957.

Van Rensburg, M.J.J.: Is dit Afrikaans? (Die Transvaler, 30 Junie 1945 en 27 Julie 1945).

Van Selms, A.: Uit eie boekebesit, Paradysdans (Standpunte, Oktober 1963).

Van Warmelo, Willem: Volksmusiek in Suid-Afrika (Die Huisgenoot, Februarie 1941).

Redaksie: Volkspele en Volksang (Inspan, November 1947).

Redaksie: Volkspelenuus (Inspan, Maart 1946).

263/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Redaksie: Volkspelenuus (Inspan, Februarie 1948).

Redaksie: Volksang (Inspan, Januarie 1948).

Redaksie: Volkspele tydens Bloemfonteinse Eeufees (Inspan, Julie 1946).

Redaksie Volkspelehandboek: Volkspele te Pretoria (Inspan, November 1944).

Redaksie: Uniale Raad vir Volkspele en Volksang (Inspan, Desember 1946).

## V HISTORIESE MANUSKRIPTE

### (i) Omsendbriewe

Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele:

Omsendbrief 3/1953

Omsendbrief 1/1955

Omsendbrief 6/1957

Amptelike Kleredraghandleiding Maart 1958

Omsendbrief 1/1960

Sketse van Volkspeledrag 1965

Schwäbischer Spielkreiss: Rundbrief 18.12.1955

Landesarbeitsgemeinschaft Tanz: Rundbrief 10/1958.

### (ii) Briewe

S.H. Pellissier - Pierre Fourie, Voorsitter, O.K.P.V., Posbus 99, Cradock, 7 Januarie 1941.

S.H. Pellissier, Voorsitter Uniale Raad vir Volkspele en Volksang, Onderwysdepartement Bloemfontein - mej. Miranda Kirsch, Mackaystraat 17, Port Elizabeth, 28 Januarie 1941.

J.F. Marais, Sekretaris, Uniale Komitee vir Volkspele, Posbus 7714, Johannesburg - mej. A.M. Köhler, Lowerkruin, P.K. Tempe, O.V.S., 25 Februarie 1941.

264/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

J.F. Marais - S.H. Pellissier, 25 Februarie 1941.

S.H. Pellissier - J. Maree, P.K. Marseilles, distrik Ladybrand, 11 Maart 1941.

J.C.B. Schoeman, sekretaris, Provinsiale Komitee, RDB, Vryetyd: Volkspele, Posbus 7714, Johannesburg - S.H. Pellissier, Posbus 521, Bloemfontein, 2 Augustus 1941.

Cecile de Ridder - S.H. Pellissier, 19.5.1941.

S.H. Pellissier - P.J. Schoeman, Henrystraat 75, Bloemfontein, 6 Augustus 1941.

Otto du Plessis, Direkteur, Staatsinligtingskantoor, Kaapstad - S.H. Pellissier, 10 Augustus 1941.

S.H. Pellissier, - N. Diederichs (Hoofleier, RDB), 13 Augustus 1941.

N. Diederichs, Hoofleier, Reddingsdaadbond, Posbus 7714, Johannesburg - mnr. S.H. Pellissier, Voorsitter Uniale Volkspeleraad, Posbus 521, Bloemfontein, 29 Augustus 1941.

S.H. Pellissier - J. Vorster, hoof, Volkspelegroep, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1 September 1941.

W.J.B. Pienaar - Redaksie, Die Burger, 1 September 1941.

S.H. Pellissier - Die Hoofleier (Dr. N. Diederichs), Reddingsdaadbond, Posbus 7714, Johannesburg, 6 September 1941.

S.H. Pellissier - mej. H. van Heerden, Sekretaresse, Volkspele (laer), Posbus 50, Belfast, Transvaal, 6 September 1941.

J. Vorster - S.H. Pellissier, 8 September 1941.

S.H. Pellissier - Hoofleier (Dr. N. Diederichs), Reddingsdaadbond, Posbus 7714, Johannesburg, 12 September 1941.

W.E.G. Louw - S.H. Pellissier, 9.4.1942.

J.F. Marais - mej. A. Köhler, Normaalkollege, Bloemfontein, 8 Mei 1942.

Sekretaris, Wes-Kaaplandse Volkspelekomitee - P.J.L. Odendaal, 12 Junie 1942.

265/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

P.J.L. Odendaal, Sekretaris, Wes-Kaaplandse Volkspelekomitee - Ds. M.L. de Villiers, Kultuurhuis, Wellington, 12 Junie 1942.

S.H. Pellissier - Pierre Fourie, Voorsitter, O.K.P.V., Posbus 99, Cradock, 21 Augustus 1942.

A. Burger, namens ondersekretaris, RDB, afdeling Volksang en Volkspele, Posbus 3113, Kaapstad - mnr. Pellissier, Posbus 521, Bloemfontein, 24 Augustus 1942.

Pierre Fourie, voorsitter, OKPV, Posbus 99 Cradock - S.H. Pellissier, Voorsitter, Uniale Volkspeleraad, Posbus 521, Bloemfontien, 24 Augustus 1942.

S.H. Pellissier - E.G. Jansen, Voorsitter, Voortrekkermonumentkommissie, 19 Julie 1948.

S.H. Pellissier, Posbus 521, Bloemfontein - mev. C. de Ridder, Arcadiastraat 929, Pretoria, 13 Mei 1949.

S.H. Pellissier - Bestuurder, Sonop Beperk, Maitlandstraat, Bloemfontein, 23 Junie 1949.

C. de Ridder (mev.) (Hoofleidster), Volkspelevertoning, Voortrekkermonument, Arcadiastraat 929, Pretoria - D.J. Vosloo, Sekretaris, Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Bloemfontein, 27 September 1949.

C. de Ridder (mev.) - S.H. Pellissier, 22 November 1949.

S.H. Pellissier - C. de Ridder (mev.), 25 November 1949.

S.H. Pellissier - Andries Bester, Lyttelton, 27 Augustus 1956.[x]

(iii) <u>Notule, Statute en Konstitusies</u>

Uniale Volkspelekomitee van die RDB, Notule, 1.3.1941, 23.5.1941, 1.4.1942.

Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule 1943 - 1960

Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Dagbestuur, Notule, 2.10.1953; 17.4.1954; 28.9.1956.

Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 1961 - 1977.

Reddingsdaadbond, Notule, 1940 - 1947.

266/...

---

[x]Alle briewe is in skrywer se besit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Statute, 1955.

Wes-Kaaplandse Komitee vir Volksang en Volkspele, Konstitusie, September 1941.

Wes-Kaaplandse Komitee vir Volksang en Volkspele, Notule, 27.11.1942.

Wes-Kaaplandse Komitee vir Volksang en Volkspele, Dagbestuur, Notule, 27.11.1942.

Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Huishoudelike Reglement en Reëls vir Volkspelelaers, Maart 1942.

Verslag van die Sinodale Kommissie van die Transvaalse N.G. Kerk, 1944.

Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, Handleiding, 12.3.1942.

Komitee insake daarstelling van Organisasie van Jeugherberge en Reisgeriewe, Notule, 29 Januarie 1957, p.57.

(iv) Programme

Kursus in volkspele en sang, 30.9.1940 tot 5.10.1940, Program, Bloemfontein.

(v) Referate

Viljoen, D.J.: Kultuur as volksbesit (Referaat gelewer by Landsberaad van die Federasie van Rapportryerskorps), 1 Oktober 1975, p.3.

---oOo---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

BRONNELYS BY BYLAAG


1. M.H.O. Kloppers: Volkspeletjies in die Moot, p.306.
2. Uniale Volkspelekomitee van die RDB, Notule, 23.5.1941, pp.2 en 6.
3. S.H. Pellissier - N. Diederichs, 13.8.1941.
4. Pierre Fourie - S.H. Pellissier, 27.10.1942.
5. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 1.4.1942, pp.1 en 7.
6. Volkspelekomitee, Wes-Kaapland, Notule, 27.11.1942, p.3.
7. Elsa Dekker: Voortrekkerdrag (Inspan, September 1946), pp.26-27.
8. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Omsendbrief 3/1953.
9. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 2.10.1953, pp.13-14.
10. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Dagbestuur, Notule, 2.10.1953, pp.13-15.
11. Amptelike Kleredraghandleiding, Oorsese Toer (Uitgereik deur die Uniale Raad vir Volksang en Volkspele), Maart 1958, p.1.
12. Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 9.7.1959, p.12.
13. Ibid., p.13.
14. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Sketse van drag, 1960.
15. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 29.6.1961, p.10.
16. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 4.7.1963, p.26.
17. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 9.7.1964, pp.7-8.
18. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Notule, 8.7.1965, p.1.
19. Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, Amptelike Kleredraghandleiding, p.2.
20. Ibid., pp.3-4.
21. Ibid., pp.9-11.


2/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Lyfie

Die lyfie nousluitend om die middel met twee pylnaatjies voor en agter. Op die rug word dit met knopies wat tot op die romp afloop, vasgemaak.

Mou

Die mou is ruim, maar geen pofmou nie, en strek tot net bokant die elmboog.

Romp

Die romp bestaan uit vier bane (die breedte van die materiaal nie minder as 90 cm. nie) en is eweredig om die middel ingeplooi. Die soom is breed en die rok reik tot aan die enkel. Die materiaal wat aanbeveel word is tafsy vir die deftige drag en 'n wasbare materiaal van helder pastelkleure met 'n klein blompatroontjie vir die gewone drag.

4.1.4 Onderrok

Die onderrok word op dieselfde patroon as die rok gemaak, met of sonder moue, maar beslis nie met skouerbandjies nie. Die onderrok, van linne gemaak, moet minstens drie bane hê en effens gestyf wees. Hoe dunner die rokmateriaal, hoe dikker die materiaal van die onderrok om te verhoed dat dit deurskyn.

4.1.5. Mantel

Die mantel wat aanbeveel word, is van driekwartlengte tot op die heuplyn en word van 'n warm materiaal met 'n voering gemaak.

4.1.6 Kouse en skoene

Geen moderne hoëhakskoene mag gedra word nie - slegs eenvoudige plathakskoene.[7] Hierdie drag het 'n baie belangrike rol gespeel in die uiteindelike bepaling van die amptelike drag. Die volkspelers het dit baie verwelkom, daar dit beslis vir die niggies 'n goeie leidraad was.

11/...

---------------------------------------------------------------

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 5. Kleredrag vir die oorsese toer - 1953

Twaalf jaar het verloop na die stigting van die Uniale Raad alvorens daar eindelik op 'n amptelike drag besluit is. Die groot gebeurtenis wat finaal aan die drag sy beslag gegee het, was die eerste volkspeletoer in 1953 na Europa. In omsendbrief nommer 3 van 1953,[8] wat aan elke deelnemer gestuur is, is 'n volledige beskrywing van hierdie drag gegee, soos dit dan ook later in "Ons eie Volkspele" (p.xvii) beskryf is. Hierdie drag is later hier en daar gewysig en word derhalwe in die volgende bladsye volledig beskryf.

### 5.1 Niggies

#### 5.1.1 Bo-rok

Gewoonlik is tafsy gebruik, maar omdat die volkspelerok dikwels gebruik word, word 'n wasbare en koeler materiaal soos stywe moeslien of organdie aanbeveel. Selfs 'n effekleurige of klein onopsigtelike patroontjie is toelaatbaar.

#### 5.1.2 Romp

Die romp is ongeveer 450 cm. wyd met klein plooitjies ingeryg - eweredig oor die hele lyfie versprei. Die rok het tot op die enkelknop gehang met 'n 7,5 cm. wye soom.

#### 5.1.3 Lyfie

Die lyfie was nousluitend met 'n puntjie voor en word voor en agter met sypandjies gesny (koordjies word ingeryg). Op die rug kom dan hakies en trensies - geen ritssluiter nie. Die lyfie was redelik lank en het tot in die middel gekom met 'n ronde halslyn.

#### 5.1.4 Mou

Die mou was 45 cm. wyd en het tot by die elmboog gestrek en is met 'n rekkie ingeryg. Aan die mou kom twee

12/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

kantvalle onderskeidelik 10 cm. en 15 cm. breed en 70 cm. en 80 cm. wyd.

5.1.5 Halsdoek

Die halsdoek met 'n fyn kantjie afgewerk en wat uit drie aparte dele bestaan het, was van wasbare kant of wit voile (afhangende of dit by 'n organdie of moeslien rok gedra word). Wanneer 'n donker tafsyrok gedra word is 'n roomkleurige kant toelaatbaar.

5.1.6 Onderrokke

Die onderrok wat by die tafsyrok gedra word, het gewoonlik 'n breë val van dieselfde kleur as die rok, terwyl 'n vollengte onderrok weer by die deurskynende rok gedra word. 'n Tweede onderrok wat deel uitmaak van die toerusting is drie wydtes, gestyf met 'n breë val en met kantjies afgewerk.

5.1.7 Skoene en kouse

Slegs lang wit kouse met gewone plathak swart volkspeleskoene is toelaatbaar.

5.1.8 Moffies

Wyduitstaande moffies van wit of roomkleurige kant word voorgeskryf.

5.1.9 Manteltjie

By die tafsyrok word 'n swart fluweel manteltjie en by die moeslienrok 'n wit gebreide manteltjie gedra.

5.1.10 Kappie

Die enigste kappie wat gedra word, is die wit gestyfde tuitkappie.

5.2 Neefs

5.2.1 Broek

'n Gabardien broek - swart, donderbruin, donkergroen of donkerblou - sonder 'n omslag, effens skuins na vore gesny, sonder 'n agtersak maar met twee klein sakkies

13/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

voor, is vir die neefs voorgeskryf. Die romp is bietjie langer as die gewone broek s'n om te voorkom dat die hemp tussen die onderbaadjie en broek uitsteek.

5.2.2 Onderbaadjie

Die onderbaadjie is van vilt gemaak met blommotiewe op die voorpante uitgeborduur.

5.2.3 Nekdoek

'n Driehoekige nekdoek wat voor met 'n ring saamgevat is, is gedra.

5.2.4 Hemp

'n Hemp van 'n wollerige materiaal met 'n mou ietwat wyer as die gewone, is voorgeskryf.

5.2.5 Baadjie en hoed

'n Gewone donkerbruin ferweelbaadjie en 'n hoed, ook van bruin ferweel, het die neef se uitrusting voltooi.

## 6. Verdere verwikkelinge

Op 'n vergadering van die Uniale Raad, gehou op 2 Oktober 1953,[9] dus net kort na die eerste oorsese toer, is besluit om die oorsese drag, wat as amptelike drag erken is, effens te wysig.

### 6.1 Neefs

6.1.1 Broek

Geen wysigings nie.

6.1.2 Onderbaadjie

Die kraag wat voorheen sonder lapel was kry nou wel 'n lapel. Slegs Afrikaanse blomsoorte moet as motiewe gebruik word vir die borduur van die onderbaadjie. Voortaan kan onderbaadjies van enige van die materiale 'vulour', vilt, linne of ferweel gemaak word en nie slegs van ferweel nie.

14/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

6.1.3 Baadjie

Die bruin ferweelbaadjie van die toer word voorlopig behou.

6.1.4 Hemp

Die patroon bly dieselfde, maar dit moet van wit 'spun' of 'tricoline' gemaak word en nie van die wollerige materiaal wat vir die toer gebruik is nie.

6.1.5 Nekdoek

Daar kon nie ooreengekom word oor die mees geskikte wyse van die knoop van die nekdoek nie en daarom is die Uniale Raad versoek om verdere ondersoek in te stel na die knoop van die serpvormige nekdoek.

6.1.6 Nekdoekring

Voortaan sal slegs ringe wat van horing of van 'n Suid-Afrikaanse houtsoort gemaak is, aanvaarbaar wees - vir die toer het die neefs in meeste gevalle van seëlringe gebruik gemaak.

6.2 Niggies

6.2.1 Manteltjie

Die toerdrag is net so aanvaar, behalwe dat die kleur van die ferweelmanteltjie voortaan opsioneel sou wees.

6.2.2 Kouse

Slegs lang wit kouse mag gedra word.[10]

7. Kleredrag vir die oorsese toer - 1958

Die vertoondrag van beide neefs en niggies sou die aanvaarde amptelike drag wees met voorgaande wysigings. Die reisdrag het egter van die vorige toer s'n verskil, maar aangesien dit slegs vir hierdie besondere toer was, het dit geen wesenlike invloed op die amptelike drag gehad nie.[11] In die geval van die neefs is die bruin ferweelbaadjie en hoed met 'n beigekleurige leer-

15/...

-----------------------------------------------------------------


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

baadjie en 'n vilthoed wat aan die eenkant opgeslaan het, vervang.

8. Latere wysigings aan die amptelike drag

Op 'n vergadering van die Uniale Raad in 1959[12] is besluit om geen basiese wysigings aan die goedgekeurde amptelike drag aan te bring nie. Kleinere wysigings soos die volgende is egter aanbeveel: In die geval van die niggies, ekstra garnering aan die rokke en onderrokke ten einde dit eleganter van die heupe te laat val. Die neefs se drag is soms soos volg gewysig: Die oorlosieketting moet met 'n vlakker boog hang, die klein voorsakkies van die broek moet breër wees, en geen slip in die synate van die onderbaadjie nie.[13]

Op 'n vergadering van die Uniale Raad, gehou in 1960 is verder besluit om die neef se broek nie meer skuins te sny, sodat die agterkant van die broekspyp ietwat langer as die voorkant is nie, maar wel gelyk.[14]




BROEKSPYP

16/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die materiaal van die baadjie en onderbaadjie van die neefs was nog altyd vir die Raad 'n bron van ontevredenheid en vir die soveelste keer is daaroor besin. Weer eens is daar in terme van 'n leerbaadjie en -onderbaadjie gedink, maar hierdie keer is daar egter op 'n beter gehalte leer as dié tydens die 1958-Europese toer gebruik, besluit.

Die onderbaadjie wat voor die Raad gelê is, was van suedette gemaak en het drie pylnate (waaroor daar bedenkings was, naamlik of dit wel tradisioneel was) gehad. Die baadjie, van dieselfde materiaal, sou in twee kleure beskikbaar gestel word, naamlik swart en 'n ligte skakering van bruin.[15]

Die baadjie was slegs aanbeveel, maar nie verpligtend soos die res van die drag nie. Later is daar egter besluit om om finansiële redes nie met die maak van die baadjies voort te gaan nie. Die komitee verantwoordelik vir die drag is versoek om ondersoek in te stel na 'n ander materiaal wat goedkoper en histories meer korrek sou wees.[16]

In 1964 het die komitee weer met verskeie voorstelle na vore gekom, naamlik

(i) die gebruik van 'Poplin' of moeselien as plaasvervanger vir tafsy;

(ii) die oortrek van die koordlint met die materiaal van die rok;

(iii) die verlenging van die mou van die rok van 45 cm. na 50 cm. om by die niggies wat effens groot is aan te pas; en

(iv) ses i.p.v. vyf knope vir die neefs se onderbaadjie in geval van groot persone.[17]

## 9. Nuwe amptelike handleiding vir volkspeledrag

Omdat daar kort-kort kleinere wysigings aan die bestaande amptelike handleiding aangebring is, is daar in Julie 1965 tydens die

17/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

vergadering van die Nasionale Raad 'n nuwe handleiding ter tafel gelê. By die finale vasstelling van die drag, is die tradisionele deurentyd in gedagte gehou, maar uit die aard van die saak was dit nie altyd moontlik om daarby te bly nie - veral in soverre dit die neefs se drag aangegaan het. Die Raad het besef dat die drag die trots van elke volkspeler was en sonder 'n nasionale drag sou die volkspele ook sy karakter verloor en die indruk skep van sosiale en gemeenskapsdansies.[18]

## 9.1 Drag van die niggies

In die bestaande amptelike kleredraghandleiding word, wat die niggies se drag betref, duidelik gestel dat die ontwerp van die rok op die Voortrekkerdrag van 1836 gebaseer is, maar nie noodwendig identies daarmee is nie. Die ontwerp is dan ook dié van die kisklere, d.w.s. die swierige drag wat met feesgeleenthede en Sondae gedra is.

Die foute wat in die verlede gemaak is betreffende die niggies se drag word kortliks in 'n paar moenies saamgevat:

moenie 'n materiaal kies met groot blomme of kolle nie;
moenie die materiaal op die dwarsste lê vir die romp nie;
moenie die romp opgeblaas laat lyk soos die van 'n balletdanseres nie;
moenie die mou 'n kort moderne pofmou maak nie;
moenie 'n gekleurde nekdoek dra nie;
moenie hoepels in die onderrokke dra nie;
moenie gekleurde of lang moffies dra nie;
moenie sokkies dra nie;
moenie balletskoene met beenbandjies, ooptoonskoene, hoëhakskoene of sandale dra nie en
moenie groot opvallende oorkrabbetjies dra nie.[19]

As al bogenoemde foute uitgeskakel word behoort die drag soos volg daar uit te sien:

18/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

9.1.1 Rok

9.1.1.1 Materiaal

Die Voortrekkervrou het gewoonlik tafsy vir haar kisrok gebruik, maar nou word 'n wasbare en koeler (jeugdiger) materiaal soos stywe moeselien, nylon, 'n fyn katoen, 'n katoenmengsel of robia voile aanbeveel - slegs 'n effe kleur of klein onopsigtelike patroontjie is toelaatbaar.

9.1.1.2 Romp van die rok

Wydte: vier wydtes van 114,3 cm. of vyf wydtes van 91,0 cm., d.w.s. ongeveer 457,2 cm. Die romp word dan met klein rygplooitjies aan die lyfie vasgestik met 'n dun koordjie - dun wit lyn kan gebruik word. Die boonste gedeelte van die bane van die romp moet geleidelik skuins na bo gesny word. Hiermee sal die mooi klassieke, regaf geplooide voorkoms van die Voortrekkerdrag verkry word. Met die tiekie-draai staan die romp dan pragtig klokvormig uit en vertoon baie mooi.

Lengte: die rok moet 12,7 cm. van die vloer af hang wanneer die niggie sonder skoene staan - dit sal dan verhoed dat die soom gedurende die spele uitgetrap word.

9.1.1.3 Lyfie van die rok

Die lyfie is nousluitend mét 'n puntjie voor en word voor en agter met sypandjies gesny waarlangs 'n baie dun koordjie (lyn) ingeryg word. Op die rug word die lyfie met hakies en trensies of met 'n ritsluiter wat onopsigtelik is, toegemaak. Die lyfie kom tot presies in die middel - dus nie 'n kort lyfie nie.

19/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018


9.1.1.4 Halslyn

Die halslyn kom tot ongeveer 1,27 cm. onderkant die kuiltjie en word met 'n smal belegsel na binne of 'n baie smal omboorsel afgewerk.

9.1.1.5 Mou

Besondere aandag is aan die mou gegee. Dit is belangrik dat die mou tot by die buig van die arm by die elmboog sal strek waar dit saam met die valletjies ingeryg word - die mou moet ongeveer 50,8 cm. wyd wees (die skets verduidelik die patroon van die mou.)

BESONDERHEDE VAN MOU




20/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

# BYLAAG

Die volkspeledrag wat uit die volksdrag ontwikkel het, het oor die jare heen steeds wysigings ondergaan en sal in die toekoms ook nog verder gewysig word om by omstandighede aan te pas. Ten einde die huidige drag te waardeer, is dit belangrik om die vernaamste wysigings kortliks aan te dui.

## 1. Drag van die Niggies

Daar was egter geen handleiding of voorskrifte vir die maak van die rokke nie, met die gevolg dat die verbeelding van die jongmense die oorhand gekry het. Vir die meeste was die Volkspele- of Voortrekkerdrag 'n lang rok met moue wat tot by die elmboog gereik het. Soms het die rokke 'n vertikale ry swart fluweelstrikkies van die nek tot op die soom gehad, en 'n swart fluweellint met 'n strik om die mou. Ander weer was meer patrioties en het vier gekleurde stroke lint (die kleure van die Zuid-Afrikaansche Republiek) om die romp naby die soom gehad waarby veelkleurige kantnekdoeke gedra is. Sommige het weer 'n gewone aandrok met hoogopstaande pofmoue verkies. Om die rok 'n meer balletagtige voorkoms te gee, is selfs hoepels aan die binnekant van die rok vasgewerk. Die rokke het ook geensins dieselfde lengte gehad nie - dit het van vloerlengte tot ongeveer 30 cm. van die grond af gewissel.

## 2. Drag van die Neefs

Die mans of neefs het hulle toevlug tot die piekniekdrag geneem, naamlik 'n wit broek met wit oopnekhemp, effekleurige nekdoek met bruin of swart skoene. Soos in die geval van die niggies, het ook die neefs hulle nekdoek met allerlei motiewe versier. Die gewildste was die wawiel, gekruisde vlae, die kruithoring of

3/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die valletjie wat deur die rekkie ingetrek word, kan nou of vas aan die onderdeel van die mou gewerk word of die twee valletjies, ingetrek met die rekkie, kan los gehou word. In hierdie geval word die mou omtrent 5,1 cm. langer oor die elmboog gesny en dan met 'n soompie afgewerk. Die valletjies word daaroor gegly wanneer die rok aangetrek word. Die voordeel van hierdie metode is dat die valletjies afsonderlik gewas kan word.[20]

9.1.2 Onderrokke

Daar moet te alle tye twee onderrokke gedra word.

9.1.2.1 Vollengte onderrok

Onder 'n nylon rok moet daar eerstens 'n vollengte wye 'poplin' onderrok van dieselfde kleur as die rok gedra word. Die romp van die onderrok moet 4½ breedtes van 91,0 cm. of 3½ breedtes van 114,3 cm. wees sodat die onderrok onder by die soom 406,7 cm. sal wees. Bo om die middel moet dit nie meer as 330,2 cm. wees nie. Die onderrok is 2,54 cm. korter as die rok en die soom is 10,2 cm. wyd.

Die lyfie van die onderrok moet uitgeholde mousgate hê, 'n nek wat omtrent 5,1 cm. rondom meer uitgehol is as die nek van die rok, terwyl twee pylnate voor en twee agter die lyfie nousluitend maak. Soos in die geval van die rok is daar ook 'n puntjie onder aan die voorkant. Verder kan die onderrok ook 'n syslip of 'n slip van agter kry.

9.1.2.2 Halflyf-onderrok

Dié onderrok word onder die vollengte-onderrok gedra. Dit kom op 'n katoenband van dubbel


21/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

materiaal 3,8 cm. tot 5,1 cm. breed en die band kry dan 'n puntjie voor net soos die rok en vollengte-onderrok. Die band word agter met hakies en ogies vasgemaak. Dié onderrok is 274,3 cm. wyd onder en dit word na bo nouer gesny sodat daar geen plooie in die band om die middel kom nie. Die halflyf-onderrok word ook nooit gestyf nie.

Onder aan die halflyf-onderrok kom 'n katoenval van 25,4 cm. breed en 365,8 cm. lank waaraan 'n breë kantvalletjie van 5,1 cm. aangebring word. Die materiaal wat 30,5 cm. breed is, word geplooi en aan die onderste stuk (30,5 cm.) vasgestik.





22/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

9.1.2.3 'n Derde gewone kort onderrok is noodsaaklik wanneer daar op 'n verhoog opgetree word anders vertoon die bene bokant die knieë wanneer daar tiekiegedraai word.

9.1.3 <u>Halsdoek</u>

Die halsdoek word slegs van wit voile, nylon, gehekelde of gebreide of wasbare kant gemaak - die kant sal dieselfde wees as dié wat vir die een valletjie van die mou gebruik word. Dan word dit verder met 'n fyn wit kantjie afgewerk. Die twee punte van die halsdoek word voor saamgevat en aan die rok vasgesteek, terwyl die punt agter los hang. Op die skouernate word die halsdoek ook met koperspeldjies of drukkertjies vasgemaak sodat dit nie gedurende die spel vorentoe skuif nie.




23/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

9.1.4 Skoene


Slegs eenvoudige swart plathakskoene word toegelaat.

9.1.5 Kouse

Wit lang kouse en broekiekouse word toegelaat.

9.1.6 Moffies

Die moffies is van 7,6 cm. tot 10,2 cm. lank en is gehekel of gebrei. Moffies van wit kant is ook toelaatbaar.





MOFFIE

9.1.7 Kappie

Die kappie word nie tydens die uitvoering van die spele gedra nie, behalwe miskien wanneer 'n speletjie soos 'Daar agter uit die Kappietuit' gespeel word. Om die uitrusting af te rond is dit nodig dat elke volkspelenniggie 'n kappie, soos uitgebeeld op die skets, sal besit.


24/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



9.1.8 <u>Handsakkie</u>

'n Moderne handsak van leer of ander materiaal gemaak, pas nie by die volkspeledrag nie en daarom word 'n sakkie van swart fluweel, truistof of suiwer wol (gehekel of gebrei) gemaak.




25/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

9.1.9 Mantels


Drie tipes mantels kan gedra word:

'n gebreide wit wol mantel;

'n swart fluweel mantel met wit satyn uitgevoer (die mantel strek tot by die buig van die elmboog);


'n lang mantel van goeie swart materiaal - truistof of suiwer wol met 'n swart voering (blink materiaal of leer mag nie gebruik word nie). Die mantel kry 'n manderynkragie en strek tot by die kneukels wanneer die niggie met die arms langs die sye staan en die vuiste bal. (Om seker te maak dat die manteltjies ook eenvormig sal wees het die Uniale Raad die volledige breipatrone aan die spelers beskikbaar gestel).

Wit gebreide manteltjie.




26/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018



Swart fluweel manteltjie



Swart fluweel manteltjie

27/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

9.1.10 Juweliersware

Slegs klein eenvoudige oorkrabbetjies, indien verkies, kan gedra word.

9.2 Drag van die neefs

9.2.1 Broek


Die patroon wat tydens die eerste oorsese toer voorgeskryf is, word gehandhaaf.

9.2.2 Onderbaadjie

Die onderbaadjie bly ook dieselfde met slegs die byvoeging dat die skouer effens breër is as dié van 'n gewone onderbaadjie om die hempsmou onsigbaar te maak. Die materiaal sal ook van tyd tot tyd deur die Nasionale Raad voorgeskryf word. Verder sal die afstand van die kraag vanaf die rugnaat om die nek tot by die boonste knoop voor ongeveer 34,3 cm. tot 36,8 cm. wees, afhangende van die lengte en borsmaat van die neef. Sodoende sal die halsdoek die V-opening so vul dat die hemp nie sigbaar is nie. Die kraag eindig op die skouernaat of gaan om die hals. Suid-Afrikaanse blomsoorte word as motief gebruik vir die borduur van die onderbaadjie - die borduurwerk moet nie laer as die onderste sak wees nie. Vir die oorlosieketting moet 'n vertikale knoopsgat tussen die tweede en derde knoopsgat van onderaf - 1,35 cm. van die kant af - gemaak word.


28/...


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018




HALSDOEK


NEEF VAN VOORGESIEN



5 Knope

ONDERBAADJIE (VOOR)



ONDERBAADJIE (RUG)

29/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

9.2.3 Halsdoek

Geen wysiging word hier aangebring nie.

9.2.4 Hemp

Die hemp moet wit wees volgens die voorgeskrewe patroon. Die moue is 5,1 cm. wyer as dié van die gewone hemp. Die mansjette van die moue is 5,1 cm. breed en die mou word met rygplooie in die mansjet geplaas.

9.2.5 Baadjie

Effekleurige donker baadjies word algemeen aanvaar, maar geen gestreepte kleurbaadjies nie.

## 9.3 Drag van die junior laers


Aanvanklik is weinig aandag aan die drag van die seuns en dogters gegee met die gevolg dat daar geen sprake van eenvormigheid was nie. Soos in die geval van die volwasse spelers, was dit ook weer die dogters (of die moeders?) wat hulle verbeelding vrye teuels gegee het en met allerlei skeppings na vore gekom het wat beslis nie die naam Voortrekker- of volksdrag waardig was nie. Kunswedstryde en ander kompetisies het baie daartoe bygedra om sake te vererger.

Met die stigting van die Junior Wyksbonde is nie slegs noukeuriger gelet op die korrekte uitvoering van die spele nie, maar ook is spesiale aandag aan die drag gegee. Dit was egter 'n groot bron van kommer by sekere skole waar volkspele gespeel is. Talle leerlinge wat hulle vermaak in volkspele gevind het, was nie in staat om duur volkspele-uitrustings te koop nie. In sommige skole waar die drag van volwassenes ingevoer is, is arm kinders van 'n groot voorreg beroof en het by hulle 'n minderwaardigheidsgevoel ontstaan.


30/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

gekleurde linte om die kante van die nekdoek gestik (die kleure was ook weer dié van een van die Republieke).



Die twee punte van die nekdoek A en B word voor bymekaar gehou met een of ander soort ring.



Die jongmense het so oorgeborrel van entoesiasme en oorspronklikheid dat die drag aan die begin vol tierlantyntjies was wat dikwels die naam Voortrekkerdrag groot oneer aangedoen het. Vir die eerste keer het die jongmense werklik kultuurbewus en

4/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Om te verhoed dat baie minderbevoorregte kinders die geleentheid om aan volkspele deel te neem, ontsê word, is die volgende drag in die amptelike Kleredraghandleiding vir seuns en dogters voorgeskryf.

9.3.1 Laerskooldogters

Katoenmateriaal, effekleurig of met klein kolletjies, blommetjies of enige ander klein patroontjie word vir die rokkies aanbeveel. Die rokkies se wydte moet by die dogter se lengte aanpas en moet 10,2 cm. van die grond af hang - die soom van die romp is 12,7 cm. wyd. Dit is nie nodig dat die roklyfie bane met koordjies moet hê nie - twee pylnate voor en agter laat die lyfie mooi pas.

Die wydte van die moutjies moet nie meer as 40,6 cm. wees nie, tot by die elmboog hang en valletjies kry - soos vir die volwassenes - slegs sonder die kantvalletjie.

Die halsdoek word in verhouding kleiner gemaak. Dogtertjies dra slegs een onderrokkie, gemaak op dieselfde patroon as die rok met bolyfie en romp.

Klein strikkies, nie breër as 5,1 cm. nie - dieselfde kleur as die rok - kan in die hare gedra word.

Gewone swart skoolskoene word gedra.

9.3.2 Hoërskooldogters

Dogters in hoërskole moet dieselfde drag as volwasse niggies dra.

31/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

9.3.3 Laerskoolseuns

Seuntjies in die laerskool dra 'n donkerblou, swart of grys lang- of kort broekie met 'n wit hemp met lang moue en 'n effekleurige nekdoek. Lang kouse wat by die kleur van die broek pas en swart skoolskoene word gedra. Omdat onderbaadjies 'n duur item is en die seuntjies dit gou uitgroei, is dit nie verpligtend nie.

9.3.4 Hoërskoolseuns

Die drag van hoërskoolseuns is soos voorgeskryf vir die laerskoolseuns, met die uitsondering van die broek - dit moet of die voorgeskrewe volkspelebroek of 'n gewone langbroek wees. Ook word onderbaadjies van 'n dienlike materiaal - nie brokaat of fluweel nie - gedra. Dit is nie verpligtend dat die onderbaadjies geborduur moet wees nie.[21]

## 10. Slotopmerkings

Die gedurige wysigings aan die drag het die volkspelers dikwels kriewelrig gemaak, veral nadat die drag gestandaardiseer is. Dit het nie alleen aanhoudende verstellings geverg nie, maar ook steeds finansiële implikasies gehad. Baie volkspelers kon nie bekostig om met die veranderings tred te hou nie en dit kon moontlik ook bygedra het tot die afname in die belangstelling in die Beweging. Dat die drag wel periodiek hersien moet word, is vanselfsprekend, maar dit behoort binne perke te bly.

---o0o---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

meer bepaald volksdragbewus geword. Hulle kon dus nie kwalik geneem word dat hulle vrye teuels aan hulle verbeelding gegee het nie - daar was geen outentieke voorbeelde beskikbaar gestel nie en hulle wou graag iets skep wat by die volksverlede sou aanklank vind.

Dr. Kloppers[1] beweer dat die jongmense reeds voor 1916 in die Moot in hulle bruilofsklere en Nuwerjaarsklere tiekiegedraai het. Die witbroek en oopnekhemp het eers later te voorskyn gekom. Voor genoemde datum het geeneen dit gewaag om in laasgenoemde drag een of ander feestelikheid by te woon nie. Seuns en dogters wat na die hoërskole op die groot dorpe en stede gegaan het, het die latere bekende piekniekdrag na die Moot gebring.

## 3. Amptelike volkspeledrag

Die Uniale Raad het reeds met sy tweede vergadering besluit om onmiddellik aan die heersende wanopvattings omtrent die Voortrekkerdrag - en dan natuurlik ook volkspeledrag - 'n einde te maak en 'n drag te ontwerp waarna met reg trots verwys sal kan word as synde die Afrikaanse volkspeledrag, ontwerp op die basiese patroon van die erkende en aanvaarde Voortrekkerdrag.

### 3.1 Drag van die Neefs

Die mans se drag moes onmiddellik hersien word aangesien die wit broek en hemp as algemene sportdrag beskou is. Die Raad het besluit dat elke lid in sy omgewing wenke vir 'n geskikte drag moes inwin. As basis sou dien: 'n wit ferweelbroek van ligte stoffasie of ligte gestreepte broek (sonder omslae), 'n geblomde onderbaadjie, soos deur die Voortrekkers gedra, nekdoek en velskoene.[2]

5/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Op 13 Augustus 1941 skryf dr. Pellissier aan dr. Diederichs,[3] voorsitter van die Reddingsdaadbond - nou President van die Republiek van Suid-Afrika - dat daar 'n gebrek aan ferweel is vir volkspeledrag en dat die winkeliers niks het om aan te bied nie. Hy versoek die Reddingsdaadbond om 'n bedrag van £20 (ongeveer R40) beskikbaar te stel om van die beskikbare materiaal twee pakke klere volgens verskillende patrone te laat maak vir vertoning aan die Uniale Raad. Indien die pakke aanvaar word, sou die twee jongmans vir wie die pakke gemaak is, dit aankoop.


Reeds by die volgende vergadering van die Raad het die Provinsiale Komitee van die Oranje-Vrystaat twee en die Wes-Kaaplandse Komitee een moontlike ontwerp van mansdrag vertoon.

### 3.1.1 Kaapse ontwerp

Die drag wat deur die Kaapse Komitee voorgelê is, het soos volg daar uitgesien:

#### 3.1.1.1 Hemp

Die voorstel was 'n gewone wit hemp met 'n vaste boordjie en wye mou.




6/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die mou word langs die buitelyn met 'n platnaat - net soos in die geval van die binnenaat - gestik.

3.1.1.2 Onderbaadjie

Die voorste pante met sakkies was van ou-goud brokaatsy met rooi en wit borduursel daarop aangebring. Die kraag is plat gestryk en kom tot by die skouernaat, terwyl die synaat in 'n slippie geëindig het. Die agterpant van die onderbaadjie was van beskuitkleurige voeringmateriaal met 'n bandjie en gespe wat van die synate na agter gestrek het. Die hele onderbaadjie was gevoer.

3.1.1.3 Nekdoek

Die nekdoek was driehoekig en van grys kunssy of syvoeringmateriaal.

3.1.1.4 Broek

Die materiaal wat vir die broek gebruik is, was van donker sjokolade-kleurige ferweel en die snit modern; die broekspyp was sonder omslag en 72½ cm. wyd.

3.1.2 Bloemfonteinse ontwerp nommer 1

3.1.2.1 Hemp

Die hemp is van groen kunssy gemaak met 'n mou wat by die elmboog 47½ cm. wyd was. Die mansjet het nie omgevou nie en die volheid van die mou was met plat plooitjies by die mansjet ingevoeg. Die boordjie wat aan die hemp vas was, was ongeveer 3¼ cm. wyd en het voor twee puntjies gehad.

3.1.2.2 Onderbaadjie

Die voorpante met twee klein sakkies was van besluitkleurige marocain en was met klein

7/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

heldergroen blommetjies met bruin-groen takkies geborduur, terwyl die agterpant - sonder bandjie en gespe - van effekleurige marocain was. Die onderste horisontale lyn van die onderbaadjie was reguit met twee klein slippies van 1¾ cm. aan die sye, terwyl 'n plat kraag met ronde punte - agter 3¾ cm. en voor waar die ronding is 5 cm. - om die hals gestrek het.

3.1.2.3 Nekdoek

Die driehoekige nekdoek is van sy-voeringmateriaal in ougoud met skuins lengte 105 cm. en breedte 35 cm. gemaak.

3.1.2.4 Broek

Die broek, gesny volgens 'n patroon wat omstreeks 1870 by deftige geleenthede baie gewild was, was van grys broekmateriaal gemaak. By die knie was die broek (dubbel gevou) ongeveer 20,5 cm. breed en onder 27,5 cm. - d.w.s. effens klokvormig.

Hierdie pak het oral waar dit vertoon is, baie byval gevind. Op die kursus te Aliwal-Noord, wat deur ongeveer 180 spelers bygewoon is, is 'n film van die drie pakke vertoon en is hierdie pak eenparig aanvaar.[4]

3.1.3 Bloemfonteinse ontwerp nommer 2

3.1.3.1 Hemp

Die hemp was van groen kassemier met 'n vaste boordjie wat agter 7,5 cm. wyd was met twee ronde punte voor. Die mou was 18,75 cm. wyd by die elmboog en is met rygplootjies by die mansjette, wat enkel is, ingevoeg.

8/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

3.1.3.2 Onderbaadjie

Die onderbaadjie, met twee punte voor, was van swart brokaatsy met wit mosaïk, ougoud en rooi kolletjies daarop geborduur. Dit het ses swart knopies gehad en was om die hals soos 'n moderne onderbaadjie sonder kraag afgewerk. Daar was slegs twee kort sakkies onder en geen slip aan die sye nie. Die agterpant was van dieselfde brokaatsy.

3.1.3.3 Nekdoek

Die nekdoek was driehoekig met 'n soom van ongeveer 2 cm. aan die reguit sye en van sagte ougoudkleurige satyn.

3.1.3.4 Broek

Die broek was van beskuitkleurige ferweel met 22,5 cm. wye broekspype sonder omslag en volgens moderne snit gesny.

Hierdie voorbeelde is baie deeglik bespreek nadat dit deur kursusgangers op verskillende kursusse beoordeel is. Die volgende voorlopige besluite is daarna geneem:

i. die hemp word algemeen aanvaar, d.w.s. veelkleurig met 'n wye mou;

ii. die onderbaadjie sal van gekleurde materiaal gemaak word - die voor- en agterpant van dieselfde materiaal en sonder gespe agter die rug;

iii. die broek moet van ferweel wees en die pype klokvormig. Die wit tennisbroek sal nie langer aanvaarbaar wees nie.

'n Komitee is benoem om die saak verder te ondersoek deur onder andere foto's van die drag - soos hierbo beskryf - in 'Die Huisgenoot' te plaas en van belangstellendes kommentaar te kry. Ook is die verskillende Provinsiale Komitees gevra om kommentaar te lewer.[5] Mej. Anna Köhler het tydens hierdie

9/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

vergadering ook 'n baie sterk pleidooi gelewer vir eenvormigheid van die niggies se drag. Hierdie versoek was werklik ernstig bedoel daar die drag met die uitbreiding van die Beweging van die tradisionele drag afgewyk het en al hoe uitspattiger geword het.

Dr. Pellissier het verder rigting aan die Komitee gegee deur voor te stel dat aan elke provinsie 'n bepaalde kleur toegeken word, naamlik:

| | |
|---|---|
| Kaapland - blou | Transvaal - groen |
| Vrystaat - oranje | Natal - wit |

Die hemde en nekdoeke van die neefs en rokke van die niggies in die onderskeie provinsies sal dan volgens die bepaalde kleur wees.[6]

4. Verdere voorstelle in verband met die amptelike drag

So gretig was die leiers dat die korrekte drag aanvaar moet word dat verskeie van hulle 'n studie van die outentieke Voortrekkerdrag gaan maak het en met konkrete voorstelle gekom het. So het mev. Elsa Dekker van Bloemfontein, een van die groot volkspeleleidsters in 1946 die volgende voorskrifte aan die Uniale Raad voorgelê:

4.1 Drag van die Niggies

4.1.1 Kappie

'n Wit gestyfde kappie met 'n breë val.

4.1.2 Nekdoek

Die nekdoek, ongeveer 100 cm. by 700 cm. en van dun wit materiaal, liefs voile, met 'n smal kantjie afgewerk. Dit word effens gestyf en dan met 'n speld wat by die drag pas voor aan die rok vasgesteek.

4.1.3 Rok

10/...

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018